# ‘N ONDERSOEK NA DIE ETIOLOGIESE FAKTORE VAN KINDERS WAT ‘N FAMILIELID VERMOOR

**MELANIE CARMEN MOEN**

**2017**

© University of Pretoria

# ‘n Ondersoek na die etiologiese faktore van kinders wat ‘n familielid vermoor

deur

**Melanie Carmen Moen**

‘n Proefskrif voorgelê ter vervulling van ‘n deel van die vereistes vir die Graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

In die Fakulteit Opvoedkunde

by die

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**Studieleier:** Prof. Irma Eloff

**Medestudieleier:** Prof. Christiaan Bezuidenhout

**2017**

© University of Pretoria

# Verklaring

Ek verklaar dat hierdie tesis wat ek inhandig vir die Graad Philosophiae Doctor by die Universiteit van Pretoria my eie werk is en dat dit nie voorheen deur my by hierdie of enige ander tersiêre instansie ingedien is nie.

Melanie Carmen Moen

Augustus 2017



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Etiese klaringsertifikaat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Education

RESEARCH ETHICS COMMITTEE

| | |
|---|---|
| **CLEARANCE CERTIFICATE** | CLEARANCE NUMBER: EP 15/05/04 |
| **DEGREE AND PROJECT** | PhD<br>'n Ondersoek na die etiologiese faktore van kinders wat 'n familielid vermoor |
| **INVESTIGATORS** | Ms Melanie Moen |
| **DEPARTMENT** | Educational Psychology |
| **APPROVAL TO COMMENCE STUDY** | 01 January 2015 |
| **DATE OF CLEARANCE CERTIFICATE** | 30 January 2017 |

Please note:
For Master's application, Ethics Clearance is valid for 2 years.
For PhD application, Ethics Clearance is valid for 3 years.

**CHAIRPERSON OF ETHICS COMMITTEE**: Prof Liesel Ebersöhn

_____________________________

**CC** Ms Bronwynne Swarts
Prof Irma Eloff

---

This Ethics Clearance Certificate if issued subject to the following conditions:

1. A signed personal declaration of responsibility
2. If the research question changes significantly so as to alter the nature of the study, a new application of ethical clearance must be submitted
3. It remains the student's responsibility to ensure that all the necessary forms for informed consent are kept for future queries

Please quote the clearance number in all enquiries



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Opgedra aan Henk**



© University of Pretoria

# Dankbetuigings

Ek wil my dankbaarheid aan die volgende persone bied, sonder julle sou hierdie studie nie moontlik wees. Julle het my lewensreis verryk en bygedra tot my menswees en groei.

- Prof. Irma Eloff, my studieleier, vir meer as 17 jaar se mentorskap, wysheid, ondersteuning en aanmoediging.
- Prof. Christiaan Bezuidenhout, my mede-studieleier, vir die ondersteuning en bekendstelling aan die wêreld van kriminologie.
- Vir Henk, Regan, Carmen en Marcus vir julle liefde en eindelose ondersteuning.
- Vir my ouers vir julle liefde en ondersteuning.
- Vir al die sielkundiges, regsverteenwoordigers, polisiebeamptes en skrywers, vir julle bereidheid om julle kennis met my te deel.
- Aan die die NRF en die Akademie van Wetenskap en Kuns vir die befondsing van die studie.
- Vir die families wat geraak was deur familiemoord, mag julle vrede vind.



© University of Pretoria

# Taalversorging

49 Ireland Ave
Eldoraigne
Centurion
0157

Tel. (012) 654 7971
(012) 654 4855

**TRANSED**

Technical and general translation and editing
Tegniese en algemene vertaalwerk en redigering
Deutsch - Nederlands - Afrikaans - English

*All work done by Accredited Members of the South African Translators' Institute*

Irelandlaan 49
Eldoraigne
Centurion
0157

transed@icon.co.za
Fax. +27 12 654 4855

07/03/2017

**VERKLARING VAN REDIGERING**

Hiermee verklaar ek dat ek die proefskrif

**'n Ondersoek na die etiologiese faktore van kinders wat 'n familielid vermoor**

deur

**Melanie Carmen Moen**

taalkundig versorg het

APM Moen

Professionele vertaler
Geakkrediteerde lid van die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut



© University of Pretoria

# Opsomming

Suid-Afrika word as ’n gewelddadige samelewing beskou, met ’n gemiddelde nasionale moordsyfer wat beduidend hoër is as in die res van die wêreld. Die familie is ʼn kernsisteem binne die breëre gemeenskap en word tradisioneel as veilige sisteem beskou. Die realiteit is egter dat ’n groot persentasie moorde in Suid-Afrika deur ’n kennis, familielid of lid van ’n huishouding gepleeg word. Die doel van hierdie navorsing was om die kind as oortreder van familiemoord beter te verstaan. Die navorser wou bepaal watter individuele en sistemiese faktore aanleiding gee tot familiemoord en of ʼn steekproef-spesifieke profiel vir sodanige kinders saamgestel kon word. ’n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is gevolg en kwalitatiewe inhoudsontleding is vir data-analise gebruik. ’n Fenomenologiese benadering is gebruik om die verskynsel sonder moontlike vooropgestelde persoonlike of teoretiese idees te ondersoek. Die dokumente van nege gevalle is in-diepte bestudeer en onderhoude is met kundiges gevoer. Die hoofbevindinge was dat die kind wat familiemoord pleeg dikwels ʼn swak of geen band met die primêre sorggewer gehad het. Die swak band asook die akkumulatiewe individuele en omgewingstressors het gelei tot gevoelens en persepsies van verwerping. Geborge huislike omstandighede het dikwels ontbreek. In sekere gevalle het die kinders van ontvlugting gebruik gemaak, wat onder andere dwelm- en alkoholmisbruik ingesluit het. Die kind se emosionele behoeftes is in die meerderheid gevalle grotendeels misken en verlies is in verskeie gevalle nie toereikend hanteer nie. Gesinswanfunksionering, wat mishandeling en ekstreme ouerskapstyle ingesluit het, was opvallend. Akkumulatiewe stressors het dikwels gevoelens van angs en onderliggende aggressie tot gevolg gehad. Interpersoonlike verhoudingsprobleme was opmerklik. Kenmerke van gedragsafwyking was in twee gevalle opgemerk. Die akkumulatiewe individuele en sistemiese gebeure het oor jare plaasgevind en veroorsaak dat die kind uiteindelik familiemoord gepleeg het. In die geval waar ’n kind familiemoord pleeg is daar dikwels net een slagoffer, maar in ses van die gevalle wat in die studie ondersoek word, was daar meer as een slagoffer.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Kernkonsepte

- Familiemoord
- Kinders
- Etiologiese faktore
- Gesinswanfunksionering
- Binding
- Verwerping
- Mishandeling
- Angs
- Aggressie



© University of Pretoria

# Abstract

South Africa is perceived as a violent society, with an average murder rate significantly higher than in the rest of the world. The family is a core system within the broader community and is traditionally seen as a safe environment. The reality, however, is that a high percentage of all murders is committed by someone known to the family or a member of a family or household. The aim of the research was to understand the child who commits family murder. The researcher wanted to determine the contributing individual and systemic factors that led to murder and whether a sample specific profile of such a child could be compiled. A qualitative research design was followed and qualitative content analysis was used to analyse the data. A phenomenological approach was used to investigate the phenomenon without possible personal or theoretical prejudice. Documents on nine cases were studied and interviews were conducted with experts in the field. The main findings of the study relate to weak or no attachment to the primary caregiver. The weak attachment as well as the accumulated individual and environmental stressors led to feelings and perceptions of rejection. A safe and supportive family environment was often absent, and in several cases the children presented with a desire to escape their circumstances, for instance through alcohol and drug abuse. The child's emotional needs were not acknowledged and these children were not supported adequately when they experienced loss. Family dysfunction, which included abuse and extreme parenting styles, were apparent. The accumulated stressors often led to feelings of anxiety and aggression. Interpersonal relationship problems were noted. In two of the cases the characteristics of conduct disorder was identified. The individual and systemic stressors that accumulated over several years ultimately resulted in family murder. When children commit family murder, there is often only one victim. However, in this study there was more than one victim in six of the cases.



© University of Pretoria

# Key Concepts

- Family murder
- Children
- Etiological factors
- Family dysfunction
- Attachment
- Rejection
- Abuse
- Anxiety
- Aggression



© University of Pretoria

# Lys van afkortings

| | |
|---|---|
| ASV | Antisosiale Persoonlikheidsversteuring |
| DKD | Departement van Korrektiewe Dienste |
| JUTA | Regstelselbundel |
| NICRO | Nasionale Instituut van Misdaadvervolging en Herintegrasie van Oortreders |
| NVO | Nasionale Vervolgingsowerheid |
| OD | Openbare Domein |
| RGBSA | Raad vir Gesondheidberoepe van Suid-Afrika |
| SAPD | Suid-Afrikaanse Polisiediens |



© University of Pretoria

"Waarom was ek nie maar 'n misgeboorte

wat sonder meer begrawe is nie,

'n doodgebore kind wat nooit

die daglig gesien het nie?

Dan sou ek daar gewees het

waar die wat gedaan is, rus vind,

waar die gevangenes saam rus geniet

en nie meer die stem

van die slawedrywer hoor nie;

daar waar klein en groot saam is,

waar die slaaf vry is

van sy eienaar."

*Job 3 v 16-19 p. 539*

*Brief by 'n moordtoneel*





© University of Pretoria

# Inhoudsopgawe

Verklaring ....... i

Etiese klaringsertifikaat ....... ii

Opgedra aan Henk....... iii

Dankbetuigings ....... iv

Taalversorging ....... v

Opsomming....... vi

Kernkonsepte ....... vii

Abstract ....... viii

Key Concepts ....... ix

Lys van afkortings....... x

Inhoudsopgawe ....... xii

Figurelys ....... xix

Tabellelys ....... xx

1. INLEIDING TOT DIE STUDIE....... 1

1.1. INLEIDING EN RASIONAAL ....... 1

1.2. POTENSIËLE WETENSKAPLIKE BYDRAE VAN DIE STUDIE....... 4

1.3. DOEL VAN DIE STUDIE....... 4

1.4. NAVORSINGSVRAE ....... 5



© University of Pretoria

1.4.1. Hoofnavorsingsvraag .......... 5

1.4.2. Sekondêre vrae .......... 5

1.5. DEFINIËRING VAN KONSEPTE .......... 6

1.5.1. Kind .......... 6

1.5.2. Familielid .......... 8

1.5.3. Moord .......... 8

1.5.4. Kindermoordenaar .......... 8

1.5.5. Familiemoord .......... 9

1.6. AANVANKLIKE LITERATUUROORSIG EN TEORETIESE RAAMWERK .......... 9

1.7. VISUELE VOORSTELLING VAN DIE STUDIE .......... 11

1.8. OORSIG VAN HOOFSTUKKE .......... 12

2. NAVORSINGSMETODOLOGIE EN STRATEGIEË .......... 14

2.1. INLEIDING .......... 14

2.2. PARADIGMATIESE AANNAMES .......... 14

2.2.1. Metodologiese paradigma .......... 14

2.2.2. Metateoretiese paradigma .......... 16

2.3. NAVORSINGSONTWERP .......... 18

2.3.1. Gevallestudie-ontwerp .......... 18

2.3.2. Identifisering van gevalle .......... 19

2.3.3. Omgewing en identifisering van databronne .......... 27



© University of Pretoria

2.3.4. Dataversamelingstrategieë ........ 28

2.3.5. Onderhoude met kundiges ........ 31

2.3.6. Navorsingsrefleksie ........ 32

2.3.7. Die rol van die navorser ........ 32

2.4. DATA-ONTLEDING EN INTERPRETASIE ........ 33

2.4.1. Kwalitatiewe inhoudsontleding ........ 33

2.5. KWALITEITSKRITERIA ........ 36

2.5.1. Geloofwaardigheid ........ 36

2.5.2. Vertroubaarheid ........ 37

2.5.3. Bevestigbaarheid ........ 37

2.5.4. Oordraagbaarheid ........ 37

2.5.5. Egtheid ........ 38

2.5.6. Triangulasie ........ 38

2.6. ETIESE OORWEGINGS ........ 38

2.6.1. Ingeligte toestemming en instemming ........ 38

2.6.2. Privaatheid en vertroulikheid ........ 40

2.7. SAMEVATTING ........ 40

3. BEVINDINGS EN INTERPRETASIE – MULTISLAGOFFERMOORDE DEUR KINDERS IN FAMILIES ........ 42

3.1. INLEIDING ........ 42

3.2. NICO ........ 44



© University of Pretoria

3.3. SELILE....55

3.4. GIDEON....64

3.5. KAREL....76

3.6. NEELS....90

3.7. ANDRE....100

3.8. SAMEVATTING....108

4. BEVINDINGS EN INTERPRETASIE – EEN SLAGOFFERMOORD DEUR KINDERS IN FAMILIES....109

4.1. INLEIDING....109

4.2. SIMONE....110

4.3. MANDLA....121

4.4. BELINDA....127

4.5. SAMEVATTENDE FAKTORE....136

4.6. SAMEVATTING....137

5. LITERATUUROORSIG EN KONTROLE VAN BEVINDINGE....138

5.1. INLEIDING....138

5.2. HOOFBEVINDINGE VAN DIE STUDIE....139

5.2.1. Familiemoord deur kinders....139

5.2.1.1. Multislagoffermoord deur een oortreder....147

5.2.1.2. Multislagoffermoord deur meer as een oortreder....149

5.2.2. Tema 1: Problematiese binding....152



© University of Pretoria

5.2.3. Tema 2: Ekstreme ouerskapstyle ........ 158

5.2.4. Tema 3: Verwerping ........ 161

5.2.5. Subtema 1: Die ontoereikende hantering van verlies ........ 164

5.2.6. Subtema 2: Gesinswanfunksionering ........ 167

5.2.7. Subtema 3: Mishandeling ........ 170

5.2.8. Tema 4: Aggressie ........ 180

5.2.9. Subtema 4: Angs ........ 181

5.2.10. Subtema 5: Interpersoonlike verhoudingsprobleme ........ 185

5.2.11. Subtema 6: Ontvlugting ........ 188

5.2.12. Subtema 7: Dwelm- en alkoholmisbruik ........ 189

5.2.13. Subtema 8: Antisosiale persoonlikheidsversteuring en gedragsversteuring ........ 192

5.3. SAMEVATTING ........ 198

6. KONSEPTUELE RAAMWERK, GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN SINOPSIS VAN DIE STUDIE ........ 199

6.1. INLEIDING ........ 199

6.2. DIE ONTWIKKELING VAN DIE KONSEPTUELE RAAMWERK ........ 199

6.3. DIE KONSEPTUELE RAAMWERK ........ 205

6.4. OPSOMMING VAN DIE BEVINDINGE VAN DIE STUDIE ........ 208

6.4.1. Oorsig van die vorige hoofstukke ........ 208

6.4.2. Opsomming van die empiriese navorsing ........ 209

6.5. GEVOLGTREKKINGS ........ 212



© University of Pretoria

6.5.1. Sekondêre navorsingsvraag 1: Watter akkumulatiewe sistemiese omstandighede dra daartoe by dat 'n kind familiemoord pleeg? ..... 212

6.5.2. Sekondêre navorsingsvraag 2: Watter akkumulatiewe belewinge van die individu kan moontlik aanleiding gee tot familiemoord? ..... 213

6.5.3. Sekondêre navorsingsvraag 3: Watter breekpunte wat bereik word gee aanleiding tot familiemoord? ..... 215

6.5.4. Sekondêre navorsingsvraag 4: Watter individuele en omstandigheidsfaktore bestaan wat moontlik kan bydra tot 'n profiel van kinders wat familiemoord gepleeg het? ..... 217

6.5.5. Hoofnavorsingsvraag: Waarom pleeg kinders familiemoord? ..... 219

6.6. BYDRAES VAN DIE STUDIE ..... 221

6.7. AANBEVELINGS ..... 222

6.7.1. Aanbevelings vir toekomstige navorsing ..... 222

6.7.2. Algemene aanbevelings ..... 223

6.7.3. Aanbevelings vir die onderwys ..... 224

6.7.4. Aanbevelings vir ouers ..... 225

6.8. LEEMTES VAN DIE STUDIE ..... 226

6.9. SLOTOPMERKINGS ..... 227

BRONNELYS ..... 228

ADDENDA ..... 247

Addendum A: Navorsingsrefleksie ..... 247

Addendum B: Databronne wat gebruik is in die gevallestudies ..... 250

Addendum C: Toestemmingsbriewe - kundiges ..... 254



© University of Pretoria

Addendum D: Toestemmingsbrief NVO ........ 260

Addendum E: Toestemmingsbrief SAPD ........ 263



© University of Pretoria

# Figurelys

Figuur 1: Visuele voorstelling van studie ........................................................................ 11

Figuur 2: Geslag van veroordeelde ................................................................................. 25

Figuur 3: Ras van veroordeelde ...................................................................................... 25

Figuur 4: Ouderdomme van veroordeeldes ..................................................................... 26

Figuur 5: Verwantskap tussen veroordeelde en slagoffer ................................................. 26

Figuur 6: Geografiese voorstelling van die ligging van al die familiemoordgevalle wat deur 'n kind gepleeg is ................................................................................................ 27

Figuur 7: Data-insamelingsiklus ...................................................................................... 30

Figuur 8: Hoofbevindinge van die Studie ....................................................................... 139

Figuur 9: Die ontwikkeling van die konseptuele raamwerk vir die studie. ........................... 201

Figuur 10: Die konseptuele raamwerk van die studie ..................................................... 207



© University of Pretoria

# Tabellelys

Tabel 1: Die aanvanklike geïdentifiseerde gevalle vir die studie ........................................... 21

Tabel 2: Geselekteerde gevalle vir die studie ........................................................................ 24

Tabel 3: Kwalitatiewe inhoudsontleding .................................................................................. 34

Tabel 4: Gesamentlike faktore soos geanaliseer en geïdentifiseer in al die gevalle ............. 136

Tabel 5: Ouderdom van moordenaar en geslag van ouer in gevalle van een oortreder en een slagoffer in die VSA (aangepas uit Heide, 2013, p.6) ........................................................ 143

Tabel 6: Opsomming van die temas en subtemas van die studie.......................................... 151

Tabel 7: Negatiewe gevolge van kinderverwaarlosing (aangepas uit Barnett et al., 2011, p. 96-97) ........................................................................................................................ 168



© University of Pretoria

# 1. INLEIDING TOT DIE STUDIE

## 1.1. INLEIDING EN RASIONAAL

Suid-Afrika word as 'n gewelddadige samelewing beskou. Die nasionale moordsyfer is 5 maal hoër as die wêreldgemiddelde met 33 moorde per 100 000 mense (Kriegler & Shaw, 2016). Volgens Newham, Lancaster, Burger en Gould (2015) is daar gedurende 2014 en 2015 'n gemiddeld van 49 persone per dag vermoor. Vanaf April 2015 tot en met Maart 2016 is daar 51 mense per dag vermoor. Die moordsyfer in Suid-Afrika het in die afgelope paar jaar met 4,9% toegeneem (Evans & Verster, 2016; Staff Reporter, 2016). Die Misdaadnavorsings en -Statistiekverslag van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) berig dat 70%-80% van die slagoffers en oortreders van alle moorde gedurende die afgelope dekade mekaar geken het (Kearney & Erasmus, 2013). Dit is verontrustend dat 24,9% van alle moorde deur 'n familielid of lid van 'n huishouding gepleeg word (Statistics South Africa, 2014). Tydens die studie kon geen spesifieke syfers oor **kinders** wat **familiemoord** pleeg, van instansies soos Statistiek Suid-Afrika, die Departement van Korrektiewe Dienste (DKD), die SAPD, die Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en Herintegrasie van Oortreders (NICRO) of BOSASA-Jeugontwikkelingsentrums verkry word nie. 'n Verslag deur Muntingh en Ballard (2012) het egter lig op die kwessie van kinders in gevangenisse gewerp. Volgens die verslag is 451 kinders onder die ouderdom van 18 jaar in 2011 vir geweldsmisdade aangehou. Ses-en-twintig van hierdie kinders het moord gepleeg en sewe is vir poging tot moord gearresteer. Daar is bevind dat aggressiewe en seksuele oortredings deur kinders in Suid-Afrika van 1995 tot 2011 met ongeveer 12% toegeneem het (Muntingh & Ballard, 2012). Volgens statistiese inligting van die DKD is 234 kinders onder die ouderdom van 18 jaar gedurende 2011 en 2012 vir geweldsmisdade gevonnis. Gedurende hierdie tydperk is 25 486 jeugdiges tussen 18 jaar en 25 jaar vir geweldsmisdade aangehou. Gedurende 2011 en 2012 was 98% van jeugdiges tussen 14 jaar en 25 jaar manlik (Departement of Correctional Services, 2015). Alhoewel die bogenoemde syfers hoofsaaklik op algemene misdade van kinders in die gevangenis fokus, is dit belangrik om daarvan kennis te neem aangesien dit 'n steeds toenemende spiraal van geweld in die Suid-Afrikaanse samelewing beklemtoon.



© University of Pretoria

Dit is duidelik dat ernstige oortredings wat deur kinders gepleeg word, toeneem in die samelewing (Loebler & Farrington, 2000). Moord word deur baie mense as die heel ernstigste misdaad beskou, maar wanneer moord deur ’n jongmens gepleeg word, is dit dikwels nóg moeiliker om te verstaan. Verskeie media-artikels, koerante en televisieprogramme beklemtoon die algemene kommer wat heers oor kinders en geweldsmisdade (Kemp, 2012; Myburgh, 2014; “Teen found guilty of farm murder,” 2014).

Familiemoord is nie ’n nuwe verskynsel nie; die geskiedenis, godsdiens en mitologie is vol voorbeelde van hierdie tipe geweld. Een van die vroegste gevalle is in die annale van die Christendom aangeteken. In Genesis 4:8 (Die Nuwe Vertaling) is dit aangeteken dat Kain sy broer Abel uit jaloesie vermoor het. In die antieke mitologie het die Olimpiese titaan Kronus sy pa Uranus, die hemelgod, gekastreer. Die Furies is uit sy bloed gebore, en dit was hulle taak om vadermoord te wreek deur waansin te veroorsaak (Newhill, 1991, p. 376). In latere mitologie is moedermoord die hooftema in die verhaal van Orestes, wat deur sy suster Elektra beïnvloed word om sy ma Klutemnestra te vermoor (Newhill, 1991).

Onlangse Suid-Afrikaanse voorbeelde van kinders wat vir die moord op familielede in die media aangehaal is, is die Griekwastad-moorde, waar ’n vyftienjarige seun sy pa, ma en suster vermoor het (Kemp, 2012), ’n sestienjarige seun van Roodepoort wat sy ouma na bewering met ’n swaard doodgemaak het (Myburgh, 2014) en die Kiesling-familiemoorde, waar ’n seun skuld beken het op die moord op sy oom en tante (“Teen found,” 2014). Hierdie gevalle het die vraag by die navorser laat ontstaan: “Wat dryf ’n kind tot moord op familielede?”

Alhoewel die televisie en internet ons nader aan die alledaagse gruwels van ons samelewing gebring het, is dit steeds ontstellend wanneer ’n jongmens by moord betrokke is. Soos reeds gemeld, word verskeie vorms van geweld, van roof tot moord, op alle vlakke van die samelewing aangetref en bly die voorkoms daarvan in Suid-Afrika uiters hoog. In ’n toenemend gewelddadige samelewing word dit noodsaaklik om die verskynsel van moord te verstaan en die oorsake in oënskou te neem. Alhoewel belangstelling in misdaad nog altyd hoog was, bly dit moeilik om te verstaan waarom dit plaasvind en wat daaromtrent gedoen kan word. Ons onvermoë om misdaad te voorkom, is deels te wyte aan ons onvermoë om die komplekse aard van kriminele gedrag te verstaan (Bartol & Bartol, 2014, p. 2). Lancaster



© University of Pretoria

(2013) is van mening dat moord as ’n maatskaplike probleem beskou moet word wat nie deur polisiëring alleen opgelos kan word nie.

Die huidige studie dien as baanbrekerswerk vir toekomstige navorsing oor kinders se moorddadige optrede teenoor familielede. Sowel die samelewing as die akademiese gemeenskap het nog nie voldoende wetenskaplike aandag aan familiemoord deur kinders geskenk nie. Die gemeenskap en navorsers moet multidissiplinêr na hierdie verskynsel kyk ten einde ’n dieper begrip van die dinamika te verkry.

Soos vroeër genoem, is daar tans ’n gebrek aan kennis van en insig in individuele en sistemiese faktore wat tot hierdie misdade aanleiding gee. Weens ons gebrek aan kennis is ons dikwels onkundig oor die waarskuwingstekens in ons gesinne, skole en gemeenskappe. Daarom is dit noodsaaklik om ’n diep insig in sowel sistemiese as individuele faktore rondom hierdie verskynsel te verkry. Moord word dikwels as ’n geestesgesondheids- en strafregtelike probleem beskou wat ’n beduidende menslike en maatskaplike las op ons samelewing plaas. Die Epidemiologiese Kriminologiese perspektief beklemtoon die belang van aanpasbaarheid by die steeds veranderende wetenskaplike en konseptuele landskappe van verskillende dissiplines. Ons moet poog om te leer uit verskillende perspektiewe en om nuwe insig in vraagstukke te kry (Akers, Potter & Hill, 2013). Volgens Waltermauer en Akers (2013, p. 1) erken hierdie benadering dat terreine soos kriminologie, strafreg en openbare gesondheid in navorsing en beleid oorvleuel en dat individue wat onregmatig optree ’n direkte uitwerking op openbare gesondheidstelsels het[1].

In hierdie studie postuleer die navorser dat familiemoord deur kinders ’n samelewingsprobleem is wat te omvangryk is om deur slegs die kriminele regstelsel hanteer te word. Kennis wat die begrip, voorspelling en voorkoming van gewelddadige gedrag in kinders kan bevorder, behoort dus aangemoedig te word. Kennis kan ook gebruik word om ouer- en skoolprogramme as beskermende en voorkomende faktore te ontwikkel. Indien ’n profiel vir familiemoorde vasgestel kan word, kan dit tot ’n wetenskaplike kennisbasis vir

[1] “This approach recognizes the overlapping of fields such as criminology, criminal justice and public health in research and policy and recognizes that individuals who engage in illegal behaviour directly impact on public health systems” (Waltermauer & Akers, 2013, p. 1).



© University of Pretoria

geweldsmisdade deur kinders bydra. Insig in die lewe en motivering van hierdie kinders is noodsaaklik vir die beskerming van familielede teen die moontlike moorddadige optrede van ’n gevaarlike kind in die familie.

Hierdie studie is daarop gemik om die hoërisikofaktore te ondersoek en te interpreteer en om te verstaan watter risikofaktore met familiemoorde deur kinders geassosieer word. Die navorser wil ’n diep insig in die redes rondom hierdie moorde verkry – ten einde lig te werp op die bydraende sistemiese en individuele faktore wat tot so ’n gebeurtenis lei.

## 1.2. POTENSIËLE WETENSKAPLIKE BYDRAE VAN DIE STUDIE

Soos reeds gemeld word Suid-Afrika as ’n besonder gewelddadige samelewing beskou, en statistiek dui daarop dat ’n aansienlike aantal moorde deur ’n familielid of lid van ’n huishouding gepleeg word. Die samelewing beskou die huis as die primêre veilige plek van die kind – ’n plek waar gesinslede veilig en beskermd behoort te voel. Benewens die lewensverlies, sien ons ook dat wanneer een stelsel deur iets soos moord ontwrig word, dit ’n sneeubaleffek het wat alle ander samelewingstelsels affekteer. Dit is dus noodsaaklik dat ons as navorsers die oorsake van geweld by kinders verstaan. Navorsing kan ons beter insig bied in die gedrag van gewelddadige kinders wat familiemoorde pleeg en kan tot die ontwikkeling van nuwe beleid en opvoedkundige programme bydra wat ’n voorkomende doel kan dien. Hierdie studie het ten doel om ’n beter begrip te formuleer van kinders wat ’n familielid vermoor.

## 1.3. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie is om die etiologiese faktore en die unieke leefwêreld van kinders wat familiemoord pleeg, te ondersoek, te interpreteer en te verstaan. Nege gevalle van kinders wat op die ouderdom van vyf-en-twintig of jonger familiemoord gepleeg het, word in hierdie studie onder die loep geneem. ’n Versameling dokumente oor plaaslike gevalle van familiemoorde vanaf 1984 sal bestudeer word ten einde insig te kry in die sistemiese en individuele faktore wat moontlik tot die moord aanleiding kon gee.



© University of Pretoria

’n Omvattende wetenskaplike ondersoek kan die kennis rondom kinders wat familiemoorde pleeg, uitbrei. Die kennis wat deur hierdie diepgaande ontleding verkry word, kan navorsers, akademici, praktisyns en wetstoepassingsbeamptes ondersteun in die ontwikkeling van insigte wat hulle navorsing en daaglikse praktyke kan verbeter. Die insig wat verkry word, kan ook gebruik word om beleid en voorkomingsprogramme te ontwikkel. Ten einde die data wat uit die omvattende dokumentontleding verkry is, aan te vul en te ondersteun, sal daar onderhoude met kundiges gevoer word. Daar sal ook gepoog word om vas te stel of daar ’n profiel bestaan van kinders wat familiemoorde pleeg.

## 1.4. NAVORSINGSVRAE

### 1.4.1. Hoofnavorsingsvraag

Die hoofnavorsingsvraag wat hierdie PhD-studie sal rig, is:

*Waarom pleeg kinders familiemoord?*

### 1.4.2. Sekondêre vrae

Die kernvraag word toegelig met die volgende bykomende sekondêre vrae:

- *Watter akkumulatiewe sistemiese omstandighede dra daartoe by dat ’n kind familiemoord pleeg?*
- *Watter akkumulatiewe belewinge van die individu kan moontlik aanleiding gee tot familiemoord?*
- *Wat is die aard van die breekpunte wat bereik word wat aanleiding gee tot familiemoord?*
- *Watter individuele- en omstandigheidsfaktore stem ooreen in die gevallestudies wat moontlik as die breë riglyne kan dien om ’n profiel van kinders wat familiemoord pleeg daar te stel?*



© University of Pretoria

# 1.5. DEFINIËRING VAN KONSEPTE

## 1.5.1. Kind

Die term kind word gereeld in die literatuur gebruik. Ons basiese begrip van die konsep is dat ’n kind ’n persoon is wat nog nie volkome ontwikkel het nie, maar wat besig is om op verskeie vlakke te ontwikkel (Shapiro, 1999).

Wat die wetlike definisie van ’n kind in Suid-Afrika betref, word ’n kind deur sowel die Wet op Kinderregte (wet 75 van 2008) as die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) as ’n persoon onder die ouderdom van agtien jaar gedefinieer (Child Justice Act, 2008; Correctional Services Act No. 111 of 1998). Volgens die Wet op Kinderregte (75 van 2008) is ’n “kind” ook enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar en in sekere gevalle individue van 18 jaar of ouer, maar jonger as 21 jaar, wie se oortreding kragtens Afdeling 4(2) van hierdie Wet hanteer word.

Die National Youth Commission Act (1996), die National Youth Policy 2020 en die National Youth Development Policy Framework (2002-2007), definieer ‘n jeugdige persoon tussen die ouderdom van 14 en 35 jaar. Volgens die Witskrif vir Korrektiewe Dienste (White Paper on Corrections, 2005) word ’n jeugdige of jong oortreder as ’n oortreder tussen die ouderdom van 18 jaar en 25 jaar geklassifiseer en kan hierdie jongmense selfs ná ’n lang vonnis die potensiaal hê om ’n bydrae tot die samelewing te maak (White Paper on Corrections, 2005).

Wat biologiese definisies van ’n kind betref is daar in die verlede verskeie studies gedoen, spesifiek rondom die ontwikkeling van die menslike brein. Luna et al. (2001, p. 786) het in hulle studie bevind dat breinontwikkeling geleidelik plaasvind vanaf die kinderjare tot en met vroeë volwassenheid. ‘n Studie deur Romine en Reynolds (2005, p. 191) het bevind dat die funksie en struktuur van die frontale korteks opmerklik verander tydens die vroeë kinderjare. Hierdie navorsers het ook bevind dat die pre-frontale korteks tot en met die ouderdom van 20 jaar ontwikkel.

Alhoewel die brein aansienlike individuele variasies kan verteenwoordig, bestaan daar konsensus dat die frontale lob en verskeie subkomponente tydens die tweede en derde dekade



© University of Pretoria

van 'n persoon se lewe steeds beduidende anatomiese veranderinge ondergaan (Luna et al., 2001; Reyna, Chapman, Dougherty & Confrey, 2012; Steinberg, 2008; Stuss & Knight, 2013;). Die prefrontale korteks is van kritiese belang vir hoër kognitiewe funksies, insluitend redenering, beoordeling, risiko-evaluering en inhiberende beheer. In hierdie verband meld Reyna et al. (2012, p. 278) dat vergeleke met ander dele van die brein, hierdie deel 'n uitgestrekte ontwikkelingsbaan volg wat tot in die jare van en na adolessensie voortduur[2]. Psigososiale vermoëns wat besluitneming en matige waagmoed, byvoorbeeld impulsbeheer en emosieregulering, verbeter is steeds besig om in jong volwassenes te ontwikkel (Steinberg, 2008).

Die redes waarom daar besluit is om kinders in die onderhawige studie te definieer as persone jonger as 25 jaar is dat kinders fisiek nog besig is om in volwassenes te ontwikkel en in hulle vroeë en middel twintigerjare nog dikwels van familielede vir sorg afhanklik is. Nog 'n bydraende faktor is die oorweldigende navorsing ter stawing van die feit dat breinontwikkeling tot in die derde dekade voortduur. Hierdie definisie word ook deur die Departement van Korrektiewe Dienste ondersteun, wat oortreders tussen 18 en 25 jaar as jong oortreders definieer. Professor Kathleen Heide, 'n vooraanstaande kundige op die gebied van familiemoord, is van mening dat dit in twee kontekste sinvol is om oortreders se ouderdom tot 24 jaar te verleng wanneer daar van familiemoord sprake is. Talle individue woon tot in hul vroeë twintigerjare by hul ouers voordat hulle onafhanklik begin leef. Daarbenewens dui wetenskaplike bevindinge daarop dat die brein eers op die ouderdom van 25 jaar ten volle volwasse is[3] (Heide, 2013, p.5). 'n Operasionele definisie van 'n kind in die konteks van hierdie studie is dus 'n individu wat ten tyde van die misdaad onder die ouderdom van 25 jaar was.

---

[2] "Relative to other regions this area of the brain undergoes a prolonged developmental trajectory that persists into adolescent and post adolescent years" (Reyna et al. 2012, p. 278).

[3] "Extending the offender age to 24 when discussing parricide offenders makes sense in two contexts. Many individuals live with their parents until their early 20s before they transition to independent living. In addition, scientific findings suggest that the brain is not fully mature until the age of 25" (Heide, 2013, p.5).



© University of Pretoria

## 1.5.2. Familielid

In hierdie navorsing verwys die term "familielid" na die hele verwantskapsnetwerk van minstens drie geslagte in 'n familie, in die huidige staat én namate dit met verloop van tyd ontwikkel het. Dit sluit biologiese en uitgebreide familie in, primêre versorgers en aangenome of pleegfamilies (Pillay, 2009). Familielede sluit dus biologiese moeders, vaders, broers, susters en aangenome kinders en stiefouers, asook grootouers, niggies, nefies, ooms en tantes in.

## 1.5.3. Moord

Moord is die onwettige en opsetlike doodmaak van 'n ander mens (Terblanche, 2007). Bartol en Bartol (2014) omskryf moord as die opsetlike doodmaak van een persoon deur 'n ander. Bezuidenhout (2011, p. 182) omskryf moord as die onwettige en opsetlike doodmaak van 'n ander persoon. Volgens Dawson en Langan (1994, p. 2) sluit moord die volgende in:

> "(1) om die dood van 'n ander persoon sonder uiterste provokasie of wettige regverdiging te veroorsaak, (2) om die dood van 'n ander persoon te veroorsaak terwyl daar met 'n ander misdaad besig is, en (3) nie-nalatige of opsetlike manslag. Moord behels ook medepligtigheid aan 'n moord, die aanmoediging en bystand in 'n moord en die fasilitering van 'n moord."

'n Operasionele definisie van moord in die konteks van hierdie studie bestaan uit die opsetlike veroorsaking van 'n persoon se dood deur 'n kind onder die ouderdom van 25 jaar. Moord deur 'n kind behels medepligtigheid aan 'n moord, die aanmoediging en bystand in 'n moord. Dit kan ook die fasilitering van 'n moord of moorde insluit.

## 1.5.4. Kindermoordenaar

In hierdie studie is 'n kindermoordenaar 'n persoon wat skuldig bevind is aan moord of medepligtig was aan moord op 'n familielid/lede toe hy/sy onder die ouderdom van 25 jaar was.



© University of Pretoria

### 1.5.5. Familiemoord

Binne die raamwerk van hierdie studie is 'n familiemoord die opsetlike veroorsaking van die dood van 'n familielid/-lede (soos uiteengesit in Par. 1.5.2) deur 'n kind (soos uiteengesit in Par. 1.5.1). Medepligtigheid, aanmoediging of fasilitering van familiemoord/e word by die definisie van familiemoord ingesluit.

## 1.6. AANVANKLIKE LITERATUUROORSIG EN TEORETIESE RAAMWERK

Hierdie studie volg 'n fenomenologiese perspektief. Volgens Van Manen (2007) is dit 'n soort nadenke wat sonder teoretiese vooroordeel en vermoedelike subjektiwiteit behoort te geskied. Saamvoeging (bracketing), wat impliseer dat enige persoonlike oortuigings oor die betrokke verskynsel opsy geskuif word, word dikwels in fenomenologie gebruik (Chan, Fung, & Chien, 2013). Hamill en Sinclair (2010) stel voor dat die literatuuroorsig tot ná dataversameling en -ontleding uitgestel word ten einde te voorkom dat vrae en data in ooreenstemming met bestaande temas uit die literatuur geformuleer en ontleed word. Volgens Groenewald (2004) is dit belangrik om die verskynsel so akkuraat moontlik te beskryf en om aan die feite getrou te bly deur nie van vooropgestelde idees gebruik te maak nie.

In die onderhawige studie sal die fenomenologiese perspektief gebruik word, wat beteken dat die nasionale en internasionale navorsing op hierdie gebied asook die teoretiese- of konseptuele raamwerk eers na afloop van die data-insamelings- en ontledingsfases bespreek word. Die navorser is van mening dat enige voorafbepaalde teoretiese- of konseptuele raamwerk te spesifiek en uiteindelik te beperkend mag wees indien nuwe insigte uit die studie verkry sou word. Deur hierdie navorsingsbenadering te volg wil die navorser haarself daarvan weerhou om vooropgestelde idees te vorm en temas vanuit bestaande literatuur te ontwikkel. Die navorser wil hê dat die temas en teoretiese- of konseptuele raamwerk deur die loop van die studie moet ontwikkel. Gevolglik sal die literatuur oor die moontlike oorsake van kindermoordenaars nie aan die begin bespreek word nie. Die navorsingsbevindings van hierdie studie sal met die tersaaklike literatuur vergelyk en geïntegreer word en laastens met die




© University of Pretoria

toepaslike teoretiese- of konseptuele raamwerk(e) geïntegreer word. Daar sal derhalwe doelbewus gepoog word om diepgaande insig in die gevalle te verkry. Dit strook direk met fenomenologiese navorsing en verseker dat die navorser so onbevooroordeeld as moontlik sal bly en subjektiewe, bestaande idees rondom die verskynsel sal beperk.



© University of Pretoria

# 1.7. VISUELE VOORSTELLING VAN DIE STUDIE




**Figuur 1: Visuele voorstelling van studie**



© University of Pretoria

## 1.8. OORSIG VAN HOOFSTUKKE

| **OORSIG VAN HOOFSTUKKE** |
|---|
| **Hoofstuk 1 Inleiding tot die studie**<br><br>Hoofstuk 1 bevat die agtergrond, probleemstelling, rasionaal en doel van die huidige studie. Sleutelkonsepte is beskryf en gedefinieer. Laastens is ’n oorsig van die hoofstukke bespreek. |
| **Hoofstuk 2 Navorsingsmetodologie en -strategieë**<br><br>Hoofstuk 2 bevat ’n gedetailleerde verduideliking van die navorsingsmetodologie en -strategieë wat in die studie gebruik is om die navorsingsvrae te beantwoord. Fenomenologie as metateorie en kwalitatiewe navorsing as metodologiese paradigma word verduidelik. Die keuse van die navorsingsontwerp, identifisering van gevalle, data-insameling en dokumenteringstegnieke asook data-ontleding en -interpretasie word verduidelik. Die hoofstuk word afgesluit deur die wetenskaplike egtheid en etiese oorwegings van die studie onder die loep te neem. |
| **Hoofstuk 3 Bevindings en interpretasie – Multislagoffermoorde deur kinders in families**<br><br>Hoofstuk 3 sluit die gevalle in waar daar meer as een slagoffer vermoor is. In hierdie hoofstuk word die ontleding van sowel die data as die geïdentifiseerde temas ondersoek. Die gevallestudies wat doelmatig geselekteer is vir die studie word individueel bespreek. Die geïdentifiseerde temas word na elke geval uiteengesit. |
| **Hoofstuk 4 Bevindings en interpretasie – Eenslagoffermoord deur kinders in families**<br><br>Hoofstuk 4 sluit die gevalle in waar daar slegs een slagoffer vermoor is. In hierdie hoofstuk was die ontleding van sowel die data as die geïdentifiseerde temas onder die loep geneem. |



© University of Pretoria

Die gevallestudies, wat doelmatig vir die studie geselekteer is, word individueel bespreek. Die geïdentifiseerde temas word na elke geval uiteengesit.

**Hoofstuk 5 Literatuuroorsig en kontrole van bevindinge**

In hoofstuk 5 word die literatuur oor kinders wat familiemoord pleeg uiteengesit. Die temas soos dit geïdentifiseer is in hierdie studie word ook bespreek en met die relevante en tersaaklike literatuur in verband gebring.

**Hoofstuk 6 Konseptuele raamwerk, gevolgtrekkings, aanbevelings en samevatting van die studie**

In hoofstuk 6 word die proses wat tot die konseptuele raamwerk gelei het uiteengesit en beskryf. Die konseptuele raamwerk word ook beskryf. Die bevindinge van die navorsing word met die sentrale navorsingsvraag en sekondêre vrae in verband gebring. Die hoofstuk verskaf ook ’n oorsig van die moontlike bydraes en beperkings van die studie en bevat aanbevelings vir toekomstige navorsing.



© University of Pretoria

# 2. NAVORSINGSMETODOLOGIE EN STRATEGIEË

## 2.1. INLEIDING

In Hoofstuk 2 word die navorsingsmetodologie en strategieë wat in hierdie studie gebruik is, uitgelig en beskryf. Die gebruik van fenomenologie as metateorie en kwalitatiewe navorsing as metodologiese paradigma word geverifieer.

Die navorsingsontwerp, asook die identifisering van die onderskeie gevalle, word geskets. Die verskillende fases van die studie word beskryf en die data-insamelings- en dokumenteringstegnieke word verduidelik. Die tegnieke vir data-ontleding en -vertolking word in hierdie hoofstuk uitgelig. Die kriteria vir wetenskaplike gehalte en die etiese oorwegings word ook uiteengesit.

## 2.2. PARADIGMATIESE AANNAMES

In die volgende onderafdeling word die metodologiese paradigma bespreek. Die keuse van fenomenologie as metateoretiese raamwerk word geskets en verduidelik.

### 2.2.1. Metodologiese paradigma

Die navorser het op ŉ kwalitatiewe benadering besluit om die faktore wat tot familiemoord deur kinders lei, te verken. Kwalitatiewe navorsing is dikwels gegrond op anekdotes wat mense oor ŉ sekere aspek in die navorsing gesê en/of wat hulle geskryf het. Kwalitatiewe navorsing beskryf ook gedrag soos dit gedokumenteer is en poog verder om die betekenis van die gedokumenteerde gedrag te verstaan (Joubert, Hartell & Lombard, 2016). Dié benadering word dikwels gebruik omdat dit ŉ benadering is wat op verkenning, vertolking en begrip toegespits is (Breakwell, Rule & John, 2011; Brocki & Wearden, 2006; Creswell, 2014; Smith & Wright, 2012). Dit is belangrik in kwalitatiewe navorsing om sin van die verskynsels soos wat dit in die werklike wêreld plaasvind, te maak (Brocki & Wearden, 2006; Rule & John, 2011;). Derhalwe fokus die kwalitatiewe benadering sterk op persepsies en betekenisse (Creswell,



© University of Pretoria

2014; Smith, 2008). In hierdie studie was die fokus op hoe hierdie persepsies en betekenisse in die dokumente na vore kom. Die primêre doelwitte van kwalitatiewe navorsing is om sowel insig te verkry as om sekere aspekte van die verskynsel toe te lig en te beklemtoon (Burton & Steane, 2004). ŉ Sentrale verskynsel is dus die kernkonsep van kwalitatiewe navorsing (Creswell, 2012). Volgens Willig (2013, p. 9) gaan kwalitatiewe navorsing oor betekenis, met ander woorde die tekstuur en diepte van ervaring. Hierdie studie het ook oor die inhoudelike en diepte gegaan soos dit in die gevalledokumente vervat is ten einde ŉ grondige begrip te verkry van die verskynsel van kinders wat familiemoord pleeg.

ŉ Algemene eienskap van kwalitatiewe navorsing is die spesifieke doel om begrip uit die data te ontwikkel namate die ontleding vorder. Volgens Creswell (2014) en Maxwell (2013) word kwalitatiewe navorsing deur ŉ buigsame ontwerp eerder as ŉ streng volgorde gekenmerk. Daar word dikwels voorgestel dat die kwalitatiewe navorsingsproses ŉ refleksiewe proses moet wees wat deur elke fase van die studie na vore kom (Maxwell, 2013). Refleksiwiteit behels ŉ bewustheid dat die navorser en die objek van die studie mekaar onderling en deurgaans in die navorsingsproses beïnvloed. Refleksiwiteit behels nadenke oor jou ervaringe en bevraagtekening van die wyse waarop jy dinge doen (Symon & Cassell, 2012).

In hierdie studie het die navorser beoog om die kinders wat familiemoord gepleeg het, te ondersoek, te interpreteer en te verstaan, wat binne ŉ kwalitatiewe benadering gevolg kon word. Die navorsing was toegespits op die ontleding van gevalle van familiemoorde wat deur kinders gepleeg is. Die navorser wou ŉ diepgaande begrip verkry van die onderliggende redes waarom kinders hierdie misdade pleeg. Sowel die individuele en sistemiese faktore as die gebeurtenisse wat tot hierdie misdade gelei het, het ŉ inhoudelike en diepgaande insig in hierdie verskynsel gegee. Daarom was die aard en diepte van die verskynsel (Willig, 2013) belangrik vir die navorser. Soos voorheen vermeld, is ŉ kwalitatiewe navorsingsbenadering geskik vir die beklemtoning en toeligting van diepgaande inligting (Burton & Steane, 2004) oor sekere aspekte van ŉ verskynsel. Die hooffokus in hierdie studie was die verskynsel van familiemoord wat deur ŉ kind in die familie gepleeg is. Deur gebruik te maak van ŉ kwalitatiewe benadering tot dokumentontleding kon ŉ ryk en diepgaande begrip van die verskynsel verkry word.



© University of Pretoria

## 2.2.2. Metateoretiese paradigma

Fenomenologie is as die navorsingsbenadering vir hierdie studie gekies. Fenomenologie is ŉ filosofie wat deur Edmund Husserl aan die begin van die twintigste eeu bekendgestel is (Smith, 2008) en beteken letterlik "die wetenskap van verskynsels". Fenomenologie kom dikwels in twee kontekste voor: filosofie en metodologie. Fenomenologie is ŉ filosofiese beweging wat met ŉ persoon se persepsie van die wêreld gemoeid is (Shi, 2011). As metodologie voldoen die fenomenologie aan al die aspekte wat met kwalitatiewe navorsing beoog word (Shi, 2011). Wat fenomenologiese navorsing van ander tipes navorsing onderskei, is die klem op die subjektiewe standpunt. Dit laat die navorser toe om oor die belewenisse van die menslike bestaan te besin (Moran, 2001; Shi, 2011). Van Manen (2007, p. 12) verwys na hierdie proses as ŉ oop en diepsinnige proses, vry van teoretiese en bevooroordeelde inmenging.

Die fenomenologiese benadering poog om meer duidelikheid te bied oor hoe dinge voorkom of aan ons getoon word (Kruger & Stones, 1988). Dit gaan oor ons bewustheid van die wêreld en die wyse waarop ons betekenis in die wêreld ontdek. Vir die fenomenoloog is die wêreld ŉ sisteem van ŉ kosmiese totaliteit van verskillende betekenisse (Kruger & Stones, 1988, p. 36). Fenomenologie gaan dus uiteindelik oor hoe mense bewus is van die wêreld rondom hulle en hoe hulle betekenis ontdek. Die mens is deurlopend besig om sin van die wêreld te maak. Ervaring moet dus op die wyse waarop dit plaasvind en op sy eie voorwaardes ondersoek word (Chan et al., 2013; Kruger & Stones, 1988; Moran, 2001;).

ŉ Fenomenologiese studie beskryf ŉ spesifieke verskynsel en die ervaringe rondom so ŉ verskynsel. Dus fokus die fenomenologiese navorser daarop om dit te beskryf wat elkeen in gemeen het wanneer hulle die fenomeen ervaar[4] (Creswell, 2007, p. 56). Kortweg is fenomenologie die studie van menslike *ervaring* en die wyse waarop verskynsels na vore kom in en deur sodanige ervaringe. ’n Ervaring word gesien as iets wat vir ŉ persoon saak maak en waarvan die persoon ŉ mate van begrip het. Die fenomenoloog poog om die perspektiewe rondom ŉ bepaalde ervaring te verstaan (Chan et al., 2013; Kruger & Stones, 1988; Moran,

---

[4] "The focus of the phenomenological researcher is to describe what everyone has in common as they experience a phenomenon" (Creswell, 2007, p. 56).



© University of Pretoria

2001). Die aard en bedoeling van hierdie studie was dus refleksief (Kruger & Stones, 1988). Die navorser het deur die ontleding van dokumente gepoog om uit te lig hoe hierdie kinders sin maak van die wêreld waarin hulle woon asook hul persepsies van die invloede van die verskeie stelsels op hul betekenisvorming.

Vanuit die fenomenologiese perspektief is die vertolking konteksverbonde; mense bring ervaring in verband met ŉ tersaaklike konteks. Derhalwe was die navorser deurentyd bewus van die konteks van ervaring in die gevallestudies. Deur die bestudering van die dokumente en die samestelling van die agtergrond van die gevalle het die navorser gepoog om ŉ duidelike beeld van die verskynsel te bekom. Toe die tersaaklike dokumente ontleed is, het die navorser haar aandag gevestig op hoe die verskynsel vanuit verskillende perspektiewe binne die databronne gevorm en aangebied is. Die navorser was daarvan bewus dat die verskynsel deur middel van tersaaklike dokumente en deskundige onderhoude ontleed is, maar dat die prominente temas steeds belig kon word om ŉ duidelike perspektief van die verskynsel te gee. Die navorser het die agtergrond-, sielkundige, psigososiale en hofdokumente ontleed om die verskynsel te konstrueer soos wat dit in die gevalle na vore gekom het. Deur dokumente te ontleed eerder as om onderhoude met die veroordeeldes te voer, het die navorser gepoog om opsetlike leuens en versinsels wat soms die akkuraatheid van navorsing met veroordeelde individue belemmer, te beperk. Direkte onderhoude kan dikwels daartoe bydra dat vervalsing van geheue of geheuefoute voorkom – ’n verskynsel wat ook as teleskopering bekend staan (Gilboa & Verfaellie, 2010, p. 961). Sommige individue mislei met opset, terwyl ander onopsetlik mislei deur ervaringe, datums en beskrywings versin. Onopsetlike misleidings kan moontlik die gevolg van geheueverlies wees (Mertz & Brown, 2015). Die versoek om feite en situasies in nabetragting te herroep kan inligting wat ŉ vae verband het of soms heeltemal onsamehangende herinneringe aan die lig te bring. Dit gebeur soms dat teleskopering in sekere bevolkings voorkom: omdat hulle die navorser wil beïndruk, versin hulle gebeure of bring gebeure uit die verlede in verband met die huidige tema van ondersoek (Mertz & Brown, 2015). In sommige gevalle kan mense gebeurtenisse vaag onthou of iets versin wat met die navorsingstema strook (Brainerd, 2013; Symons & Calvo, 2012). Die navorser het derhalwe die moontlikheid van teleskopering beperk deur toegang tot ŉ wye reeks dokumente wat met die betrokke sake te make het, verkry en dit ontleed. Dit het moontlik vals inligting beperk en daartoe bygedra dat ŉ dieperliggende en dalk ŉ meer objektiewe begrip van die verskynsel



© University of Pretoria

verkry is. Die feit dat die sake van verskeie databronne bestudeer was, het dit moontlik gemaak om inligting met diverse databronne te vergelyk. Die inligting wat gebruik was, was oorwegend uit databronne soos hof- en sielkundige verslae, asook onderhoude met kundiges verkry. Hiermee is gepoog om die moontlikheid van teleskopering te beperk. Die navorser was egter daarvan bewus dat die databronne oorwegend sekondêre inligting was. Dit was ook nie moontlik om sekere feite met na te gaan nie aangesien daar nie onderhoude met die betrokke persone gevoer was nie.

Die navorser het veral daarin belang gestel om deur die dokumente wat ontleed is, te begryp hoe hierdie kinders sin gemaak het van die wêreld waarin hulle lewe. Die hooffokus was om ŉ diepgaande begrip van die verskynsel te verkry soos dit in die gevalle aangebied is. Aangesien hierdie studie deur ŉ fenomenologiese perspektief gerig is, is ŉ teoretiese raamwerk en relevante literatuur eers aan die gevalle gekoppel *nadat* die navorser die gevalle geïdentifiseer en ontleed het. Deur die toepassing van hierdie benadering het die navorser gepoog om moontlike teoretiese invloed en subjektiwiteit te beperk. Dit was ook van belang dat die feite in die gevallestudies duidelik na vore sou kom en uitgelig word.

## 2.3. NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp van ŉ studie behels die sistematiese beplanning van die navorsing en sluit die formulering van ŉ strategie in om die navorsingsvrae te beantwoord. In dié studie is ŉ gevallestudie-navorsingsontwerp gebruik.

### 2.3.1. Gevallestudie-ontwerp

ŉ Gevallestudie-ontwerp is gebruik om ŉ diepgaande begrip van kinders wat ŉ familielid vermoor het, te verkry. Gevallestudienavorsing behels die studie van ŉ probleem deur een of meer relevante gevalle binne ŉ spesifieke konteks te verken (Creswell, 2014; Creswell, 2007). Gevallestudienavorsing is ŉ kwalitatiewe benadering waarin die navorser een of meer gevalle oor ŉ tydperk ondersoek. Dit sluit gedetailleerde, diepgaande data-insamelings-metodes soos waarneming, onderhoude en dokumentanalise in. Derhalwe doen die gevallestudie-ontwerp verslag oor ŉ gevalbeskrywing en gevalgebaseerde temas (Creswell, 2007). Gevallestudies stel



© University of Pretoria

die navorser in staat om 'n begrip van 'n bepaalde voorbeeld te genereer deur 'n deeglike en ryk beskrywing van die geval te voorsien terwyl die verband met breëre kontekste belig word (Rule & John, 2011). 'n Gevallestudie kan ook 'n enkele geval binne die sosiale wêreld ontleed (Bryman, 2001; McLeod, 2011). Die voordeel van die gevallestudie-ontwerp is die feit dat dit gebruik kan word om ingewikkelde faktore binne 'n enkele geval te ontleed (McLeod, 2011).

In dié studie is elke geval as 'n diskrete geval binne veelvuldige gevallestudies behandel, soos deur Stake (2005) voorgestel word. Die geïdentifiseerde gevalle is toegelig deur die biografiese besonderhede, familie-agtergrond, misdaadtoneel, sielkundige en psigososiale verslae asook die regsproses te bespreek. Die gevalle is daarna in 'n breër oorkruisontleding saamgevoeg (McLeod, 2011) om gemeenskaplike kenmerke te bepaal (Stake, 2005). Die gevalle is in diepte ontleed om die ooreenkomste, verskille en die hooftemas te bepaal. Die gevalle is ook volgens die navorsingsvrae van die studie ontleed en tematies ingedeel.

### 2.3.2. Identifisering van gevalle

Die navorser het van doelgerigte teoretiese steekproeftrekking gebruik gemaak, aangesien die gevallestudies noukeurig gekies moes word vir die onderhawige studie. Doelgerigte teoretiese steekproeftrekking word dikwels gebruik waar die doel is om 'n bepaalde kwesbare groep te verstaan (Laws, Harper, James & Marcus, 2013). Aanvanklik is slegs gevalle waar kinders wat onder die ouderdom van 25 jaar aan familiemoord skuldig bevind is, oorweeg. 'n Aantal gevalle is geïdentifiseer met behulp van die Juta-regstelselbundel, verwysings van prokureurs, wetstoepassingsbeamptes, inligtingkundiges in regsbiblioteke en akademici. Verder is mediaberigte gefynkam om relevante gevalle te identifiseer. Sodoende is een-en-twintig gevalle sedert 1984 binne die Suid-Afrikaanse konteks geïdentifiseer. Nege gevalle is vir in-diepte ontleding en beskrywing geïdentifiseer nadat die beskikbaarheid en geskiktheid van die dokumente bepaal is.

- Die spesifieke kriteria vir die keuring van gevalle was soos volg:
- Die moord is deur 'n kind onder die ouderdom van 25 jaar gepleeg;



© University of Pretoria

- Die kind het ʼn familielid vermoor of was medepligtig aan die moord op een of meer familielede;
- Die kind is deur ʼn hof skuldig bevind aan die moord(e) op ʼn familielid(lede);
- Slegs Suid-Afrikaanse gevalle vanaf 1984 tot en met die data-insamelingsproses (2016) is oorweeg;
- Dokumentasie oor die kind se agtergrond, beskrywing van die misdaad, sielkundige en/of psigososiale verslae was beskikbaar; en
- ʼn Vonnisopleggingsverslag was beskikbaar.

Die finale identifisering van die nege gevalle is op die bogemelde keuringskriteria, die omvattendheid van die materiaal en die rykdom van die beskikbare inligting in die gevaldokumente gegrond. Die diversiteit ten opsigte van ouderdom, geslag, ras en agtergrond is ook in ag geneem in ʼn poging om die navorsingsvrae akkuraat te beantwoord. Nadat die geskikte gevalle geïdentifiseer is, is hulle in diepte ontleed.

In hierdie studie wou die navorser die gebeurtenisse wat aanleiding tot die moorde in die geselekteerde gevalle gegee het, verken, vertolk en begryp. Die individu en sistemiese faktore wat tot hierdie gebeurtenisse bygedra het, is uitgelig en beklemtoon. Die gevalle is ook ontleed en vergelyk om te bepaal of ʼn spesifieke steekproef-spesifieke profiel bestaan van kinders wat familiemoord pleeg.

Aanvanklik is al die beskikbare dokumente met betrekking tot die 21 gevalle wat geïdentifiseer is, bymekaargemaak en vir die studie oorweeg. Nadat alle beskikbare dokumente van elke geval bekom is, het die navorser al die gevalle deurgelees om die geskikste gevalle vir finale ontleding en beskrywing te bepaal. Die keuringskriteria soos vroeër in hierdie onderafdeling beskryf is, is gebruik om die finale keuse van gevalle te maak. Soos reeds genoem is nege gevalle vir finale ontleding geïdentifiseer. ʼn Opsomming van die aanvanklike geïdentifiseerde gevalle vir die studie (van jongste tot oudste) word in Tabel 1 uiteengesit, waarna die finale geselekteerde gevalle in Tabel 2 uiteengesit word. Die gevalle in Tabel 2 is beskryf en georden in volgorde waarin dit bespreek is in die studie. In Figure 3, 4 en 5 word ʼn opsomming van die geslag, ras en ouderdom van die veroordeeldes aangebied.



© University of Pretoria

**Tabel 1: Die aanvanklike geïdentifiseerde gevalle vir die studie**

| Geval | Ouderdom | Ras en Geslag | Oortreding | Beskikbaarheid van inligting vir die studie |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 11 jaar | Swart<br><br>Manlik | Hy het sy nefie doodgesteek. | Geen verdere inligting kon opgespoor word by die hof nie. |
| 2 | 12 jaar | Indiër<br><br>Vroulik | Sy het haar ouma laat vermoor deur twee mans. | Volledige inligting beskikbaar. |
| 3 | 13 jaar | Kleurling<br><br>Vroulik | Sy het haar pa met 'n mes doodgesteek. | Sielkundige verslag was nie volledig nie en daar was sprake van kognitiewe tekortkominge. |
| 4 | 14 jaar | Swart<br><br>Manlik | Hy het sy ma, ouma, broer en suster met 'n byl vermoor. | Volledige inligting beskikbaar. |
| 5 | 15 jaar | Blank<br><br>Manlik | Hy het sy ma, pa en suster geskiet. Hy het sy suster verkrag. | Volledige inligting beskikbaar. |
| 6 | 16 jaar | Blank<br><br>Manlik | Hy het sy ouma met 'n swaard vermoor. | Geen verslae kon by die hof of Polisiekantoor opgespoor word nie. |
| 7 | 16 jaar | Blank<br><br>Manlik | Hy het sy oom en tannie vermoor. Geen inligting beskikbaar oor die tipe moorde nie. | Die hofverslae kon nie opgespoor word nie. |
| 8 | 17 jaar | Swart<br><br>Manlik | Hy het sy stiefpa met 'n mes vermoor. | Volledige inligting beskikbaar. |
| 9 | 17 jaar | Blank<br><br>Manlik | Hy het sy ouers met 'n mes en krieketkolf vermoor. | Volledige inligting beskikbaar. |



© University of Pretoria

| Geval | Ouderdom | Ras en Geslag | Oortreding | Beskikbaarheid van inligting vir die studie |
|---|---|---|---|---|
| 10 | 19 jaar | Blank<br>Vroulik | Sy het haar ma verwurg met die hulp van haar vriend. | Geval opgespoor, maar 'n skikking is bereik en daarom was geen sielkundige evaluasies gedoen nie. |
| 11 | 19 jaar | Blank<br>manlik | Hy het sy ma, pa en broer geskiet. | Volledige inligting beskikbaar. |
| 12 | 19 jaar | Indiër<br>Manlik | Hy het sy ma, ouma en oupa geskiet. | Volledige inligting beskikbaar. |
| 13 | 19 jaar | Swart<br>Vroulik | Sy het haar ma en stiefpa met die hulp van twee vriende verwurg. | Die saak was nie afgehandel nie. |
| 14 | 20 jaar | Blank<br>Manlik | Hy het sy ma en pa verwurg en doodgesteek met die hulp van sy suster en haar vriend. | Volledige inligting beskikbaar. |
| 15 | 20 jaar | Blank<br>Manlik | Hy het sy pa met die hulp van drie vriende doodgesteek. | Geen inligting kon by die hof opgespoor word nie. |
| 16 | 20 jaar | Swart<br>Manlik | Hy en sy pa het sy broer met 'n stok geslaan en met 'n mes doodgesteek. | Geen inligting kon by die hof opgespoor word nie. |
| 17 | 22 jaar | Swart<br>Manlik | Hy het sy pa met 'n panga doodgemaak. | Verslag is opgespoor, maar geen sielkundige evaluasie is gedoen nie. |
| 18 | 22 jaar | Blank<br>Vroulik | Sy het haar ma deur twee mans laat vermoor. | Volledige inligting was beskikbaar. |
| 19 | 22 jaar | Swart<br>Manlik | Hy het sy ma met 'n mes doodgesteek. | Die hofdokument kon nie opgespoor word nie. |



© University of Pretoria

| **Geval** | **Ouderdom** | **Ras en Geslag** | **Oortreding** | **Beskikbaarheid van inligting vir die studie** |
|---|---|---|---|---|
| 20 | 23 jaar | Indiër<br><br>Manlik | Hy het sy ma en pa dood geskiet. | Verslae opgespoor, maar geen sielkundige evaluasie is gedoen nie. |
| 21 | Onbekend | Swart<br><br>Manlik | Hy het sy pa geskiet | Die hofverslag is opgespoor, maar daar was geen sielkundige verslag beskikbaar nie. |
| | 19 jaar | Swart<br><br>Vroulik | Sy het haar ouma met 'n mes gesteek. | Die hofverslag is opgespoor, maar die ouma het die aanval oorleef. |



© University of Pretoria


**Tabel 2: Geselekteerde gevalle vir die studie**

| Geval * | Ras en geslag | Ouderdom ten tyde van oortreding | Misdryf |
|---|---|---|---|
| **Nico** | Indiër<br><br>Manlik | 19 jaar | Hy het sy ma, ouma en oupa vermoor. |
| **Selile** | Swart<br><br>Manlik | 14 jaar | Hy het sy ouma, ma, broer en suster vermoor. |
| **Gideon** | Blank<br><br>Manlik | 15 jaar | Hy het sy ma, pa en suster vermoor. |
| **Karel** | Blank<br><br>Manlik | 20 jaar | Hy het sy ma en pa vermoor met die hulp van sy suster en haar vriend. |
| **Neels** | Blank<br><br>Manlik | 17 jaar | Hy het sy ma en pa vermoor. |
| **Andre** | Blank<br><br>Manlik | 19 jaar | Hy het sy ma, pa en broer vermoor. |
| **Simone** | Indiër<br><br>Vroulik | 12 jaar | Sy het haar ouma laat vermoor deur twee mans. |
| **Mandla** | Swart<br><br>Manlik | 17 jaar | Hy het sy stiefpa vermoor. |
| **Belinda** | Blank<br><br>Vroulik | 22 jaar | Sy het haar ma laat vermoor. |

* Skuilname is gebruik om die identiteit van die persone te beskerm




© University of Pretoria




**Figuur 2: Geslag van veroordeelde**

In figuur 2 word die geslag van die veroordeeldes gegee. In hierdie studie was 87% van die veroordeeldes manlik en 22% vroulik.





**Figuur 3: Ras van veroordeelde**

In figuur 3 word die ras van die veroordeeldes getoon. In hierdie studie was 56% van die veroordeeldes blank, 22% swart en 22% Indiërs.




© University of Pretoria




**Figuur 4: Ouderdomme van veroordeeldes**

In figuur 4 word die ouderdomme van die veroordeeldes uiteengesit. Die ouderdomme van die veroordeeldes het gewissel tussen 12 jaar en 23 jaar. In 11% van die gevalle was die veroordeeldes tussen die ouderdomme van 12-13 jaar, 22% 14-15 jaar, 22% 16-17 jaar, 22% 18-19 jaar, 11% 20-21 jaar en 11% 22-23 jaar.




**Figuur 5: Verwantskap tussen veroordeelde en slagoffer**

Figuur 5 toon die verwantskap tussen veroordeelde en slagoffer. In hierdie studie was 35% ma's, 20% pa's, 15% oumas, 10% broers, 10% susters, 5% oupa's en 5% stiefpa's slagoffers.



© University of Pretoria

### 2.3.3. Omgewing en identifisering van databronne

Die gevalle in die onderhawige studie is oor verskeie provinsies van Suid-Afrika versprei. Nadat elke geval binne die Suid-Afrikaanse regstelsel geïdentifiseer is, het die navorser in verbinding getree met die relevante howe, landdroskantore en polisiestasies om te bepaal watter dokumente beskikbaar was. Die betrokke howe, landdroskantore en polisiestasies is oral in Suid-Afrika versprei, en die navorser moes verskillende provinsies besoek om die nodige dokumente vir interpretering en ontleding in te samel. Die geografiese verspreiding van al die gevalle van familiemoord wat deur 'n kind gepleeg is, word in figuur 6 aangedui.




**Figuur 6: Geografiese voorstelling van die ligging van al die familiemoordgevalle wat deur 'n kind gepleeg is**



© University of Pretoria

Figuur 6 toon dat die meerderheid van die gevalle in hierdie studie in KwaZulu-Natal en Gauteng voorgekom het. Die ander gevalle was oor die res van die land versprei.

Addisionele dokumente wat vir die studie benodig is, is deur verskeie aanlyn- en gedrukte mediabronne opgespoor. Verder is biografieë en outobiografieë ook geraadpleeg. Ondersteunende dokumente is ook deur middel van intensiewe aanlynsoektogte opgespoor. Hierdie ondersteunende bronne is dikwels in die koerantuitknipsels en biografieë wat bestudeer is, geïdentifiseer. Die bronne is gelees en ontleed om te bepaal of dit aan die kriteria van die studie voldoen. Die lees en ontleding van die ondersteunende bronne het verder gelei tot die ontdekking van bykomende bronne wat deur die Suid-Afrikaanse strafregverslae opgespoor is.

### 2.3.4. Dataversamelingstrategieë

Hierdie studie het diverse tipes dokumente benut om ŉ diepgaande begrip van die verskynsel te verkry. Dokumentontleding word dikwels as ’n sistematiese prosedure gebruik om dokumente – gedruk sowel as elektronies – na te gaan en te evalueer[5] (Bowen, 2009, p. 27; Dunn, 2010). Suid-Afrikaanse strafregverslae, polisierekords, boeke en mediaberigte is geraadpleeg om die navorser se begrip van die verskynsel te verbreed. Data is dus deur middel van verskeie insamelingstrategieë bekom. Navorsers van diverse studierigtings het in die verlede argiefbronne soos hofdokumente, polisierekords, lykskouingsverslae, biografieë en koerante gebruik om misdaad soos moord te bestudeer. Navorsing het ook getoon dat wanneer meerdere metodes aangewend is om ’n fenomeen te bestudeer, argiefmetodes die grootste voorspellingswaarde het en betroubare resultate oplewer[6] (Shon & Lee, 2016, p. 3). Die voordele van die gebruik van dokumentontleding as data-insamelingstrategie is dat die navorser toegang tot ŉ verskeidenheid tipes dokumente kan verkry en breë gedagtes kan

---

[5] “Document analysis is often used as a systematic procedure for reviewing or evaluating documents – both printed and electronic” (Bowen, 2009, p. 27).

[6] “Research has also shown that when multiple methods were used to study a phenomenon, archival methods produce the highest predictive value and trustworthy results" (Shon & Lee, 2007, p. 3).



© University of Pretoria

nagaan. Dokumente bied ook die moontlikheid van ŉ ryk beskrywing van inhoud. Die navorser is ook in staat om temas deur verskeie databronne te verifieer. Volgens McLeod (2011) is nog ŉ voordeel van dokumentontleding dat dit nie spesifiek vir navorsingsdoeleindes geskep is nie, en derhalwe nie deur die navorser beïnvloed is nie. ŉ Nadeel van dokumentontleding is dat die dokumente in ŉ spesifieke taal en vir ŉ spesifieke gehoor geskryf is (Altheide, Coyle, De Vriese & Schneider, 2010). Dit is ook dikwels moeilik om die feite met die outeurs van die dokumente te verifieer. Voorbeelde van studies op dié gebied en ander gebiede wat dokumentontleding met welslae as data insamelingstrategie gebruik het, is *Matricides in South Australia: a 20 years retrospective review* (Wick, Mitchell, Gilbert & Byard, 2008) en *A Psycho-criminological investigation into the role of narcissistic personality disorder in rage-type murder* (Wharren, 2010). Nog ŉ studie van hierdie aard, naamlik *Evidence of convergent validity: A comparative analysis of sentencing verdicts and newspaper accounts of South Korean parricides* is deur Shon en Lee (2016) uitgevoer.

In die huidige studie het die navorser ŉ data-insamelingsiklus gevolg. Gedurende die eerste siklus het die navorser die tersaaklike dokumente van verskeie howe in Suid-Afrika ingesamel. Bykomende biografieë en koerantartikels is daarna ook ingesamel. Sosioloë en kriminoloë gebruik dikwels koerantberigte in hul ontleding van misdade. In ŉ studie in die Verenigde State van Amerika waar 258 historici primêre bronne en die belangrikheid daarvan in volgorde moes plaas, is koerante as die data wat die meeste vir geskiedkundige navorsing gebruik is, aangedui (Shon & Lee, 2016, p. 4).

Die gevalle in hierdie studie is gerangskik en geëvalueer om te bepaal of dit voldoen aan die kriteria soos vroeër uiteengesit. Die gevalle is gerangskik vanaf geval 1 tot 9 en waar moontlik is onderhoude met deskundiges gevoer. Sielkundiges, prokureurs, maatskaplike werkers, akademici en polisiebeamptes is genader. Deur onderhoude met deskundiges op die gebied te voer, het die navorser beoog om die inhoudontledingsprosedure te versterk. Een voordeel van onderhoude met deskundiges is die rykdom inligting wat deur middel van hierdie tegniek verkry kan word. Dié soort onderhoude kan gebruik word om data van hoë gehalte in te samel en word dikwels as ŉ unieke bron van inligting beskou (Dorussen, Lenz & Blavoukos, 2005). Onderhoude skep die ruimte om op verbale en nieverbale aanwysings te reageer en om onduidelikhede en nuwe feite te verken en uit te klaar. Die navorser kan ook bepaal of sekere temas deurlopend deur die deskundiges genoem of uitgelig word. Die nadele van onderhoude



© University of Pretoria

is dat dit tydrowend kan wees. Indien die navorser nie versigtig is nie, kan die onderhoud in ŉ onvoorsiene rigting gelei word (Opdenakker, 2006). Die moontlikheid bestaan ook dat die deskundiges nie altyd objektief mag wees nie. Die navorser moet ook versigtig wees om nie leidende vrae gedurende die onderhoude te vra nie.

In die tweede siklus van die studie is die geïdentifiseerde gevalle ontleed om die hooftemas te identifiseer, waarna die gevalle ook deur ŉ eksterne sielkundige onafhanklik ontleed is om die hooftemas te verifieer. ŉ Visuele voorstelling van die data-insamelingsiklus vir hierdie studie word in figuur 7 weergegee.




**Figuur 7: Data-insamelingsiklus**

Deur gebruik te maak van ŉ tweeledige siklusproses het die navorser die hooftemas en deskundige menings geïntegreer om die navorsingsvrae toe te lig en te beantwoord. Die onafhanklike sielkundige het die geïdentifiseerde temas in elkeen van die gevalle nagegaan en geverifieer.



© University of Pretoria

Soos bo vermeld, het die navorser hofdokumente en ander relevante dokumente wat in die openbare domein (OD) lê, gebruik. Die openbare domein verwys na die voorraad idees, beelde, werke en stelsels wat vrylik vir almal se gebruik beskikbaar is om nuwe idees te skep[7] (Rens, Gd, p. 58). In Suid-Afrika ressorteer regsverrigtinge in die openbare domein (met uitsondering van sake wat sub judice is) (Armstrong, De Beer, Kawooya, Prabhala & Schonwetter, 2010). Aangesien die Suid-Afrikaanse Wet op Outeursreg nie die openbare domein duidelik beskryf nie, is die Universiteit van Pretoria se Outeursregprosedure en -riglyne (www.library.up.ac.za/copyright/policy.pdf) as riglyn vir die studie gebruik. Dié prosedures en riglyne ag regsmenings, openbare ordonnansies en administratiewe beslissings binne die openbare domein. Hoewel die dokumente wat vir hierdie studie gebruik is binne die openbare domein val, het die navorser die etiese riglyne gevolg wat deur die Universiteit van Pretoria voorgeskryf word. Verder is die etiese riglyne van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) ook in aanmerking geneem. Toestemming van die Nasionale Vervolgingsowerheid (NVO) is ook verkry om die regsverslae in hierdie studie te gebruik. Toestemming is van die Suid-Afrikaanse Polisiediens verkry om onderhoude met die wetstoepassingsbeamptes te voer wat kennis dra van die relevante saak (Addendum D).

Die navorser het ook uit die staanspoor besluit dat die geselekteerde gevalle vertroulik hanteer sou word, en die name van die oortreders is slegs aan die navorser bekend. Skuilname is deurgaans gebruik om die identiteit van die oortreders en hul gesinne te beskerm.

## 2.3.5. Onderhoude met kundiges

Ofskoon die primêre data-insamelingstegniek in hierdie studie die analise van dokumentêre bronne was, is daar ook onderhoude met kundiges in die veld gevoer. Kundiges in velde soos polisiëring, die regte, sielkunde en joernalistiek met eerstehandse kennis van familiemoord deur kinders is doelgerig gekies.

[7] "The Public Domain refers to the reserve of ideas, images, works and systems which are freely available for anyone to use for the creation of new ideas" (Rens, Gd, p. 58).



© University of Pretoria

Aangesien die kundiges nie in al die gevalle beskikbaar was nie, kon onderhoude slegs gevoer word in sekere van die gevallestudies. Die kundiges het dus hulle kennis oor die betrokke gevalle waarby hulle betrokke was gedeel. Die onderhoude het dikwels gelei tot dieper insigte in die gevalle, asook die bevestiging van feite wat in die dokumente vervat was. Die kundiges was nie noodwendig kundiges in die veld van familiemoord deur kinders nie, maar het diepgaande gevalkennis gehad.

Die onderhoude was basies ongestruktureerd, en kundiges is toegelaat om hulle deskundige menings rondom die gevalle waarby hulle betrokke was te lug. Om saam te vat: die onderhoude is met kundiges gevoer om die deskundiges se kennis te tap en om uiteindelik 'n dieperliggende insig te verkry in hierdie verskynsel. Die datums en besonderhede van die onderhoude is voor die betrokke gevalle in tabelformaat aangebring.

### 2.3.6. Navorsingsrefleksie

In hierdie studie het die navorser 'n joernaal (Addendum A) gebruik om vertellings, waarnemings en gedagtes op te teken. 'n Navorsingsjoernaal is 'n waardevolle instrument wat die navorser toelaat om die breë fokus van die vertelling soos dit in die dokumente aangebied word, te omskryf (McLeod, 2011). In hierdie studie is die joernaal gebruik om oor die navorsingsproses oor die algemeen te besin. Observasies en algemene opmerkings is ook in die joernaal aangebring.

### 2.3.7. Die rol van die navorser

Die rol van die navorser was om breedvoerig op die navorsingsprobleem in te gaan ten einde die verskynsel te kan verken, te beskryf, te vertolk, te begryp en te verstaan. Die navorser se rol was om die verskynsel gestalte te gee. Die navorser het ook gepoog om niemand te benadeel nie en om alle identifiseerbare inligting met betrekking tot die gevalle vertroulik te hou.

Die navorser het verder beoog om die verskillende gevalle binne hulle eie unieke konteks, wat nie dieselfde as navorser se leefwêreld is nie, te verstaan (Stake, 2005). Om getrou te bly aan die kwalitatiewe beskrywende gerigtheid van die navorsingsbenadering het die



© University of Pretoria

navorser gepoog om hierdie verskynsel omvangryk en in diepte te beskryf ten einde toekomstige navorsers in staat te stel om op die kennis wat uit hierdie studie verkry is, voort te bou en dit uit te brei.

## 2.4. DATA-ONTLEDING EN INTERPRETASIE

### 2.4.1. Kwalitatiewe inhoudsontleding

Kwalitatiewe inhoudsontleding is vir die data-ontledingsproses gebruik. Kwalitatiewe inhoudsontleding kan beskryf word as ŉ analitiese benadering wat vir enige soort kommunikasieopname gebruik kan word deur die sistemiese inhoudsontledingreëls te volg (Bauer & Gaskell, 2000; Breakwell et al., 2012; Elo & Kyngäs, 2008; Kohlbacher, 2006). Hierdie ontledingsmetode kan op ŉ breë reeks data toegepas word, insluitend onderhoude, argiewe en dokumente. In sy eenvoudigste vorm is hierdie benadering die sistematiese beskrywing van ŉ verskynsel (Breakwell et al., 2012). Inhoudsontleding oor die algemeen kan as ŉ diskrete metode beskryf word, wat impliseer dat die foute wat dikwels met interaksie tussen die deelnemer en navorser verband hou, vermy kan word (Mouton, 2001). Volgens Bauer en Gaskell (2000) is inhoudsontleding ŉ eksplisiete prosedure vir teksontleding in sosiale navorsing. Inhoudsontleding is dus ŉ sistematiese en objektiewe manier om ŉ verskynsel te beskryf. Dit word dikwels gebruik om dokumente te ontleed en om die begrip van die data te verbeter (Elo & Kyngäs, 2008; Elo, Kääriäinen, Kanste, Pölkki, Utrainen & Kyngäs, 2014). Inhoudsontleding laat toe dat minder inhoudsverwante kategorieë nodig is. Elo en Kyngäs (2008) beskryf die metode as ŉ manier om die verskynsel wat ondersoek word breedweg te beskryf en saam te vat. Daarom fokus hierdie metode op die identifisering van kategorieë wat die verskynsel duidelik kan beskryf. Elo et al. (2014) verklaar dat die inhoud en die struktuur van die konsepte op ŉ duidelike en verstaanbare wyse aangebied moet word, wat moontlik is wanneer inhoudsontleding gebruik word. In hierdie studie was dokumentontleding die hoofstrategie vir data-insameling.

Deur kwalitatiewe inhoudsontleding as data-ontledingstegniek in hierdie studie te gebruik, wou die navorser die ingewikkeldheid van ŉ versameling tekste verminder (Bauer & Gaskell, 2000). Ten einde elke geval in konteks te plaas, is die individuele geskiedenis



© University of Pretoria

beoordeel en kortliks in die navorsing bespreek. Die rede was om ooreenkomste in die agtergronde te bepaal. In dié studie het die navorser ŉ proses met 7 stadia gevolg vir die ontleding en vertolking van die kwalitatiewe data. ŉ Opsomming hiervan word in Tabel 2 weergegee.

**Tabel 3: Kwalitatiewe inhoudsontleding**

| Stadium | Beskrywing |
|---|---|
| Stadium 1: Oorsig | - Die navorser het ŉ breë oorsig van die rou materiaal ontwikkel.<br>- Nege geskikte gevalle ingevolge die kriteria soos in Par 2.3.2 uiteengesit is, is gekies.<br>- Die geselekteerde gevalle is vir ŉ tweede keer gelees.<br>- Algemene temas is op psigo-analitiese wyse geïdentifiseer.<br>- ŉ Koderingstelsel is ontwikkel. |
| Stadium 2: Ope en aksiale kodering | - Ope kodering: ŉ Kleiner steekproef van die dokumente is gelees. Een ewekansig geselekteerde geval (ingevolge die kriteria soos in Par 2.3.2 uiteengesit) is ontleed. Merkbare patrone is aangeteken. Nuwe en voorafbepaalde kodes is tydens ontleding gebruik. Aksiale kodering: Die totale steekproef van geïdentifiseerde dokumente is hersien. Spesifieke gedeeltes wat onder temakategorieë hoort, wat in die aanvanklike ope kodering-stadium geïdentifiseer is, is gemerk. |



© University of Pretoria

| Stadium | Beskrywing |
|---|---|
| Stadium 3: Selektiewe kodering | - Die navorser het die dokumente noukeurig nagegaan op soek na foutief gekodeerde gedeeltes en teenstrydige getuienis. |
| Stadium 4: Onafhanklike ontleding | - ŉ Onafhanklike navorser het die ontledings geverifieer. |
| Stadium 5: Beskrywing | - ŉ Verhalende beskrywing van elke geval is gegee, gevolg deur die temas wat met betrekking tot die navorsingsvrae ontleed is. Die koderingstelsel is daarna gebruik om temas vir die studie te genereer. Die temas is aan die hoofbevindinge van die studie gekoppel. Die bevindinge is verder aan 'n verskeidenheid perspektiewe en spesifieke getuienis gekoppel. |
| Stadium 6: Bespreking van temas | - ŉ Gedetailleerde bespreking van onderling verbonde temas is gegee. |
| Stadium 7: Vergelyking en teorieë | - Tersaaklike literatuur en teorieë is vergelyk. Implikasies vir toekomstige navorsing en hervorming is ook bespreek. |

Aangepas uit Wesley (2010) en Creswell (2014).

In hierdie studie was die data-insameling en -ontleding nie, soos dikwels die geval in kwalitatiewe studies is, ŉ gelyktydige proses nie (Creswell, 2014). Die navorser het die data eers ontleed nadat al die tersaaklike dokumente ingesamel en aan die spesifieke gevalle gekoppel is. Om die studie teen moontlike subjektiwiteit te beskerm, het die navorser net na prominente temas gekyk wat uit die dokumentontleding na vore gekom het. Hierdie temas is dan na tersaaklike literatuur en teorieë herlei. Die verskynsel wat deur elke geval gebied is asook die ooreenstemmende temas vanuit al die gevalle in die studie is ontleed en verbind. Die navorser het gepoog om voorafgaande opvattings tydelik opsy te sit en vir vrae wat ontstaan



© University of Pretoria

het en diverse perspektiewe oop te wees. Deur verbinding te gebruik wou die navorser die gebeurtenisse ondersoek soos wat dit voor enige interpretasie oorspronklik voorgekom het (Gearing, 2004; LeVasseur, 2003).

Soos voorheen genoem, is dokumentontleding ŉ sistematiese prosedure om dokumente te hersien (Bowen, 2009; Sallabas, 2013). Dokumentontleding behels die ontleding van skriftelike materiaal wat inligting oor die verskynsel wat ondersoek word, insluit (Kalayci & Cimen, 2012). In hierdie studie is dokumentontleding en inhoudsontleding op dieselfde wyse gebruik. Daarna is die geïdentifiseerde temas met ŉ senior sielkundige wat in hierdie veld werk, geverifieer. Die sielkundige het dieselfde databronne as die navorser gehad. Die gevalle is deur beide die sielkundige en navorser onafhanklik bestudeer, waarna die sielkundige ‘n geskrewe verslag aan die navorser verskaf het. Die temas is hierna bespreek en vergelyk om sodoende op die finale temas te besluit. Na die verifiëringsproses is die aard en onderling gekoppelde temas na die navorsingsvrae van hierdie studie herlei (Creswell, 2014).

## 2.5. KWALITEITSKRITERIA

### 2.5.1. Geloofwaardigheid

Geloofwaardigheid word streng gekoppel aan die navorser se akkurate voorstelling van die respondente se menings. Die beskrywing moet by die verduideliking pas (Tobin & Begley, 2004) en die besonderse navorsingservaring moet geloofwaardig vasgevang word (Levitt, Motulsky, Wertz, Morrow & Ponterotto, 2017). Volgens Patton (1999) hang geloofwaardigheid in ŉ kwalitatiewe ondersoek van drie onderskeibare ondersoekelemente af, naamlik nougesette tegnieke en metodes om data van hoë gehalte in te samel, ŉ geloofwaardige navorser en ŉ filosofiese geloof in die waarde van kwalitatiewe ondersoek en metodes. In hierdie studie het die navorser gepoog om ŉ geloofwaardige studie aan te bied. Die verduidelikings en bewerings is deur die vergelyking van gevalle, die literatuuroorsig en deur die nougesette data-insameling en ontledingstegnieke verdedig.



© University of Pretoria

### 2.5.2. Vertroubaarheid

Vertroubaarheid is parallel met betroubaarheid en is fundamenteel in enige studie. Tobin en Begley (2004) is van mening dat vertroubaarheid deur ŉ ouditproses bereik kan word en dat volledige rekords van alle fases van die navorsingsproses gehou moet word. Om dit te verseker, moet die navorsingsproses logies en duidelik gedokumenteer wees en moet aantekeninge van so 'n aard wees dat stappe logies nagespoor kan word. In hierdie studie het die navorser veelvuldige databronne tydens die data-insameling gebruik. Data-ontleding is op ŉ logiese en sistematiese wyse verrig deur sowel kwalitatiewe inhoudsontleding as triangulasie te gebruik om vertroubaarheid te verbeter.

### 2.5.3. Bevestigbaarheid

Om bevestigbaarheid daar te stel, moet die navorser in staat wees om te bewys dat die vertolkings van die bevindinge duidelik uit die data ontsluit is (Tobin & Begley, 2004). Die navorser moet ook navorsingsbesluite met integriteit neem en metodes gebruik wat die navorsingsdoelwitte ondersteun (Levitt et al., 2017). Volgens Bryman (2001) moet die navorser nie toelaat dat sy of haar waardes in die studie indring nie. In hierdie studie voorsien die navorser ŉ gedetailleerde ouditspoor wat derde partye in staat sal stel om die bronne te kan naspoor wat gebruik is om die vertolkings en gevolgtrekkings daar te stel. Die navorser het bewyse deur veelvuldige databronne geverifieer. Geïdentifiseerde temas is deur ŉ onafhanklike sielkundige geverifieer.

### 2.5.4. Oordraagbaarheid

Sowel Tobin en Begley (2004) as Bryman (2001) verwys na oordraagbaarheid as die veralgemeenbaarheid van ŉ ondersoek. Om oordraagbaarheid te verhoog, het die navorser van triangulasie gebruik gemaak. Veelvuldige metodes en verskillende bronne is gebruik om die akkuraatheid van die bevindinge te verhoog (Laws et al., 2013). Oordraagbaarheid is verder deur die bevindinge met nasionale en internasionale literatuur te vergelyk.



© University of Pretoria

### 2.5.5. Egtheid

Egtheid impliseer dat 'n billike, eerlike en gebalanseerde vertelling van die persepsie van iemand wat elke dag iets ervaar, weergegee word (Neuman, 2000). In hierdie studie is die geïdentifiseerde temas deur 'n onafhanklike sielkundige nagegaan en met kundiges in die veld bespreek om die navorser se begrip van die verskynsel te verbeter. Die akkurate weërspieëling van hierdie verskynsel is versterk met behulp van die kundiges wat hulle insigte oor die verskynsel kon deel.

### 2.5.6. Triangulasie

Triangulasie is 'n tegniek om meer as een data-insamelingstegniek te gebruik ten einde bevindinge te vergelyk. Die doel is dat die datastelle mekaar onderling ondersteun (Dunn, 2010, p. 43; Silverman, 2000). Volgens Silverman (2000) word triangulasie derhalwe gebruik om die betroubaarheid van 'n enkele metode te verbeter deur dit vanuit verskillende perspektiewe te ondersoek. Sodoende is dit waarskynliker dat 'n mens verskeie aspekte van die verskynsel in ag sal neem (Bryman, 2001; Neuman, 2000). Triangulasie is in hierdie studie gedoen deur veelvuldige data-insamelingstrategieë gedoen, soos onderhoude met kundiges, hofdokumente, polisiedokumente, biografieë en mediaberigte. Die navorsingsbevindinge is ook deur 'n onafhanklike sielkundige nagegaan.

## 2.6. ETIESE OORWEGINGS

### 2.6.1. Ingeligte toestemming en instemming

Die navorser het etiese uitklaring van die Fakulteit Opvoedkunde se Etiekkomitee verkry om dokumentontleding te doen en deskundige onderhoude te voer. Die algemene doelwitte en agtergrond van die studie is met die kundiges bespreek wat amptelik versoek is om aan die studie deel te neem. Hulle moes op hul beurt instem om aan die studie deel te neem. Die kundiges is ook ingelig oor die voor- en nadele van deelname aan die studie, die navorsingsproses en hoe die bevindinge gebruik en gerapporteer kon word (Burton & Steane,



© University of Pretoria

2004). Die kundiges het amptelik en skriftelik ingestem om aan die studie deel te neem deur 'n instemmingsbrief te teken.

Wat die mediaberigte en boeke betref, is dit ook openbare kennis en is bykomend tot die regs-, saak- en polisieverslae gebruik. 'n Breedvoerige ontleding van die regsgevalle en bykomende dokumente is uitgevoer. Skriftelike toestemming om die dokumente te gebruik, is van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) (Addendum D) verkry. Toestemming om onderhoude te voer met die polisiebeamptes wat kennis oor die gevalle gehad het is van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) (Addendum E) verkry. Spesifieke toestemming van die skrywers van boeke en media-artikels word nie vereis nie, aangesien dit in die openbare domein is en erkenning aan hulle gegee word in die bronverwysings.

Wat die individue in die gekose gevallestudies betref, is hulle almal aan moord skuldig bevind. Die hofsake was ook afgehandel, wat beteken dat die dokumente en inligting oor die sake in die openbare domein is. In 'n studie van hierdie aard moet die navorser versigtig wees om nie die identiteite van die kinders, families en die skrywers van hierdie verslae bekend te maak nie. Dit kan onnodige emosionele benadeling van die kinders en of hulle oorlewende familielede veroorsaak. Dit is egter soms moeilik om individue heeltemal anoniem te hou, aangesien daar wyd in die media berig word oor gevalle van moord wat deur kinders gepleeg is. Dit belemmer daarom dikwels die anonimiteit en vertroulikheid van individue wat ter sprake is in die gevallestudies. Die navorser het die verslae en dokumente wat ter sprake was in elke geval met die uiterste respek en vertroulikheid hanteer. Die name of enige identifiseerbare inligting van die kinders, hul families, prokureurs, polisiebeamptes, kundiges of joernaliste is nooit gebruik nie om sodoende die moontlikheid van identifikasie verder te beperk. Die navorser het skuilname gebruik vir al die partye wat in die studie genoem word. Ofskoon alle moontlike stappe geneem is om identiteite van alle tersaaklike individue te beskerm, is die navorser daarvan bewus dat van die gevalle dalk vir sommige lesers bekend mag voorkom. Die wye mediadekking wat sommige van die gevalle in die onderhawige studie gehad het, maak dit basies onmoontlik om inligting wat in die media herhaaldelik verskyn het, met skuilname te verberg.



© University of Pretoria

### 2.6.2. Privaatheid en vertroulikheid

In hierdie studie is die gevalle en name van die kinders beskerm deur die navorsingsdata sover moontlik vertroulik te hou (Dunn, 2010) (maar soos reeds genoem was dit nie altyd moontlik nie) en van skuilname gebruik te maak. Die kundiges se insette is op so ‘n wyse weergegee dat spesifieke antwoorde nie aan spesifieke individue gekoppel kan word nie (Neuman, 2000). Alle inligting is met respek en sensitiwiteit hanteer. Die identiteite van die kundiges waarmee onderhoude gevoer is, is deur die gebruik van skuilname beskerm. Inligting waardeur familielede, joernaliste of ander deelnemers geïdentifiseer kan word, word nie verstrek nie. Die etiese beginsels van die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria is deurgaans in die studie gevolg. Hierdie etiese beginsels stipuleer dat respondente vrywillig deelneem, ingeligte toestemming moet gee, veilig kan deelneem in privaatheid, dat hulle vertroulikheid en anonimiteit verseker sal word en dat daar aan die beginsel van vertroue voldoen sal word (Postgraduate Research Policy, 2010). Alle moontlike stappe is gedoen om privaatheid en vertroulikheid te verseker. Die amptelike dokumente van elke geval is in hierdie studie genommer en nommers is aan relevante individue in die gevalle toegeken om te verseker dat die identiteite van die kinders, families, skrywers van verslae en kundiges deurgaans beskerm is. Waar nodig is skuilname gebruik. Die navorsingsdata, verslae en identifiseerbare besonderhede van diegene wat aan die studie deelgeneem het, word in ŉ bewaarkamer by die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria vir 15 jaar gestoor. Die stoor van navorsingsdata word bepaal deur die Universiteit van Pretoria se beleid oor die behoud en bewaring van navorsingsresultate. Die rou data en bevindinge mag nie met derde partye bespreek of aan hulle bekend gemaak word nie. Wanneer die navorsing in die doktorale tesis, kongresbydraes of enige toekomstige navorsingsartikel gebruik word, sal alle moontlike stappe geneem word om nie na enige identifiseerbare besonderhede van die deelnemers te verwys nie.

## 2.7. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is ŉ oorsig van die navorsingsbenadering, prosedures en metodes in die navorsing verstrek. Verder is die steekproeftrekking, data-insamelingsmetodes en data-



© University of Pretoria

ontledingsprosedures bespreek. In die hoofstuk is die tersaaklike etiese oorwegings en moontlike beperkings van die studie aangebied.

Die gebruik van fenomenologie as metateorie en kwalitatiewe navorsing as metodologiese paradigma is verduidelik. Die keuse van dokumentontleding as hoofstrategie in die insameling van navorsingsdata is uiteengesit en beskryf. Die gevallestudie-ontwerp is verduidelik en die kriteria asook gevallekeuringsproses is geskets. Die demografiese besonderhede van die gevalle is weergegee. Die data-insamelingsiklus asook die 7 stadia van die kwalitatiewe data-ontledingsproses is beskryf om 'n dieper verduideliking van die data-insameling en ontledingsproses te gee. Die kwaliteitskriteria en etiese oorwegings waarop die studie gefundeer is, is uitgestippel.

In die volgende hoofstuk word die geselekteerde gevalle beskryf. Biografiese besonderhede van elke geval sal uiteengesit word. Die gevalle word volgens die sistemiese en individuele faktore wat tot die moord bygedra het, ontleed. Die breekpunte wat gelei het tot die moorde word ook toegelig, waarna 'n moontlike steekrpoef-spesifieke profiel bespreek word.



© University of Pretoria

# 3. BEVINDINGS EN INTERPRETASIE – MULTISLAGOFFERMOORDE DEUR KINDERS IN FAMILIES

## 3.1. INLEIDING

In hoofstuk 3 word die gevalle waar meer as een slagoffer vermoor is, geanaliseer en bespreek. Aanvanklik het die navorser die gevalle willekeurig georganiseer, maar na bywerking op grond van die literatuur oor kinders wat familiemoord gepleeg het, is daar besluit om die gevalle waar daar meer as een slagoffer was, saam te groepeer in een hoofstuk, aangesien sulke gevalle in mediaberigte en literatuur as relatief seldsaam beskryf word (Fegadel & Heide, 2015). Hulle word in hierdie hoofstuk bespreek, en die gevalle waar daar net een slagoffer was in Hoofstuk 4.

In hierdie hoofstuk word ’n ontleding van sowel die data as die geïdentifiseerde temas in oënskou geneem. Die gevallestudies wat doelmatig geselekteer was vir die studie word individueel bespreek. Die geïdentifiseerde temas word na elke geval uiteengesit.

In hierdie hoofstuk word elke geval toegelig met die biografiese besonderhede van die kinderoortreder. ’n Narratiewe sinoptiese beskrywing word gegee waarna die temas wat op ’n fenomenologiese werkswyse geïdentifiseer is, uiteengesit word. ’n Psigoanalitiese werkswyse is gevolg om die dieper betekenis van die interpretasies weer te gee. Die psigoanalitiese tegniek word dikwels gebruik om betekenis weer te gee en te belig. Dit verskaf ’n lens waardeur die komplekse temas kan ontvou sonder dat dit in vooraf bepaalde temas gedwing word (Kvale, nd). Deur die sielkundige verslae saam met die agtergrond en ondersteunende dokumente te gebruik het die navorser gepoog om die onbewuste en bewuste betekenisse in die dokumente te interpreteer en weer te gee (Kruger & Stone, 1988).

Dit was moontlik om in sekere gevalle die ondersoekbeamptes, advokate en sielkundiges op te spoor. Die kundiges was egter nie altyd beskikbaar vir al die gevalle nie, aangesien sekere gevalle ’n geruime tyd gelede plaasgevind het. Van die kundiges het verhuis



© University of Pretoria

en ander het reeds afgetree en elders gaan woon. In die gevalle waar die kundiges beskikbaar was, is die analises en agtergrondinligting versterk deur die addisionele inligting wat bekom is. Die onderhoude met kenners is persoonlik of telefonies gevoer, afhangend van hulle beskikbaarheid. Die navorser het die gevalle aanvanklik onafhanklik geanaliseer. Na elke geval is die temas deur ’n onafhanklike sielkundige nagegaan om geïdentifiseerde temas te verifieer. Die sielkundige het dieselfde databronne tot haar beskikking gehad as die navorser. Sy het dit deurgegaan en geanaliseer, waarna sy haar analises uiteengesit het. Die sielkundige het na elke geval ’n gesprek met die navorser gevoer om die analises te vergelyk. Die navorser en die sielkundige het tydens hierdie gesprekke besluit watter analises finaal weergegee sou word. Die sielkundige is reeds meer as 30 jaar ’n opvoedkundige sielkundige. Sy is ook ’n geregistreerde maatskaplike werker. Sy het diepgaande kennis van kinder- en adolessente psigopatologie.

Die faktore wat aanleiding gegee het tot die moorde is as geheel geanaliseer en nie slegs in isolasie geïnterpreteer nie. Die akkumulatiewe sistemiese en individuele gebeure is in ag geneem tydens die analiseproses. Die breekpunte wat kort voor die moorde, maar ook opbouend oor die jare voorgekom het, is ook in ag geneem in die finale analises. Alhoewel daar raakpunte tussen al die gevalle was, was die navorser ook daarvan bewus dat elke geval in sekere opsigte uniek was.

Die navorser het die analises gedoen voordat die literatuur geraadpleeg is. Soos in Hoofstuk 2 beskryf, het die studie ’n fenomenologiese benadering gevolg en die tersaaklike literatuur is slegs *nadat* die data geanaliseer is daarmee in verband gebring. Die navorser het die data vanuit haar ondervinding as sielkundige en navorser geanaliseer. Die tersaaklike navorsing sal in Hoofstuk 5 uiteengesit word, waarna die geïdentifiseerde temas met die literatuur in verband gebring sal word. Die gevalle word vervolgens in Hoofstuk 3 en 4 verduidelik en uiteengesit, waarna die temas wat betekenisvol was in al die gevalle in ’n tabel weergegee word. Die databronne wat in Hoofstuk 3 en 4 gebruik is, word aan die einde van die proefskrif gegee om vertroulikheid te verbeter. Dit is egter, soos vroeër genoem, nie moontlik om alle herkenbare elemente uit te skakel nie. Die navorser moes so getrou as moontlik aan die inligting bly om sodoende die betroubaarheid en die integriteit van die databronne te behou. Alle moontlike maatreëls is egter getref om geen name of herkenbare elemente bekend te maak nie.



© University of Pretoria

## 3.2. NICO

| | |
|---|---|
| **Skuilnaam** | Nico |
| **Ouderdom ten tyde van die moord** | 19 jaar |
| **Ras en geslag** | Indiër, manlik |
| **Moord** | Ma, ouma en oupa met 'n pistool vermoor |
| **Databronne gebruik by die opstel van die profiel** | Polisiedossier<br>Hofstukke<br>Forensies-psigiatriese verslag<br>Psigoforensiese verslag<br>Datadokumente van telefoniese gesprekke met vriende en bure van die beskuldigde en van die oorledenes<br>Koerantartikels |

***"…it knocks you, messes up your thinking and the very fibre of your existence.***

***If your mother messes you up, what can you do?"*** [8]

***~ Nico*** *1.1 p. 14*

[8] "Dit tref jou, mors met jou denke en elke vesel van jou betsaan. As jou ma jou opmors, wat kan jy doen?"



© University of Pretoria

**Agtergrond**

Nico se pa en ma is geskei toe hy een jaar oud was[1.2 p. 6, 1.1p. 13]. Sy pa was 'n Moslem en sy ma ’n Hindoe. Hy was die enigste kind uit die huwelik, en na die egskeiding het Nico geen kontak met sy pa gehad nie[1.2 p. 13]. Sy pa was ’n advokaat redelik naby aan Nico se tuisdorp. Hy het met Nico probeer skakel, maar sy ma het ’n hofbevel verkry wat enige skakeling tussen pa en seun verbied het[1.1 p. 13]. Toe Nico 17 jaar oud was, is sy pa as gevolg van ’n motorongeluk oorlede. Nico het aangedui dat hy ’n vaderfiguur gemis het toe hy grootword en gesê dat hy geen skakeling met sy oupa en ouma aan vaderskant gehad het nie. Volgens Nico het sy ma sy pa in ’n slegte lig gestel, en het hy gedink dis beter om nie met hom te skakel nie, maar uiteindelik was hy spyt dat hy nie die moeite gedoen het nie[1.1 p. 13].

Sy eerste 11 lewensjare is deur sy ma grotendeels beperk tot skoolgaan en verblyf binne die grense van hulle woonstel[1.2 p. 6]. Die bure onthou dat hy altyd in die teenwoordigheid van ’n volwassene was en nooit vrylik met ander kinders van die buurt gespeel het nie[1.3 p. 12]. Nico en sy ma het die woonstel met sy oupa en ouma (sy ma se ouers) gedeel. In sy jonger jare is hy gedwing om ’n bed met sy ma te deel. Toe die gesin na ’n groter woning verhuis, het hy aanvanklik nog sy bed met sy ma gedeel en daarna moes hy van tyd tot tyd as straf by haar in die bed slaap. Wanneer hy die kamer met sy ma gedeel het, moes hy dikwels seksuele aktiwiteite met haar uitvoer[1.1 p. 6; 1.5 p. 1]. Sy vroeë jare is ook gekenmerk deur liggaamlike mishandeling in die vorm van herhaalde lyfstraf, waarna hy vanweë die pyn nie kon sit of beweeg nie. Die liggaamlike mishandeling het houe met potensieel dodelike en gevaarlike voorwerpe soos ’n ysterstaaf ingesluit. Toe hy meer volwasse geword het en te groot om vas te hou, het die liggaamlike mishandeling oorgegaan tot vuishoue en klappe teen die kop en in die gesig[1.1, p.13; 1.2 p. 6]. Bure en vriende het te kenne gegee dat hy dikwels in die badkamer toegesluit is en ure lank gegil het tot hy aan die slaap raak[1.1 p.13; 1.2 p. 6; 1.5 p. 12].

Toe hy ’n jong kind was, is hy na ’n Moslemskool gestuur. Hy is egter as ’n Hindoe grootgemaak. Die aanpassing was vir hom moeilik. In Graad 5 is hy na ’n geïntegreerde skool gestuur, waar hy grotendeels op homself aangewese was. Wanneer Nico oor die skool gekla het, het sy ma hom geslaan. Volgens Nico was die blanke kinders baie aggressief teenoor hom, en tuis het dit gevoel asof niemand omgee nie[1.1 p.15; 1.2 p. 7].



© University of Pretoria

Nico het aan die sielkundiges genoem dat die seksuele mishandeling wat hy verduur het, ingesluit het dat sy ma in sy eerste twaalf lewensjare naakfoto's van hom geneem het. Sy ma het hom ook herhaaldelik seksueel probeer stimuleer deur verleidelik op te tree en voor hom uit te trek. Dit het ook manipulasie van sy geslagsdele per hand, gedwonge seksuele soenery en versoeke om haar borste en geslagsdele te liefkoos behels[1.1 p.14; 1.2 p. 6]. Sy het hom ook gedwing om haar genitaal en met die hand te penetreer. Volgens Nico se gesprek met die sielkundige kon hy nooit seksuele opwekking met haar ervaar nie en kon hy haar dus nie seksueel penetreer nie, tot haar groot teleurstelling[1.2 p.6]. Tydens 'n reis van een maand na die VSA, waar sy 'n konferensie bygewoon het, was hy verplig om by haar in die bed te slaap en seksuele handelinge met haar te verrig. Terselfdertyd is hy verbied om enige aktiwiteite te onderneem terwyl sy die konferensie bygewoon het[1.2 p.8].

Haar sielkundige mishandeling van hom het vryheidsbeperking ingesluit. Sy ma het hom verbied om met ander kinders buite te speel en hom nie toegelaat om maats na hulle huis oor te nooi nie. Sy kinderjare is gekenmerk deur speel met modelmotortjies en geïsoleerde speelgedrag[1.2 p.6; 1.5 p. 12]. Sy voedselinname is streng gemonitor, en hy het slegs op gerantsoeneerde wyse voedsel ontvang. Voedsel is weggesluit en hy moes vra vir enigiets wat hy wou eet[1.2 p. 7]. Volgens Nico moes hy skool toe en huis toe stap. 'n Vriendin van die familie het genoem dat die ma oormatig spaarsamig was, veral met Nico. Die vriendin het gevoel dat dit nie strook met die familie se finansiële stand nie[1.1 p.18]. Hy is ook baie huistake gegee, soos beddegoed was, vloere vee en huis skoonmaak. Wanneer hy versuim het om sowel die huistake as sy skoolwerk te doen, is hy gestraf. As hy nie al die daagliks vereiste take uitgevoer het nie, het sy ouma hom geklap, en is hy ook deur sy ma fisies aangerand en sielkundig afgekraak[1.1 p.7]. 'n Persoon wat met die gesin bevriend was, het een geleentheid onthou toe hy nie toegelaat is om saam met hulle tennis te gaan speel voordat hy die hele gesin se wasgoed met die hand gewas het nie[1.1 p.19; 1.5 p.14]. Die persoon was ontsteld omdat die vereiste aan Nico op die nippertjie gestel is toe hulle hom by die huis kom haal het vir tennis. Hierdie vriend het ook aangevoer dat Nico se ouma Nico gereeld getreiter en verneder het. Nico kon 'n episode tydens 'n gesinsbegrafnis toe hy 4 jaar oud was herroep. Sy ouma het 'n ander kind op haar skoot gesit en vir Nico gesê sy is nie meer lief vir hom nie. Sy het hom getreiter tot hy radeloos geskop en geskree het. Sy ma het nie tussenbeide getree terwyl dit gebeur het nie[1.1 p.19].



© University of Pretoria

By een geleentheid was hy besig om met modelmotortjies te speel en het hy vuurhoutjies en vlambare vloeistof gebruik om te speel sy motor jaag deur vlamme. Sy ma het hom gestraf deur die ontvlambare vloeistof oor hom uit te gooi, ’n sigaretaansteker aan te steek en te dreig sy gaan hom aan die brand steek. Hy onthou dat hierdie optrede deur sy ma deur sy ouma se aanwesigheid gestop is[1.2 p.7]. Nico het ook gesê dat hy dikwels gesien het hoe sy oupa deur sy ma en ouma mishandel word. Hulle het byvoorbeeld sy oupa verbied om saam met die gesin te eet en op die rusbank te sit en televisie kyk. Hy is ook dikwels gedwing om in ’n stoorkamer te slaap[1.2 p. 9]. Nico het ook onthou dat hy, toe hy 16 jaar was, heelwat tyd daaraan bestee het om ’n bordspeletjie uit karton te maak waarop hy besonder trots was. Sy ma het dit egter opgeskeur. Sy het dikwels dinge waaraan hy waarde geheg het, weggegooi[1.1 p.14, 16; 1.2 p.8].

Nico het met verloop van tyd bevriend geraak met Simon, die buurseun. Nico het Simon as tengerig, nederig met ’n sagte stem, en sku beskryf[1.2 p. 8]. Nico het Simon vertrou en sy lyding en omstandighede met sy vriend bespreek. Simon het egter aan asma gely, en ’n paar maande voor die moord het Simon se toestand verswak. Nico het sy ma, wat ’n mediese dokter en superintendent by ’n hospitaal was, gereeld versoek om sy vriend te help om die nodige mediese behandeling te kry. Sy het geweier om te help, en ’n paar maande voor die moorde is Simon oorlede na ’n akute asma-aanval. Die ma het hierna klaarblyklik baie skuldig gevoel en die begrafnis gereël[1.2 p8]. Na sy vriend se dood het Nico min vriende gehad, en in die daaropvolgende maande het hy bevriend geraak met Peter, die medebeskuldigde in hierdie gevallestudie. In die tydperk tussen Simon se dood en die moorde het Nico begin belangstel in hulle bure se dogter. Sy ma was krities teenoor die meisie en het haar ook gereeld verkleineer. As gevolg hiervan het Nico se vriendskap met die meisie spontaan getaan[1.1 p.1-6; 1.2 p.9-10; 1.5; 1.6].

’n Paar dae voor die moord het Nico ingestem om ’n groot mangoboom in die tuin te snoei, aangesien ’n tuindienstemaatskappy sy ma ’n aansienlike bedrag vir die taak gekwoteer het. In ruil vir die taak het sy ma onderneem om te betaal vir ’n musiekkonsert wat hy en ’n vriendin kon bywoon. Nadat Nico hierdie boomsnoeitaak uitgevoer het, het sy ma nie hulle ooreenkoms nagekom nie en hom nie toegelaat om die konsert by te woon nie[1.1 p. 2-3]. Ongeveer ’n jaar voor die moorde is sy ma met borskanker gediagnoseer. Volgens Nico het sy verhouding met sy ma na die diagnose aansienlik versleg[1.5]. Sy het gesê sy voel niks vir hom nie en gee nie om wat van hom word nie[1.5].



© University of Pretoria

Die aand voor die moord het hy 'n eksamen afgelê en as gevolg daarvan 'n geselligheid ter ere van sy ma misgeloop. Volgens Nico het hy dikwels vervoerprobleme gehad, aangesien hy nie 'n voertuig gehad het nie. Toe hy terugkom van die toets af het sy ma hom oudergewoonte uit die huis gesluit. Sy het hom na 'n geruime tyd uiteindelik binnegelaat, maar verder gestraf deur hom sonder kos bed toe te stuur. Die volgende oggend was hy baie ontsteld en het hy die huis sonder enige kos verlaat. Sy ma het hom laat weet dat sy hom die namiddag by die kampus sal oplaai, wat hy as 'n seldsame gebeurtenis beskryf het. In die motor het sy begin skree oor 'n huistaak wat hy versuim het om te doen. Toe hulle by die huis aankom, was sy steeds emosioneel opgewerk en was hy steeds die teiken van haar woede. Hy het die spanning tuis as ondraaglik ervaar en het besluit om vir sy vriend Peter te gaan kuier. Peter was nie tuis nie, en hy het teruggegaan huis toe[1.1 p.2-3; 1.2p. 9-10; 1.5]. Die spanning was nog steeds ondraaglik en hy het besluit om Peter weer te gaan soek. Hy het Peter opgespoor en hulle het besluit om by 'n plaaslike plek te gaan poel speel. Nico is verbied om sy ma te skakel om toestemming te vra vir enigiets, en derhalwe het hulle besluit om eers weer terug te gaan na Nico se huis toe om vir sy ma toestemming te vra om poel te gaan speel. Nico het geweet dat hy haar moes inlig, anders sou sy hom vir drie of vier ure of selfs vir die hele aand uitsluit. Hy het dan gewoonlik op die stoep geslaap. Hy het in sy sessies by die sielkundige aangedui dat hy gewoonlik ongewens en alleen gevoel het as sy ma hom uitgesluit het. Toe hulle by Nico se huis aangekom het, het Nico vir Peter gevra om buite te wag. Peter wou egter badkamer toe gaan en het toe in die huis ingegaan[1.1 p. 2-3; 1.2 p. 9-10; 1.5]. Peter is daarna na Nico se kamer toe, waar hy die vurige argument en die noodlottige skote gehoor het.

Nico onthou dat sy ma baie kwaad was oor iets. Op daardie stadium het sy nog nie die wapen ontlaai nie en het sy Nico beveel om dit te doen. Hy het onthou dat hy die moed probeer bymekaarskraap het om toestemming te vra om uit te gaan. Hy het aangedui dat dit altyd moeilik was om haar te benader. Teen hierdie tyd het sy ouma die sitkamer binnegekom. Nico onthou dat hy sy ma 'n paar keer gevra het of hy kan uitgaan. Toe sy uiteindelik opkyk, het sy geweier om toestemming te gee. Hy het begin soebat, en op hierdie stadium het sy oupa en ouma ook aangedui hy mag nie uitgaan om poel te gaan speel nie. Hulle teenkanting het sy ma skynbaar verder aangespoor om nog meer teenkanting teen sy beoogde poelspelery te bied. Nico het aangedui dat hy ten tyde van die insident hewig ontsteld was, eerstens omdat sy ma nie die ooreenkoms nagekom het dat hy en sy vriendin die konsert kon bywoon nie en tweedens



© University of Pretoria

omdat hy ook op daardie stadium verbied is om saam met Peter poel te gaan speel. Sy ma het hom weereens versoek dat hy die huis moes verlaat en nooit weer moet terugkom nie. Hy het ontsteld en baie seergemaak gevoel[1.1 p. 5]. Volgens Nico het sy ma die pistool wat hy besig was om te ontlaai, gegryp en na hom gemik. Sy het hom beveel om die huis te verlaat. Daarna het sy gedreig om hom te skiet en hom permanent uit die huis te verban as hy nie maak soos sy sê nie. Alhoewel dit vir hom ’n bekende tema was, het Nico gesê hierdie was ’n oorweldigende oomblik, en hy het die pistool gegryp en daarna sy ma en sy oupa en ouma geskiet. Hy was nie seker hoekom hy die pistool gegryp het nie, maar het te kenne gegee dat daar ’n rooi woede in hom was en hy nie fisies enigiets kon sien nie. Later sou ’n sielkundige die sogenaamde “rooi woede” as ’n katatimiese krisis diagnoseer. Peter, wat op daardie stadium nog in Nico se kamer gestaan en wag het, het uit die kamer beweeg toe hy die skote hoor, waarna hy die slagoffers gesien het. Volgens Peter het die oupa nog steeds geluide gemaak, en het Nico vir Peter gesê hy moet hom stilmaak. Peter het toe ’n mes in die kombuis gaan haal en die oupa daarmee gesteek. Daar is later vasgestel dat die meswond wat Peter toegedien het, nie tot die oupa se dood gelei het nie, maar wel die skietwond[1.1 p. 2-3; 1.2 p.9-10; 1.4; 1.5].

Nico het aangedui dat hy 3-4 jaar voor die moorde gereelde episodes van beduidende bitemporale kloppende hoofpyn ervaar het. Op die dag van die insident het hy hewige hoofpyn gehad, en hy het beweer dat hy die een of ander onbekende dwelm geneem het wat aan hom gegee is deur ’n medestudent. Die sielkundige het aangedui dat die medikasie moontlik gevoelens van onwerklikheid en depersonalisasie tot gevolg gehad het[1.2 p.9]. ’n Polisiebeampte het later aan die hand gedoen dat dit Ritrovil, Rohypnol of ’n soort antidepressant kon gewees het.

Toe hy later deur die sielkundige gevra is om homself te beskryf, het Nico homself beskryf as baie impulsief, iemand met swak mensekennis en vatbaar vir beïnvloeding. Hy het ook aangedui dat hy daarvan hou om dinge op sy manier te doen. Verder het hy ’n groot persoonlike ruimte en hou hy nie daarvan dat mense naby aan hom kom nie Hy is ook agterdogtig oor vriendskappe, omdat hy nie mense vertrou nie[1.1 p. 17].

Twee jaar na die insident is Nico op al drie aanklagte van moord vrygespreek[1.3; 1.5]. ’n Belangrike faktor wat tot die vryspraak bygedra het, was sy beperkte aanspreeklikheid en die versagtende omstandighede wat ter sprake was tydens die moord. Die regter het bevind dat hy



© University of Pretoria

geen opset gehad het toe hy die moorde gepleeg het nie. Peter is ook op alle aanklagte van poging tot moord vrygespreek[1.5]. Vyf jaar na die insident het die media berig dat Nico getroud is en een kind het en dat hy op daardie stadium geen erfporsie uit sy ma se boedel ontvang het nie[1.4].

Die faktore wat tot die moorde aanleiding gegee het, is as geheel geanaliseer en nie net in isolasie geïnterpreteer nie. Die kumulatiewe effek van langdurende mishandeling en gebrek aan koestering, sosiale isolasie en die afwesigheid van 'n alternatiewe heenkome is oorweeg om ’n geheelbeeld van die oorsaaklike faktore te vorm. Die moontlikheid bestaan ook dat die dwelm wat op die dag van die moorde geneem is, die finale breekpunt kon veroorsaak het. Dit is egter nie duidelik of hy wel die dwelm geneem het nie. In die volgende tabelle word die geanaliseerde data uiteengesit.

**Akkumulatiewe sistemiese omstandighede wat moontlik tot moord bygedra het**

| | |
|---|---|
| Hy is eensaam en geïsoleerd want hy mag geen interaksie met portuurs hê nie. | 1.1 p.13,15,19; 1.2 p.7-10; 1.5 p.14 |
| Hy word na ’n skool gestuur wat ’n ander denominasie as sy eie geloof voorstaan. Hy beskou homself as anders as die kinders by die skool. | 1.1 p.15; 1.2 p.19 |
| Fisiese en seksuele mishandeling lei tot geslagsnormidentifikasie-probleme. Die gedwonge seksuele rol wat hy moes inneem laat hom met gevoelens van vernedering. | 1.1 p.1-7; 1.2 p.6-10; 1.5 p. 12,14; 1.6 p. 16, 19 |
| Sy ouers skei en dit lei tot gevoelens van verwerping. Sy pa praktiseer as advokaat, maar kontak hom nie en sy ma laat hom nie geborge voel nie. | 1.1 p.1 3; 1.2 p.6 |
| Geen respek en liefde van sy ma, oupa en ouma, wat hom ongeborge en ongeliefd laat voel. | 1.1 p. 1-7, 13, 14, 15; 1.2 p. 6-10; 1.5 p.12 |
| Emosionele verwaarlosing lei tot gevoelens van verwerping en ontoereikendheid. | 1.1 p. 12; 1.2 p. 6; 1.5 p. 12, 13 |
| Sy behoeftes word nie geken nie, want ma en ouma knou hom herhalend sielkundig af. | 1.1 p. 12,19; 1.2 p. 6; 1.5 p. 12, 13 |
| Die uitermate streng reëls in die huis lei tot die ontkenning van sy behoeftes en identiteit. | 1.1 p. 1-6, 12; 1.2 p. 6; 1.5 p. 9-10, 12, 13; 1.4 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Die straf van op die stoep slaap en die huis wat van binne af toegesluit word sodat hy nie toegang kan kry nie lei tot onsekerheid en 'n gevoel van verwerping. | 1.1 p. 2-3; 1.2 p. 9-10; 1.5 |
| Hy word verwaarloos omdat voorsiening in sy basiese behoeftes as straf weerhou word. Hy word dikwels slaapkamer of skool toe gestuur sonder dat hy geëet het. Hy word nie bygestaan om na en van die skool vervoer te word nie. Hy word dikwels uit die huis gesluit vir straf. | 1.1 p. 18; 1.2 p. 9; 1.6 |
| Sy oupa en ouma dra by tot die spanning in die huishouding. Hulle bied nie beskerming teen die mishandeling nie en laat hom nie geborge voel nie. | 1.1 p. 7, 19; 1.2 p. 9 |

**Akkumulatiewe belewinge van die individu wat aanleiding gegee het tot moord**

| | |
|---|---|
| Daar is 'n gebrek aan geborgenheid agv emosionele weerhouding. Hy word gereeld die huis geweier en is as klein kind toegesluit in die badkamer. 'n Intense verwerpende verhouding bestaan tussen hom en sy ma. | 1.1 p. 12; 1.2 p.6; 1.5 p.12,13; 1.6 |
| Sy emosionele en fisiese behoeftes word nie erken nie en bly dus onbevredig. Hy word verwaarloos en sy basiese behoeftes word nie vervul nie. | 1.1 p. 12, 18; 1.2 p.6-7; 1.6 |
| Hy ervaar angs, want sy pogings om dinge reg te doen is gewoonlik verkeerd, volgens sy ma. | 1.6 |
| Hy ervaar ontoereikendheid agv verwerping deur sy ouers en grootouers. | 1.1 p. 5; 1.6 |
| Hy toon die sindroom van 'n hulpelose slagoffer, aangesien hy nie outonomiteit gegun word nie en herhaaldelik mishandel word. | 1.1 p.2-3,7,14,16 |
| Hy beleef homself as anders agv skoolplasing; hy mag ook nie maats huis toe bring en vriendskappe kweek nie. | 1.2 p. 6,7; 1.5 p. 12, 15 |
| Seksuele mishandeling. | 1.2 p.6; 1.5 p.1 |
| Hy ervaar eensaamheid agv min of geen maats, en die feit dat hy herhaaldelik toegesluit of uit die huis uitgesluit word vererger die belewenis. | 1.1 p.13; 1.2 p.6; 1.5 p.12 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Hy mag nie sy pa na die egskeiding gesien het nie, wat op 'n miskenning van sy behoeftes en regte dui. | 1.1 p.13 |
| Hy ervaar verwarring tov die rol van die manlike figuur. Sy oupa se behoeftes word misken en hy ervaar ook mishandeling. Sy pa is afwesig, en Nico moet buitensporige vermoeiende huistake uitvoer. | 1.1 p.13; 1.2 p.9 |
| Hy het waarskynlik 'n agterstand in sy ontwikkeling, aangesien daar beperkte geleenthede was om sy ontwikkelingstake te voltooi en hy nie emosioneel en fisies ondersteun word om selfstandig te raak nie. | 1.1 p.2-3, 9-10; 1.2 p. 9-10; 1.6 |
| Gevoelens van aggressie word ervaar agv verwerping en voortdurende verbale, fisiese en seksuele mishandeling deur die ma. Sy ouma mishandel hom ook fisies en verbaal. | 1.1 p.12; 1.2 p.6; 1.5 p.1,12,13 |
| Onderdrukte aggressie word waarskynlik ervaar, want hy mag nooit uiting gegee aan sy behoeftes nie. Hy mag nie teëpraat of in sy eie kamer slaap nie. | 1.1 p.14,19; 1.2 p.6; 1.5 p.14 |

**Breekpunte wat bereik word en moord tot gevolg het**

| | |
|---|---|
| Ma word gediagnoseer met kanker, maar desondanks bly die koue, onseker verhouding tussen ma en seun voortbestaan. Sy emosionele behoeftes word nie erken en ondervang nie. | 1.6 |
| Sy emosionele en fisiese behoeftes word as straf onbevredig gelaat. | 1.2 p.7 |
| Die oormatig streng ouerskap lei tot onderliggende aggressie en gevoelens van magteloosheid. | 1.1 p. 12,19; 1.2 p. 6-8; 1.5 p.14 |
| Die onuithoudbare spanning tuis lei tot emosionele turbulensie en desperaatheid. | 1.1 p.2-3; 1.2 p.9-10; 1.5; 1.6 |
| Daar is geen heenkome as hy laat is en uit die huis uitgesluit word nie. Dit lei tot gevoelens van eensaamheid, onsekerheid, ongeborgenheid en verwerping. | 1.1 p.2-3; 1.2 p.9-10; 1.5; 1.6 |
| Dreigemente van sy ma veroorsaak waarskynlik gevoelens van onuithoudbare spanning, angs, woede en aggressie. | 1.1 p.2-3; 1.2 p.9-10; 1.5; 1.6 |
| Verlies van vriend en minimale sosiale kontak veroorsaak gevoelens van eensaamheid, verlatenheid en geïsoleerdheid. Hy kry ook nie die | 1.2 p.8; 1.5 p.12 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| geleentheid om te sosialiseer met sy portuurgroep of met portuurs van die teenoorgestelde geslag nie. | |
| Sy poging tot 'n verhouding met die teenoorgestelde geslag word afgemaak en verbied. Sy behoeftes word nie erken en gerespekteer nie. Die afkeuring van die verhouding veroorsaak 'n verwarring ten opsigte van sy geslagrolidentiteit en intieme verhoudings. | 1.1 p.1-6; 1.2 p.9-10; 1.5 |
| Die outoritêre en soms wisselvallige ouerskapstyl lei tot onsekerheid, ongeborgenheid en verwarring. Hy word toegelaat om konsert toe te gaan en dan sonder goeie rede weer verbied. Hierdie is weereens 'n miskenning van sy behoeftes en regte. Sy menslikheid word aangetas. | 1.1 p.2-3; 1.5 |
| Sy ouma ondersteun hom nie. Sy is ook teen hom gekant. Dit lei tot gevoelens van ontoereikende liefde en verwerping. Die feit dat niemand sy behoeftes erken of raaksien nie kon lei tot desperaatheid en sy radikale optrede. | 1.1 p.19; 1.2 p.7 |
| Sy ma wat die wapen op hom rig is die finale snellerfaktor in die akkumulasie van verskeie faktore wat tot die breekpunt lei. Dit lei tot emosionele oorspoeling. 'n Katatimiese krisis vind plaas en hy vermoor die bron van sy pyn. | 1.1 p.2-3; 1.2 p.9-10; 1.5; 1.6 |

**Individuele en omstandigheidsfaktore wat moontlik tot 'n omvattende profiel kan lei**

| | |
|---|---|
| ***Problematiese binding*** | Problematiese binding met ma. Geen verhouding met sy pa nie[1.1 p.12-13; 1.2 p.6; 1.5 p. 12-13; 1.6]. |
| ***Verwerping*** | Hy ervaar verwerping deur pa wat nie kontak maak na die egskeiding nie. Ma verwerp hom herhaaldelik en deurlopend. Ouma verneder en kritiseer hom[1.1 p.13,19; 1.2 p.6; 1.5 p.12]. |
| ***Gesinswanfunksionering*** | Argumente tussen familielede op 'n gereelde basis wat tot spanning en angs lei[1.1 p.2-3; 1.5; 1.6]. |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| ***Sosiale isolasie*** | Hy word weggehou van portuurs. Ma weier dat hy met meisie en vriend uitgaan[1.1 p.15; 1.2 p. 7,8; 1.5 p.12]. |
| ***Interpersoonlike verhoudingsprobleme*** | Hy is eensaam en het min vriende. Hy vind die skoolplasing moeilik. Hy het een goeie vriend gehad wat oorlede is. Geïsoleerdheid van vriende[1.1 p.15; 1.2 p.7,8; 1.5 p.12]. |
| ***Straf/mishandeling/ekstreme ouerskapstyl*** | Fisiese, sielkundige, verbale en seksuele mishandeling asook verwaarlosing deur ma en fisiese mishandeling deur ouma – oor 'n lang tydperk. Oupa tree nie in vir hom nie en word ook soms mishandel [1.1 p.2-3; 1.2 p.6,9-10; 1.5 p.1; 1.6]. |
| ***Angs*** | Verwerping en die persepsie van verwerping, gevoelens van bekommernis en skuld. Oormatige streng ouerskapstyl en herhaalde kritiek. Gevoelens van ongeborgenheid en ongeliefdheid lei tot gevoelens van angs[1.1 p.14-19; 1.2 p.6; 1.5 p.14]. |
| ***Aggressie*** | Moontlike onderdrukte aggressie, want sy emosionele en fisiese behoeftes word misken[1.1 p.14,19; 1.2 p.6; 1.5 p. 14]. |
| ***Dwelmmisbruik*** | Die moontlikheid bestaan dat hy die een of ander dwelm op die dag van die moorde gebruik het. Daar kon egter nie bevestig word watter soort dwelm dit was nie[1.1 p2-3; 1.2 p.9-10; 1.5]. |
| ***Behoefte om uit die omstandighede te kom*** | Nico het genoem dat hy uit die omstandighede wou kom, maar het nêrens 'n ander heenkome gehad het nie[1.5]. |
| ***Katalisator*** | Ma rig 'n wapen op hom en 'n katatimiese krisis ontstaan [1.1 p.2-3; 1.2 p.9-10; 1.5]. |



© University of Pretoria

## 3.3. SELILE

| **Skuilnaam** | Selile |
|---|---|
| **Ouderdom ten tyde van die moord** | 14 jaar |
| **Ras en geslag** | Swart; manlik |
| **Moord** | Moord op ouma, ma, 6-jarige broer en suster van 4 maande met ’n byl. |
| **Databronne gebruik by die opstel van die profiel** | Hofverslae<br>Maatskaplike verslag<br>Sielkundige verslag<br>Telefoniese gesprek met sielkundige (6 Junie 2016)<br>Forensies-sielkundige verslag<br>Getuienis van okkultespesialis in hofverslag vervat<br>Koerantberigte |

***“Kill them, kill them...”*** [9]

***~ Selile*** [2.4]

[9] “Moor hulle, moor hulle…”



© University of Pretoria

**Agtergrond**

Selile was die oudste kind in ’n gesin van drie kinders. Die drie kinders het verskillende pa’s gehad, maar dieselfde ma. Selile se ouers was ongetroud en hy het by sy oupa en ouma aan sy pa se kant gewoon tot en met die ouderdom van 9 jaar, waarna hy na sy ma aan die Oos-Rand gestuur is. Selile se biologiese vader het in die Oos-Kaap gewoon. Volgens Selile se getuienis in die hof het sy pa sy ma dikwels fisies mishandel en was hy ontrou aan haar. Ten tyde van die moorde het Selile by sy ma gewoon. Sy ouma aan sy ma se kant en haar lewensmaat het ook by sy ma gewoon. Verder het sy oorlede suster se tweelingdogters, sy broer van 6 jaar oud en sy babasuster, wat 4 maande oud was, op daardie stadium by die ma gewoon. Die familie was grotendeels afhanklik van staatstoelaes en gevolglik het hulle dit moeilik gevind om ’n bestaan te voer. Die familie het in ’n HOP-huis gewoon wat deur die staat vir hulle gebou is en Selile het ’n kamer met sy ma gedeel[2.1 p.2].

Die ouma en haar lewensmaat was ook werkloos en beide het alkohol misbruik[2.1 p.3]. Volgens Selile het sy ma en ouma hom fisies en verbaal mishandel[2.1 p. 3]. Dit het later in die hofsaak geblyk dat hy nie ernstig mishandel is nie, maar dat hy gevoel het die fisiese straf is vir hom te erg om te hanteer. Die ouma se lewensmaat het in die hof ontken dat Selile mishandel is, maar erken dat sy ouma hom geslaan het as hy iets verkeerds gedoen het[2.2 p.4]. Die familie het ook sy vriende en sy betrokkenheid by ’n musiekgroep afgekeur[2.1 p.3]. Die aande wat hy laat teruggekom het van orkesoefening het hulle hom geslaan. Selile het aangedui dat hierdie behandeling intense gevoelens van aggressie teenoor sy ma en ouma tot gevolg gehad het[2.1 p.3]. As gevolg van hierdie negatiewe gevoelens teenoor sy familie het hy vir ’n tydperk in die veld in ’n informele huis gewoon wat hy self gebou het. Hy het ongeliefd, alleen en verwerp gevoel[2.3 p.15]. Na ’n tydperk op sy eie het die familie hom gesmeek om terug te keer na die huis. Aanvanklik wou hy nie teruggaan nie, maar na ’n gesprek met ’n gemeenskapsleier is hy aanbeveel dat hy sy familie moet vergewe en terugtrek, waarna hy weer by sy ma gaan woon het[2.1 p.3]. Volgens Selile het hy aan die gemeenskapsleier genoem dat indien hy teruggaan, iemand doodgemaak sal word. Hy het aan die gemeenskapsleier genoem dat hy graag sy ouerhuis wou verlaat as gevolg van die druk wat hy daar ervaar[2.2 p.3]. Die sielkundige toetse wat hy na die moorde afgelê het, het getoon dat hy geweldige druk ervaar het om daaglikse



© University of Pretoria

take uit te voer en gesukkel het om die druk te verwerk en te hanteer[2.1p.14]. Daar is ook tydens die toetse vasgestel dat hy 'n behoefte gehad het om uit sy huislike omstandighede te ontsnap[2.1 p.14]. Selile het dwelms begin misbruik toe hy ongeveer 13 jaar oud was. Die familie beweer dat sy gedragsprobleme ook rondom hierdie tyd begin het[2.1 p.14].

Die ouma se lewensmaat het Selile beskryf as 'n ongehoorsame kind wat nie respek getoon het teenoor sy medemens nie en meestal sy eie kop gevolg het. Hierdie gedrag en opmerkings is ook deur die bure beaam[2.1 p.5]. Die bure was ook nie daarvan bewus dat hy mishandel is nie, maar het wel genoem dat die ouma en haar lewensmaat gereeld alkohol misbruik het. Die ouma se lewensmaat en die bure het genoem dat Selile soms weerbarstige gedrag getoon het en van gemeenskapslede huishoudelike items gesteel het. Selile het volgens die ouma se lewensmaat nie toereikende sorg of dissipline van sy ma ontvang nie. Die ma was ook kronies siek[2.1 p.5].

Na die moorde het Selile aan die maatskaplike werker genoem dat hy dagga gerook het en betrokke was by Satanisme. Die ouma se lewensmaat was onbewus van enige betrokkenheid by Satanisme, maar het wel kerse en gesketste sataniese simbole in 'n stoorkamer gesien. Hy het gereeld vir Selile in die stoor gehoor waar hy besig was om te bid. Die bure het ook genoem dat hulle hom van tyd tot tyd sien bid en kerse sien brand het. Selile se familie het hom gekonfronteer hieroor, maar hy het dit ontken[2.1 p.5]. Hy het wel later erken dat hy 'n vriend gehad het wat 'n Satanis was en dat dit 'n invloed op sy lewe gehad het[2.2]. Selile het aanvanklik genoem dat hy stemme gehoor het as gevolg van sy betrokkenheid by Satanisme[2.2 p.3]. Tydens sy hofsaak het 'n kundige in Satanisme, getuig dat hy nie oortuig was dat Selile enigsins by Satanisme betrokke was nie[2.1 p.10; 2.4].

Selile het nie skolasties toereikend presteer nie en was reeds 14 jaar oud in Graad 7. Die ouma se lewensmaat het sy ontoereikende skolastiese prestasie toegeskryf aan sy weerbarstige gedrag by die huis[2.1 p.5]. Hy het egter geen gewelddadige gedrag getoon nie. Selile se laer- en hoërskoolonderwysers was bekommerd dat hy by die huis verwaarloos is. Volgens die onderwysers het die ma nooit die skoolvergaderings bygewoon nie en moes die ouma as voog optree[2.2 p.5].

Volgens Selile het hy sy vriende as sy tweede familie beskou en was hy afhanklik van hul aanvaarding en goedkeuring. Hulle waardes was vir hom belangrik en hy het hulle



© University of Pretoria

voorstelle gevolg om sodoende goedkeuring te kry. Na bewering was Selile oortuig dat die moorde op sy familie hom ryk en suksesvol sou maak. Hy het ook genoem dat sy dwelmmisbruik en deelname aan satanistiese rituele hom krag en aansien gegee het. Dit het hom ook laat voel dat hy aantreklik vir meisies was[2.1 p.7; 2.4]. Volgens die sielkundige het hierdie stellings gegrens aan 'n fantasiewêreld wat ver van die realiteit verwyder was. Die sielkundige het hom ook beskryf as 'n kwesbare individu met 'n onvervulde behoefte aan liefde en koestering[2.3 p.9]. Selile se intelligensie is getoets en dit was in die laag-gemiddelde tot gemiddelde vlak[2.3 p.9]. 'n Tweede sielkundige het Selile gediagnoseer met gedragsversteuring, wat moontlik aanleiding kon gee tot 'n diagnose van anti-sosiale persoonlikheidsversteuring op 'n later stadium in sy lewe[2.1 p.19].

Die sielkundige het ook genoem dat Selile nie gedink het dat dit verkeerd was om sy familie te vermoor nie. Dit het ook geblyk uit die getuienis dat hy wraak wou neem op die mense wat hom mishandel het en dat die moorde op sy broer en suster moontlik die gevolg van jaloesie was[2.1 p. 20; 2.4]. Volgens verskeie getuies, kundiges en sielkundiges het Selile geen berou getoon vir sy dade nie[2.1]. Na die moorde het die gemeenskap genoem dat hulle diep geraak is deur die gebeure. Hulle het ook genoem dat Selile nie welkom was om terug te keer na die gemeenskap waar hy gewoon het nie. Indien hy wel sou terugkeer, sou hulle dit oorweeg om die reg in eie hande te neem[2.2 p.6].

Kort voor die moorde het Selile en 'n vriend Satanisme op die internet nagevors omdat hulle meer daaroor wou uitvind. Hy en sy vriend het die ritueel wat hulle op die internet opgespoor het, nageboots. Hulle het drie swart kerse gebrand terwyl hulle met 'n rooi doek bedek was[2.4]. Hulle moes ook die duiwel prys en vir hom sê dat hulle lief was vir hom. Hulle het die ritueel drie dae voor die moorde herhaal[2.2 p.9; 2.3]. Op die dag van die moorde het Selile dagga gerook saam met twee van sy vriende. Volgens hom was hy nie ernstig onder die invloed van die dwelms nie. Ongeveer half nege die aand het hy teruggekeer na sy ma se huis. Hy het genoem dat sy ouma hom gewoonlik getugtig het as hy laat by die huis gekom het, maar hy was nie seker of sy wel daardie aand lyfstraf toegedien het nie. Net na hy by die huis aangekom het, het hy buite gaan sit en 'n sigaret gaan rook. Sy ma het hom 'n ruk later gevra om vir haar hoofpynpille te gaan koop, wat hy wel gedoen het. Later die aand het hy blykbaar snaaks begin voel en stemme gehoor wat hom aangehits het. Die stemme het vir hom opdrag gegee om "hulle dood te maak"[2.1 p.2-4; 2.4]. Hy het gemeld dat dit vir hom gelyk het asof sy familie met bloed



© University of Pretoria

bedek was. Hy het die byl gebruik wat altyd in die kamer was wat hy met sy ma gedeel het. Hy het sy ma eerste aangeval en sy het uitgehardloop om van hom af te vlug. Sy het naby 'n boom geval, waarna hy haar verskeie kere met die byl gekap het. Selile het hierna teruggekeer na die huis en na sy 6-jarige slapende broer se kamer toe gegaan. Hy het sy broer met die byl aangeval. Hy het toe weer uitgegaan na die buitetoilet toe en sy ouma daar gevind. Hy het haar herhaalde kere met die byl gekap terwyl sy hom gesmeek het om op te hou. Hierna het Selile genoem dat hy sy suster se tweeling sien weghardloop het. Hulle het die bure gaan roep. Hy het hierna probeer om toegang tot sy ouma en haar lewensmaat se kamer te kry om sodoende by die ouma se lewensmaat uit te kom. Hy het toe 'n baksteen deur die kamer se venster gegooi, maar kon nie inkom nie omdat die bure die gille gehoor het en toe nadergestaan het. Nadat die bure by die huis opgedaag het, het hy hulle met klippe gegooi. Hy het besef dat hulle hom wou keer en, indien hulle hom vang, hulle hom sou doodmaak[2.1 p.2-4]. Die bure het egter op 'n afstand gebly en nie nader gegaan nie. Hy het toe sy 4-maande-oue babasussie in haar kombers toegedraai, haar na 'n naby geleë veld geneem en haar daar met 'n byl doodgekap. Op hierdie stadium het hy nie meer die stemme gehoor nie en het hy bang geword. Selile het toe besluit om in die veld weg te kruip en daar te slaap[2.1 p.3-4]. Hy het dit oorweeg om selfmoord te pleeg, maar kon homself nie kry om dit te doen nie. Die volgende oggend het hy na die winkel gegaan om sy horlosie te verruil vir kontant. Toe hy op pad was om brood te gaan koop het 'n groep gemeenskapslede hom gevind, hom aangerand en hom aan die polisie oorhandig[2.1 p.3]. Selile het later beweer dat die invloed van die dagga daartoe aanleiding gegee het dat hy sy familie wou vermoor. Hy het ook genoem dat hy erge aggressie ervaar het gedurende die moorde. Die kundige in Satanisme het beweer dat die effek van dagga hom laat glo het hy is onder die invloed van Satanisme en dat dit 'n bydraende faktor van sy dade was[2.1 p.2].

In die lig van die erns van die dade het die hof Selile skuldig bevind aan al vier moorde. Hy het 20 jaar gevangenisstraf vir elk van die moorde gekry, wat gelyktydig uitgedien moes word[2.1 p.1; 2.4]. In die tydperk voor die hofverrigtinge het hy goed aangepas by die jeugfasiliteit. Geen gedragsprobleme is opgemerk nie[2.2 p.6]. Alhoewel Selile van gemeenskapslede gesteel het, was hierdie sy eerste ernstige oortreding[2.2]. Ten tyde van die onderhawige studie was hy nog besig om sy straf uit te dien.

Die faktore wat tot die pleeg van die moorde aanleiding kon gegee het, is as geheel geanaliseer en nie net in isolasie geïnterpreteer nie. Die moontlikheid bestaan dat die dagga



© University of Pretoria

wat Selile gerook het die katalisator was vir die moorde. In die volgende tabelle word die geanaliseerde data uiteengesit.

**Akkumulatiewe sistemiese omstandighede wat moontlik tot moord bygedra het**

| | |
|---|---|
| Dwelmmisbruik | 2.2 |
| Wraakfantasieë | 2.1 p.2-4; 2.4 |
| Gebrekkige familieverhoudinge lei tot ongeborgenheid en problematiese binding. | 2.1 p.3,15; 2.2 p.4 |
| Hy word van een ouerhuis na ’n ander gestuur, wat onsekerheid en gevoelens van ongeliefdheid en verwerping veroorsaak. | 2.1 p.2 |
| Sy pa het volgens hom sy ma verneuk en mishandel, wat aanleiding kon gee tot ’n swak identifikasie met die manlike figuur. | 2.1 p.1-3 |
| Daar is geen kontak met sy pa nie, wat moontlik verder tot gevoelens van verwerping kon lei. | 2.1 p.1-2 |
| Sy ma is sieklik en onbetrokke, wat moontlik gevoelens van ongeliefdheid, verwerping en swak binding tot gevolg het. | 2.1 p.5 |
| Sosiale isolasie: Daar is ’n miskenning van sy behoeftes. Hy mag nie met maats meng nie en hy woon in ’n beknopte huis met baie familielede. Hy deel ’n kamer met sy ma en die familie oorleef op ’n staatstoelae. | 2.1 p.2 |
| Blootstelling aan alkoholmisbruik deur die ouma en haar lewensmaat maak huislike omstandighede spanningsvol. | 2.1 p.3 |
| Fisiese en verbale straf lei tot gevoelens van aggressie, ontoereikendheid en verwerping. | 2.1 p. 3 |
| Sy familie keur sy vriende en musiekgroep af, wat tot gevoelens van aggressie lei. | 2.1 p.3 |
| Hy soek aanvaarding en kry dit in ’n mate by maats deur te konformeer met hulle reëls en dagga te rook. Hy volg ook satanistiese rituele na. | 2.1 p.7, 9; 2.4 |
| Daar word nie in sy fisiese en emosionele behoeftes voorsien nie. Sy ma is onbetrokke. Die skool is bekommerd oor die versorging tuis. | 2.1 p.5 |



© University of Pretoria

**Akkumulatiewe belewinge van die individu wat aanleiding gegee het tot moord**

| | |
|---|---|
| Hy ervaar gevoelens van verwerping. Hy het geen kontak met sy pa nie. Dit laat hom ongeborge voel. Sy vriendskappe word beperk. | 2.1 p.2-3 |
| Die ontkenning van behoeftes lei tot aggressie. Hy moet ’n kamer met sy ma deel en mag nie aan ’n musiekgroep behoort nie. | 2.1 p.2-3 |
| Hy leef in fantasiewêreld, wat dui op ontvlugting van moeilike omstandighede. By die huis word sy behoeftes misken en by die skool presteer hy nie toereikend nie. | 2.1 p.5; 2.3 |
| Hy word van een van familielid na ’n ander gestuur, wat hom onseker, onveilig en verwerp laat voel. | 2.1 p.2-3 |
| Sy emosionele behoeftes word misken, wat hom verwerp laat voel. | 2.1 p.5 |
| Hy toon ’n behoefte aan liefde, geborgenheid en versorging deur sy ouers. | 2.3 p.9 |
| Hy toon ’n ernstige behoefte om uit sy moeilike lewensomstandighede te ontvlug. Op een stadium gaan woon hy in die veld in ’n selfgemaakte hut. | 2.1 p.14; 2.2 p.3 |
| Hy toon opponerende gedrag as gevolg van sy onsekere en ongestruktureerde omgewing. Hy ervaar nie erkenning of sukses in die ouerhuis of skolasties nie. | 2.1 p.5, 19 |
| As gevolg van die miskenning van sy emosionele behoeftes oor ’n lang tydperk toon hy geen berou nie. | 2.1 p.5, 19 |
| Hy toon interpersoonlike verhoudingsprobleme met die gemeenskap en in die ouerhuis. | 2.1 p.5; 2.2 p.6 |
| Kenmerke van gedragsversteuring met die moontlikheid om later met anti-sosiale persoonlikheidsversteuring gediagnoseer te word was deur die sielkundige gediagnoseer. | 2.1 p. 19 |

**Breekpunte wat bereik word en moord tot gevolg het**

| | |
|---|---|
| Hy ervaar herhaalde verwerping en verwaarlosing deur familie. Sy ma is onbetrokke en sy pa is afwesig. Sy ouma tree as voog op maar misbruik alkohol saam met haar lewensmaat. | 2.1 p.2-3,5 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Fisiese en verbale straf deur ma en ouma lei tot gevoelens van aggressie, emosionele pyn en verwerping. | 2.1 p. 3 |
| Hy toon ’n soeke na vryheid van onuithoudbare huislike omstandighede. Sy huislike omstandighede lei tot geweldige druk en spanning. Hy hunker na ’n situasie waar daar nie beperkinge op hom geplaas word nie. | 2.1 p.14; 2.2 p.3 |
| Hy toon ’n groot behoefte om uit sy omstandighede te kom; dit lei tot desperaatheid en gedagtes van ontvlugting. | 2.1 p.14 |
| Die gemeenskapsleier beveel aan dat hy teruggaan huis toe ten spyte van sy aanduiding dat hy aan moord dink. Dit dui op ’n miskenning van sy emosies en behoeftes. Hy voel dat niemand luister of verstaan nie. Daar is niemand wat sy behoeftes bevredig nie. Die feit dat hy die gemeenskapsleier gaan sien het, het moontlik daarop gedui dat hy ’n behoefte aan ondersteuning en leiding het. | 2.1 p.3 |
| By sy maats kry hy ’n mate van aanvaarding, maar dit lei hom dieper in die atipiese gedragspatroon in. Hulle neem dwelms en eksperimenteer met Satanisme saam met Selile. | 2.1 p.7,9; 2.4 |
| Dwelms op die aand van die moorde is ontvlugting van omstandighede. | 2.1 p.2-4; 2.4 |
| Hy neem wraak op die mense wat hom mishandel en noem later dat hy nie gedink het sy optrede was verkeerd nie. Tekens van gedragsversteuring word deur die sielkundige gediagnoseer. | 2.1 p.19, 20, 24 |
| Hy is daarvan oortuig dat die moorde rykdom en aansien tot gevolg sal hê. Hy wil ook graag aanvaar word en erkenning ontvang. | 2.1 p.2-4; 2.4 |

**Individuele en omstandigheidsfaktore wat moontlik tot ’n omvattende profiel kan lei**

| | |
|---|---|
| ***Problematiese binding*** | Hy het by sy ouma aan vaderskant gewoon tot en met die ouderdom van 9 jaar. Sy ma is onbetrokke en sieklik, wat binding bemoeilik. Sy ouma straf hom[2.1 p.3]. |
| ***Verwerping*** | Pa, ma en ouma is onbetrokke en verwaarloos hom fisies en emosioneel. Hy ervaar gereeld kritiek en fisiese straf in die ouerhuis[2.1 p. 3]. |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| ***Gesinswanfunksionering*** | Hy beleef gereeld argumente en straf. Alkoholmisbruik deur ouma en haar lewensmaat dra by tot gesinswanfunksionering[2.1 p.3]. |
| ***Sosiale isolasie*** | Beperking van vriendskappe; hy gaan woon tydelik op sy eie in die veld in 'n selfgemaakte struktuur[2.1 p.14; 2.2 p.3]. |
| ***Interpersoonlike verhoudingsprobleme*** | Die sielkundige het interpersoonlike verhoudingsprobleme geïdentifiseer. Hy soek na goedkeuring en aanvaarding deur vriende, maar kom dan in die moeilikheid agv sy optrede en gedrag[2.1 p.5,7,9; 2.2 p.6; 2.3 p.10; 2.4]. |
| ***Straf/mishandeling/ Ekstreme ouerskapstyl*** | Sowel sy ma as sy ouma straf hom fisies en verbaal[2.1 p. 3]. |
| ***Angs*** | Angs is deur die sielkundige geïdentifiseer. Gevoelens van onsekerheid en ongeliefdheid gee aanleiding tot angs. Daar is 'n miskenning van sy emosionele en fisiese behoeftes[2.1 p.3]. |
| ***Aggressie*** | 'n Gevoel van aggressie teenoor die familie is duidelik gemanifesteer. Dit word geklassifiseer as ekspressiewe aggressie[2.3 p.9, 11]. Selile fantaseer oor rykdom, en dit kan ook as instrumentele aggressie geklassifiseer word. |
| ***Dwelmmisbruik*** | Daggamisbruik as 'n mate van eksperimentering, ontvlugting en aanvaarding deur maats[2.1 p.2-4; 2.4]. |
| ***Ernstige behoefte om uit omstandighede te kom*** | Hy het die huis verlaat, maar weer teruggekeer. Sielkundige toetse toon 'n sterk behoefte aan ontvlugting[2.4 p.15]. |
| ***Katalisator*** | Moontlike dwelmmisbruik die aand van die moorde[2.1 p.2-4; 2.4]. |



© University of Pretoria

## 3.4. GIDEON

| | |
|---|---|
| **Skuilnaam** | Gideon |
| **Ouderdom ten tyde van die moord** | 15 jaar |
| **Ras en geslag** | Blank; manlik |
| **Moord** | Hy het sy ma en pa vermoor en sy suster verkrag en vermoor. |
| **Databronne gebruik by die opstel van die profiel** | Hofverslae<br>Sielkundige verslae<br>Maatskaplike verslae<br>Joernaalartikel<br>Boek<br>Mediaberigte<br>Onderhoud met skrywer van boek (28 Mei 2016)<br>Onderhoud met ondersoekbeampte en hoof van die georganiseerdemisdaadafdeling van die SAPD (2 Junie 2016)<br>Telefoniese onderhoud met die SAPD-sielkundige (6 Junie 2016) |

***"Pa het nooit gehuil nie; ek sal ook nie."***

***~ Gideon*** *4.6 p.16*



© University of Pretoria

**Agtergrond**

Gideon se pa het ’n BSc-Graad verwerf met wiskunde en fisika as hoofvakke. Hy het Gideon se ma ontmoet toe hy in sy tweede studiejaar en sy in haar eerste studiejaar was. Die ouers het later, na die ma se 24ste verjaardag, in die huwelik getree. ’n Paar jaar na hulle troue het hulle op die pa se familieplaas gaan woon. Die aanpassing by die plaaslewe was vir die ma aanvanklik moeilik. Ongeveer 4 jaar later is Gideon gebore en 16 maande later sy suster Marie[3 p.76]. Die aanpassing na die geboorte van haar kinders was ook ’n uitdaging vir die ma. Sy het met tye afgestomp gevoel[4.3 p.80; 4.4].

Gideon is in Graad 1 in ’n koshuis in die dorp, nie ver van die plaas nie, ingeskryf. In Graad 1 is daar gevalle van seksuele mishandeling in die koshuis aangemeld. Die koshuisvader is aangekla van die seksuele misdrywe met die jong seuns. Daar was egter geen bewyse dat Gideon ’n slagoffer van hierdie seksuele wandade was nie, en sy ma was derhalwe van mening dat dit nie nodig was om hom vir berading te stuur nie[4.1; 4.3 p.8]. Hy kon reeds in Graad 1 motor bestuur en hy kon ook van kleins af aan handwapens met gemak hanteer[4.1; 4.3 p. 81]. Teen Graad 3 het Gideon gereeld gerook en in vuisgevegte betrokke geraak, met die gevolg dat sy pa bykans weekliks versoek is om die skoolhoof te kom sien oor sy gedrag[4.7 p.6]. Gideon is beskryf as ’n plaasjapie wat graag eendag wou boer. Sy ouers het waarde geheg aan skolastiese prestasie en studies. Hulle het gehoop dat Gideon eerder akademies sou presteer en eendag slegs deeltyds sou boer. Die familie was welvarend en ’n gesiene gesin in die gemeenskap[4.3 p.20].

In Graad 8 wou Gideon landbouskool toe gaan, maar sy ouers het hom ingeskryf by ’n gesogte skool wat meer akademies georiënteerd was. Die skool was ook verder van die plaas af as die landbouskool. Sy ma het daarop aangedring dat hy dié spesifieke skool bywoon. Hy was egter nie gelukkig hieroor nie[4.3 p.68]. Hy het nie aanvaarbaar presteer in al sy vakke by die skool nie en hy het aan sy familie en ander genoem dat hy eerder wou boer as om verder te studeer. Hy het egter die reëls en voorwaardes wat deur die skool en ouers aan hom gestel is, gehoorsaam. Familie en vriende het Gideon as ’n introvert en gereserveerd beskryf. Hy het nie baie vriende gehad nie en het gesukkel om nuwe vriende te maak[4.1; 4.2 p.41; 4.4]. Gideon het sy kinderjare as normaal beskryf en het self erken dat hy bederf is[4.7 p. 7].



© University of Pretoria

Marie, Gideon se jonger suster is as mooi, slim en gewild beskryf. Sy is ook beskryf as selfversekerd, sosiaal goed aangepas en iemand met baie waagmoed. Sy het Gideon skynbaar met tye meegedeel dat sy heelwat beter presteer as hy[4.4; 4.7 p.8]. Sy is ook koshuis toe gestuur in Graad 1. Marie en haar pa het 'n hegte verhouding gehad. Hulle het 'n baie sterk band gesmee en hulle het graag saam perd gery en televisie gekyk[4.3 p.78; 4.4]. Beide kinders was kranige ruiters en het aan perdesport soos uithourenne, gimkana en pensteek deelgeneem. Alhoewel hulle albei nasionale kleure in pensteek verwerf het, het Marie haar kleure eerste verwerf. Die pa was ook die afrigter van die dogters se nasionale pensteekspan[4.3 p.23]. Hy het self ook in die sport presteer en het 'n pensteekbaan vir die familie op die plaas aangelê. Gideon het die grootste gedeelte van sy vakansietye aan perdry spandeer.

Die ma is beskryf as 'n dinamiese besigheidsvrou wat haar eie bakkerybesigheid van die huis bedryf het en veral koekies gebak het. Sy was ook 'n vryskutkorrespondent vir 'n koerant en was ook betrokke by die kerk en die Vrouens Landbou Unie. Sy is soms deur sekere gemeenskaps- en familielede as 'n ongenaakbare persoon beskryf[4.4]. Sy is deur vriende en familie beskryf as 'n ernstige perfeksionis. Sy is ook as opvlieënd beskryf[4.3 p.92] en as geneig tot oorgeorganiseerdheid[4.5 p.1004]. Sy was baie beskermend teenoor haar kinders. Wanneer Gideon oortree het by die huis en familie, het sy dit ontken en hom nie verantwoordelikheid laat neem vir sy gedrag nie[4.1; 4.4]. Sy het 'n goeie verhouding met Gideon gehad[4.7 p.7].

Die pa is as streng beskryf. Hy kon maklik omgekrap raak as dinge nie na sy sin verloop het nie. Daar was druk op Gideon om soos die ander familielede te presteer en op te tree. Die pa het 'n definitiewe idee gehad oor hoe 'n "ideale" kind moes wees en optree. Gideon se pa het klem gelê op die feit dat die familie "trots" moet wees en dat sekere voorkeurgedrag van hulle verwag word. Daar is aangevoer dat dit nie aanvaarbaar is as seuns huil nie. Die pa was veral streng oor sportaktiwiteite soos pensteek en ook oor die kinders se skoolwerk. Toe Gideon klein was, het die pa hom deur die gesig geklap by 'n partytjie nadat hy 'n glas koeldrank per ongeluk omgegooi het. Hy het op hom geskree: "En huil nou net!"[4.4; 4.6 p. 15]. Dit was ten aanskoue van vriende. By 'n ander geleentheid het hy van die perd afgeval, waarna sy pa daarop aangedring het dat hy weer opklim en verder ry. Die gesin is egter deur familie en vriende as 'n hegte en liefdevolle gesin beskryf. Hulle het feitlik alles saam gedoen[4.7 p.7]. Kort voor die moorde wou Gideon saam met 'n vriend en sy familie met vakansie gaan. Gideon se pa het



© University of Pretoria

egter gevoel dat hy nog nie gereed was om sy seun alleen saam ander mense op vakansie te laat gaan nie.[4.3 p.23].

Volgens hoorsêgetuienis het die familie 'n paar maande voor die moorde opgelet dat Gideon begin leuens vertel het en dat hy toenemend meer met sy suster begin stry het[4.7 p.7]. Sy prestasie op skool het agteruit gegaan en hy het 'n gemiddelde punt van net bo 50% gehandhaaf[4.6 p.16].

Op die dag van die moorde het die familie die oggenddiens by die kerk bygewoon en die res van die dag by die huis deurgebring. Die middag het Gideon en Marie gaan perdry, waarna hulle stry gekry het. Die redes vir die stryery is nooit vasgestel nie, maar kort daarna het die moorde plaasgevind. Tydens die hofsaak is daar beweer dat Marie gedreig het om haar ouers te vertel dat Gideon haar verkrag het en dat hy haar deur die moorde verhinder het om dit te doen.

Gideon het na bewering die wapens uit die kluis gaan haal en eerste sy ma, wat voor die rekenaar gesit en werk het, met 'n .357 rewolwer geskiet. Marie en die pa het televisie gekyk; sy het opgespring en is in die regterbors geskiet, waarna sy na buite gehardloop het. Die pa is daarna twee keer geskiet. Hierna het Gideon buitentoe gegaan en weer op sy suster geskiet, wat nou naby 'n boom was. Hy het haar skrams getref en haar met die rewolwer, wat nou leeg was, herhaaldelik op die kop geslaan. Hierna het hy weer in die huis ingehardloop, 'n ander hemp aangetrek en die .22-geweer uit die kluis gaan haal. Intussen het Marie ook weer die huis binnegekom. Sy het gestrompel na waar haar ma langs die rekenaar gelê het. Terwyl Marie teen die lessenaar geleun het, skiet Gideon haar weer en skiet haar ook 'n finale keer van agter af toe sy vorentoe val. Beide die ma en pa is ook weer in die agterkop geskiet. Na die moorde het Gideon met 'n voertuig dorp toe gejaag[4.3 p.36; 4.3 p. 253-254; 4.5]. Toe hy by die polisiestasie aankom, het hy ingehardloop en geskree dat almal dood is. Die polisie het opgelet dat hy getraumatiseer was en dat daar krapmerke aan sy nek was. Hy het aan die polisie genoem dat daar aanvallers op die plaas was wat sy familielede geskiet het. Hy het ook genoem dat sy suster in sy arms dood is nadat sy haar liefde aan hom verklaar het. Hy het ook beweer dat hy die wapens wat agter in sy bakkie was, naby die plaashek opgetel het[4.1; 4.5; 4.6]. Aanvanklik is hy as 'n slagoffer behandel, maar kort na die moorde het dit geblyk dat sy weergawe van die gebeure nie geloofwaardig was nie.



© University of Pretoria

Die oggend na die moorde het hy min emosie getoon en selfs geglimlag nadat hy die berig van sy gesin se moord op die radio gehoor het[4.1]. Hy het die volgende dag die ondersoekbeampte gevra wat mens moes doen om die plase te erf [4.1]. Twee dae later was hy besig om die plaasbedrywighede te organiseer. Hy was vrolik met tye[4.1; 4.7 p. 8]. Hy het ook aan familielede leuens vertel en beweer het sy pa het hom ’n nuwe fiets belowe en dat hy R1000 sakgeld ’n maand gekry het. Hy het inderwaarheid R400 per maand gekry. Hy het aangevoer dat sy pa toegestem het dat hy vakke kon verander wat hy nie meer wou neem nie. Hy het ook byvoorbeeld genoem dat die skoolhoof voorgestel het dat hy eers die volgende termyn terugkeer skool toe, wat volgens berigte nie waar was nie. Hierdie leuens is kort na die moorde vertel.

Met sy terugkeer na die skool het die onderwysers en skoolhoof opgelet dat sy optrede en persoonlikheid drasties verander het. Hy het selfversekerd en voorbarig opgetree en was selfs met tye arrogant. Hy het soms voor al sy klasmaats sy broek tot op sy skoene laat val om sy hemp in te steek. Hy het ook met kere na die voorkant van die klas gestap en die onderwyser in die gesig gestaar asof hy die onderwyser uitlok. Hy het met tye sonder enige waarskuwing uit die klas gestap om in die son te staan. Wanneer die onderwysers hom hieroor uitgevra het, het hy bloot geantwoord: “Kan jy nie sien wat ek doen nie?” Verskeie mense het hom as kil, koud, berekenend en manipulerend beskryf[4.1]. Een sielkundige het hom as selfversekerd en gaaf beskryf. Sy het die indruk gekry dat hy nie die gewigtigheid van die oortreding besef nie. Hy het ook nie die korrekte emotiewe taal gebruik wat verwag word van ’n jong persoon in dieselfde situasie nie[4.7 p.8]. ’n Tweede sielkundige het tot dieselfde gevolgtrekking gekom. Sy was bekommerd dat hy min emosie getoon het en dat hy ontken het dat hy die moorde gepleeg het[4.5; 4.7 p.5-6,11]. Die sielkundige het aangedui dat kinders wat met gedragstoornis gediagnoseer word, dikwels later ook met anti-sosiale persoonlikheidsversteuring geklassifiseer word. Sy het ook aangevoer dat ’n persoon nie noodwendig met gedragstoornis gediagnoseer hoef te word om later met anti-sosiale persoonsversteuring geklassifiseer te word nie. Sy het beweer dat Gideon kenmerke van ’n latente persoonlikheidsversteuring toon[4.7 p.11]. Verskeie maatskaplike werkers en bewaarders was egter oortuig dat hy onskuldig was[4.5].

Tydens die hofsaak was daar mediese bewyse dat Marie verkrag is[4.5 p. 1139]. Haar skoolmaats het aangedui dat haar verhouding met Gideon nie altyd toepaslik was vir ’n broer en suster nie. Hulle is selfs as ’n “paartjie” beskryf. Gideon het haar voorgesê wat sy mag doen



© University of Pretoria

en met wie sy by sosiale geleenthede kon dans[4.1]. Na die moorde het een van Gideon se onderwysers opgelet dat hy vreemde antwoorde in sy boek skryf. Hy het byvoorbeeld met tye sy eie afleidings gemaak wat glad nie met die storie of die opdrag te doen gehad nie. Hy het in een stuk die volgende geskryf: "J... kon nie vir S... swanger kry nie en sy het hom daaroor geterg. Dit is die rede hoekom hy vir T... swanger probeer kry." [4.1; 4.5]. Dit is onduidelik of hy miskien na homself en Marie verwys het, maar dit was totaal onvanpas in die konteks van die werkopdrag wat die onderwyser gegee het.

Beide sielkundiges het aangetoon dat die moorde besonder wreed was en dit erge woede, aggressie en haat gesimboliseer het. Die eerste aanval met die .357-rewolwer was ongeorganiseerd en ekspressief, sonder deeglike beplanning, maar die tweede aanval met die .22 was doelgerig en is met 'n bepaalde opset uitgevoer[4.5 p.9, 954; 4.7 p.11]. Een van die sielkundiges het beweer dat 'n persoon slegs so daad sou kon pleeg as jy die slagoffers nie meer as jou eie familielede beskou het nie en daar ontkoppeling van sy kant af plaasgevind het[4.5 p.13].

Twee jaar na die moorde is Gideon skuldig bevind op vyf aanklagte. Hy het 20 jaar vir elkeen van die drie moorde gekry, 12 jaar vir verkragting en 4 jaar vir ondermyning van die gereg[4.2 p.36; 4.5]. Gideon het aangedui dat hy teen die saak wou appelleer, maar vier jaar na die moorde was daar nog geen sprake hiervan nie. Gideon het tot op hede nog nooit erken dat hy die moorde gepleeg het nie, alhoewel die feite teen hom oorweldigend is.

In die volgende tabelle word die geanaliseerde data uiteengesit. Die navorser het akkumulatiewe faktore in ag geneem om tot bepaalde gevolgtrekkings te kom. Faktore is dus nie in isolasie gebruik om tot bepaalde gevolgtrekkings te kom nie. Die moontlikheid bestaan dat daar sprake was van 'n persoonlikheidsversteuring wat aanleiding gegee het tot die moorde.

**Akkumulatiewe sistemiese omstandighede wat moontlik tot moord bygedra het**

| | |
|---|---|
| Daar was dualisme in die opvoeding. Aan die een kant mag hy van Graad 1 af motor bestuur en van kleins af wapens gebruik, maar aan die ander kant mag hy nie saam met 'n maat met vakansie gaan nie. | 4.1; 4.3 p.82 |
| Die ma vind die aanpassing van moederskap moeilik, Gideon word op 'n jong ouderdom in die koshuis geplaas en later word hy na 'n skool | 4.3 p. 80; 4.4 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| gestuur waar hy nie wou wees nie. Hierdie faktore kon tot ’n verswakte band en ontkoppeling met die ma gelei het. | |
| Die ma is deur die gemeenskap en nabye familie as hardvogtig beskryf, wat emosionele nabyheid met Gideon kon bemoeilik het. | 4.3 p.92; 4.4 |
| In sy fisiese behoeftes word daar in oormaat voorsien, maar sy emosionele behoeftes word afgeskeep. | 4.3 p. 68; 4.4 |
| Hy vind die aanpassing by die hoërskool moeilik, wat hom met gevoelens van ontoereikendheid en spanning laat. | 4.1; 4.3 p.68; 4.4 |
| Ma en pa stel hoë eise aan hulleself en aan die kinders, wat in hierdie geval moontlik tot ongeborgenheid en spanning lei. | 4.3 p. 20, 82 |
| ’n Streng opvoedingstyl is die norm vir die gesin, wat moontlik kon veroorsaak dat Gideon in sekere opsigte nie sy unieke persoonlikheid kon uitleef nie. | 4.4; 4.5 p.1004; 4.6 p.15 |
| Beide die ouers en die suster presteer akademies. Gideon presteer nie dadelik so goed soos die res van die gesin nie. Dit kan gevoelens van ontoereikendheid en ’n swak selfkonsep skep. | 4.3 p.76; 4.4; 4.7 p.8 |
| Aan die een kant is sy pa oormatig streng en perfeksionisties en aan die ander kant dwing sy ma hom nie om verantwoordelikheid vir sy gedrag te neem nie. Dit skep onsekerheid en lei tot probleme met normidentifikasie. | 4.4; 4.5 p.1004; 4.6 p. 5 |
| Pa is streng met Gideon en stel hoë kognitiewe en normatiewe eise. Die gesinsverwagtinge word gereeld voorgehou, bv. ons huil nie, jy sal perd ry soos die res van ons. Hy moet na ’n eliteskool gaan, al wil hy nie. Gideon vind dit moeilik om aan die eise van die gesin te voldoen, wat tot ’n gevoel van magteloosheid kon lei. | 4.3 p.20,68 |
| Om emosies te toon in die gesin is nie aanvaarbaar nie. Hierdeur word sy gevoelens misken. | 4.4; 4.6 p.15 |
| Sy suster presteer op skolastiese, sosiale en sportgebied beter as hy. Sy verkleineer en spot hom oor sy prestasie. Sy ontvang haar nasionale kleure in pensteek voor hom. Dit kon ’n invloed op sy selfkonsep gehad het, wat ook aanleiding tot onderdrukte aggressie kon gee. | 4.4; 4.7 p.8 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Sy suster is meer uitgaande en gewild, terwyl hy stiller en meer gereserveerd is. Dit laat hom minderwaardig voel en kon lei tot onderdrukte aggressie. | 4.4; 4.7 p. 8 |
| Pa en dogter het 'n besonder nabye verhouding gehad, wat Gideon waarskynlik ongeliefd en verwerp laat voel het. | 4.4; 4.7 p.8 |
| Die moontlikheid bestaan dat Gideon tekens getoon het van anti-sosiale persoonsversteuring en dat die wreedheidsGraad van die moorde hierdeur verklaar kon word. Beide sielkundiges wat getuig het in die hofsaak was dit eens dat daar sprake was van 'n latente anti-sosiale persoonlikheidsversteuring. | 4.1; 4.7 |

**Akkumulatiewe belewinge van die individu wat moontlik aanleiding gegee het tot moord**

| | |
|---|---|
| 'n Outoritêre rigiede opvoedingstyl lei tot 'n swak binding met sy ouers en oppervlakkige emosionele belewinge. | 4.3 p.78,80; 4.4 |
| Hy word gedwing om met die ouers se beeld van 'n ideale kind te konformeer. Sy uniekheid word misken, wat aanleiding gee tot gevoelens van ontoereikendheid en onderdrukte aggressie. | 4.3 p 68; 4.4; 4.6 p.15; 4.7 p. 7 |
| Sy emosionele behoeftes word misken deur sy pa, bv. hy mag nie huil nie, wat hom ongeliefd laat voel. | 4.1; 4.3 p. 82 |
| Sy eie identiteitsvorming word gerem, aangesien hy gegiet word in die beeld van wat sy pa van hom verwag. Dit kan 'n swak selfbeeld tot gevolg hê. | 4.6 p.16; 4.7 p.7 |
| Hy toon 'n intense behoefte om met sy pa te identifiseer en soek na sy goedkeuring en aanvaarding. Hy ervaar egter sy pa as gedistansieerd en voel dat hy nie aan sy pa se verwagtinge voldoen nie. Gevoelens van ongeborgenheid, ontoereikendheid en minderwaardigheid kan ontstaan. | 4.3 p. 82; 4.6 p. 25, 16 |
| Selfs as hy presteer in pensteek doen hy dit in die skadu van sy suster. Dit kan moontlik sy gevoelens van minderwaardigheid, jaloesie en aggressie vererger. | 4.3 p.23 |
| Aanpassingsprobleme en interpersoonlike verhoudingsprobleme by die skool veroorsaak gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid. | 4.1; 4.2 p.41; 4.4 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Hy aanvaar reëls ten einde straf te vermy, maar hy internaliseer nie die skool-, familie- en samelewingsreëls nie. | 4.1; 4.5; 4.7 p. 7 |
| Sy gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid word versterk in skoolverband wanneer hy nie presteer op die vlak wat die familie van hom verwag nie. | 4.6 p. 16 |
| Verwarring met die internalisering van norme ontstaan aangesien sekere optrede toegelaat word, soos motor bestuur, maar hy mag nie saam met vriende gaan vakansie hou nie. | 4.3 p. 23 |
| Die toenemende stryery met sy suster dui daarop dat Marie moontlik voor die moorde beswaar gemaak het teen die bloedskande en seksuele wandade wat hy met haar gepleeg het. Sy leuenagtigheid en persoonlikheidsveranderinge in dié tyd kan tekens van 'n latente anti-sosiale persoonsversteuring wees, wat moontlik geaktiveer is toe sy beswaar gemaak het en moontlik gedreig het om haar ouers daaroor in te lig. | 4.5 p. 947; 4.7 p. 7, p.11 |

**Breekpunte wat bereik word en moord tot gevolg het**

| | |
|---|---|
| Psigiese uitputting ontstaan, aangesien hy nie die nodige erkenning van sy pa ontvang nie. | 4.3 p.20; 4.6 p. 16; 4.7 p. 7 |
| Dat sy emosionele behoeftes onbevredig bly, lei tot gevoelens van ongeborgenheid en onderdrukte aggressie. | p. 16; 4.7 p. 7 |
| Toenemende skolastiese druk lei tot gevoelens van minderwaardigheid, frustrasie en magteloosheid. | 4.3 p. 68; 4.6 p. 16 |
| Sy suster terg hom oor die feit dat sy nasionale kleure voor hom verwerf het; dit lei tot gevoelens van minderwaardigheid en aggressie. | 4.4; 4.7 p. 8 |
| Hy wil nie skool toe gaan nie, want daar sukkel hy om in te pas en op die vlak te presteer wat die familie van hom verwag. Dit laat hom ontoereikend, minderwaardig en onseker voel. | 4.1; 4.2 p. 41; 4.4 |
| Sy pa weier dat hy saam met 'n vriend met vakansie gaan. Die pa is dus nie gereed om Gideon toe te laat om alleen saam met ander mense te gaan vakansie hou nie. Aan die een kant mag hy motors op die plaas | 4.5 p. 23, 80 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| bestuur en wapens hanteer, maar aan die ander kant is hy te jonk om saam met ander mense vakansie te gaan hou. Dit skep verwarring en lei tot onderdrukte aggressie. | |
| Sy pa het 'n nabye verhouding met sy suster, maar is uitermate streng teenoor hom. Dit veroorsaak gevoelens van ongeborgenheid, frustrasie en aggressie. | 4.3 p. 78; 4.4 |
| Hy vind dit moeilik om aan sy pa se verwagtinge te voldoen, wat moontlik die band tussen hulle laat verbrokkel. | 4.5 p. 948; 4.6 p. 16 |
| 'n Paar maande voor die moorde vind daar 'n psigiese verskuiwing in Gideon plaas wat opgemerk word deur nabye familie en vriende van die familie. | 4.6 p. 16; 4.7 p. 7 |
| Die akademiese druk, stryery met sy suster, ongelukkigheid by die skool en streng ouerskap dra by tot die breekpunt wat bereik word en die gevolglike moorde. | 4.1; 4.4; 4.7 p. 7 |
| Die verkragting dui op aggressie teenoor sy suster en sy latente anti-sosiale persoonsversteuring. | 4.1; 4.4; 4.7 p. 7 |
| Die moontlikheid bestaan dat sy suster hom gedreig het om die verkragting bekend te maak en dat dit ook gelei het tot moord. | 4.1; 4.4 |

**Individuele en omstandigheidsfaktore wat moontlik tot 'n omvattende profiel kan lei**

| | |
|---|---|
| ***Problematiese binding*** | Ma vind dit moeilik om gewoond te raak aan moederskap. Sy word beskryf as oorgeorganiseerd, hardvogtig en opvlieënd. Die aggressie wat met die moorde gepaard gaan dui op 'n objektivering van familie en swak binding tussen die gesin en Gideon. Die moontlikheid bestaan dat die latente anti-sosiale persoonsversteuring die rede vir die objektivering van die gesinslede was. Sy maklike aanpassing na die moorde is ook 'n aanduiding dat daar 'n swak binding en moontlik 'n persoonlikheidsversteuring ter sprake is[4.3 p. 80; 4.4; 4.7 p.11]. |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| ***Verwerping*** | Die pa se akademiese druk op hom en sy suster se oorprestasie kon moontlik aanleiding gegee het tot gevoelens van minderwaardigheid en selfs verwerping. Die ma se gebrekkige aanpassing by moederskap en die feit dat hy reeds in Graad 1 koshuis toe gestuur is, kon ook gevoelens van verwerping ingesluit het[4.3 p. 78, 80; 4.4]. |
| ***Gesinswanfunksionering*** | Geen opmerklike gesinswanfunksionering is aangemeld nie, maar die moorde dui moontlik op 'n valse beeld van geluk wat deur die gesin uitgestraal is. Dit is ook moontlik dat hier sprake is van 'n persoonlikheidsversteuring en dat dit die oorsaak was[4.7 p.5-6, 11]. |
| ***Sosiale isolasie*** | Gideon spandeer vakansies en naweke op die plaas en gedurende die week is hy in die koshuis. Dit kon veroorsaak dat hy lang tye sosiaal geïsoleerd was. |
| ***Interpersoonlike verhoudingsprobleme*** | Gideon het gesukkel om maats te maak. Die moontlikheid van 'n latente persoonlikheidsversteuring kon bygedra het tot interpersoonlike verhoudingsprobleme[4.2; p. 41; 4.7 p.5-6,11]. |
| ***Straf/mishandeling/Ekstreme ouerskapstyl*** | Daar is slegs na een insident verwys waar Gideon se pa hom voor ander fisies gestraf het. Oor die algemeen is sy Pa as uitermate streng beskryf[4.1; 4.4; 4.6 p.15]. |
| ***Angs*** | Hy moes akademies presteer en volgens die beeld wat sy pa voorgeskryf het optree, wat angs tot gevolg kon hê. |
| ***Aggressie*** | Die mate van geweld tydens die moorde dui op ekstreme onderliggende aggressie en woede. Die miskenning van sy emosionele behoeftes skep moontlik gevoelens van |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | aggressie. Die nabyheid van pa en dogter en die feit dat sy beter as hy presteer lei moontlik ook verder tot gevoelens van onderdrukte aggressie. Daar is sprake van ’n latente anti-sosiale persoonlikheidsversteuring wat die aggressiewe optrede kan verklaar[4.1; 4.4; 4.7 p.5-6]. |
| ***Dwelmmisbruik*** | Daar is nie aanduidings van dwelmmisbruik nie, maar hy rook van ’n jong ouderdom af [4.7 p.6]. |
| ***Ernstige behoefte om uit omstandighede te kom*** | Gideon sien die uitwissing van sy gesin as ’n nuwe begin waar hy kan boer en familiebates erf. Hy vra kort na die moorde wat hy moet doen om die plase te erf. Sy maklike aanpassing by sy nuwe omstandighede na die moorde dui ook daarop dat die “nuwe” omstandighede vir hom beter is as voorheen. Die moontlikheid dat die persoonlikheids-versteuring die oorsaak van die moord was bestaan ook[4.1; 4.4; 4.7 p.5-6]. |
| ***Katalisator*** | Die suster wat dreig dat sy die verkragting aan die ouers wou bekend maak[4.1; 4.4]. |



© University of Pretoria

## 3.5. KAREL

| | |
|---|---|
| **Skuilnaam** | Karel<br><br>Slegs Karel is in die studie ingesluit, want sy suster Nina (wat ook betrokke was) was reeds 26 jaar oud ten tyde van die moorde. Persone tot en met die ouderdom van 25 jaar is oorweeg vir die studie. Verwys na Par 1.5.1 vir 'n volledige verduideliking van die insluitingskriteria. |
| **Ouderdom ten tyde van die moord** | 20 jaar |
| **Ras en geslag** | Blanke man |
| **Moord** | Hy het sy ma en pa vermoor met die hulp van sy suster en haar kêrel. |
| **Databronne gebruik by die opstel van die profiel** | Hofverslae<br><br>Boek geskryf deur Karel se advokaat<br><br>Meestersgraadverhandeling, Universiteit van Pretoria<br><br>Meestersgraadverhandeling, Universiteit van die Witwatersrand<br><br>Koerantberigte |



© University of Pretoria

***"Riaan confessed that he instructed us to murder our parents, it makes us innocent! Okay, we did commit murder, but it was for him..."*** [10]

***~Karel*** *5.4 p.4*

**Agtergrond**

Karel se ma het na matriek onderwys studeer. Sy het Karel se pa, wat in ingenieurswese en rekeningkunde gespesialiseer het, op universiteit ontmoet. Hulle is 'n jaar na hulle ontmoeting getroud[5.3 p.4]. Hulle eerste kind was 'n dogter, Nina. Sy is op die ouderdom van 9 maande in 'n kleuterskool geplaas. Die ouers het Nina as moeilik ervaar en ouerskap was vir hulle 'n uitdaging, aangesien hulle albei op daardie stadium verder gestudeer het[5.3 p.14]. Vier jaar later is Christie, hul tweede dogter, gebore en 2 jaar na haar, Karel. Die familie was gelowig en die gesin het gereeld dienste van die Nederduits Gereformeerde (NG) kerk in hul omgewing bygewoon. Die kinders het ook Sondagskool, bybelstudie, kerkkoor en gebedsgroepe bygewoon[5.3 p.16].

Gedurende sekere vakansies het die gesin by die ouma aan moederskant op die plaas gaan kuier. Die ouma het 'n groot invloed op Nina gehad en sy het gereeld vir haar stories van mitologiese karakters vertel. Teen Nina se agtste verjaardag het sy uitgebreide kennis gehad van Afrikageeste, demone, onsigbare geeste wat kinders wegdra wat stout is en meisies molesteer wat nie goeie morele waardes het nie. Die ouma is jare later met skisofrenie gediagnoseer, en haar verwronge idees van geeste en demone is waarskynlik sodoende aan Nina oorgedra. Die vrees vir die geeste en demone het ook 'n vlak van agterdogtigheid en paranoia by Nina laat posvat, wat later in haar lewe vererger het[5.3 p.16].

Toe Karel 11 jaar oud was, het die ma die pa in die teenwoordigheid van al drie die kinders van egbreuk beskuldig. Die pa het dit ontken en die ma gesmeek om hom nie te verlaat nie. Hierdie gebeurtenis was baie traumaties vir die kinders, veral vir Nina[5.1 p.57; 5.3 p.18]. Sy was reeds teen hierdie tyd 'n angstige tiener wat gevoel het niemand verstaan haar nie. Sy was al

[10] "Riaan het erken dat hy ons opdrag gegee het om ons ouers te vermoor, dit maak ons onskuldig! Goed, ons het die moorde gepleeg, maar dit was vir hom…"



© University of Pretoria

’n geruime tyd seksueel aktief en wou graag hierdie inligting met haar ouers deel, aangesien sy skaam hieroor gevoel het. Die gesin het egter in die reël nie hulle gevoelens met mekaar gedeel nie[5.3 p.18]. Die kinders het die ma as perfeksionisties beskryf. Sy het volgens hulle min empatie met hulle getoon [5.3 p.18, 24]. Die pa het dit moeilik gevind om sy emosies te toon en is as gematig, teruggetrokke en nie-konfronterend beskryf. Karel was van mening dat hy ’n goeie verhouding met sy pa gehad het. Hy het min lyfstraf gekry en het genoem dat sy pa maklik vergifnis getoon het. Nadat die pa van ontrouheid beskuldig is, het hy ’n tyd lank alkohol misbruik[5.3 p.24]. Daar was ook ’n tydperk na die beskuldiging van ontrouheid dat die ma aan haar voorkoms gewerk het. Sy het ook die gimnasium begin besoek. Sy het ook meer gereeld die pa se gunsteling kos voorberei. Die kinders is egter verbied om enige van hul pa se spesiale disse te eet en dit het veroorsaak dat hulle uitgesluit gevoel het[5.3 p.22].

Geloof was ’n kernaspek van die gesin. Elke kind het egter ’n unieke geloofsoortuiging ontwikkel. Nina het intense godsdienstige ervarings nagejaag in die hoop dat dit vir haar die aanvaarding sou bring wat sy volgens haar nie by haar ouers gekry het nie. Christie het vasgevang gevoel in die gesin, veral na die beskuldigings van ontrouheid deur die ma. Sy het na skool die huis verlaat en by die Shofar Christelike Kerk aangesluit. Shofar is ’n meer gefokusde en intense christendenominasie as die NG kerk. Karel het sy ouers as emosioneel koud ervaar en die hoë godsdienstige eise wat hulle gestel het was vir hom moeilik hanteerbaar. Hy het skuldig en ontoereikend gevoel en het homself gereeld in ’n wêreld van tegnologie en rekenaars geïsoleer[5.3 p.23]. Die ouers en kinders het almal hulle eie belangstellings nagevolg, wat selde interaksie tussen gesinslede ingesluit het[5.3 p.25-27].

Nina het mettertyd aan anorexia nervosa gely, wat reeds in haar tienerjare gediagnoseer is. Sy het haarself as ’n slagoffer gesien wat deur haar familie verwerp is[5.1 p.56; 5.3 p.25]. Sy het reeds gevoelens van agterdog en paranoia gehad as gevolg van haar ouma se invloede, en haar simptome van paranoia het vererger nadat haar ma haar pa van ontrou beskuldig het. Nina het byvoorbeeld gedroom van demone en bose geeste wat haar en haar familie aangeval het[5.1 p.56; 5.3 p.25]. Net na die beskuldigings van ontrouheid is die gesin se huishulp oorlede. Die huishulp was ’n belangrike persoon in die kinders se lewens, aangesien sy hulle van ’n jong ouderdom af opgepas het. Nina het ook toe sy 16 jaar oud was begin rook en alkohol misbruik. Sy het ook verskeie kêrels gehad. Dit was vir haar moeilik om te verstaan hoekom die familie se aandag nie volkome op haar gefokus was nie. Sy het later aan depressie begin ly en het ook ’n paar



© University of Pretoria

keer selfmoord probeer pleeg. Op die ouderdom van 19 jaar het sy die paranoia asook haar wilde leefstyl verruil vir godsdiens en weer ’n fanatiese Christen geword[5.3 p.27,44].

Christie het ook fanaties begin raak oor die Shofarbeweging en het die ouers daarvan beskuldig dat hulle nie ware Christene was nie, aangesien hulle nie op die regte wyse gedoop is nie. Op ’n stadium toe ’n argument oor geloof tussen Christie en haar ouers uitgebreek het, het sy haar ouers uitgeskel en gevloek, waarna sy terug is om haar studies by die universiteit voort te sit. Die ouers het ten spyte van haar beskuldigings en ontoereikende akademiese vordering haar steeds finansieel ondersteun om te studeer[5.3 p.28]. Die ouers het al drie hul kinders toegelaat om in die rigting van hul keuse te studeer en het selde geweier om hulle sosiale en ander aktiwiteite te finansier[5.3 p.44].

Karel was teruggetrokke en het homself gereeld aan die buitewêreld onttrek. Hy is as intelligent beskryf, met ’n wiskundige aanleg. Hy het ’n sensitiewe geaardheid gehad en het nie van konfrontasie gehou nie. Hy was nie baie sportief nie en het oor die algemeen maats gehad wat ook in rekenaars belanggestel het. Hy het egter min vriende gehad en het moeilik ingepas by die skool[5.1 p. 59;5.3 p. 28]. Hy het sy verhouding met sy ouers as oppervlakkig beskryf. Hulle het selde oor belangrike onderwerpe gesels en hy het nie die vrymoedigheid gehad om met hulle oor sy emosionele probleme te gesels nie[5.3 p.29].

Nadat die huishulp oorlede is, het die ouers ’n nuwe huishulp (Cita) in diens geneem. Die verhouding tussen Cita en Nina was van die begin af wankelrig. Nina het net voor Cita aangestel is weer haar Christelike geloof hervat. Soos reeds genoem was Nina van kleins af bygelowig. Sy het gereeld oor Cita gekla en het geglo die huishulp is by toordery betrokke. Sy wou nie gehad het dat Cita in Nina se kamer haar werksklere aantrek nie en het gekla oor haar reuk[5.1 p.57; 5.3 p.32]. Cita was kwaad oor die aanmerkings en het toe hoenderbene en gedroogte slangvelle oral in en om die huis geplaas, aangesien sy bewus geraak het van Nina se kennis van tradisionele oortuigings[5.1 p.57]. Nina het gereeld by haar ma gekla en verskeie beraders gaan sien om van Cita se “toordery” ontslae te raak. Toe Nina die dominee wou gaan sien oor die “toordery” het haar ma hom geskakel en aangedui dat Nina bygelowig is en bloot net aandag soek. Die afspraak het nooit plaasgevind nie, en die feit dat haar ma die afspraak met die dominee gekanselleer het, het haar emosioneel geknou. Gedurende die hofsaak het Nina gemeld dat hulle gesin nie werklik hegte bande gehad het nie en dat niemand in haar gesin sou



© University of Pretoria

agterkom as sy vermoor sou word en haar liggaam in ’n bos gegooi sou word nie[5.2]. Sy was ook daarvan oortuig dat haar gesin en die kerk deur toordery geaffekteer is. Sy het ook gereeld pogings aangewend om die huishulp se guns te wen deur vir haar geskenke te koop en geld te gee, maar Nina kon nie van haar agterdog oor Cita se toordery ontslae raak nie.

In hierdie tydperk het Nina toenemend geïsoleerd geraak en het sy afstand gedoen van haar vriende, aangesien hulle moeg geraak het vir haar herhaalde gesprekke oor toordery. Wanneer sy alleen in haar kamer was, het sy stemme gehoor en haarself oortuig dat demone haar geestelik en fisies verkrag sodra sy aan die slaap raak[5.1 p.57; 5.3 p.30-35]. Sy het gehoor van ’n duiweluitdrywer, wat sy toe gaan sien het. Deur die duiweluitdrywer het sy Riaan, ’n Indiër, ontmoet wat onmiddellik haar aandag getrek het omdat hy aangevoer het dat hy mense se gedagtes kan lees. Hulle het kort na hulle ontmoeting ’n verhouding aangeknoop, alhoewel haar pa nie gelukkig was dat sy ’n verhouding met ’n Indiërman het nie[5.3 p.77]. Riaan, wat ’n sterk oorredingsvermoë het, het Nina oortuig dat hy drie wesens het, naamlik ’n mens, ’n beskermengel en ’n rebelse karakter.

Die aard van Riaan en Nina se verhouding het heeltemal verander nadat hulle een van haar gewese kêrels raakgeloop het. Riaan het handomkeer verander en het begin om haar fisies en emosioneel te mishandel. Hulle verhouding word van toe af gekenmerk deur argumente en fisiese aanrandings wat dikwels gevolg is deur seks om op te maak vir die mishandeling. Hy het ook op dié tydstip vreemd begin optree en in stemme gepraat. Hy was so oortuigend dat hy haar oortuig het dat hy die derde Seun van God was. Na drie maande met sy verhouding met Nina, bedank hy sy werk as pakker en begin om haar deeltydse musiekgroep te bestuur. Hy neem ook in hierdie tydperk beheer oor van haar finansies. Verder het hy vir lang tydperke in haar kamer gewoon sonder dat haar ouers daarvan bewus was[5.1 p. 58]. Hy oortuig vir Nina dat haar agterdog oor die toordery waar is en dat haar pa en hulle huishulp saamwerk om haar te benadeel. Hy noem ook dat haar pa haar verkrag wanneer sy slaap[5.2 p. 495, 5.3 p.153].

Hy oortuig haar ook dat sy rebelse wese haar aanrand. Verder sê hy dat hierdie rebelse demoniese wese haar kat doodgemaak het. Die mishandeling waaraan hy haar blootgestel het, het ingesluit dat sy vir tydperke naak op die vloer moes slaap, dikwels gesodomiseer is deur Riaan, dat hy haar borste gebyt het en op haar kop en in haar mond geürineer het. Sy is dan belet om haar tande te borsel na hy in haar mond geürineer het[5.1 p.59; 5.3 p.175].



© University of Pretoria

In die tydperk wat hy sonder toestemming van die ouers in die huis woon, raak hy met Karel bevriend. Hy oortuig hom ook dat hy gedagtes kan lees[5.3 p.119]. Hy oortuig Karel dat hy profetiese kragte het en indien hy hom volg, hy een van die Twaalf Ridders van God se wil sal word. Hy oortuig Karel, wat min kontak met ander jong mense gehad het en op daardie stadium nog ’n maagd was, dat hy hom kan help om nie meer ’n maagd te wees nie[5.3 p.128]. Riaan het ook die broer en suster teen mekaar afgespeel. Riaan het vir Karel vertel van sy suster se seksuele verlede, en kort daarna het Karel sy vertroue in die Christelike geloof verloor en opgehou om kerk toe te gaan saam met sy ouers. Karel het Riaan se leiding en “profesieë” begin navolg. Nina het ’n groot invloed op Karel gehad, en haar aanvaarding van Riaan se “profesieë” het dit vir Karel makliker gemaak om Riaan na te volg[5.3]. Terwyl Nina by die werk was, het Riaan vir Karel vir ure aaneen laat bid en Bybel lees. Riaan het ook vir Karel oortuig dat sy ouers Sataniste was wat teen mense van ’n ander kleur gekant was. Nina en Karel moes nagte deur bid vir Riaan, en wanneer hy gewelddadig opgetree het teenoor beide van hulle het hy die demone die skuld gegee. Riaan het Karel gereeld ’n “moffie” genoem, en tydens een insident het hy Karel in die maag en teen die kop geskop, waarna hy die rebelse demoniese wese wat in sy liggaam was daarvoor geblameer het[5.1; 5.3].

Kort voor lank het Nina haar werk verloor as gevolg van Riaan se konstante teenwoordigheid by haar werkplek. Sy het ook gesukkel om haar blou kolle by die werk weg te steek. Riaan was spandabelrig en het ook vir Karel oortuig om sy sakgeld aan hom oor te betaal. Met Nina se gebrek aan inkomste nadat sy haar werk verloor het en Karel se beperkte sakgeld kon Riaan nie sy spandabelrige lewe volhou nie. Ten einde sy behoefte aan geld te bevredig, oortuig Riaan hulle om kredietkaartbedrog te pleeg met hulle pa se kredietkaart. Toe hulle pa agterdogtig begin raak en vermoed dat Riaan die meesterbrein agter die bedrog is, oortuig Riaan vir Karel en Nina om hulle ouers te vermoor. Die ouers het die kaartbedrog by die polisie aangegee, maar het die saak teruggetrek toe hulle agterkom dat hulle eie dogter betrokke is by die bedrog[5.2; 5.3 p. 177-205]. Gedurende die hofverrigtinge het Karel aangedui dat sy ouers vrygewig was wanneer die kinders geld gevra het. Hulle het nie sommer vir hulle kinders geld geweier nie en hulle het selfs vir Nina ’n motor gekoop vir haar verjaardag.

In die tydperk wat gevolg het nadat hulle ouers die saak teruggetrek het, het Riaan, Nina en Karel planne beraam om die pa te vermoor. Tydens die hofverrigtinge het Karel die volgende genoem:



© University of Pretoria

> "I mean, who do you confide better in? Do you confide in your parents, who are human, or do you confide in the person who is directly with God? As terrible as he said my parents were, I was willing to live with them, but because he said they were evil and bad and had to go. I believed him because I believed he was in direct link with God"[5.2 p. 326].[11]

Aangesien die pa 'n gewoonte gehad het om 1 tot 2 glase whiskey 'n aand te drink, het hulle die sap van 'n giftige plant in sy whiskeybottel gegooi. Die pa het egter agtergekom dat die drank anders lyk as gewoonlik en het dit toe weggegooi, waarna hulle 90% alkohol by die drank begin gooi het. Die addisionele alkohol het slegs veroorsaak dat die pa meer beskonke raak. Karel het ook op bevel van Riaan gemaak asof vreemde mans hom agtervolg en aangerand het. Hy het beweer dat hulle eintlik die pa wou aanrand. Riaan het ook dreigemente per selfoon aan die pa begin stuur. Op hierdie stadium het Riaan die twee kinders se lewens beheer en was hulle oortuig dat hy die derde Seun van God was. Riaan was veeleisend en het absolute gehoorsaamheid van hulle vereis. Nadat die pa agterdogtig begin raak het oor Riaan, het die ma ook negatief teenoor Riaan begin optree. Sy het Riaan die huis belet, waarna hy vir Nina en Karel oortuig het dat sy 'n rassis en geldhonger vrou was wat slegs met die pa getrou het vir sy geld[5.1; 5.3].

'n Komplot is daarna gesmee om die ouers te vermoor. Riaan het al die beplanning gedoen, besluit wat gekoop moes word en hoe die plan uitgevoer moes word. Hulle het 'n skokpistool ("Tazer") gekoop wat hulle wou gebruik om die ma te immobiliseer nadat die pa gaan slaap het. Riaan het ook spuitnaalde gekoop wat gebruik moes word om lugborrels in die ouers se are in te spuit. Hy het voorgestel dat hy self beide ouers sou vermoor nadat die kinders hulle geskok het[5.1; 5.2 p.1-15; 5.3].

Die aand van die moorde het Riaan valslik voorgehou dat hy 'n film gaan kyk. Hy sou twee kaartjies koop om voor te gee dat hy en Nina daar was die aand van die moorde. Intussen het die kinders gewag dat die pa gaan slaap. Later die aand het Nina haar ma gevra om saam

[11] "Ek bedoel, in wie stel jy jou vertroue? In jou ouers, wat menslik is of in die persoon wat direk met God is? Al het hy gesê my ouers is aaklig, was ek bereid om met hulle saam te leef, maar hy het gesê hulle is boos en sleg en moes gaan. Ek het hom geglo, want ek het geglo hy het 'n direkte skakel met God."



© University of Pretoria

met haar tee in die kombuis te gaan drink sodat hulle kon gesels. Terwyl die ma by die tafel gesit het, het Karel ingekom en haar in die nek geskok met die skokpistool. Sy het egter nie verlam geraak nie en het slegs geskree as gevolg van die skok en pyn. Karel het haar op die vloer gegooi, terwyl Nina die skokpistool op ’n hoër verstelling probeer skakel het. Toe dit nie werk nie, het sy ’n swart sak oor haar ma se kop getrek om haar ma te versmoor. Haar ma het die sak geskeur, waarna die kinders haar arms en bene vasgebind het. Volgens Karel kon sy ma aanvanklik nie glo dat haar kinders haar probeer vermoor nie, maar toe Karel ’n sokkie in haar mond probeer druk het sy hom gebyt. Drie weke na die insident het hy nog ’n merk aan sy vinger gehad[5.3]. Beide kinders het die ma in haar gesig en teen haar kop begin slaan. Op ’n stadium tydens die aanval het Karel aan sy ma genoem dat sy moet doodgaan omdat dit die wil van God was en omdat sy hulle nie lief het nie. Hy het ook gesê dat sy nie wil hê hulle moet suksesvol wees nie en dat sy rassisties en boos is. Karel het ook genoem dat sy ma ten tyde van die aanval aan hom herhaaldelik verseker het dat sy lief was vir hom.

Nina het later begin besef dat die plan nie uitwerk soos hulle aanvanklik beplan het nie. Sy het toe self die spuit gaan haal en probeer om ’n aar op haar ma se arm te kry. Sy het egter nie geweet hoe om lugborrels in are in te spuit nie en het die ma herhaaldelik in die arm, nek en bors begin steek in ’n poging om ’n aar te vind. Toe die ma weer begin skree en skop, het altwee kinders haar weer geslaan. Op ’n stadium het Nina gespanne geraak en vir Karel gevra om hulle ma vas te hou sodat sy vir Riaan kon skakel. Riaan het gesê dat sy hom by die filmteater moet kom haal. Terwyl Nina vir Riaan gaan oplaai het, het Karel op sy ma gesit om haar stil te hou. Toe Riaan by die huis aankom was hy woedend vir Nina en Karel. Hy het in die kamer gewag terwyl hy aan Nina voorgesê het wat sy moes doen. Hy het haar beveel om ’n mes in die kombuis te kry en haar ma daarmee dood te steek. Aanvanklik kon sy dit nie regkry nie, maar met Riaan se aanmoediging uit die kamer het sy haar ma herhaaldelik met die mes gesteek[5.3 p. 276-304, 5.2 p.1-15].

Na die ma vermoor is, het Riaan Karel oortuig dat dit sy skuld was dat die plan misluk het. Hy gee hom toe die opsie om alles reg te maak deur self sy pa te vermoor en moedig hom aan om selfmoord te oorweeg na hy die moord gepleeg het. Karel het gewag dat sy suster en Riaan ry, waarna hy ’n elektriese koord geneem het en na sy pa se kamer gegaan het om hom met die elektriese koord te verwurg. Hy het nie die moed gehad om selfmoord te pleeg nie. Toe Riaan en Nina terugkom was die pa reeds vermoor. Riaan het Nina omgepraat om hom naby



© University of Pretoria

die polisiestasie af te laai, waarna hy die polisie ’n storie vertel het van inbrekers wat by sy meisie se huis ingebreek het. Binne ’n paar uur na die kinders na die polisiestasie geneem is, het hulle skuld erken[5.2; 5.3 p.276-304]. Al drie is straf opgelê deur die hof. Nina het 12 jaar gevangenisstraf gekry vir haar aandeel aan die moord en Karel 10 jaar. Riaan het ’n lewenslange vonnis gekry[5.2].

’n Verslag wat deur die sielkundige oor Karel saamgestel is, het aangedui dat Riaan baie sterk druk op Karel toegepas het. Die feit dat sy gedagtes beïnvloed is, hy sielkundig vasgevang was en sy godsdienstige oortuigings verander het, het verhoed dat hy ’n band of enige binding met sy ouers behou[5.1 p.62-63]. Karel was voor sy radikale verandering ook so hipergodsdienstig dat dit aan die abnormale gegrens het. Die psigiese stres wat hy maande voor die moord ervaar het, het aanleiding gegee tot ’n sielkundige wanbalans en onbeheerbare en gewelddadige sosiale gedrag. Volgens die sielkundige was sy gedrag buite sy normale karakter en kon die konstante dwang van Riaan in gewelddadige episodes manifesteer wat vir verlengde tye kon voortduur, wat dan ook tot verdere psigopatologie kon aanleiding gee[5.1 p.60]. Tydens die hofverrigtinge het Karel gemeld dat hy swak sosiale vaardighede het en dat hy verkies het om nie te sosialiseer nie, aangesien mense mekaar maklik misbruik[5.2].

Karel, Nina en Riaan was ten tyde van die onderhawige studie nog in korrektiewe instansies. Nina het goed aangepas in die vroue-instansie en was besig met haar studies in teologie by ’n afstandsonderriguniversiteit. Sy het ook in die koor gesing en musieklesse aangebied. Riaan het skynbaar aangedui dat hy ook in die teologierigting wou studeer, terwyl Karel aangedui het dat hy graag eendag ’n pastoor wou word wanneer hy sy straf uitgedien het[5.4]. Die navorser kon nie vasstel of hulle wel besig is om hiervoor te studeer nie.

In die volgende tabelle word die akkumulatiewe sistemiese en individuele faktore wat tot die moorde bygedra het, uiteengesit. Die breekpunte wat aanleiding gegee het tot die moorde word ook bespreek. Laastens word die individuele en omstandigheidsfaktore aangebied wat moontlik tot ’n omvattende profiel kan lei.



© University of Pretoria

**Akkumulatiewe sistemiese omstandighede wat moontlik tot moord bygedra het**

| | |
|---|---|
| Karel leef 'n geïsoleerde lewe met min interaksie met sy portuurs. Hy beskou sy ouers nie as vertrouelinge nie, wat moontlik kan dui op 'n problematiese binding tussen ouers en kind. | 5.1 p.56; 5.3 p.18, 22, 24 |
| Emosionele en fisiese afwesigheid van ouers lei tot gevoelens van ongeborgenheid en algemene lewensonsekerheid. | 5.1 p.56; 5.3 p.24 |
| Pa se emosioneel onbetrokke, teruggetrokke en nie-konfronterende geaardheid veroorsaak dat daar nie 'n sterk geslagsrolidentiteit ontwikkel nie. | 5.3 p.23 |
| Die gesin is wanfunksioneel, ma voer haar eie lewe en fokus net op haar eie en die pa se behoeftes. Die pa voer sy eie lewe. Nina worstel met sielkundige probleme, soos anoreksie en agterdogtigheid; Christie volg haar eie godsdienstige oortuigings en onttrek haar van die gesin deur ver van die huis af te studeer. | 5.3 p. 23, 25-27. |
| Die ouers voorsien in alle finansiële en basiese behoeftes, maar negeer die kinders se emosionele behoeftes. Dit laat 'n leemte en soeke na liefde en geborgenheid by al drie kinders. Beperkte grense word gestel, wat ongeborgenheid tot gevolg het. | 5.3 p.28,44 |
| 'n Soeke na aanvaarding en identiteit deur Karel en Nina veroorsaak dat Riaan hulle maklik kan manipuleer en deel raak van hulle lewens. | 5.1 p.58; 5.2 p. 495; 5.3 p.153 |
| Herhaalde emosionele aftakeling deur Riaan en die afwesigheid van warmte en binding in die gesin maak dat beide kinders vatbaar en beïnvloedbaar is. | 5.1 p.59; 5.3 p.175 |

**Akkumulatiewe belewinge van die individu wat moontlik aanleiding gegee het tot moord**

| | |
|---|---|
| Die onbetrokke ouerskapstyl dui op problematiese binding tussen die ouers en hulle kinders. | 5.2; 5.3 p. 23, 25-27. |
| Geen normatiewe grense waarbinne hulle standvastigheid beleef nie. Dit word moontlik veroorsaak deur 'n permissiewe ouerskapstyl. | 5.3 p.44 |
| Identiteitsoeke as gevolg van lewensonsekerheid. | 5.1 p.59; 5.3 p. 28,29. |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Hoë geloofseise en emosionele koudheid van ouers veroorsaak gevoelens van onsekerheid en verwarring. Dit lei ook tot skuldgevoelens. | 5.1 p.59; 5.3 p. 23, 25-27, 28-29 |
| Karel vind dit moeilik om met sy portuurs te kommunikeer, en dit lei daartoe dat hy verwerp en gespot word. Sy selfbeeld word negatief hierdeur aangetas en hy onttrek homself toenemend aan die buitewêreld. | 5.1 p.59; 5.3 p.28 |
| Hy is sensitief en nie-konfronterend – eienskappe wat uitgebuit word deur Riaan. Dit veroorsaak dat hy vatbaar is vir enige invloed van buite. | 5.2; 5.3 p. 128 |
| Die afwesigheid van ’n toepaslike rolmodel lei tot die identifikasie met ’n ontoepaslike rolmodel. | 5.1; 5.2; 5.3 |
| Hy beskik oor swak oordeelsvermoë as gevolg van beperkte ouerlike leiding. | 5.1; 5.2; 5.3 p.119 |
| Mettertyd lei sy soeke na aanvaarding, identiteit en vriendskap hom na Riaan, maar dit lei weer tot verdere disintegrasie van sy identiteit en selfkonsep. | 5.1; 5.2; 5.3 p.119 |
| ’n Lae selfkonsep, herhaalde emosionele en fisiese aftakeling asook deurlopende druk van Riaan lei tot gevoelens van onderdrukte aggressie en depressie. | 5.2; 5.3 |

**Breekpunte wat bereik word en moontlik moord tot gevolg het**

| | |
|---|---|
| Aanvanklike swak binding met ouers wat later taan tot geen binding. Die minimale emosionele ondersteuning lei daartoe dat hy teen laat adolessensie ’n breekpunt bereik. | 5.2; 5.3 p. 23, 25-27; 5.3 |
| Die permissiewe ouerskapstyl veroorsaak dat Karel nie verantwoordelikheid neem in sy lewe nie. Dit veroorsaak ook ’n algemene lewensonsekerheid. | 5.3 p.44 |
| Sy pa se oënskynlike ontrouheid vererger gevoelens van vernedering, onsekerheid en ongeborgenheid. | 5.1 p. 57; 5.3 p.18 |
| Alle verantwoordelikheid word deur Karel afgeskuif op “God” in die vorm van Riaan. Riaan neem al die belangrike besluite in Karel se lewe. | 5.2 p.128; 5.3 p.4 |
| As gevolg van die swak binding tussen Karel en sy ouers word hulle nooit gesien as ’n bron van ondersteuning of hulp tydens krisisse nie. | 5.1; 5.3 p.18 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Die kinders word hipergodsdienstig grootgemaak, wat waarskynlik 'n emosionele leemte in hulle lewens vul. | 5.3 p.23, 25-27 |
| Intense gevoelens van verlies nadat die huishulp wat die kinders help grootmaak het, oorlede is. Dit veroorsaak 'n negatiewe spiraalreaksie van angs en onsekerheid in Nina. Karel word daardeur geraak, aangesien hy 'n noue band met Nina het. | 5.1 p.57; 5.3 p.32 |
| As gevolg van gevoelens van ongeborgenheid en onsekerheid is Nina en Karel vatbaar vir manipulasie deur Riaan. | 5.1 p.56; 5.3 p.25, 29, 44 |
| Riaan manipuleer en breinspoel Nina. Sy het 'n groot invloed op Karel, wat as gevolg van haar goedkeuring en aanmoediging ook aanvaar dat Riaan 'n goddelike wese is wat bepaalde magte het. Riaan beïnvloed en manipuleer Karel, wat as gevolg van sy ongeborgenheid en onsekerheid beïnvloedbaar is. | 5.1 p.59; 5.3 p. 28 |
| Emosionele, verbale en fisiese mishandeling deur Riaan laat Karel nog meer geïsoleerd, minderwaardig en onbeholpe voel. Dit veroorsaak dat die eens swak binding tussen seun en ouers nou glad nie meer bestaan nie. | 5.1; 5.3 |
| Die kinders se ouma het hulle van kleins af bewus gemaak van demone en ander bygelowe. Die ouers se fokus op godsdiens van kleins af het dit verder ook vir Riaan maklik gemaak om Nina en Karel te oortuig dat hy goddelike vermoëns het. | 5.3 p.16 |
| Die totale manipulasie en gedwonge onderdanigheid veroorsaak dat beide kinders meegesleur word met Riaan se kriminele intensies. Karel laat vaar sy eie behoeftes en identiteit om aan te pas by Riaan se verwagtinge. | 5.1; 5.2; 5.3 |



© University of Pretoria

**Individuele en omstandigheidsfaktore wat moontlik tot 'n omvattende profiel kan lei**

| | |
|---|---|
| ***Problematiese binding*** | Beperkte binding met pa en ma, wat veroorsaak dat hy hulle kan vermoor ten spyte daarvan dat sy ma tydens die moord (wat 'n geruime tyd duur) vir hom sê sy is lief vir hom[5.1 p.56; 5.3 p.18, 22,24, 276-304]. |
| ***Verwerping*** | As gevolg van beperkte binding en 'n permissiewe ouerskapstyl voel Karel waarskynlik verwerp deur sy ouers. Nadat Riaan hom begin manipuleer en indoktrineer dat sy ouers nie vir hom omgee nie, vererger sy gevoelens van verwerping[5.1 p.262-263]. |
| ***Gesinswanfunksionering*** | Die gesin leef geïsoleerd. Elkeen volg sy eie belangstellings en bevredig hulle behoeftes soos hulle goed dink. Dit laat Karel waarskynlik ongeborge en onveilig voel, wat 'n swak band tussen ouer en kind vererger. Die kinders hunker derhalwe na aanvaarding en vind dit in godsdiens en by ander persone[5.3 p.23, 25-27]. |
| ***Sosiale isolasie*** | Karel leef 'n geïsoleerde lewe en het min vriende[5.1 p.56; 5.3 p.18, 22, 24]. |
| ***Interpersoonlike verhoudingsprobleme*** | Karel noem self dat hy sukkel om te kommunikeer en onseker is hoe om mense te hanteer. Hy het min vriende en word gespot op skool[5.1 p.59, 5.3 p.28-29]. |
| ***Straf/mishandeling/Ekstreme ouerskapstyl*** | Min straf deur ouers of gevolge vir kinders. 'n Permissiewe ouerskapstyl word gehandhaaf. Min finansiële perke word aan die kinders gestel. 'n Permissiewe opvoedingstyl kan as 'n ekstreme opvoedingstyl beskryf word. Straf en mishandeling kom later ter sprake, toe Riaan deel raak van sy lewe[5.1; 5.2; 5.3]. |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| ***Angs*** | Gevoelens van ongeborgenheid en onsekerheid lei tot angs. Karel word as ’n sensitiewe, nie-konfronterende persoon beskryf, wat teen die agtergrond van ongeborgenheid die angs vererger. Hy beskryf gevoelens van angs as hy dink hy voer nie die wil van God uit nie[5.1 p.59; 5.3 p.28]. |
| ***Aggressie*** | Onderdrukte aggressie as gevolg van gevoelens van ontoereikenheid, ongeborgenheid en algemene lewensonsekerheid. Riaan se invloed laat die onderdrukte aggressie in moord tot uiting kom[5.2 p.326]. |
| ***Dwelmmisbruik*** | Geen. |
| ***Ernstige behoefte om uit omstandighede te kom*** | Riaan oortuig Karel dat moord die enigste manier is om uit die omstandighede te kom. Op ’n onbewuste vlak glo hy dat dit sy enigste manier is om sy lewe te verbeter. Riaan se manipuleringstyl laat hom later glo dat dit die aanvaarbare manier is om op te tree[5.2 p.326]. |
| ***Katalisator*** | Riaan besef dat hy moontlik binnekort deur die ouers by die polisie aangekla gaan word vir die kredietkaartbedrog. Hy oortuig Karel en Nina dat moord die enigste uitweg is[5.1; 5.2; 5.3]. |



© University of Pretoria

## 3.6. NEELS

| | |
|---|---|
| **Skuilnaam** | Neels |
| **Ouderdom ten tyde van moord** | 17 jaar |
| **Ras en geslag** | Blanke man |
| **Moord** | Hy het sy aanneemouers vermoor met 'n krieketkolf en mes. Sy vriend het hom bygestaan om van die lyke ontslae te raak. Verwys na Par 1.5.2 vir die insluitingskriteria vir gevalle in die studie. |
| **Databronne gebruik by die opstel van die profiel** | Hofverslae<br><br>Getuienis van oom aan vaderskant (hofverslag)<br><br>Sielkundige verslag<br><br>Mediese verslag<br><br>Koerantberigte |

| |
|---|
| ***"Maak hulle klaar..."*** |
| ***~Leon*** *6.1 p. 209* |



© University of Pretoria

**Agtergrond**

Neels se ouers was albei gekwalifiseerde aptekers. Die ouers het 7 jaar lank probeer om kinders te kry. Na herhaalde fertiliteitsbehandelings het hulle besluit om 'n kind aan te neem. 'n Jaar later het hulle die 5-dae-oue Neels aangeneem[6.1 p.1-2]. Die eerste paar jaar het dit goed gegaan met die gesin. Die ma het opgehou met werk na Neels se aanneming. Sy het hom na krieketoefeninge geneem en was ook betrokke by al sy aktiwiteite[6.1 p.2].

Neels voer aan dat hy min kon onthou van sy lewe voor hy laerskool begin het[6.1 p. 4; 6.7 p.10]. Hy het nie skool geniet nie en is gereeld geterg oor sy voorkoms. Vir hom was die tergery traumaties. Hy het hoërskool bygewoon tot en met Graad 10, waarna hy na 'n privaatskool gestuur is as gevolg van die invloed van vriende in die openbare skool[6.7 p.10].

Toe Neels 11 jaar oud was, het sy ouers hom vir die eerste keer vertel dat hy aangeneem is. Hy was baie ontsteld toe hy die nuus ontvang het. Hy het gevoel dat sy biologiese ouers hom verwerp het en dat sy aanneemouers hom te laat in sy lewe vertel het[6.1 p.4; 6.7 p.8,9]. Hy het minder kommunikatief geword en vermydende gedrag geopenbaar[6.7 p. 9].

Op die ouderdom van 12 jaar het hy alkohol begin misbruik en teen die ouderdom van 14 jaar was hy verslaaf aan marijuana, kokaïne en heroïne. Hy het aanvanklik net naweke dwelms misbruik, maar het later items by sy ouers begin steel om te betaal vir sy dwelmafhanklikheid. Hy het ook 'n keer by sy pa se apteek ingebreek. Die ouers het hom twee keer na rehabilitasiesentrums gestuur vir sy dwelmafhanklikheid[6.1 p.4; 6.7 p.10].

Op die ouderdom van 15 jaar het Neels se krieketafrigter hom by twee verskillende geleenthede seksueel geteister. Hy beweer dat die afrigter hom betas het. Voor die mishandeling het hy 'n hoë dunk van sy afrigter gehad[6.1 p.4]. 'n Intrapsigiese stryd het in Neels ontstaan nadat hy uitgevind het hy is aangeneem. Dit het ook vererger nadat hy dwelms begin misbruik het. Hy het met self-mutilasie begin en homself begin sny[6.7 p.9]. Neels het gereeld weggeraak van die huis af, waarna die polisie se hulp ingeroep is om hom op te spoor[6.4].

Neels se kinderjare is ook gekenmerk deur gereelde argumente met en tussen sy ouers. Die argumente tussen die ouers het soms oorgegaan in fisiese geweld, waar die ouers mekaar



© University of Pretoria

met tye aangerand het. Die aanrandings het vernaamlik geskied as hulle onder die invloed van alkohol was[6.7 p.8]. Sy ma het daagliks drank misbruik, maar sy pa het slegs naweke gedrink.

Neels het nie ’n goeie verhouding met sy ma gehad nie. Alhoewel sy die een was wat by die huis gebly het en hom rondgery het, was hulle gereeld in argumente betrokke[6.1 p.4]. Tydens sy tienerjare het hy vier pogings aangewend om sy eie lewe te neem, aangesien sy ma aangedui het dat dit beter sou wees as hy dood was[6.7 p.9]. Sy het ook eenkeer genoem dat sy spyt was sy het hom aangeneem[6.4]. Die ma se drankprobleem het die argumente tussen ma en seun vererger. Die ma was deur nabye familie as ongeduldig en ’n moeilike persoon beskryf. Neels het aangedui dat hy beide sy ouers lief gehad het, maar soms gewens het dat sy ma dood was[6.7 p.9].

Neels se verhouding met sy pa was beter. Hy het egter sy pa min gesien, aangesien sy pa besig was by sy apteek. Sy pa was saggeaard en het gereeld as vredemaker opgetree as ma en seun gestry het. Sy pa het met tye hartseer geraak en wou dan sy lewe neem; dit is slegs verhoed deur Neels en sy ma se pogings om hom daaruit te praat. Volgens Neels se ouma was sy pa intens lief vir hom[6.3 p.60-61]. Na die pa se dood is daar ’n brief in die kluis gevind wat aan Neels gerig was. In die brief voer die pa aan dat hy graag ’n beter ouer wou wees. Die meeste paragrawe het begin met die sin “Ek is jammer...”, wat onderstreep was. In die brief vra die pa vergifnis vir sy verkeerde optrede en ook vir die min tyd wat hy saam met sy seun spandeer het[6.1 p.5]. Neels het ’n besonders nabye verhouding met sy oupa aan vaderskant gehad, en sy skielike dood ’n tyd voor die moorde het hom diep geraak. Hy het dit moeilik gevind om die dood te aanvaar[6.3 p.61].

Die laaste paar jaar voor die moord op die ouers het Neels dwelms begin misbruik. Die ouers het Neels in die jaar van hulle moord vir 10 maande na ’n dwelmrehabilitasie-sentrum gestuur. Hier het hy vir Leon ontmoet, wat heelwat ouer was en ook aan dwelms verslaaf was. Hulle het ’n intieme verhouding begin, wat voortgesit was na Neels uit die sentrum ontslaan is. Die sentrum het die ouers gebel om hulle te waarsku teen die negatiewe invloed van Leon op Neels. Die sentrum het ook aanbeveel dat die twee glad nie kontak met mekaar maak nie[6.1]. Nadat Neels die rehabilitasiesentrum verlaat het, het dit goed gegaan vir ’n kort tydperk. Leon het hom egter gekontak, en die twee van hulle het weer alkohol en dwelms begin gebruik[6.1].



© University of Pretoria

Op die dag van die moorde het Neels vroeg die oggend begin drink. Hy het later saam met 'n vriend kokaïne gebruik by die vriend se huis. Toe die dwelms opraak het Neels besluit om terug te gaan huis toe om geld te kry vir nog dwelms. Hy het teruggekeer huis toe, maar niemand was tuis nie. Hy het in hierdie tyd ses van sy pa se biere gedrink. Toe sy ouers drie uur later tuis kom, het hy hulle geld gevra. Beide ouers was onder die invloed van alkohol en 'n argument tussen Neels en sy ouers het ontstaan. Hy het na sy kamer gegaan, maar sy ma het hom gevolg en hom uitgetrap oor sy dwelmmisbruik. Neels het genoem dat die argument hom woedend gemaak het. Sy pa het genoem dat dit dalk beter sal wees as hy die huis verlaat. Toe sy pa omdraai, het hy hom met 'n krieketkolf agter die kop geslaan. Sy ma het afgebuk om sy pa te help en hy het haar ook agter die kop geslaan. Die houe was so hard dat beide ouers se skedels gekraak is. Terwyl die ouers in die gang gelê het, het Neels na die ouers se kas gegaan en R400 geneem[6.1 p.4-5]. Hierna het hy Leon gekontak om hom in te lig dat hy die geld vir dwelms het en om sy hulp te vra. Leon het genoem dat hy slegs sou help as Neels seker was dat beide die ouers dood was. Neels het aangevoer dat Leon gesê het: "Jy moet hulle klaarmaak"[6.1 p.209]. Hy het die instruksie verstaan as 'n opdrag om sy ouers te vermoor. Hy het in die kombuis gegaan en 'n mes gaan haal, waarna hy na die ouers gegaan het. Hy het eerste sy ma omgedraai op haar rug en haar meer as twintig keer met die mes gesteek het. Hierna het hy sy pa ook omgedraai en hom ook meer as twintig keer gesteek[6.1; 6.7 p.12-16].

Daarna het hy met sy ouers se voertuig na Leon se huis gery. Die twee het kokaïne en heroïne gekoop, waarna hulle teruggegaan het na Neels se huis. Leon het voorgestel hulle verkoop die DVD-speler en selfone. Nadat hulle die items verkoop het, het hulle weer dwelms gekoop en gebruik, waarna hulle weer na Neels se huis gegaan het. Na hulle aankoms by die huis het hulle die ma in die gang gekry, maar Neels se pa het op die bed in die slaapkamer gelê. Op hierdie stadium was hy nog lewendig. Neels het Leon gevra om sy pa dood te maak, maar Leon het geweier. Neels het toe 'n mes geneem en sy pa se keel afgesny. Leon en Neels het die ouers in 'n komberse toegedraai en in die pa se motor gelaai, waarna hulle met twee motors gery het en die liggame in 'n veld gelos het. Hulle het die motor ook daar gelos, sodat mense sou dink dit was 'n kaping[6.2; 6.7 p.12-16].

Met sy aankoms tuis het Neels die motor by die huis gelos en na sy ouma gestap. Hy het gehuil op pad na sy ouma toe. Hy het die polisie van sy ouma se huis af gebel om sy ouers as vermis aan te meld. Die polisie het sy verklaring afgeneem, maar het later teruggekeer om



© University of Pretoria

hom te arresteer[6.1; 6.7 p.12-16]. Tydens die verhoor het die sielkundige getuig dat Neels gevra het om in 'n inrigting opgeneem te word om sodoende die regte behandeling te kry. Hy is beskryf as onderdanig, met 'n sagte stem. Met tye het hy onsamehangend gepraat en onemosioneel voorgekom[6.1 p.43].

Neels is tot 12 jaar gevangenisstraf gevonnis vir die moord op sy ouers en die diefstal van hulle besittings. Leon het 6 jaar gevangenisstraf vir sy aandeel aan die moorde gekry. Vier jaar later het Neels teen sy vonnis geappelleer, maar die hof het bevind dat die aanvanklike vonnis toepaslik was. Ten tyde van die studie was Neels nog in die gevangenis [6.5].

In die volgende tabelle word die geanaliseerde data uiteengesit. Die navorser het nie na faktore in isolasie gekyk nie. Oorsaaklike faktore behoort gesien te word as 'n sameloop van omstandighede wat moontlik die moorde veroorsaak het. Die moontlikheid bestaan ook dat die feit dat Neels se pa vir die eerste keer teen hom gedraai het en die gebruik van dwelms die finale breekpunt vir die moorde was.

**Akkumulatiewe sistemiese omstandighede wat moontlik tot moord bygedra het**

| | |
|---|---|
| Hy het geen herinneringe van sy vroeë kinderjare nie, wat moontlik kan dui op traumatiese gebeure in sy verlede en swak binding met die ouers. | 6.1 p. 4; 6.7 p.10 |
| Hy het 'n swak verhouding met sy ma, wat verder dui op 'n swak binding met haar. | 6.1 p.4 |
| Skool is vir hom moeilik en hy word geterg oor sy voorkoms. Dit lei tot 'n lae selfkonsep, onsekerheid en 'n teruggetrokkenheid. | 6.7 p. 10 |
| Ouers misbruik alkohol en rand mekaar fisies aan. Dit veroorsaak dat hy ongeborge voel en nie weet hoe om probleme toereikend op te los nie. Dit lei ook tot normidentifikasieprobleme. | 6.7 p. 8 |
| Sy huislike omstandighede is onstabiel en dit veroorsaak algemene lewensonsekerheid en angs. | 6,1; 6.2; 6.7 p.8 |
| Die molestering laat hom met gevoelens van depressie, angs en onsekerheid. | 6.1 p.4 |
| Sy pa dreig herhaaldelik om selfmoord te pleeg, wat geweldige angs, onsekerheid en ongeborgenheid tot gevolg het. Dit veroorsaak ook dat | 6.1; 6.3 p.60-61 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Neels selfmoord probeer pleeg; hy is depressief, en selfmoord is die voorbeeld wat as oplossing voorgehou word. Sy poging tot selfmoord is ook 'n poging om uit sy huislike omstandighede te kom. | |
| Pa toon sy frustrasie met sy onvermoë om Neels te beskerm teen argumente en ouerlike alkoholmisbruik. Sy skuldgevoelens hieroor kom tot uiting in die brief wat hy in die kluis gelos het. Die brief is na die moord op die ouers gevind. Die gereelde argumente en ouerlike alkoholmisbruik laat Neels met gevoelens van ongeborgenheid, angs en onsekerheid. | 6.1 p.5 |
| Swak familiebande en min voorbeelde van toepaslike probleemoplossingsvaardighede deur sy ouers lei daartoe dat hy uit sy omstandighede probeer ontvlug en drank en dwelms begin misbruik. | 6.1 p. 4,5 |
| Sy totale onsekerheid oor wie hy is en waar hy inpas, veroorsaak dat hy met Leon identifiseer. Leon bied hom toenadering en aanvaarding. | 6.1 |
| Neels se totale lewensonsekerheid maak dit vir Leon moontlik om hom voor te sê en te beïnvloed. | 6.1 |

**Akkumulatiewe belewinge van die individu wat moontlik aanleiding gegee het tot moord**

| | |
|---|---|
| Die drankmisbruik en dwelmmisbruik veroorsaak swak impulsbeheer en aggressiewe gedrag; dit bied hom ook 'n ontvlugting van die realiteit. | 6.1; 6.2 |
| Swak binding met ouers lei tot angs, depressie en algemene lewensonsekerheid. | 6.7 |
| Nadat hy uitgevind het hy is aangeneem, voel hy verwerp en raak sy aanneemouers vir hom in 'n mate vreemdelinge. | 6.1 p.4; 6.7 p.8-9 |
| Die wete dat hy aangeneem is en die wyse hoe hierdie inligting aan die lig gekom het, asook gesinswanfunksionering, lei tot gevoelens van minderwaardigheid, ongeliefdheid en 'n lae selfkonsep. | 6.1 p.4; 6.7 p.8-9 |
| Hy is kinderlik en onseker in sy optrede, want hy het min aanmoediging en ondersteuning ontvang om probleme met selfvertroue en volwassenheid aan te spreek. | 6.1 p.4; 6.7 p.8,10 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Verskeie sielkundige probleme dra daartoe by dat hy nie toepaslike oplossings vir stressors en probleme kan vind nie. Hy word met angs en depressie gediagnoseer. Sy dwelmmisbruik vererger die stressors waarmee hy gekonfronteer word. | 6.1 p.43-60 |
| Impulsiewe karaktertrekke word na die dwelmmisbruik gediagnoseer wat veroorsaak dat hy maklik toegee en nie die gevolge van sy dade deurdink nie. | 6.1 p.43-60 |
| Die swak voorbeeld van drankmisbruik deur die ouers en die fisiese aanranding van mekaar raak vir hom die enigste wyse om probleme te hanteer. | 6.7 p. 8 |
| Die pogings tot selfmoord bied vir hom ’n uitkoms uit sy omstandighede. Dit is ook die wyse waarop sy pa sy probleme hanteer het. | 6.1 p.5; 6.7 p.8 |
| Selfmutilasie is ’n poging om die traumatiese gebeure te vergeet. Dit bied hom tydelike verligting van sy probleme. Dit dui ook op verskeie psigiese probleme wat nie betyds en korrek gediagnoseer is nie. | 6.7 p.9 |

**Breekpunte wat bereik word en moontlik moord tot gevolg het**

| | |
|---|---|
| ’n Algehele vervreemding van sy ouers vind plaas toe hy uitvind hy is aangeneem. Dit het gevoelens van onsekerheid en aggressie tot gevolg. | 6.1 p.4; 6.7 p.8-9 |
| Die wete dat hy aangeneem is, laat hom voel dat sy biologiese ouers hom verwerp het. Hy neem sy aanneemouers kwalik dat hulle hom op ’n laat stadium hiervan vertel het. Sy vertroue in sy aanneemouers verswak. ’n Algemene lewensonsekerheid tree in wat vererger word deur gesinswanfunksionering. | 6.1 p.4; 6.7 p. 8-9 |
| Neels vermy sy ouers nadat hulle hom vertel hy is aangeneem en sodoende raak hy al hoe meer geïsoleerd en in homself gekeer. ’n Intrapsigiese stryd ontstaan wat vererger word deur dwelmmisbruik. | 6.7 p. 9 |
| Die molestering veroorsaak dat hy begin twyfel aan volwasse ondersteuning en toepaslike rolmodelle. Dit vererger ook sy sielkundige probleme. | 6.1 p.4 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Die molestering laat hom ook met gevoelens van depressie, skuld, angs en onsekerheid. | 6.1 p. 43-60 |
| Herhaalde argumente, veral met sy ma, skep gevoelens van frustrasie en aggressie. Dit laat hom ook verwerp en ongeliefd voel. | 6.1; 6.7 |
| Die ouers se alkoholmisbruik lei tot gevoelens van ongeborgenheid en onsekerheid. Dit stel ook die voorbeeld dat substansiemisbruik ’n oplossing is vir probleme. | 6.7 p.8 |
| Voortdurende kritiek deur sy ma veroorsaak onderliggende aggressie en ’n lae selfkonsep. | 6.1 p.4; 6.4; 6.7 p.9 |
| Sy ma wens herhaaldelik hy was dood. Sy noem ook dat sy spyt is sy het hom aangeneem. Dit veroorsaak depressie en gevoelens van onderdrukte aggressie. | 6.4; 6.7 p.9 |
| Die een persoon met wie hy ’n nabye verhouding het, naamlik sy oupa, sterf. Dit veroorsaak gevoelens van eensaamheid en verlatenheid. | 6.3 p.1 |
| Neels se drank- en dwelmmisbruik bied hom ontvlugting van sy probleme, maar dra ook by tot aggressie. | 6.1 |
| Die aand van die moorde sê sy pa, wat oor die algemeen die vredemaker is, dat Neels die huis moet verlaat. Dit veroorsaak oorweldigende aggressie wat oorspoel in gewelddadige gedrag. | 6.1 p.4-5 |

**Individuele en omstandigheidsfaktore wat moontlik tot ’n omvattende profiel kan lei**

| | |
|---|---|
| ***Problematiese binding*** | Problematiese binding met beide ouers. Neels beweer dat hy niks kon onthou van sy vroeë kinderjare nie. Hy beweer ook dat sy ma vir hom gesê het sy wens hy was eerder dood. Sy sê ook dat sy spyt is dat sy hom aangeneem het. Nadat hy uitgevind het hy is aangeneem het sy ouers vir hom vreemd geraak en hy het in homself gekeer geraak. Hy vermy ook kontak met hulle[6.1 p.4; 6.7 p.9,10]. |
| ***Verwerping*** | Neels en sy ma argumenteer baie. Sy noem dat sy spyt is sy het hom aangeneem. Hy voel verwerp deur sy |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | biologiese ouers. Hy voel nie hy pas in nie. Selfs by die skool word hy gespot oor sy voorkoms[6.1 p.4]. |
| ***Gesinswanfunksionering*** | Daar is gereelde argumente tussen die ouers en Neels. Die ouers argumenteer en rand mekaar fisies aan. Daar is alkoholmisbruik deur die ouers asook alkohol- en dwelmmisbruik deur Neels. Neels word fisies aangerand deur sy ma. Sy pa probeer selfmoord pleeg[6.1 p.61-62; 6.7 p.8,9]. |
| ***Sosiale isolasie*** | Geen. |
| ***Interpersoonlike verhoudingsprobleme*** | Neels vind dit moeilik om met sy ouers te kommunikeer. Hy vermy kontak met sy ouers. By die skool spot sy maats hom oor sy voorkoms. Hy maak 'n ontoepaslike vriendskap met 'n ander dwelmafhanklike[6.1 p.4; 6.7 p.10]. |
| ***Straf/mishandeling/Ekstreme ouerskapstyl*** | Hy word verbaal gekritiseer, veral deur sy ma[6.4; 6.7 p.9]. |
| ***Angs*** | Algemene lewensonsekerheid veroorsaak angs. Die krieketafrigter wat hom seksueel mishandel veroorsaak angs. Selfmutilasie dui ook op intrapsigiese angs. Sy pa dreig gereeld hy gaan selfmoord pleeg, wat angs tot gevolg het. 'n Pa wat nie vir hom intree nie veroorsaak angs en onsekerheid[6.7]. |
| ***Aggressie*** | Aggressie agv gevoelens van verwerping deur sy biologiese ouers. Aggressie aangesien sy aanneemouers hom op 'n laat stadium vertel hy is aangeneem. Dat sy ouers hom nie koester en beskerm nie lei ook tot onderdrukte aggressie. Dwelms veroorsaak aggressiewe reaksies en gedrag[6.1 p.4; 6.7 p.8-9]. |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| ***Dwelmmisbruik*** | Hy is verslaaf aan alkohol, marijuana, kokaïne en heroïne[6.1 p.4; 6.7 p.10]. |
| ***Ernstige behoefte om uit omstandighede te kom*** | Hy loop weg van die huis af. Dwelms en alkoholmisbruik dui op ontvlugting van omstandighede. Hy slaap ook om van omstandighede te ontvlug. Selfmoordpogings dui ook om 'n ernstige behoefte om uit sy omstandighede te ontsnap[6.1 p.4; 6.4; 6.7 p.10]. |
| ***Katalisator*** | Dwelmmisbruik en sy pa wat vir die eerste keer sê dat dit beter is as hy die huis verlaat[6.1 p.4-5]. |



© University of Pretoria

## 3.7. ANDRE

| | |
|---|---|
| **Skuilnaam** | Andre |
| **Ouderdom ten tyde van moord** | 19 jaar |
| **Ras en geslag** | Blanke man |
| **Moord** | Hy het sy ma, pa en broer doodgeskiet. |
| **Databronne gebruik by die opstel van die profiel** | Hofverslae<br>Geneeskundige psigiatriese maatskaplike verslag<br>Sielkundige verslag<br>Briewe van Andre aan sy vriendin<br>Koerantberigte |

***"My ma sê dan vir my pa: Wat se stres het ek?***
***Sy is ook so blind sy kan haarself nie help nie. Hulle oë gaan vinnig oopgaan."***

***~ Andre*** [7.1]



© University of Pretoria

## Agtergrond

Andre se pa was 'n landmeter van beroep en was finansieël redelik welaf [7.5]. Andre en sy ouer broer Coert het van kleins af nie goed oor die weg gekom nie. Aanvanklik was Andre die voorbeeldige seun in die huis. Coert, wat die oudste was, is aangemoedig om sy jonger broer Andre se voorbeeld te volg. Andre het uitgeblink op sportgebied en het nasionale kleure in onderwaterhokkie verwerf. In die laerskool is hy as leier aangewys[7.1 p.34].

Coert het na matriek gesukkel om 'n besluit te neem oor sy toekoms en was gedurig in konflik met sy ouers. Andre het op sportgebied beter as sy broer presteer, en dit het jaloesie tot gevolg gehad. Coert was egter gemotiveerd om 'n sukses van sy tersiêre studies te maak, en sy verhouding met sy ouers het om hierdie rede weer verbeter[7.1 p.34]. Andre het genoem dat hy en sy broer baie gestry het oor motorfietse, klere en sport. Hy het ook genoem dat hy altyd beter as sy broer kon motorfiets ry en dat Coert daarom jaloers was op hom[7.1 p.34].

Dit was egter duidelik vir familie en vriende dat die ouers die twee broers teen mekaar afgespeel het. 'n Nabye vriendin van die familie het aangevoer dat Andre se ma hom bederf het[7.3]. In die jaar van die moorde het Andre se verhouding met sy ouers toenemend verswak. Die verswakking van die verhouding is veral toegeskryf aan die feit dat Andre sy studies twee keer gestaak het. Die ouers was ongelukkig daaroor en het hom gereeld hieroor verwyt[7.1 p.36].

Vier maande voor die moorde het Andre se verhouding met sy pa opmerklik versleg. Sy ma het ook genoem dat Andre nie met haar wou kommunikeer nie, dat hy met tye aggressief voorgekom en min respek vir haar getoon het[7.1 p.34-35]. Die bordjies is verhang en die oudste broer Coert is nou voorgehou as die voorbeeld om te volg. Die ma was baie bekommerd oor Andre, en sy het genoem dat die atmosfeer tuis geweldig gespanne was. Coert het ook beweer dat Andre dit moeilik gemaak het vir sy ouers[7.1 p.35]. Andre het erken dat sy verhouding met sy pa nie goed was nie, omdat hy sy studies opgeskop het. Hy het wel aangevoer dat sy pa hom belowe het om hom vir 'n duikkursus in te skryf[7.3]. Hy was aanvanklik vir inligtingstelselkunde op universiteit ingeskryf, maar wou later eerder 'n duikinstrukteur word[7.6].

Andre het vir 'n maand by sy vriendin by die see gaan woon, maar het teruggekeer toe hulle verhouding nie uitgewerk het nie. Na sy terugkeer het hy gereeld briewe aan die meisie geskryf. In die briewe het hy homself herhaaldelik afgekraak. Daar was 'n kinderlike en met



© University of Pretoria

tye 'n manipulerende ondertoon in sy briewe aan die meisie[7.1]. Sy ma het genoem dat Andre nie dieselfde was na hy teruggekeer het nie[7.1 p.35]. 'n Week nadat sy die opmerking gemaak het, het hy die moorde gepleeg[7.1]. Sy verhouding met sy broer was op hierdie stadium so gebroke dat Andre geweier het om in dieselfde huis as sy broer te slaap. Sy ma het hom gehelp om die buitekamer in te rig[7.1]. Vriende van Andre het genoem dat hulle geweet het van Andre se probleme met sy ouers en sy broer. Andre se vriende het hom eenkeer by 'n kuierplek gekry en gesien hy het gesit en huil toe hulle by hom kom. Hy het ook eenkeer met sy broer in die openbaar handgemeen geraak omdat sy broer sy hemp gedra het sonder toestemming[7.1 p.35]. Coert se vriendin het bevestig dat die broers se verhouding nie goed was nie. Coert het gereeld gekla dat Andre probleme vir sy ouers skep en dat hy nooit wou praat oor sy probleme nie[7.6]. 'n Paar naweke voor die moorde het Andre se vriend genoem dat hy baie stil was. Toe hy hom daaroor uitgevra het, het hy gesê dat niks verkeerd is nie. Die vriend het wel genoem dat Andre gereeld gekla het dat hy nie met sy ouers oor die weg kom nie en dat hulle hom nie verstaan het nie. Hy was ook bewus daarvan dat die broers nie oor die weg gekom het nie. Met tye het Andre alkohol misbruik[7.4].

Aanvanklik het Andre die moorde anders aan die polisie en die hof beskryf. Hy het beweer dat sy broer die middag van die moorde 'n argument met sy ma gehad het. Sy ma wou glo nie die motor vir sy broer leen om na sy meisie te gaan nie. Sy broer het haar gevloek en gesê dat hy fiets sou ry. Andre het aangevoer dat hy en sy ouers saam aandete geëet het en televisie gekyk het. Sy ouers het later bed toe gegaan. Sy broer het kort na middernag daar aangekom en hulle het saam televisie gekyk. Andre het gaan slaap en het wakker geword van skote. Hy het na sy ouers se kamer gehardloop en hulle daar dood aangetref. Hy het uitgegaan en sy broer gekry waar hy op 'n stoel by die kroeg gestaan het. Andre het hom gevra wat aangaan. Coert het hom glo gevloek en hom uit die pad gestamp. Andre het op die stoel geklim en die pistool en handskoene in die plafon gekry. Hy het gedink sy broer wou die skuld vir die moord op sy ouers op hom pak. Andre het aangevoer dat hy woedend kwaad geraak het. Hy het pistool geneem en sy broer in sy bed gaan skiet. Hy het eers nadat hy die pistool weggesteek het besef wat hy gedoen het. Hy het ook aangevoer dat sy hande sweterig was en dat hy na die kraan geloop het om sy "onskuld af te was"[7.3]. Op 'n stadium tydens die verhoor het hy ook 'n vriend van 'n voormalige huishulp van die moorde beskuldig[7.4].



© University of Pretoria

Die ware gebeure het tydens die verhoor aan die lig gekom. Nadat die ouers gaan slaap het, het Andre sy ouers in hulle bed gaan skiet. Beide is van naby in die kop geskiet. Hy het hierna vir sy broer gewag om terug te keer huis toe. Toe sy broer bed toe gaan, het hy hom ook in die kop geskiet waar hy in sy bed gelê het. Hy het die wapen daarna in die plafon versteek. Nadat die polisie opgedaag het, het hy geskok, maar kalm voorgekom. Hy het vir hulle die wapen en handskoene in die plafon gewys. Daar is tydens die hofsaak aangevoer dat Andre oorweldig was deur sy liefdesverhouding. Hy het klaarblyklik onder geweldige druk verkeer nadat die verhouding beëindig is[7.1; 7.5]. Emosionele druk om te besluit oor sy toekoms en ’n oorweldigende liefdesverhouding wat gefaal het is voorgehou as redes vir die moorde.

In briewe aan sy vorige meisie voer Andre aan dat hy binnekort die geld sou kry om vir vliegkaartjies na die buiteland te betaal. Hy skryf ook herhaaldelik aan haar dat sy ouers hom nie verstaan nie en dat hulle heeltyd argumenteer. In meer as een brief noem hy dat hy uit die huis wou trek. Hy verklaar keer op keer sy liefde vir haar, maar daar is ’n deurlopende tema van emosionele manipulasie van die meisie. Dit blyk ook uit die briewe dat sy verhouding met sy vriendin problematies was[7.1]. In die sielkundige verslag het dit duidelik geraak dat hy bewus was van die uitdagings wat aan hom gestel was, maar dat hy nie seker was hoe om dit aan te pak nie. Hy het aan die een kant ’n onwilligheid getoon om homself aan gesag te onderwerp, maar aan die ander kant was hy ook op soek na goedkeuring van sy ouers. Hy het ook sy romantiese verhoudings geïdealiseer en was onrealisties in sy verwagtinge van verhoudings[7.1; 7.2]. Hy het egter oppervlakkige verhoudings met almal om hom gehandhaaf en geen empatie getoon nie. Die sielkundige het narsissistiese trekke by hom geïdentifiseer. Aan die een kant wou Andre sy eie behoeftes bevredig, maar andersyds wou hy graag die goedkeuring van ander hê. Hierdie dualistiese gevoelens het geweldige angs in hom tot gevolg gehad[7.1; 7.2].

Andre is skuldig bevind aan al drie moorde en het lewenslange gevangenisstraf vir elke moord gekry. Hy het ook 1 jaar gevangenisstraf gekry vir die onwettige besit van ’n vuurwapen[7.5]. Die eienaar van die restaurant waar Andre deeltyds gewerk het voor sy gevangenisstraf het vir hom ’n getuigskrif geskryf waarin hy aanvoer dat Andre ’n voorbeeldige en betroubare werknemer was en dat hy sy pligte met noukeurigheid uitgevoer het[7.1].



© University of Pretoria

In die volgende tabelle word die akkumulatiewe sistemiese en individuele faktore uiteengesit wat tot die moorde bygedra het. Die breekpunte wat aanleiding gegee het tot die moorde word ook bespreek. Laastens word die individuele en omstandigheidsfaktore aangedui wat moontlik tot 'n omvattende profiel kan lei.

**Akkumulatiewe sistemiese omstandighede wat moontlik tot moord bygedra het**

| | |
|---|---|
| Die swak verhoudings met sy ouers en broer veroorsaak moontlik dat hy onrealistiese verwagtings aan verhoudings stel. Hy soek dus na aanvaarding deur en goedkeuring van ander. | 7.1 |
| Herhaalde kritiek en argumente lei tot intense gevoelens van vyandigheid en aggressie teenoor sy broer en sy ouers. | 7.1; 7.2 |
| Hy het 'n behoefte aan toenadering, maar die emosionele ondersteuning en nabyheid van sy ouers is gering. | 7.1 |
| Sy intense ongelukkigheid by die huis spoel oor na alle fasette in sy lewe, wat sy verhoudings en vriende insluit. | 7.1 p.35 |
| Op daardie stadium van sy lewe was hy nie suksesvol in sy studies of verhoudings nie, wat moontlik gevoelens van minderwaardigheid en frustrasie veroorsaak het. | 7.3; 7.6 |
| Hy soek na goedkeuring en aanvaarding, maar kry dit nie in enige faset van sy lewe nie. | 7.1 |

**Akkumulatiewe belewinge van die individu wat tot moord aanleiding gegee het**

| | |
|---|---|
| Sy emosionele onvolwassenheid en amper kinderlike uitkyk op die lewe veroorsaak dat hy nie probleme toepaslik kan oplos nie. | 7.1; 7.2 |
| Herhaalde kritiek deur sy ouers en met tye sy broer veroorsaak swak interne kohesie, ernstige aggressie en minderwaardigheid in hom. | 7.1; 7.2 |
| Sy geneigdheid om hom aan situasies te onttrek veroorsaak moontlik dat hy weg raak in 'n innerlike wêreld, ver verwyder van die realiteit af. | 7.1 |
| Hy soek na onvoorwaardelike liefde en aanvaarding, maar kry dit in geeneen van sy verhoudings nie. | 7.1; 7.2 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Die verhouding met sy ouers is problematies en laat hom ongeborge voel. | 7.1 |
| ’n Rigiede persoonstipe is deur die sielkundige gediagnoseer, en min ondersteuning van sy ouers veroorsaak dat hy nie toepaslike probleemoplossingsvaardighede toon nie. | 7.2 |
| Hy voer ’n interne stryd tussen selfgesentreerdheid en om die goedkeuring van ander te kry (deur die sielkundige gediagnoseer). | 7.2 |
| In briewe wat hy vir sy vriendin skryf kritiseer hy haar. Dit kan moontlik dui op ’n lae selfkonsep en gevoelens van minderwaardigheid. | 7.1; 7.2 |
| Sy ideale is nie realisties nie en hy vind dit moeilik om sy angs te onderdruk. | 7.1; 7.2 |
| Tekens van depressie kom tot uiting in sy briewe aan sy vriendin en sy emosionele reaksies voor sy vriende. | 7.1; 7.2 |
| Sy intense behoefte aan ontvlugting van die realiteit kom tot uiting in drankmisbruik. Dit help ook om die intrapsigiese stryd te onderdruk. | 7.1; 7.2 p.3 |

**Breekpunte wat bereik word en moord tot gevolg het**

| | |
|---|---|
| Onstabiele familiedinamiek en gereelde argumente tussen Andre en sy ouers lei tot oorweldigende stres by Andre en emosionele oorspoeling. | 7.1 |
| Herhaalde konflik tussen Andre en sy ouers, Andre en sy broer, asook kritiek deur sy ouers lei tot ’n lae selfkonsep en onderdrukte aggressie by Andre. | 7.1; 7.2 |
| Andre dink nie hy sal ooit goed genoeg wees vir sy ouers nie en voel verwerp. | 7.1 |
| Aan die een kant wil Andre sy ouers se liefde en aanvaarding hê en aan die ander kant veroorsaak die konflik met hulle ambivalente gevoelens in hom. Dit veroorsaak moontlik ook gevoelens van onderdrukte aggressie. | 7.1; 7.2 |
| Sy ma let ’n ruk voor die moorde op dat die onderdrukte aggressie oorspoel in aggressiewe optrede en ’n gebrek aan respek teenoor haar. | 7.1 p.34-35 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Die meisie wat hom los laat hom weereens met gevoelens van verwerping en hy voel dat hy nêrens onvoorwaardelik aanvaar word en in beheer is nie. | 7.1; 7.2 |
| Hy argumenteer herhaaldelik met sy broer, en dit lei tot die verbrokkeling van hulle verhouding. Andre trek in die buitekamer in. | 7.1 |
| Hy tree emosioneel manipulerend op (bv. in die briewe aan sy meisie) wat konflik en verwerping deur ander tot gevolg het. | 7.1 |
| Aan die een kant wil hy uit die ouerhuis vlug, maar aan die ander kant het hy sy ouers fisies en emosioneel nodig. Die briewe aan sy meisie toon ’n desperate soeke na ontvlugting en aanvaarding. Hierdie dualiteit veroorsaak intrapsigiese onstuimighede. | 7.1; 7.2 |

**Individuele en omstandigheidsfaktore wat moontlik tot ’n omvattende profiel kan lei**

| | |
|---|---|
| ***Problematiese binding*** | Swak verhoudings met sy pa en ma is deur die sielkundige toetse bevestig. Hy kan nie openlik met hulle gesels nie. Hy voel nie dat hy onvoorwaardelik aanvaar word nie. Die binding tussen Andre en sy ouers was besonder swak[7.1; 7.2]. |
| ***Verwerping*** | Sy broer word voorgehou as voorbeeld. Hy word nie aanvaar vir wie en wat hy is nie. Herhaalde kritiek en argumente lei tot gevoelens van emosionele verwerping[7.1 p.34]. |
| ***Gesinswanfunksionering*** | Gereelde argumente tussen Andre en sy ouers, asook tussen Coert en Andre. Die ouers vergelyk die kinders ongunstig en speel hulle teen mekaar af[7.1 p.34]. |
| ***Sosiale isolasie*** | Geen. |
| ***Interpersoonlike verhoudingsprobleme*** | Baie swak interpersoonlike verhoudings is deur die sielkundige gediagnoseer. Dit is ook duidelik in sy verhouding met sy vriendin, ouers en broer. Hy voel |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | minderwaardig en wil in beheer wees; dit veroorsaak dat sy verhoudings oor die algemeen oppervlakkig bly[7.2]. |
| ***Straf/mishandeling/Ekstreme ouerskapstyl*** | Verbale kritiek van ouers. Argumente met ouers en broer[7.1 p.34]. |
| ***Angs*** | Die stryd tussen selfgesentreerdheid en 'n behoefte aan aanvaarding lei tot onderliggende angs. Sy onvermoë om betekenisvolle verhoudings te stig kan daartoe lei dat hy nie aan die eise van die samelewing kan voldoen nie, wat weereens angs kan veroorsaak[7.2]. |
| ***Aggressie*** | Erge aggressie teenoor sy broer, want sy broer ervaar sy ouers se liefde en goedkeuring. Aggressie teenoor ouers omdat hulle hom nie onvoorwaardelik aanvaar en liefhet nie. Kritiek en argumente met ouers en broer veroorsaak ook verdere gevoelens van aggressie. Latente aggressie is deur die sielkundige gediagnoseer[7.2 p.1]. |
| ***Dwelmmisbruik*** | Met tye misbruik hy alkohol om uit sy situasie te ontvlug en om die intrapsigiese stryd te onderdruk[7.2 p.3]. |
| ***Ernstige behoefte om uit omstandighede te kom*** | Hy skryf gereeld aan sy vriendin dat hy van sy situasie wil ontvlug. Ontvlugting is sy manier om van die hoë eise af weg te kom. Hy fantaseer gereeld oor 'n nuwe lewe ver van sy huidige omstandighede[7.1]. |
| ***Katalisator*** | Geen opmerklike gebeurtenis is aangeteken nie. |



© University of Pretoria

## 3.8. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het navorser die data van 6 gevalle waar meer as een familielid ’n slagoffer van familiemoord was, uiteengesit en geanaliseer. Die biografiese besonderhede en agtergrondinligting van elke geval is uiteengesit in ’n narratiewe formaat. Die gevalle is geanaliseer volgens die sistemiese omstandighede wat bygedra het tot moord, die akkumulatiewe belewinge van die individu wat aanleiding gegee het tot moord en die breekpunte wat bereik is om moord te kon pleeg. Die individuele en omstandigheidsfaktore wat moontlik tot ’n omvattende profiel kan lei is aan die einde van elke saak uiteengesit.



© University of Pretoria

# 4. BEVINDINGS EN INTERPRETASIE – EEN SLAGOFFERMOORD DEUR KINDERS IN FAMILIES

## 4.1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word ’n ontleding van sowel die data as die geïdentifiseerde temas van enkelslagoffer-familiemoorde onder die loep geneem. Die gevallestudies, wat doelmatig vir die studie geselekteer is, word individueel bespreek. Die geïdentifiseerde temas word na elke geval uiteengesit.

In hierdie hoofstuk word elke geval toegelig met die biografiese besonderhede van die kind en ’n narratiewe sinoptiese beskrywing, waarna die temas (wat op ’n fenomenologiese werkswyse geïdentifiseer is) uiteengesit word. Soos vroeër genoem is die faktore wat aanleiding gegee het tot die moorde as geheel geanaliseer en nie slegs in isolasie geïnterpreteer nie. Die akkumulatiewe sistemiese en individuele gebeure is in ag geneem tydens die analise. Die breekpunte wat kort voor die moorde, maar ook opbouend oor die jare plaasgevind het, is in ag geneem vir die finale analises wat in die hoofstuk uiteengesit word. Alhoewel daar raakpunte tussen al die gevalle was, was die navorser ook daarvan bewus dat elke geval in sekere opsigte uniek is.

Een slagoffermoorde word vervolgens verduidelik en uiteengesit, waarna die temas wat in al die gevalle opgeval het, in ’n tabel weergegee word. Die databronne wat in Hoofstuk 3 en 4 gebruik is, word aan die einde van die proefskrif weergegee om vertroulikheid te verbeter.



© University of Pretoria

## 4.2. SIMONE

| | |
|---|---|
| **Skuilnaam** | Simone |
| **Ouderdom ten tyde van die moord** | 12 jaar |
| **Ras en geslag** | Indiër; vroulik |
| **Moord** | Sy het haar ouma deur twee huurmoordenaars laat vermoor terwyl sy teenwoordig was. |
| **Databronne gebruik by die opstel van die profiel** | Hofverslae<br>Maatskaplike verslae<br>Sielkundige verslae<br>Telefoniese onderhoud met maatskaplike werker (2 Februarie 2016)<br>Onderhoud met advokaat (23 Februarie 2016)<br>Skoolrapport<br>Koerantberig |



© University of Pretoria

***"All thoughts and images of gran, dad, mum and brother were on top of me at once and I couldn't manage it."[12]***

***"Yes, it is wrong and I regret what I did, but I didn't think it was wrong at the time..."[13]***

***~ Simone [3.7 p18]***

**Agtergrond**

Simone se ouers het mekaar ontmoet toe haar ma 19 en haar pa 23 jaar oud was. Hulle is kort na hulle ontmoeting getroud. Simone is 'n paar maande na die ouers se troue gebore. Die ma het net na die geboorte 'n harttoestand en anemie ontwikkel. Sy kon nie Simone borsvoed nie en Simone se ouma aan moederskant het vir die fisiese versorging van die baba ingestaan[3.1]. Simone het 'n broer wat 5 jaar jonger is as sy[3.1 p.6].

Die eerste jaar van die huwelik was gelukkig, waarna Simone se pa alkohol begin misbruik het. Die pa het Simone begin verwaarloos en min respek vir haar ma getoon. Hy het die ma emosioneel asook fisies begin mishandel en aggressief opgetree. Hy het Simone ook fisies mishandel. In hierdie tydperk was hy gereeld werkloos. Die ouers het met tye uitmekaar gegaan en op verskillende plekke gewoon. Die huwelik was skynbaar blywend as gevolg van die ma se lojaliteit teenoor die pa en die kinders[3.1p.3; 3.7 p.4].

Die pa se verhouding met sy eie ma is as stormagtig beskryf [3.7 p.5]. Aan die een kant was hy baie afhanklik van sy ma, maar aan die ander kant was dit moeilik vir hom om enige van sy eie ma se versoeke te weier. Die tye wat hy wel geweier het om aan sy ma se versoeke te voldoen is gekenmerk deur spanning en skeiding tussen hulle[3.7].

Die pa se ma was die mees dominante persoon in Simone se pa se lewe[3.7 p. 5]. Sy het werk aan hom verskaf en hom afhanklik van haar gehou deur hom slegs 'n klein salaris te

---

[12] "Alle gedagtes en voorstellings van Ouma, Pa, Ma en broer was tegelykertyd op my, en ek kon dit nie hanteer nie."

[13] "Ja, dis verkeerd en ek is jammer oor wat ek gedoen het, maar ek het nie toe gedink dis verkeerd nie."



© University of Pretoria

betaal. Verder het sy hom van ’n huis voorsien, maar hom gereeld gedreig dat sy dit sou terugneem. Hy is selfs voorgesê hoe om aan te trek en sy kinders te behandel[3.7 p.5]. Sy het ook bepaal na watter skool haar kleinkinders moes gaan. Sy het gereeld haar skoondogter verkleineer en afgekraak. Die ouma aan vaderskant het daarop aangedring dat die kinders vir lang tydperke by haar moes oorbly. Die ouma se kritiek was gereeld op Simone se pa gerig. Sy het hom met tye ’n onintelligente dronklap genoem. Die ouma het gereeld haar pa voor haar verneder en vloekwoorde geuiter oor haar ma. Simone se ma het beweer dat die pa lief vir sy ma was, maar ten spyte van sy pogings haar nie gelukkig kon hou nie[3.7 p.7].

Toe Simone 4 jaar oud was, het haar ouma haar pa ernstig fisies aangerand na ’n argument. Simone het die beserings gesien en was daarvan bewus dat haar ouma dit veroorsaak het. Die pa se beserings was snymerke, drie gebreekte ribbes en ’n gekraakte vinger[3.7 p.6]. Toe Simone 10 jaar oud was, het haar pa agtergekom dat hy nie deur sy biologiese pa grootgemaak is nie. Dit was vir hom ’n groot skok en dit het in ’n intense argument tussen hom en sy ma ontaard. Hy het depressief geraak en sy gevoelens met Simone gedeel[3.5 p.7,12; 3.7 p.6]. Hy het vir haar gesê dat die lewe saam met sy ma onuithoudbaar was en dat hy selfmoord oorweeg. Twee dae later het hy homself geskiet. Haar pa se dood was ’n groot skok vir Simone, en na sy dood het sy gereeld van hom gedroom. Simone het vir ’n tydperk na sy selfmoord sielkundige terapiesessies bygewoon, maar haar ouma aan vaderskant het die sessies beëindig toe sy van mening was dat Simone genoegsaam aangepas het[3.2 p.1052]. Hoewel Simone beweer dat sy nooit selfmoordgedagtes gehad het nie, is daar wel melding gemaak van ’n selfmoordpoging twee maande na haar pa se dood[3.2 p. 1052; 3.5 p.673].

Na die pa se dood het sy ma die familie uit die huis wat sy aan hulle voorsien het, laat sit[3.1 p. 4]. Alhoewel Simone se ma ’n onderdanige rol gespeel het binne die familieverband, was sy die hoofbroodwinner. Sy is egter ook gedomineer deur haar skoonma[3.4; 3.7 p.6]. Belangrike besluite, soos waar Simone moes tuisgaan en na watter skool sy kon gaan, is deur die skoonma geneem, en Simone se ma se opinie is selde in ag geneem. Die ouma het die ma as konserwatief beskou en het dikwels voor Simone gebid dat die ma moet doodgaan[3.4]. Die skoonma en Simone se pa (toe hy nog geleef het) het saam besluit dat Simone vir lang tydperke by haar ouma (die skoonma) moes bly (Grade 1, 5 en 7). Verder het hulle ook besluit watter skool sy moes bywoon sonder dat Simone se ma ’n inset kon lewer[3.1 p. 3; 3.7]. Simone se ma het self ook



© University of Pretoria

traumatiese gebeure beleef in die tydperk wat sy met Simone se pa getroud was. Sy het gesien hoe haar eie ma voor haar dood geskiet is[3.7 p.7].

Simone het ’n ambivalente verhouding met haar pa gehad. Sy was lief vir haar pa, maar hy het haar soms bederf en ander kere verwaarloos. Simone se verhouding met haar ma was ook gekompliseerd. Simone se ma het nie ’n groot invloed op haar gehad tydens haar jonger jare nie. Die besluite oor haar lewe is meestal geneem deur haar pa en haar ouma aan vaderskant. Die ma was ’n verpleegster en het lang ure gewerk. Simone het haar verhouding met haar eie broer as goed beskryf [3.1 p.4].

Haar verhouding met haar ouma aan vaderskant is gekenmerk deur dominansie, manipulasie maar met tye ook toegeeflikheid. Die ouma het nagklubs besit, en Simone moes namens haar ouma vanaf die ouderdom van 9 jaar geld by die instellings gaan invorder[3.4; 3.5]. Hierdie take moes meestal in die aande uitgevoer word. Haar ouma het baie gekla oor Simone se telefoongebruik en die tyd wat sy op die telefoon gespandeer het. Simone se gesprekke was meestal met ’n vriend wat heelwat ouer as sy was. Die ouma het die verhouding met die ouer vriend, wat 20 jaar oud was, beëindig[3.2 p.4]. Die kere wat sy by haar ma wou gaan woon het die ouma haar gemanipuleer deur vir haar te sê dat haar ma haar emosioneel skade kon aandoen. Die ouma se beledigings en afkrakery van Simone se ouers het haar gereeld laat huil. Haar ouma het Simone met haar eie dogter vergelyk en dan genoem dat sy nie so intelligent of mooi soos haar dogter is nie[3.5 p.712; 3.7 p.18]. Simone het haar ouma beskryf as iemand wat kil en koud was, maklik rusie gemaak het, ongeskik was en nie ander se gevoelens in ag geneem het nie. Simone was onseker of haar ouma vir haar omgegee het as gevolg van die feit dat sy so ambivalent was. Soms was sy toegeeflik en ander kere het sy wreed opgetree. Die wyse waarop haar ouma aan vaderskant Simone se jonger boetie fisies gestraf het, het haar ook dikwels ontstel[3.5 p.712; 3.7 p.18]. Simone was van mening dat die ouma die oorsaak van haar pa se selfmoord was, maar die ouma het Simone die skuld daarvoor gegee. Ten spyte van die stormagtige verhouding met haar ouma het Simone gemeld dat sy tog lief was vir haar. Sy het ook genoem dat die ouma met tye baie vrygewig was. Sy het ’n soort bewondering vir haar gehad[3.2 p.6]. Na die moorde het familielede van die pa genoem dat Simone ook met een van haar tannies geïdentifiseer het en graag soos sy wou wees. Sy het volgens die familielede van die tannie se juwele en grimering gesteel, moontlik in ’n poging om soos sy te lyk en op te tree[3.1 p.8].



© University of Pretoria

Die skool- en sielkundigeverslae het Simone beskryf as 'n aangename jong meisie wat met selfvertroue opgetree het. Die relevante skoolpersoneel, die gesinsadvokaat en die sielkundiges wat Simone in terapie gehad het, was van mening dat Simone op 'n hoër emosionele en sosiale vlak gefunksioneer het as haar kronologiese ouderdom en portuurgroep[3.4; 3.5; 3.6]. In die verslae en onderhoude (advokaat en maatskaplike werker) was daar geen vermelding van wangedrag nie. Inteendeel; sy het 'n goeie skoolbywoningverslag getoon, aan sport deelgeneem en was 'n leier op skool. Haar verhoudinge met haar portuurgroep is ook as toereikend beskryf [3.4; 3.5; 3.6].

'n Paar weke voor die moorde het Simone gemeld dat 'n familievriend onverwags by die skool opgedaag het. Sy het die vriend met tye by haar ouma se klub gesien. Hy het Simone 'n bedrag geld gegee en gesê dat hy haar in die toekoms 'n guns sal vra. Sy het die versoek vreemd gevind, maar sy het op daardie stadium niks daarvan gedink nie. Simone was bewus daarvan dat hy soms aggressief opgetree het en na bewering iemand vermoor het. Sy was ook daarvan bewus dat die familievriend geld by haar ouma geleen en nie terugbetaal het nie. 'n Paar dae voor die moord het die man haar weer opgesoek en met haar gepraat oor die guns wat hy benodig. Hy het haar gevra om mense te kry om haar ouma te vermoor. Simone was baie ontsteld en het skynbaar hieroor gehuil. Die man het genoem dat haar ouma vir Simone, haar ma en jonger broer wou vermoor. Vir haar was dit geloofwaardig, want in haar opinie was die ouma tot moord in staat.

Volgens Simone het die familievriend voorgestel dat sy twee arm swart mans moet soek om haar ouma te vermoor. Hy het ook gesê sy moet hulle waardevolle items in die huis gee as betaling. Die familievriend het haar verseker dat dit in haar eie belang is en dat hy haar sou beskerm teen enige wetlike gevolge. Hy sou haar ook bystaan met 'n alibi. Simone het ook beweer dat die vriend vir haar een of ander teken sou gee wanneer die tyd reg is om haar ouma te vermoor. Hy het voorgestel dat sy slaaptablette in haar ouma se tee gooi op die dag wat hy sou aandui waarop die moord moes plaasvind[3.1].

Volgens Simone het die familievriend wat haar vroeër vir die guns genader het, die betrokke Saterdag verby haar gery. Dit is onduidelik hoe sy geweet het sy moes uitgaan en of dit bloot toevallig was dat hulle mekaar gesien het. Volgens Simone het die vriend haar geroep en vir haar gewaai. Sy het dit as die teken beskou waarop hulle ooreengekom het om die moord



© University of Pretoria

te laat pleeg. Simone het teruggegaan na haar ouma se woning en haar ouma se slaaptablette in haar tee gegooi. Daarna het sy uitgegaan om die mans te soek wat haar ouma sou vermoor. Sy het twee mans op straat gesien wat by die beskrywing gepas het wat die familievriend vir haar gegee het. Sy het hulle genader. Sy was emosioneel en het gehuil. Die mans het later haar emosionele toestand bevestig. Sy het hulle gevra om haar ouma dood te maak omdat die ouma haar ouers vermoor het. In ruil vir hulle hulp kon hulle enige items uit die huis neem. Een van die mans het genoem dat hy ook seksuele omgang met haar as deel van die vergoeding vir die moord versoek. Simone het ingestem om na die moord aan sy versoek te voldoen. Die mans het saam met haar in die huis ingegaan. Sy het vir hulle kombuismesse gegee om haar ouma te vermoor. Die mans het na die kamer gegaan en een van hulle het haar slapende ouma verwurg. Hoewel die ouma reeds dood was, was Simone nie tevrede nie. Sy het haar ouma ondersoek en daarop aangedring dat die mans haar ouma se keel afsny. Hulle het teruggegaan na die kamer en die ouma se keel afgesny met die messe wat aan hulle verskaf is. Simone het vir hulle juwele, ’n videomasjien, dekodeerder en klere gegee. Die twee mans is later gearresteer en het elk 25 jaar tronkstraf vir hulle aandeel in die moord gekry[3.3].

Simone het genoem dat sy hierdie moord slegs oorweeg het na aanleiding van die versoek en inligting wat die familievriend vir haar gegee het. Sy het egter nooit weer die familievriend gesien nie, en sy het slegs hierdie verklaring aan die polisie gegee nadat die twee mans gearresteer is en haar betrokkenheid by die moord verduidelik het. Ofskoon die hof nie haar verduideliking van die familievriend se betrokkenheid by die moord aanvaar het nie, het sy in die jare na die moord nog nooit haar weergawe hieroor verander nie. Haar motief vir die moord was nie baie duidelik nie. Een moontlike verduideliking is dat sy met haar ouma geargumenteer het oor haar verhouding met die 20-jarige man en die hoë telefoonkoste, maar die maatskaplike werker het beweer dat die dood van die ouma Simone bevryding gegee het van ’n ontoereikende verhouding met haar ouma[3.1; 3.7 p.978].

Simone is skuldig bevind en het 36 maande korrektiewe toesig en ’n vir 7 jaar opgeskorte vonnis gekry vir haar aandeel in die moord. Sy was 36 maande onder huisarres. ’n Deel van haar vonnis was gemeenskapsdiens[3.1]. Op daardie stadium was Simone Suid-Afrika se jongste vroulike medepligtige moordenaar. In die jare na die moord het haar pa se familie kontak met haar verbreek. Die laaste berigte oor haar het genoem dat haar verhouding met haar ma verbeter het en dat sy getroud is en self kinders het[3.3]. Haar destydse advokaat asook haar



© University of Pretoria

maatskaplike werker het beide genoem dat sy goed aangepas het in die samelewing na die moord en haar straf [3.4; 3.6].

In die volgende tabelle word die geanaliseerde data uiteengesit. Die navorser het nie na faktore in isolasie gekyk nie, maar het al die faktore in ag geneem om bepaalde gevolgtrekkings te maak. Verbale en fisiese mishandeling, wisselvallige ouerskapstyle asook 'n gebrek aan stabiele lewensomstandighede kon moontlik tot die finale breekpunt gelei het.

**Akkumulatiewe sistemiese omstandighede wat moontlik tot die moord bygedra het**

| | |
|---|---|
| Fisiese en verbale mishandeling lei tot gevoelens van verwerping en aggressie. | 3.1 p.3 |
| Problematiese binding met ma veroorsaak algemene lewensonsekerheid. | 3.7 |
| Blootstelling aan alkoholmisbruik en volwasse take lei tot onstabiele en onsekere lewensomstandighede. | 3.1 p.3; 3.4; 3.5; 3.7 p.4 |
| Gevoelens van ongeborgenheid word geskep deur die pa en ma, wat as swak en onbelangrik voorgehou word deur haar ouma. Haar ouers tree ook met min outoriteit op, wat moontlik hierdie gevoelens kon vererger. | 3.5 p712; 3.7 p.18 |
| Die ouma toon min respek vir haar en ander. Dit lei tot 'n lae selfkonsep en aggressie. | 3.5 p.712; 3.7 p.18 |
| Wisselvallige opvoedingstyle veroorsaak onsekerheid en verwarring. | 3.1 p. 3; 3.7 |
| Haar ouers kan nie standpunt inneem vir haar of hulself teen die manipulerende ouma nie. Dit skep 'n gevoel van onsekerheid, ongeborgenheid, ambivalensie en angs. | 3.4 |
| Wisseling van verblyf (skuif tussen die ouers en die ouma) en 'n ambivalente verhouding met haar ouma, pa en ma skep gevoelens van onsekerheid. | 3.4; 3.5 p.712; 3.7 p.6 |
| Affektiewe dualiteit word moontlik veroorsaak deur haar ouma, wat soms liefdevol en ander kere dominerend is. | 3.2 p. 6, 18; 3.5 p.712 |
| Blootstelling aan ontoepaslike omgewings soos nagklubs skep 'n illusie van valse volwassenheid (pseudo-volwassenheid). | 3.4; 3.5 |
| Haar ouma is beheersugtig, en dit lei tot aggressie en opstandigheid. | 3.4; 3.6; 3.7 p.6 |
| Sy ervaar gevoelens van onveiligheid en is met tye bang vir ouma. | 3.5 p.712; 3.6; 3.7 p.18 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Haar morele ontwikkeling is geskoei op ’n ontoepaslike lewensstyl. | 3.4; 3.5 |
| Sy toon swak oordeelsvermoë omdat sy aan uiteenlopende waardestelsels blootgestel word. | 3.4; 3.5 |
| Afwesigheid van toepaslike rolmodelle en met tye twyfelagtige optrede deur volwassenes lei tot swak normidentifikasie. | 3.5 p.712; 3.7 p. 6, 18 |
| Die afwesigheid van ’n vertroueling om haar gevoelens en dilemmas mee te deel veroorsaak ongeborgenheid en angs. | 3.1 p.5; 3.2 p.1052; 3.4 |

**Akkumulatiewe belewinge van die individu wat aanleiding gegee het tot moord**

| | |
|---|---|
| Intergenerasionele mishandeling. | 3.1 p.3; 3.7 p. 4,6 |
| Inkonsekwente ouerskapstyle en swak binding met haar ouers veroorsaak gevoelens van onveiligheid en onsekerheid. | 3.1 p.3; 3.7 |
| Sy toon onsekerheid en ongeborgenheid agv die skuif van haar ouerhuis na haar ouma se huis. Dit lei ook tot gevoelens van verwerping en angs. | 3.1 p. 3; 3.4; 3.7 p.6 |
| Gevoelens van verwerping deur pa, ma en ouma. | 3.1 p.3,5; 3.4; 3.5, 3.7 p. 4,18 |
| Haar huislike omstandighede en die blootstelling aan traumatiese gebeure en ouderdomsontoepaslike take veroorsaak ’n algemene lewensonsekerheid. | 3.1 |
| Emosionele spanning veroorsaak ’n swak oordeelsvermoë. | 3.1 |
| Haar blootstelling aan ’n onstabiele verhouding met haar ouma veroorsaak gevoelens van latente aggressie. | 3.4; 3.5 |
| Die miskenning van haar gevoelens en die onderdrukking daarvan lei tot terneergedruktheid en selfmoordpogings. | 3.2 p.1052; 3.5 p. 673; 3.6 |
| Sy toon kognitiewe en morele oortuiging dat haar dade aanvaarbaar was, moontlik agv die blootstelling aan ouderdomsontoepaslike omstandighede. | 3.3 |



© University of Pretoria

**Breekpunte wat bereik word en moord tot gevolg het**

| | |
|---|---|
| Intense en ambivalente verhouding met ouma, soms liefdevol ander kere antagonisties. Dit skep gevoelens van verwarring, magteloosheid en aggressie. | 3.4; 3.5 |
| Haar pa pleeg selfmoord. | 3.2 p. 1052; 3.5 p.7,12; 3.7 p. 6 |
| Die ouma se beskuldigings dat sy haar pa se selfmoord veroorsaak het skep gevoelens van aggressie. | 3.2 p. 6 |
| Haar eie oortuiging dat haar ouma die oorsaak van haar pa se selfmoord was veroorsaak verdere gevoelens van aggressie. | 3.2 p. 6 |
| Totale dominansie van ouma en gebrek aan respek vir Simone se ma veroorsaak gevoelens van desperaatheid, verwarring en aggressie. | 3.1 p.5; 3.4; 3.6; 3.7 p.6 |
| Die ontoepaslike verhouding met die 20-jarige man word deur haar ouma gestop, wat aggressie by Simone kon veroorsaak. | 3.1; 3.7 p.978 |
| Interne onstuimigheid en spanning beïnvloed haar oordeelsvermoë en veroorsaak gevoelens van angs en spanning. | 3.1 |

**Individuele en omstandigheidsfaktore wat moontlik tot ’n omvattende profiel kan lei**

| | |
|---|---|
| ***Problematiese binding*** | Problematiese binding met ma; sy was sieklik net na die geboorte en kon nie borsvoed nie. Later was sy onbetrokke en tree sy nie in belang van Simone op nie. Haar pa worstel met sy eie emosionele probleme. Hy het haar soms mishandel en het toegelaat dat sy ma (haar ouma) haar opvoeding oorneem. Hy beskerm haar nie en tree nie vir haar in nie[3.1; 3.2; 3.7]. |
| ***Verwerping*** | Moontlike persepsie van verwerping deur haar ouma; sy was met tye liefdevol en ander kere aggressief. Die pa was met tye liefdevol en het ander kere aggressief opgetree. Hy pleeg selfmoord wat moontlik gevoelens van verwerping kon veroorsaak. Die ma was passief en het nie ingetree of |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | haar beskerm nie. Die ouers laat toe dat sy by ouma bly en dat haar ouma alle besluite oor haar lewe neem. Dit laat haar verwerp voel deur haar ouers[3.1; 3.2 p. 1052; 3.4; 3.6; 3.7 p. 6]. |
| ***Gesinswanfunksionering*** | Ernstige gesinswanfunksionering en onstabiele huisplasing veroorsaak onsekerheid en ongeborgenheid wat akkumulatief saam met ander risikofaktore kan bydra tot geweld en selfs moord[3.1]. |
| ***Sosiale isolasie*** | Die tye wat sy by haar ouma bly, veroorsaak dat sy meestal met volwassenes kontak het. Sy het ook 'n mansvriend wat 20 jaar oud is[3.4; 3.6]. |
| ***Interpersoonlike verhoudingsprobleme*** | Geen interpersoonlike verhoudingsprobleme is vermeld nie, maar sy tree veel ouer as haar portuurgroep op. Sy identifiseer met ouer persone (vriend wat 20 jaar oud is). Pseudo-volwassenheid. Sy het nie werklik iemand om op te steun nie[3.6]. |
| ***Straf/mishandeling/Ekstreme ourskapstyl*** | Fisiese en verbale straf en soms mishandeling deur ouma en pa. Blootstelling aan mishandeling van pa deur ouma[3.1 p. 3; 3.7 p.4]. |
| ***Angs*** | Gevoelens van onveiligheid, ongeborgenheid en onsekerheid oor familieomstandighede lei tot angs. Die feit dat sy van een familielid na 'n ander gestuur word veroorsaak onsekerheid en ongeborgenheid [3.4; 3.7]. |
| ***Aggressie*** | Gevoelens van aggressie teenoor ouma agv dominansie en minagting van haar gevoelens en emosionele behoeftes. Aggressie teenoor pa en ma omdat hulle haar nie beskerm het nie. Aggressie teenoor ouers agv gebrek aan emosionele en fisiese beskerming[3.1]. |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| ***Dwelmmisbruik*** | Geen |
| ***Ernstige behoefte om uit omstandighede te kom*** | Die moord op die ouma is ’n sterk aanduiding dat sy uit die omstandighede wou kom. Die “huur” van die twee vreemde mans dui op ’n desperaatheid om die omstandighede te verander[3.1]. |
| ***Katalisator*** | Voortdurende verbale en fisiese mishandeling deur die ouma. Gebrek aan deurlopende beskerming deur ouers en die mishandelende ouma[3.1]. |



© University of Pretoria

# 4.3. MANDLA

| | |
|---|---|
| **Skuilnaam** | Mandla |
| **Ouderdom ten tyde van moord** | 17 jaar |
| **Ras en geslag** | Swart man |
| **Moord** | Hy het sy stiefpa doodgesteek met 'n mes. Verwys na Par 1.5.2 vir die volledige definisie van familielede in hierdie studie. |
| **Databronne gebruik by die opstel van die profiel** | Hofverslae<br>Psigososiale verslag<br>Polisierekord<br>Onderhoud met advokaat (22 September 2015) |

**"I got fed up with the deceased and wanted to teach him a lesson"** [14]

***~Mandla*** *8.1 p.33*

[14] "Ek was keelvol vir die oorledene en wou hom 'n les leer."



© University of Pretoria

**Agtergrond**

Mandla se ouers het nooit getrou of saamgewoon nie. Mandla en sy jonger broer is deur beide ouers grootgemaak vir die eerste vyf jaar van sy lewe, waarna die ma en kinders na die binneland verhuis het. Sy pa het verhuis na ’n kusdorp waar daar ’n werkgeleentheid vir hom was[8.3 p.4]. Die ma het die verhouding tussen haar en die pa beëindig nadat sy ’n verhouding met Mandla se stiefpa begin het. Mandla se jongste halfsuster is uit die verhouding tussen sy ma en stiefpa gebore[8.3 p.4].

Na die ouderdom van 5 jaar is Mandla deur sy ouma grootgemaak. Die ouers het hom in hierdie tydperk finansieel ondersteun. Mandla het dit geniet om by sy ouma te bly[8.3 p.4]. Toe hy 12 jaar oud was, het hy ’n besering opgedoen. Die oorsaak daarvan is nie duidelik nie. Hy het twee weke in die hospitaal spandeer, waarna hy met epilepsie gediagnoseer is. Toe hy 16 jaar oud was, het hy weer by sy ma gaan woon. Sy biologiese pa is in hierdie jaar oorlede[8.3].

Toe Mandla teruggetrek het na sy ma toe, het sy reeds geruime tyd saam met sy stiefpa gewoon. Die omgewing waar die familie gewoon het, was geteister deur sosiale probleme, wat armoede en werkloosheid ingesluit het. Die familie het in ’n informele huis met twee slaapkamers en ’n kombuis gewoon. Die ma het ’n staatsubsidie vir twee van die kinders ontvang. Mandla het die woning gedeel met sy ma, stiefpa, broer en suster[8.3 p.4].

Mandla het nie ’n goeie verhouding met sy stiefpa gehad nie. Sy stiefpa het gereeld alkohol misbruik en is beskryf as ’n gewelddadige persoon[8.1 p.3; 8.3 p.4]. Hy was ook gereeld in argumente betrokke met Mandla en sy ma. Tydens die hofsaak het die ma genoem dat sy geglo het daar dalk ’n wrok tussen Mandla en sy stiefpa bestaan het. Sy het egter nie die besonderhede hieroor verskaf nie. Sy ma het die stiefpa meer as een keer by die polisie aangegee vir alkoholmisbruik en gewelddadige gedrag. Die stryery tussen haar en die stiefpa het ook veroorsaak dat sy ’n werk aanvaar het in ’n ander dorp. Die kinders het egter by die stiefpa gebly en die ma het naweke huis toe gekom[8.1 p.19].

Mandla het in die jaar wat hy die moorde gepleeg het, nie Graad 9 deurgekom nie. Hy het dit toegeskryf aan die feit dat hy die hele tyd aan die hofsaak waarin hy van die moord op sy stiefpa aangekla is, gedink het en nie op sy skoolwerk kon konsentreer nie. Hy het aangedui dat hy graag skool sou wou voltooi. Mandla het genoem dat hy feitlik geen vriende het nie. Hy



© University of Pretoria

het slegs een vriend gehad waar hy laaste woonagtig was. Sy ma het hom as 'n goed gemanierde kind beskryf[8.3 p.5]. Die advokaat het Mandla as 'n oulike seun beskryf, wat geen vorige misdrywe gepleeg het nie[8.4].

Die aand van die moord het Mandla se ma en sy stiefpa gestry. Mandla het gaan kyk wat aangaan en gesien dat sy stiefpa 'n mes in sy hand hou en sy ma daarmee dreig. Mandla het woedend geraak, waarna hy en sy stiefpa, wat toe dronk was, begin stoei het[8.1 p.14-18]. Mandla het sy stiefpa twaalf keer met die mes gesteek[8.1; 8.2 p.3]. Hy het genoem dat hy baie kwaad was vir sy stiefpa omdat hy sy ma gedreig het. Hy beskryf dit soos volg: "Ek was keelvol vir die oorledene en wou hom 'n les leer"[15 8.3 p.33]. Die buurman het die polisie geskakel. Mandla en sy ma is aanvanklik beide aangekla van die moord. Sy het net na die moord aan die buurman genoem dat sy die stiefpa doodgemaak het in 'n poging om Mandla te beskerm. Die ma is egter onskuldig bevind en Mandla het 'n vonnis van vyf jaar vir die moord gekry[8.3 p.33].

Die maatskaplike werker het tot die gevolgtrekking gekom dat Mandla herhaaldelik deur sy familie verwerp is. Hy is eerstens verwerp deur sy biologiese pa en ma, waarna hy by sy ouma gaan woon het. Hierna is hy weer verwerp deur sy stiefpa en later ook deur sy ma, nadat sy 'n betrekking weg van die familie aanvaar het. Sy het ook gevoel dat hy nie 'n toepaslike vaderfiguur in sy lewe gehad het wat hom kon ondersteun nie[8.3 p.7].

In die volgende tabelle word die geanaliseerde data uiteengesit. Die navorser het na die akkumulatiewe faktore gekyk om bepaalde gevolgtrekkings te maak. Oorsaaklike faktore behoort gesien te word as 'n sameloop van omstandighede wat moord tot gevolg kon hê.

**Akkumulatiewe sistemiese omstandighede wat moontlik tot moord bygedra het**

| | |
|---|---|
| 'n Verswakte binding met beide ma en pa veroorsaak gevoelens van algemene lewensonsekerheid. Hy bly nie saam met sy pa nie en later ook nie by sy ma nie. Die ouers trek weg van mekaar af. | 8.3 p.4 |
| Hy word weggeneem van die een toepaslike ouerfiguur, naamlik sy ouma. Beperkte ouerlike leiding en aanmoediging word verskaf deur die | 8.3 p.4 |

[15] "I got fed up with the deceased and wanted to teach him a lesson."



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| ouers en stiefouer. Hy is dus nie vertroud met toepaslike probleemoplossingstrategieë nie. Hy gebruik later die een strategie wat hy ken, naamlik geweld, om sy stiefpa ’n spreekwoordelike “les te leer”. | |
| Sy ouma word beskryf as ’n stabiele invloed op hom, maar hy word uit sy enigste stabiele omstandighede verwyder en in ’n onstabiele familiedinamiek geplaas. Dit veroorsaak dat hy onveilig, angstig en ongeborge voel. | 8.4 p.4 |
| Sy stiefpa misbruik drank en is gewelddadig. Dit laat hom met gevoelens van angs en onderdrukte aggressie. | 8.1 p.3; 8.3 p.4 |
| Die familie was minderbevoorreg, en dit het addisionele finansiële en omgewingsdruk op die familiestrukture geplaas wat gevoelens van magteloosheid kon veroorsaak. | 8.3 p.4 |

**Akkumulatiewe belewinge van die individu wat aanleiding gegee het tot moord**

| | |
|---|---|
| Beperkte materiële en emosionele ondersteuning van Mandla se familie en gebrek aan sosiale ondersteuning laat hom met gevoelens van ongeborgenheid, magteloosheid en eensaamheid. | 8.3 p.4,5 |
| Verarmde emosionele ondersteuning in familieverband en op sosiale vlak lei verder daartoe dat hy niemand het om sy frustrasies mee te deel nie. Dit veroorsaak dat hy sy gevoelens van aggressie en wraakgedagtes teenoor sy stiefpa internaliseer. | 8.2 p.3; 8.3 p.33 |
| Hy word herhaaldelik van een familielid na ’n ander gestuur, wat hom ongeliefd, onveilig en verwerp laat voel. Dit veroorsaak ook algemene lewensonsekerheid. | 8.3 p.4 |
| Die onstabiele huislike omstandighede veroorsaak opgeboude spanning en angs. | 8.3 p.33 |

**Breekpunte wat bereik word en moord tot gevolg het**

| | |
|---|---|
| ’n Verswakte band tussen Mandla en sy ma het bestaan, wat hom ongeliefd en ongeborge laat voel. | 8.3 p.4 |
| Herhaalde verwerping deur sy pa, ma en stiefpa lei tot gevoelens van ongeliefdheid, ongeborgenheid en magteloosheid. | 8.1 p.3, 19; 8.3 p.4 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Verlies van sy pa en ouma laat hom met gevoelens van terneergedruktheid, algemene lewensonsekerheid en verlatenheid. | 8.3 p.4 |
| Sy ma wat verkies om alleen weg te gaan en nie hom nie te beskerm en koester nie, lei tot gevoelens van onsekerheid en angs. Hy moet sy man staan in 'n huishouding wat gekenmerk word deur alkoholmisbruik, argumente en geweld. | 8.3 p.4 |
| Sy stiefpa se gewelddadige gedrag en drankmisbruik lei tot gevoelens van magteloosheid, onveiligheid en onderdrukte aggressie. | 8.1 p.3; 8.3 p.4 |
| Herhaalde stryery tussen Mandla en sy stiefpa lei tot onderdrukte aggressie, wat later oorspoel in 'n woedeuitbarsting van Mandla en moord. | 8.1 p.3; 8.3 p.4 |

**Individuele en omstandigheidsfaktore wat moontlik tot 'n omvattende profiel kan lei**

| | |
|---|---|
| ***Problematiese binding*** | Verswakte binding tussen ma en seun asook pa en seun[8.3 p.4]. |
| ***Verwerping*** | Hy word herhaaldelik verwerp, eers deur sy pa en ma, later weer deur sy ma toe sy 'n nuwe betrekking weg van die familie aanvaar en hom alleen laat by 'n gesagsfiguur wat drank misbruik [8.1 p.19; 8.3 p.4]. |
| ***Gesinswanfunksionering*** | Onstabiele gesinsomstandighede. Alkoholmisbruik deur die stiefpa. Gewelddadige optrede deur die stiefpa. Die ma beskerm nie die kinders teen die stiefpa nie. Ma en stiefpa stry gereeld. Sy gee die stiefpa by die polisie aan. Mandla en stiefpa stry gereeld. Patrone van gesinsgeweld raak die norm in die huishouding[8.1 p.3; 8.3 p.4]. |
| ***Sosiale isolasie*** | Min vriende[8.3 p.5]. |
| ***Interpersoonlike verhoudingsprobleme*** | Hy het net een vriend gehad by sy laaste blyplek saam met sy ma en stiefpa[8.3 p.5]. |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| ***Straf/mishandeling/Ekstreme ouerskapstyl*** | Sy stiefpa is gewelddadig teenoor Mandla se ma en die kinders[8.1 p.3; 8.3 p.4]. |
| ***Angs*** | Onstabiele huislike omstandighede en herhaalde verwerping skep gevoelens van angs. Gevoelens van onveiligheid in die lig van alkoholmisbruik en fisiese straf veroorsaak angstigheid[8.1 p.19]. |
| ***Aggressie*** | Onderdrukte aggressie as gevolg van die herhaalde verwerping deur sy ouers. Die hantering van die onstabiele huislike omstandighede lei tot gevoelens van aggressie. 'n Gevoel van magteloosheid veroorsaak onderdrukte aggressie. Sy stiefpa se gedrag en dreigemente laat onderdrukte aggressie oorspoel in gewelddadige optrede en moord[8.1 p.14-18; 8.2 p.3]. |
| ***Dwelmmisbruik*** | Geen. |
| ***Ernstige behoefte om uit omstandighede te kom*** | Geen. Deur sy stiefpa te vermoor het hy wel die dinamiek en omstandighede verander[8.1; 8.3]. |
| ***Katalisator*** | Mandla se stiefpa dreig en tree gewelddadig op teenoor sy ma. Dit veroorsaak dat Mandla ook gewelddadig optree en 'n moord pleeg[8.1; 8.2]. |



© University of Pretoria

## 4.4. BELINDA

| **Skuilnaam** | Belinda |
|---|---|
| **Ouderdom ten tyde van die moord** | 22 jaar |
| **Ras en geslag** | Blanke vrou |
| **Moord** | Sy het 'n man gehuur om haar ma te vermoor. |
| **Databronne gebruik by die opstel van die profiel** | Hofverslag<br>Sielkundige verslag<br>Maatskaplike verslag<br>Boek oor Belinda se lewe<br>Mediaberigte |

***" I want someone to show me love rather than buy it"*** [16]

***"I loved my mom, but despised what she did to me and my daughter. If I could go back, I'd rather kill myself than order the death of my mother."*** [17]

***~ Belinda*** *9.4 p. 476*

---

[16] "Ek wil iemand hê wat liefde aan my betoon eerder as om dit te koop."

[17] "Ek was lief vir my ma,  maar het haar verag oor wat sy aan my en my dogter gedoen het. As ek kon teruggaan, sou ek eerder myself doodmaak as om opdrag te gee dat my ma vermoor word."



© University of Pretoria

**Agtergrond**

Belinda se ouers was beide voorheen getroud. Die ouers het mekaar in die kerk ontmoet terwyl hulle albei nog getroud was met ander persone. Hulle het kort daarna 'n buite-egtelike verhouding begin en 'n ruk later getrou[9.4 p.1329]. Die ma was Engels- en die pa Afrikaanssprekend. Die ma het 3 seuns uit haar vorige huwelik gehad. Die familie het op 'n kleinhoewe buite die dorp gewoon. Belinda is 'n jaar na die ouers se troue gebore[9.4 p. 1329].

Die pa is as manlik en humeurig beskryf. Hy het skool verlaat voor hy sy matriek voltooi het en 12 jaar in die polisie se honde-eenheid gewerk, waarna hy honde geteel en later as sekuriteitswag gewerk het[9.3; 9.4 p.1316]. Die huwelik is as stormagtig beskryf. Die pa het die ma fisies mishandel en sy het hom verdink van ontrouheid[9.1 p.8]. Toe Belinda 4 jaar oud was, het die ma met die kinders na 'n ander dorp gevlug nadat die pa gedreig het om haar dood te maak. Die ouers is kort daarna geskei. Net na die egskeiding het die pa met Belinda se kleuterskooljuffrou getrou. Belinda se ouers was nog getroud toe sy gesien hoe haar pa haar juffrou soen[9.4 p. 1355, 1381]. Na die egskeiding het die ma die drie seuns in die koshuis gesit en Belinda by haar ouma aan moederskant laat bly[9.3; 9.4 p.528, 555].

Belinda het haar ouers gereeld gesien tot en met die ouderdom van 6 jaar, waarna haar ouma oorlede is en sy weer by haar ma gaan woon het. Belinda was lank en groot gebou soos haar pa en het nie 'n nabye verhouding met haar ma gehad nie. Haar ma het van porseleinpoppe gehou en het vir haar suster gesê dat sy eerder 'n fyngeboude, mooi dogter sou verkies het[9.3; 9.4 p.541]. Die ma was 'n gerespekteerde en suksesvolle besigheidsvrou, wat lang ure gewerk het. In Belinda se fisiese behoeftes is daar in oormaat voorsien. Belinda is grotendeels deur die familie se huishulp grootgemaak en sy het haar as 'n moederfiguur gesien. Sy het met tye by haar pa en sy derde vrou gaan bly, maar die ma het haar weggehou van haar pa af nadat hy versuim het om onderhoud te betaal[9.3; 9.4 p. 2152; 9.6 p.3].

Later in haar lewe het Belinda genoem dat sy deur drie verskillende mans seksueel mishandel is toe sy tussen 8 en 12 jaar oud was. Sy het genoem dat een man haar ma se kêrel was, 'n ander 'n werknemer van haar ma en die derde een 'n familielid. Sy het haar ma hiervan vertel, maar haar ma het gesê dat dit leuens was en dat sy net aandag gesoek het[9.3; 9.4 p.2152; 9.6 p.3].



© University of Pretoria

Belinda was 11 jaar oud toe haar pa gearresteer is vir klaarblyklik rassistiese moorde toe hy as sekuriteitswag gewerk het[9.1 p.8; 9.3; 9.4 p.1240, 1341]. Hy is daarvan verdink dat hy 39 mense vermoor het, maar hy het op ’n stadium gesê dat hy meer as 100 mense geskiet het. Hy is egter slegs aan sewe moorde en twee pogings tot moord skuldig bevind[9.3; 9.5]. Die familie het Belinda nie ingelig van haar pa se arrestasie nie en sy het daarvan uitgevind toe sy in ’n radioberig daarvan gehoor het. Sy het haar pa die eerste keer weer in die tronk gesien toe sy 16 jaar oud was. Sy het haar pa voorheen geïdealiseer. Sy was baie ontsteld, en haar ma het geweier dat sy hom weer sien tot sy skool verlaat het. Belinda het genoem dat haar ma ook haar briewe aan haar pa vernietig het[9.4 p.1277] . Haar ma is as hard beskryf [9.4 p.486]. Haar ma se suster het gesê dat die ma dikwels afkeurend met Belinda gepraat het; sy het ook gesien hoe sy Belinda in die gesig klap. Die ma het klaarblyklik Belinda se lewe gereguleer en haar selde enige aktiwiteite alleen laat doen[9.4 p.555]. Sy het eenkeer vir Belinda gesê dat haar pa haar nie liefhet nie[9.4 p.486]. Haar pa het haar ma beskryf as “oordonderend, dominerend en besitlik”[9.4 p.447]. Hy het beweer dat die ma altyd haar sin wou kry. Belinda het haar ma se gedrag as onvoorspelbaar beskryf[9.4 p.447].

Belinda was een van die eerste groep kinders in Suid Afrika wat ’n multikulturele skool bygewoon het op die klein dorpie waar hulle gewoon het. Sy het genoem dat kinders haar geterg en geboelie het oor haar pa. Sy het gereeld gehuil en wou nie skool toe gaan nie[9.3]. Vir die sielkundige het sy egter na die moorde gesê dat sy skool geniet het, al het sy min vriende gehad[9.6 p.4]. Haar broers het haar ook geterg en geboelie[9.1 p.9; 9.4 p. 1394]. Haar broers het haar met veerpyltjies gegooi, die hond op haar losgelaat en haar eenkeer met ’n klein koeëltjie raakgeskiet. Hulle het beweer dat die insidente slegs speletjies was waaraan Belinda ook deelgeneem het[9.6 p.3].

Toe sy in die hoërskool was het sy ’n kêrel van ’n ander ras gehad. Haar ma en broers was baie ongelukkig hieroor. Sy was nog op skool toe sy swanger geraak het. Haar ma het haar gedwing om ’n aborsie te ondergaan [9.1 p.11; 9.3]. Belinda moes vir die dokter sê dat sy verkrag is en dat dit die rede was vir die aborsie[9.3; 9.4; 9.6 p.5]. ’n Jaar later het sy weer swanger geraak. Die pa van die baba was ook van ’n ander ras. Belinda het besluit om die huis te verlaat en elders te gaan woon. Sy het haar pa in die tronk gaan besoek, maar hy het haar ma hiervan ingelig. Die ma het Belinda daagliks geskakel om haar te oorreed om terug te keer huis toe[9.1 p.11; 9.4 p.998, 9.6 p.5]. Sy het ’n paar maande later ’n babadogtertjie gehad, ten spyte daarvan dat die familie



© University of Pretoria

haar weer probeer dwing het om ’n aborsie te kry[9.3]. Belinda en haar baba het by haar ma gewoon[9.3]. Terwyl sy by haar ma gebly het, moes sy huistake verrig, kook en ook in verskeie van haar ma se besighede werk[9.4 p.2152].

Na skool wou sy graag onderwys gaan studeer, maar haar ma en broers het geweier, aangesien die universiteit volgens hulle te geïntegreerd was[9.6 p.4]. Een van die ma se besighede was ’n aksiekrieketwinkel. Belinda het uitgehelp in die winkel, maar haar ma wou nie toelaat het dat sy met die kliënte werk nie, aangesien sy bekommerd was dat mans van ander etniese groepe met Belinda sou praat[9.6 p.4]. Haar ma was oortuig daarvan dat Belinda slegs met ander rasse bevriend was om te kompenseer vir haar pa se rasgedrewe moorde[9.6 p.4]. Die ma het ook ’n besoek tussen Belinda en haar pa in die tronk gereël, sodat hy haar kon oortuig om nie met mans van ander rasse uit te gaan nie[9.6]. Belinda het genoem dat sy eerder met ander rasse vriende gemaak het, aangesien hulle haar onvoorwaardelik aanvaar het. Sy het gereeld laat gewerk by die familie se aksiekrieketbesigheid, waar sy dan vir al haar vriende drankies gekoop het. Sy was ook gereeld onder die invloed van alkohol[9.4 p. 332, 9.5 p.4].

Belinda wou uit haar ma se huis trek, maar sy was finansieel afhanklik van haar ma. Haar ma het haar met tye gedreig dat as sy sou waag om uit te trek, sy haar sou afdank by die werk en haar baba van haar af sou wegneem. Ma en dogter het gedurig geargumenteer[9.4 p. 1368, p. 2106, 2795]. Net voor die moord het die ma ’n brief aan Belinda geskryf waarin sy sê dat sy Belinda liefhet en dat sy spyt is hulle het nie ’n goeie verhouding nie. In hierdie tydperk het Belinda ’n poging aangewend om selfmoord te pleeg[9.4 p.277].

Die verhouding tussen ma en dogter het egter so versleg dat Belinda (met behulp van haar kêrel) ’n man gekry het om haar ma te vermoor[9.4 p.332]. Op die dag van die moord het Belinda die man opgelaai en na die huis geneem. Sy het hom gevra om in die kombuis te wag terwyl sy haar babadogtertjie by haar ma gaan haal het. Sy het in die ander kamer gewag terwyl hy haar ma verwurg en haar keel afgesny het. Die man het later getuig dat Belinda slegs wou weet of haar ma dood was nadat hy die moord gepleeg het. Na die moord het sy haar motorsleutels aan hom oorhandig en haar motor by die polisie as gesteel aangemeld. Die man is kort daarna gearresteer vir die moord. Hy het erken dat Belinda hom betaal het om die moord te pleeg. Sy is gearresteer en het 25 jaar gevangenisstraf ontvang vir haar aandeel aan die moord[9.2 p.1-2,7].



© University of Pretoria

Tydens die uitspraak het die regter genoem dat Belinda geneig was om dramaties op te tree en dat hy oortuig was dat sy sekere gebeure oordryf het. Die regter was nie altyd daarvan oortuig dat sy die waarheid gepraat het tydens die verhoor nie. Hy het gevoel dat sy aandag gesoek het[9.1 p.14; 9.4 p.2773]. Daar was ook bewyse tydens die verhoor dat 'n groot bedrag geld onverklaarbaar weggeraak het uit die besigheid waarvoor Belinda hoofsaaklik verantwoordelik was[9.4 p.332].

Belinda is na dieselfde tronk as haar pa gestuur nadat sy gevonnis is. Sy het aangedui dat haar pa haar dogtertjie moes grootmaak na sy vrylating[9.5]. Twee jaar later is haar pa vrygelaat op parool nadat hy 12 jaar van sy 20 jaar gevangenisstraf uitgedien het. Die pa was verloof toe hy vrygelaat is. Sy verloofde was 'n prokureur wat aan hom begin skryf het toe hy nog in die gevangenis was[9.4 p.1704, 9.5]. Sy sou sy vyfde vrou wees. Belinda se dogter word deur 'n pleegma grootgemaak[9.4; 9.1 p.4]. Die dogtertjie se pa het Belinda nooit in die tronk besoek nie[9.1 p.4]. Belinda se stiefbroers het ook kontak met haar verbreek. Ten tyde van die studie het Belinda nog haar tronkstraf uitgedien.

In die volgende tabelle word die geanaliseerde data uiteengesit. Die navorser het nie na faktore in isolasie gekyk nie, maar het al die faktore in ag geneem om bepaalde gevolgtrekkings te maak.

**Akkumulatiewe sistemiese omstandighede wat moontlik tot moord bygedra het**

| | |
|---|---|
| Die pa en ma het 'n stormagtige huwelik gehad. Die pa mishandel die ma fisies. Dit lei tot gevoelens van ongeborgenheid en angstigheid. | 9.1 p. 8; 9.4 p. 1355,1381 |
| Die ma vra die ouma om haar groot te maak en die pa kies haar juffrou bo haar. Dit laat haar onseker en verwerp voel. | 9.3; 9.4 p. 528, 555 |
| Die ouma sterf en sy voel weereens verwerp. Dit lei ook tot gevoelens van ongeborgenheid, spanning en onsekerheid. | 9.3; 9.4 p. 528, 555 |
| Die pa gaan tronk toe vir meerdere moorde, maar niemand verduidelik dit aan haar nie. Haar gevoelens word misken en dit lei tot onsekerheid en ongeborgenheid. Dit skep interne spanning en angs. Swak normidentifikasie vind plaas. | 9.1 p. 8; 9.3; 9.4 p. 1240, 1341 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Die ma is oormatig streng en straf haar fisies. Sy word ook onderwerp aan verbale mishandeling. Dit lei tot gevoelens van verwerping, ongeborgenheid en onderdrukte aggressie. | 9.4 p. 1277, 1368, 2106, 2795 |
| Sy noem aan haar ma dat sy seksueel mishandel is. Haar ma glo haar nie, wat weereens ’n miskenning van haar behoeftes en gevoelens is. Dit dra ook verder by tot gevoelens van onsekerheid en ongeborgenheid. | 9.1; 9.3; 9.4 p. 2152; 9.6 |
| Haar broers terg, mishandel en verwerp haar. Dit laat haar ongeliefd en verwerp voel. | 9.1 p.9; 9.4 p. 1394; 9.6 p.3 |
| Sy is desperaat vir aandag en onvoorwaardelike aanvaarding. Volgens Belinda is die enigste groep wat haar aanvaar, haar vriende van ander rasse. Die huishulp bied haar ook ’n mate van moederlikheid en aanvaarding. | 9.1 p. 9; 9.4 p. 1304; 9.6 p.3 |
| Sy is desperaat vir erkenning en liefde van haar ma, maar sy ervaar slegs kritiek en verwerping. Haar ma se dreigemente skep gevoelens van onsekerheid, desperaatheid en onderliggende aggressie. | 9.1 p.11; 9.3; 9.6 p. 4 |
| Haar pa word gearresteer vir moord, wat tot verleentheid en onsekerheid lei. Dit veroorsaak ook normidentifikasieprobleme. | 9.1 p. 8; 9.3; 9.4 p. 2152 |
| Haar ma dwing haar om ’n aborsie te ondergaan, wat ’n miskenning van haar opinie en behoeftes is. | 9.3; 9.4; 9.6 p.5 |
| Haar ma voorsien in oormaat aan haar fisiese behoeftes, maar liefde en aanvaarding ontbreek. Dit laat haar ongeliefd en selfs depressief voel. | 9.4 p. 1728; 9.6 p.4 |

**Akkumulatiewe belewinge van die individu wat aanleiding gegee het tot moord**

| | |
|---|---|
| Problematiese binding met beide ouers lei tot gevoelens van verwerping en ’n lae selfkonsep. | 9.1; 9.2; 9.4; 9.6 |
| Haar ma en pa skei en haar ma los haar by die ouma en later weer by die huishulp. Sy voel verwerp en het nie ’n standvastige rolmodel om na te volg nie. | 9.3; 9.4 p. 528, 555 |
| Die verlies van haar ouma lei weereens tot gevoelens van onsekerheid, depressie en verwerping. | 9.4 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Sy lyk en tree nie op soos die beeld wat haar ma van 'n dogter het nie. Dit vererger moontlik haar gevoelens van minderwaardigheid en vererger haar lae selfkonsep. | 9.3; 9.4 p.541 |
| Haar ma se herhaalde kritiek en fisiese mishandeling veroorsaak gevoelens van onsekerheid en onderliggende aggressie. | 9.4; 9.6 |
| 'n Swak verhouding met haar ma en 'n fisies en emosioneel afwesige pa veroorsaak 'n sterk behoefte aan aandag en liefde en lei daartoe dat sy ongeborge en verwerp voel. | 9.2; 9.4; 9.6 |
| Haar verhoudings met mans van ander rasse is moontlik 'n poging om haar familie se aandag te trek, maar ook om onvoorwaardelik deur ander groepe aanvaar te word. | 9.1 p.14; 9.2; 9.4 p. 2773; 9.6 |
| Haar verhoudings wat onaanvaarbaar is vir haar ma toon 'n mate van passiewe aggressie teenoor haar ma asook haar pa. | 9.4; 9.6 p.4,5 |
| Haar selfmoordpoging is 'n hulpkreet om aandag, maar ook 'n poging om uit haar ontoereikende lewensomstandighede te ontsnap. | 9.4 p. 277; 9.6 p.6 |

**Breekpunte wat bereik word en moord tot gevolg het**

| | |
|---|---|
| 'n Swak band bestaan tussen Belinda en haar ma. Dit lei tot gevoelens van ongeliefdheid en ongeborgenheid. | 9.4; 9.6 |
| Haar ma glo haar nie toe sy sê dat sy seksueel mishandel is nie. Dit verswak die band tussen ma en dogter verder en veroorsaak onderliggende aggressie. Dit lei tot gevoelens van ongeborgenheid en onveiligheid. Dit veroorsaak ook verwarring oor gepaste seksuele optrede. | 9.3; 9.4 p. 2152; 9.6 p.3 |
| Haar pa word tronk toe gestuur vir moord. Dit is vir haar vernederend en verwarrend. Sy word geen ondersteuning gebied om die situasie te verstaan en verwerk nie. 'n Normverskuiwing vind plaas. Dit is egter onduidelik hoe haar pa se oortredings haar sielkundig beïnvloed het. | 9.1 p. 8; 9.3; 9.4 p 1240, 1341 |
| Haar ma dwing haar om 'n aborsie te kry, wat onderliggende aggressie en depressie tot gevolg het. Sy verwyt haar ma oor die aborsie, en die band tussen ma en dogter verswak verder. | 9.3; 9.4; 9.6 p. 5 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Sy word min vryheid gegun, wat tot frustrasies en 'n ongedefinieerde identiteit lei. Dit veroorsaak ook dat sy met tye kinderlik optree. | 9.4 p. 447, 555 |
| Haar pa se optrede word nooit aan haar verduidelik nie, sy word van hom weggehou en haar briewe aan haar pa word deur haar ma opgeskeur. Dit veroorsaak moontlik dat sy hom idealiseer. Haar fantasieë oor hom raak 'n ontvlugting van haar onuithoudbare huislike omstandighede. | 9.4 p. 1277 |
| Sy probeer uit die huislike situasie vlug, maar haar ma spoor haar op en beheer weer haar lewe deur te dreig dat sy haar inkomste en kind sal verloor. Sy glo naderhand dat sy geen uitkoms uit die situasie het nie. Dit lei tot gevoelens van desperaatheid, frustrasie en onderliggende aggressie wat later oorspoel in moord. | 9.1 p.11; 9.4 p.998; 9.6 p.5 |
| Herhaalde konflik met haar ma lei tot gevoelens van veragting en aggressie. | 9.4 p. 1368, 2106, 2795 |
| Daar is sprake dat haar ma sou uitvind van die geld wat uit die besigheid weg was. Die herhaaldelike konflik en die moontlikheid om uitgevang te word veroorsaak moontlik gevoelens van desperaatheid wat kon oorgaan tot moord. | 9.4 p. 332 |
| Haar ma wat dreig dat sy haar baba gaan wegvat is die spreekwoordelike laaste strooi. Sy voel onseker en vasgevang in die situasie en besluit dan om tot moord oor te gaan. | 9.2; 9.6 |

**Individuele en omstandigheidsfaktore wat moontlik tot 'n omvattende profiel kan lei**

| | |
|---|---|
| ***Problematiese binding*** | Problematiese binding met beide ouers, maar veral met haar ma[9.4; 9.6]. |
| ***Verwerping*** | Verwerping deur haar pa en ma. Later ook deur haar broers[9.3; 9.4 p.528,555]. |
| ***Gesinswanfunksionering*** | Pa mishandel ma en verneuk haar. Ma mishandel Belinda fisies en verbaal. Pa gaan tronk toe. Haar halfbroers verwerp haar. Hulle spot en knou haar af[9.1 p.8; 9.3, 9.4 p. 486,555,1240,1341]. |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| ***Sosiale isolasie*** | Haar ma en haar broers probeer haar weghou van mans van 'n ander ras as die familie[9.4]. |
| ***Interpersoonlike verhoudingsprobleme*** | Sy vind slegs aanvaarding by persone van 'n ander ras[9.1 p.9; 9.3; 9.4 p.1394]. |
| ***Straf/mishandeling/Ekstreme ouerskapstyl*** | Haar ma straf haar fisies en verbaal[9.4 p. 447, 486]. |
| ***Angs*** | Haar onsekere lewensomstandighede lei tot gevoelens van angs. Sy probeer desperaat om goedkeuring van ander te kry, wat ook tot gevoelens van angstigheid lei[9.1 p.8; 9.3; 9.4 p. 528, 555, 1240, 1241]. |
| ***Aggressie*** | Haar ma en pa se verwerping lei tot gevoelens van aggressie. Haar ma wat haar nie glo oor die seksuele mishandeling nie, asook die geforseerde aborsie, veroorsaak gevoelens van aggressie. Verbale en fisiese mishandeling veroorsaak ook gevoelens van aggressie[9.3; 9.4 p. 555, 2152, 9.6 p.3]. |
| ***Dwelmmisbruik*** | Geen, maar met tye drink sy oormatig alkohol[9.4 p. 332; 9.5 p.4]. |
| ***Ernstige behoefte om uit omstandighede te kom*** | Sy probeer wegloop van die huis af nadat sy uitgevind het sy is swanger. Sy probeer selfmoord pleeg[9.1 p.11; 9.3; 9.4 p.277, 998]. |
| ***Katalisator*** | Ma se herhaalde dreigement dat sy Belinda se baba gaan wegvat. Die moontlikheid dat haar ma gaan uitvind van 'n groot bedrag geld wat uit die besigheid weg is[9.2; 9.4 p.332, 447; 9.6]. |



© University of Pretoria

## 4.5. SAMEVATTENDE FAKTORE

In Tabel 3 word die faktore wat na individuele en gesamentlike analises geïdentifiseer is, saamgevat.

**Tabel 4: Gesamentlike faktore soos geanaliseer en geïdentifiseer in al die gevalle**

| Faktore | 1. Nico | 2. Selile | 3. Simone | 4. Gideon | 5. Karel | 6. Neels | 7. Andre | 8. Mandla | 9. Belinda |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Problematiese binding** | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| **Verwerping** | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| **Ekstreme ouerskapstyle** | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| **Aggressie** | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| **Angs** | x | x | x | | x | x | x | x | x |
| **Interpersoonlike verhoudingsprobleme** | x | x | | x | x | x | x | x | x |
| **Gesinswanfunksionering** | x | x | x | | x | x | | x | x |
| **Ontvlugting** | x | x | x | | x | x | x | | x |
| **Ontoereikende hantering van verlies en ingrypende gebeure** | x | x | x | | x | x | | x | x |
| **Geen vorige oortredings** | x | | x | x | | | x | x | x |
| **Mishandeling** | x | x | x | | | x | | x | x |
| **Dwang van ouer om kind na sy beeld te konformeer** | x | | x | x | | x | x | | x |
| **Dwelm- of alkoholmisbruik** | x | x | | | | x | x | | x |
| **Gedragsversteuring/Anti-sosiale persoonlikheidsversteuring** | | x | | x | | | | | |



© University of Pretoria

## 4.6. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het die navorser die data uiteengesit en geanaliseer. Die biografiese besonderhede en agtergrondinligting van elke geval is in ’n narratiewe formaat uiteengesit. Die gevalle is geanaliseer volgens die sistemiese omstandighede wat bygedra het tot moord, die akkumulatiewe belewinge van die individu wat aanleiding gegee het tot moord en die breekpunte wat bereik is en die moorde laat plaasvind het. Die individuele en omstandigheidsfaktore wat moontlik tot ’n omvattende profiel kan lei, is aan die einde van elke saak uiteengesit. ’n Samevatting van die faktore wat na al die gevalle se individuele en gesamentlike analises geïdentifiseer is, is in ’n tabel uiteengesit. In die volgende hoofstuk sal die tersaaklike en gesaghebbende literatuur oor die onderwerp bespreek word. Die literatuur sal ook met die geïdentifiseerde temas in verband gebring word.



© University of Pretoria

# 5. LITERATUUROORSIG EN KONTROLE VAN BEVINDINGE


## 5.1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die literatuur oor kinders wat familiemoord pleeg uiteengesit. Die temas soos dit geïdentifiseer is in hierdie studie sal ook bespreek word en met die tersaaklike literatuur in verband gebring word. Moontlike verskille en ooreenkomste tussen die literatuur en hierdie studie sal ook uitgelig en die leemtes in die literatuur oor kinders wat familiemoord pleeg, bespreek word.

Die tersaaklike literatuur sal na elke tema bespreek word, waarna daar ’n verband getrek sal word tussen die literatuur, teoretiese verklarings en die bevindinge van die studie. By enkele temas word die verbande tussen die literatuur en die huidige studie saamgegroepeer. Dit is belangrik om daarop te let dat die veranderlikes wat geïdentifiseer is, tot die bepaalde populasie in hierdie studie beperk is. Hierdie studie was nie ’n statistiese studie nie, en oorsaaklike verbande moet met omsigtigheid hanteer word. Die doel van die studie was om die verskynsel van familiemoord wat deur kinders gepleeg word beter te verstaan. ’n Diepgaande begrip van verbandhoudende omstandighede wat aanleiding kon gee tot hierdie moorde, was dus die doel van hierdie studie. In figuur 8 word die hoofbevindinge van die studie uiteengesit.



© University of Pretoria




**Figuur 8: Hoofbevindinge van die Studie**

## 5.2. HOOFBEVINDINGE VAN DIE STUDIE

In die volgende gedeelte word familiemoord eerstens bespreek om sodoende die raakpunte met die studie te verduidelik, waarna die hooftemas en subtemas uiteengesit word. Die faktore wat in Tabel 3 opgesom en saamgevat is het die hooftemas en subtemas gerig. Die temas wat in al nege die gevalle voorgekom het, was as hooftemas van die studie geïdentifiseer. Vervolgens sal die literatuur en temas soos geïdentifiseer in hierdie studie bespreek en uiteengesit word.

### 5.2.1. Familiemoord deur kinders

Geweld en misdaad is kommerwekkende probleme in Suid-Afrika. Dit word oor die algemeen toegeskryf aan onder andere dwelms, bendes, die beskikbaarheid van onwettige vuurwapens, armoede, verbrokkelde gesinne, sosiale disorganisasie, gierigheid en 'n kultuur van geweld (Le Roux & Mokhele, 2011). In 2014-2015 is 17804 (Newham et al., 2015) en in 2015-2016 is



© University of Pretoria

daar 18673 mense in Suid-Afrika vermoor (Crime Stats, 2016). Suid-Afrika word beskou as die gevaarlikste land in die wêreld om kinders tussen die ouderdomme 5 en 14 jaar groot te maak en het ook die hoogste algemene geweldsyfers gemeet teen ander lande (Fuzile, 2016). Moordsyfers in Suid-Afrika het oor die afgelope 4 jaar met 20% toegeneem (Herman, 2016). Die kultuur van geweld waaraan veral kinders blootgestel word, die beskikbaarheid van wapens, dwelms en alkohol, asook kinders se onvermoë om negatiewe emosies en geweld te hanteer, word in verskeie lande as ernstige samelewingsprobleme beskou (DiCataldo & Everett, 2008).

Alhoewel familiemoord ’n klein persentasie van Suid-Afrika se geweldstatistiek uitmaak, word dit gesien as ’n belangrike navorsingsarea, aangesien 24,9% van alle moorde deur ’n familielid of lid van ’n huishouding gepleeg word (Statistcs South Africa, 2014). Die gesin is die kern van die samelewing, en dit is dus noodsaaklik om te verstaan watter faktore aanleiding gee tot gesinsgeweld en -moord. Kennis rakende familiemoord kan ook bydra tot die begrip van moord oor die algemeen. Beter begrip van moord en familiemoord kan moontlik lei tot die ontwikkeling van ondersteunings- en voorkomingsprogramme vir gesinne, skole en die gemeenskap.

Familiemoord word in die literatuur beskryf as moord op ’n pa, ma of enige nabye familielid (Dantas, Santos, Dias, Jorge Dinis-Oliveira, Malgalhães, 2014; Fegadel & Heide, 2015; Flowers, 2013, p.73; Shon & Lee, 2016). Die nagevolge van familiemoord is verreikend, en gemeenskappe word diep geraak wanneer moord in gesinsverband gepleeg word. Soos reeds genoem maak familiemoord ’n klein persentasie van alle moorde uit, maar tydens die afgelope paar jaar het die media toenemend oor die verskynsel berig. Die toenemende mediadekking van die gevalle het weereens die aandag gevestig op die aard, dinamiek en moontlike voorkoming van hierdie gevalle (Flowers, 2013).

Dit is ook duidelik uit die navorsing dat moorde van hierdie aard nie geïsoleerde insidente is nie. Soos reeds genoem is daar geen statistiek beskikbaar in Suid-Afrika oor kinders wat familiemoord pleeg nie. In ’n longitudinale studie in die VSA wat oor meer as 24 jaar gestrek het, is 5558 gevalle van familiemoord aangeteken. Hiervan is 22% deur kinders onder 18 jaar gepleeg (Wasarhaley, Golding, Lynch & Keller, 2013).



© University of Pretoria

Die akademiese navorsing oor en begrip van familiemoord is egter betreklik beperk (Walsh, Krienert & Crowder, 2008). Geen Suid-Afrikaanse studies kon opgespoor word met betrekking tot familiemoord wat deur **kinders gepleeg** is nie. Hierdie verskynsel word egter al vir meer as 40 jaar in oorsese lande bestudeer. In Amerika is 2% (200-300 gevalle) van alle moorde familiemoorde (Flowers, 2013; Heide, 2013; Heide & McCurdy, 2010; Shon & Lee, 2016). In Suid-Korea maak familiemoorde 5,3% van alle moorde uit (Shon & Lee, 2016). Tussen 2006-2013 was daar 1100 moorde in Suid-Korea, waarvan 381 familiemoorde was (Shon & Lee, 2016). In Engeland is 1-2%, in Kanada 2-4% (Marleau, Auclair & Millaud, 2006) en Frankryk 2,8% (Ahn, Kim, Oh, Choi, Ahn & Kim, 2012) van alle moorde familiemoorde. Walsh et al. (2008) beweer dat familiemoorde wat deur kinders onder die ouderdom van 18 jaar gepleeg word, tussen 2 en 15% van alle moorde wêreldwyd uitmaak.

Die meerderheid studies oor familiemoord fokus op moorde wat gepleeg word deur 'n enkele oortreder wat slegs een familielid vermoor. Beperkte aandag word gegee aan gevalle waar meer as een lid van die familie deur 'n familielid vermoor word. Daar is ook nie studies wat fokus op meer as een oortreder wat met medepligtiges saamwerk om familiemoord te pleeg nie (Fegadel & Heide, 2015; Heide, 1993). Waar vroue by multislagoffermoorde betrokke raak, is daar dikwels 'n medepligtige (Heide, 1993, p.53). Oor die algemeen pleeg vroue meer dikwels familiemoord as enige ander tipe moord (Heide, 1993; Heide, 2003; Hollin, 2013;). Vier-en-veertig persent van alle moorde wat deur vroue gepleeg word, word as familiemoord geklassifiseer (Heide, 1993).

Indien die geslagte van die oortreders egter vergelyk word, toon die literatuur dat familiemoord oorwegend deur mans gepleeg word: wat jeugdige oortreders betref, toon 'n longitudinale studie wat in Kanada van 1961 tot 1989 onderneem is, dat 90% van alle familiemoorde deur seuns gepleeg word (Walsh et al. 2008). Marleau et al. (2006) en Barnett, Miller-Perrin & Perrin (2011), het ook bevestig dat 90% van alle familiemoorde deur mans gepleeg word. Heide (1993) het in haar studie oor adolessente wat familiemoord pleeg, bevind dat 87% van die familiemoorde in die betrokke studie deur seuns gepleeg is. Heide se navorsing in die VSA, wat oor 'n tydperk van 10 jaar gestrek het, het verder bevestig dat die familiemoorde wat sy ondersoek het hoofsaaklik deur blanke, manlike oortreders gepleeg is (Barnett et al., 2011; Dantas et al., 2014; Heide, 1993). Statistiek van die *Federal Bereau of Investigation* (FBI) se databasis het getoon dat vadermoorde 0,7-1,1% en moedermoorde 0,6-



© University of Pretoria

0,8% van alle moorde in die VSA uitmaak (Flowers, 2013). In die VSA is die volgende statistiek saamgestel rakende kinders onder 18 jaar wat hulle ouers en stiefouers vermoor:

- 34% stiefpa's
- 30% stiefma's
- 25% pa's
- 15% ma's (Flowers, 2013).

In die bogenoemde studies het die meerderheid van die oortreders ten tyde van die moorde saam met die familielede gewoon. Hulle het oor die algemeen geen vorige kriminele oortredings gehad nie, en na die moorde op die familielede en nadat hulle hul straf uitgedien het, het hulle selde weer by misdaad betrokke geraak. Die rede hiervoor kan wees dat die motivering vir die moord wegval wanneer die familielede nie meer lewe nie (Dantas et al., 2014; Heide, 2003). Die wapens wat oorwegend in familiemoorde gebruik word, is eerstens handwapens en tweedens skerp voorwerpe (Dantas et al., 2014).

Verskeie redes word in die literatuur vir familiemoorde aangevoer. Studies het aangetoon dat adolessente wat familielede vermoor heel dikwels sonder 'n vaderfiguur grootgeword het. Hulle het gewoonlik nie 'n kriminele rekord voor die moorde gehad nie (Dantas et al., 2014; Marleau et al., 2006; Meyers &Vo, 2012). 'n Ander betekenisvolle bevinding wat na vore gekom het, is dat kinders wat voor die moorde mishandel is en geen tekens van gedragsversteuring getoon het nie, 'n goeie prognose getoon het om nie weer by misdaad betrokke te raak nie (Meyers & Vo, 2012). Meyers en Vo (2012) voer verskeie faktore aan wat tot familiemoord aanleiding kan gee. Hulle is dit eens dat daar gelet moet word op die akkumulatiewe faktore wat gepaard gaan met kinderverwaarlosing oor die algemeen, aangesien dit as 'n betekenisvolle faktor in verskeie studies na vore gekom het. Flowers (2013) noem dat 'n geskiedenis van geweld, sielkundige probleme en die beskikbaarheid van handwapens ook belangrike veranderlikes in familiemoord is. Die gemak waarmee wapens oor die algemeen bekom kon word, is ook as 'n kommerwekkende tendens uitgelig in studies van jeugdiges wat vir moord aangekla is (DiCataldo & Everette, 2008). Ofskoon die gemiddelde familiemoordenaar ouer as 18 jaar is, bestaan daar geringe verskille tussen kinders en volwassenes wat familiemoorde pleeg. Volwasse moordenaars het dikwels psigologiese



© University of Pretoria

versteurings of is met ’n antisosiale persoonlikheidsversteuring gediagnoseer. Jeugdige moordenaars het dikwels ’n geskiedenis van sielkundige probleme, is mishandel of toon tekens van moontlike ontluikende antisosiale persoonlikheidsversteuring (Heide, 2013; Flowers, 2013; Diem & Pizarro, 2010). Sielkundige probleme sluit depressie, paranoïese skisofrenie en ’n swak selfbeeld in.

Wat die profiel van die familiemoordenaar betref, het Heide (2013) die profiel van die enkele oortreder in familiemoorde met een slagoffer (uiteengesit in Tabel 4) bestudeer. Haar navorsing dui aan dat meer as 50% van die familiemoordenaars ten tyde van die moorde jonger as 25 jaar was. In die helfte van hierdie gevalle is pa’s vermoor en in een derde ma’s. Meer stiefouers as biologiese ouers is vermoor deur kinders onder die ouderdom van 25 jaar.

**Tabel 5: Ouderdom van moordenaar en geslag van ouer in gevalle van een oortreder en een slagoffer in die VSA (aangepas uit Heide, 2013, p.6)**

| Ouderdom van moordenaar | Pa | Ma | Stiefpa | Stiefma | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| **Onder 18** | 21,8% | 13,3% | 30,4% | 33,8% | 20,4% |
| **18-19** | 10,8% | 6,9% | 13,3% | 11% | 9,8% |
| **20-24** | 21,2% | 15,1% | 23,4% | 19,5% | 19,3% |
| **25-29** | 15,3% | 15,3% | 12,6% | 9,7% | 14,8% |
| **30-39** | 19,1% | 22,2% | 13,7% | 12,3% | 19,2% |
| **40-49** | 9,1% | 15,6% | 4,8% | 5,8% | 10,7% |
| **50-59** | 2,2% | 8,8% | 1,8% | 4,5% | 4,5% |
| **Ouer as 60** | 0,6% | 2,9% | - | 3,2% | 1,4% |
| **Totaal** | **45,2** | **36,3%** | **16,7%** | **1,9%** | **100%** |



© University of Pretoria

Diem en Pizarro (2010) en Flowers (2013) het bevind dat pa's oorwegend vermoor is na langdurige fisiese mishandeling van die kind en ma's as gevolg van langdurige sielkundige en seksuele mishandeling. Die redes vir sibbemoord was oorwegend wedywering, stres, onopgeloste konflik, sielkundige probleme en alkohol- of dwelmmisbruik.

**Literatuurkontrole: Die verband tussen die literatuur oor familiemoord en die huidige studie**

Die verband tussen die literatuur oor familiemoord en die huidige studie word vervolgens bespreek. In die huidige studie was dit oorwegend manlike jeugdiges wat aan familiemoord skuldig bevind is. Hierdie bevindinge stem ooreen met die literatuur oor familiemoord, wat aandui dat 87-90% van alle familiemoorde deur mans gepleeg word (Barnett et al., 2011; Marleau et al. 2006). Die oortreders in die onderhawige studie was almal ten tyde van die moorde by die slagoffers woonagtig, soos ook bevind is in die navorsing deur Dantas et al. (2014) en Heide (2003).

Die literatuur toon ook dat 'n vaderfiguur dikwels afwesig is wanneer kinders familiemoord pleeg (Marleau et al., 2006). In die onderhawige studie was die vaderfiguur by Nico, Selile en Mandla sedert 'n jong ouderdom afwesig, wat ook ooreenstem met die bevindings in oorsese studies. In Simone, Neels, Karel en Belinda se gevalle was daar wel vaderfigure teenwoordig, maar die vaderlike invloed was oorwegend sporadies of onstabiel. In Nico se geval was sy pa onbetrokke na die egskeiding omdat die ma kontak tussen kind en pa verbied het. Simone se pa is oorwegend deur sy eie ma gedomineer. Simone het vir lang tydperke by haar ouma aan vaderskant gebly, wat ook die kontaktyd tussen pa en dogter grootliks beperk het. Simone se pa het later selfmoord gepleeg. Neels se pa is as saggeaard beskryf, maar hy het gedreig om selfmoord te pleeg en het alkohol misbruik. Neels het sy pa nie gereeld gesien nie, aangesien hy lang ure by die apteek gewerk het. Karel se pa het in sy basiese behoeftes voorsien, maar hy was onbetrokke by die kinders se daaglikse aktiwiteite. Belinda se pa was slegs die eerste paar jaar van haar lewe by haar opvoeding betrokke, waarna haar ouers geskei het en sy hom net sporadies gesien het. Die pa het Belinda se ma fisies mishandel en is later gevonnis en gevangenisstraf opgelê vir rasgedrewe moorde. Later in haar lewe was daar wel kontak tussen die pa en Belinda, maar die verhouding was wankelrig. In Gideon en Andre se gevalle was daar sprake van uitermate streng ouerskap en ontoereikende



© University of Pretoria

kommunikasie met hulle pa's. Die afleiding kan dus gemaak word dat die vaderverhoudings in al die gevalle in hierdie studie oorwegend ontoereikend was. Die vader-kind verhouding is in die meeste van die gevalle gekenmerk deur beperkte ondersteuning en leiding. In hierdie studie is dit duidelik dat die afwesige vaderfiguur beduidend is. Dit wil derhalwe voorkom dat die ontoereikende verhouding tussen ouers en kinders, maar veral die pa-kind-verhouding, van belang is wanneer verklarings gesoek word vir familiemoord  deur kinders.

In hierdie studie was die rol van die ma-kind-verhouding ook belangrik. Algemene navorsing oor die rol van die ma in gevalle waar die kind familiemoord gepleeg het, is egter beperk. In Simone en Belinda se gevalle was daar dominante vroue in hulle lewens, en albei het hierdie dominante vroue laat vermoor.

In ses van die gevalle het die oortreders nie kriminele oortredings voor die moorde begaan nie. Die literatuur bevestig hierdie tendens (Dantas et al., 2014; Marleau et al., 2006). In die drie gevalle in hierdie studie waar die kinders wel by kriminele oortredings voor die moorde betrokke was, was dit diefstal. In Selile se geval het hy huishoudelike items van die gemeenskap gesteel. Neels het by sy pa se apteek ingebreek om geld te steel en Karel het sy pa se kredietkaart gesteel om Riaan tevrede te stel.

Navorsing toon ook dat kinders wat familiemoord gepleeg het, selde na die moord en korrektiewe straf by kriminele oortredings betrokke geraak het (Dantas et al., 2014; Heide 2003). In Simone en Nico se gevalle was dit moontlik om te bevestig dat hulle goed aangepas het na die moorde en nie weer by enige kriminele oortredings betrokke geraak het nie. In nie een van die twee gevalle het hulle tronkstraf gekry nie. Simone was 36 maande onder huisarres en Nico is onskuldig bevind aan moord. Sulke inligting was egter nie oor die ander gevalle beskikbaar nie.

In verskeie gevalle is daar melding gemaak van fisiese, emosionele of seksuele mishandeling. Mishandeling word as 'n belangrike rede vir familiemoord deur kinders aangevoer (Diem &Pizarro, 2010; Flowers, 2013). Dit was ook opmerklik in die huidige studie dat daar tydens of na die mishandeling of straf min (of geen) emosionele of fisiese ondersteuning aan die kinders gebied is. Mishandeling was 'n prominente tema in hierdie studie.



© University of Pretoria

In al die gevalle in die huidige studie was daar tekens van aggressie en in agt gevalle was angs opmerklik. In vyf van die gevalle het die oortreders dwelms of alkohol misbruik. Nico het 'n onbekende dwelm gebruik op die dag van die moorde. Selile het dagga gerook en Neels het verskeie tipes dwelms misbruik. Belinda en Andre het gereeld alkohol misbruik. Dwelm- en alkoholmisbruik sal later meer breedvoerig bespreek word in die hoofstuk.

Sielkundige aspekte soos angs, aggressie en anti-sosiale persoonlikheidsversteuring is in verskeie gevalle geïdentifiseer en sal ook as aparte temas bespreek word. In Gideon en Selile se gevalle was die sielkundiges wat hulle evalueer het, oortuig dat daar tekens van anti-sosiale persoonlikheidsversteuring was. Dit is egter belangrik dat die diagnoses slegs ná die moorde gemaak is. Nóg Gideon nóg Selile is met gedragsversteuring of tekens van gedragsversteuring voor die moorde gediagnoseer. In al die gevalle was dit ook opmerklik dat emosionele ondersteuning van die ouers en voogde ontbreek het en dat die oortreders deur hulle onderskeie families verwerp gevoel het.

Die beskikbaarheid van wapens tydens familiemoorde deur kinders word ook uitgesonder in die literatuur (DiCataldo & Everette, 2008). In al die gevalle in hierdie studie was die wapens wat gebruik is, geredelik beskikbaar. In Karel se geval het hulle die wapens vir die moorde gaan koop, maar toe die moorde nie uitwerk soos hulle dit beplan het nie, het hulle 'n mes wat in die kombuis was, gebruik. Nico en Andre het die familielede met handwapens vermoor wat tot sy beskikking was. Nico was verantwoordelik om sy ma se vuurwapen elke dag te beveilig nadat sy van die werk af gekom het. Selile het 'n byl gebruik wat in die kamer was en elke dag gebruik is om vuurmaakhout te kap. Simone en Belinda het die messe wat in die huis was, vir die moordenaars gegee en Mandla het 'n mes wat in die huis was gebruik vir die moord. Gideon het toegang tot die wapenkluis gehad en was 'n ervare skut. Neels het 'n krieketkolf en 'n mes gebruik wat in die huis beskikbaar was.

Problematiese binding met die primêre versorger is in al die gevalle geïdentifiseer. Hierdie tema sal later in die hoofstuk apart bespreek word. In sewe van die gevalle was dit opmerklik dat die verlies van 'n nabye persoon nie toereikend deur die ouers of voogde hanteer is nie. Die hantering van verlies sal ook later in die hoofstuk as 'n aparte tema bespreek word.



© University of Pretoria

#### 5.2.1.1. Multislagoffermoord deur een oortreder

Multislagoffermoord deur ’n enkele oortreder is ’n betreklik skaars verskynsel (Fegadel & Heide, 2015; Flowers, 2013; Heide, 1999; Heide, 2013). Volgens Heide (1999) sal jong manlike oortreders eerder ’n vreemdeling vermoor as ’n familielid of kennis. Soos reeds genoem kom gevalle van meisies wat familiemoord pleeg, ook redelik selde voor. Dit is ook uitsonderlik dat persone wat meerdere moorde pleeg, voorheen mishandel is (Fegadel & Heide, 2015).

Fegadel en Heide (2015) het in hulle studie van enkeloortreders en multislagoffermoorde (1991-2010) bevind dat die gemiddelde ouderdom van hierdie tipe oortreders 30 jaar was. Twintig persent van die oortreders was onder die ouderdom van 18 jaar en 91% was mans. Vier-en-negentig persent van die gevalle was blanke persone. Heide (2013) voer aan dat slegs 8% van die familiemoorde in die VSA multislagoffermoorde is, waarvan 6,9% deur ’n enkele oortreder gepleeg is en 0,9% deur meer as een oortreder. Die persentasie stiefouermoorde met meer as een slagoffer en ’n enkele oortreder was 3,7% van alle familiemoorde. Multislagoffermoorde met meer as een oortreder het slegs 0,6% van alle familiemoorde uitgemaak. Gevalle waar jong kinders meer as een familielid vermoor, is uitsonderlik. Multislagoffermoorde deur een oortreder word ook oorwegend deur mans gepleeg (Fegadel & Heide, 2015, p.724; Heide, 2013, p.55). Die redes vir die moorde wat algemeen genoem word, is onuithoudbare huislike omstandighede, mishandeling of depressie (Fegadel & Heide, 2015).

**Literatuurkontrole: Die verband tussen die literatuur oor multislagoffermoord deur een oortreder en die huidige studie**

Die verband tussen die literatuur oor multislagoffermoord deur een oortreder en die huidige studie word vervolgens bespreek. ’n Prominente tema in die huidige studie was dat ses van die nege gevalle multislagoffermoorde was. Volgens die literatuur is sulke moorde deur een of meer as een oortreder uitsonderlik (Fegadel & Heide, 2015; Heide, 1999; Heide, 2013). In die huidige studie het Selile vier familielede vermoor, Nico, Gideon en Andre drie en Karel en Neels twee elk. In al die genoemde gevalle, behalwe in Karel se geval het die oortreder die moorde alleen uitgevoer. Volgens Fegadel en Heide (2015) is die gemiddelde ouderdom van



© University of Pretoria

enkeloortreders wat multislagoffermoorde gepleeg het, 30 jaar. In die huidige studie was al die oortreders manlik en onder die ouderdom van 20 jaar. Hulle gemiddelde ouderdom in hierdie studie was 17 jaar. Die huidige studie se steekproef is egter volgens vooraf gestelde seleksiekriteria geneem ten einde die primêre navorsingsvrae te beantwoord, en enige statistiese afleidings oor die populasie behoort dus met omsigtigheid gemaak te word. Volgens die bestaande literatuur word hierdie tipe moorde oorwegend deur mans gepleeg, en die huidige studie stem wel ooreen met hierdie tendens in die literatuur (Fegadel & Heide, 2015).

In Nico, Selile en Neels se gevalle is die huislike omstandighede gekenmerk deur intense konflik. In Selile en Neels se gevalle was daar sprake van alkoholmisbruik deur die ouers. In al drie gevalle was daar sprake van mishandeling. Die literatuur toon dat multislagoffermoorde gepaard gaan met onuithoudbare huislike omstandighede en mishandeling (Fegadel & Heide, 2015). In die meeste gevalle in hierdie studie is die moorde na die eerste moord nie, soos in die literatuur aangedui (Shon & Lee, 2016), gepleeg om die daad te verberg nie. In Nico se geval was daar sprake van ’n katatimiese krisis wat veroorsaak het dat hy nie veel kon onthou van die moorde nie. In Selile se geval het hy genoem dat hy vreemd gevoel het tydens die moorde en nie in beheer van sy optrede was nie. Hy het ook aangevoer dat ’n stem hom beveel het om die moorde te pleeg. Gideon het nie erken dat hy die moorde gepleeg het nie, maar die kundiges in hierdie studie was dit eens dat hy die moorde vir finansiële gewin gepleeg het. Hulle het ook bespiegel dat hy die moorde gepleeg het om die seksuele mishandeling van sy suster te verberg. Dit was nie duidelik hoekom Andre sy ouers eerste vermoor het en sy broer heelwat later nie. Dit kan wees dat verberging in hierdie geval wel ’n rol gespeel het. Daar was egter sprake van ernstige aggressie teenoor sy broer. Andre het ook verskillende weergawes van die moorde aan die polisie gegee en in die hof voorgelê. Geen duidelike motief staan dus uit nie.

In baie gevalle waar ’n oortreder alleen multislagoffermoorde pleeg, is die oortreders vooraf mishandel (Fegadel & Heide, 2015). In hierdie studie was Nico en Neels egter blootgestel aan verskeie soorte mishandeling, en Selile was fisies gestraf soos wat in die literatuur genoem word. In Gideon en Andre se gevalle was daar egter nie sprake van mishandeling nie.



© University of Pretoria

#### 5.2.1.2. Multislagoffermoord deur meer as een oortreder

Volgens Fegadel en Heide (2015) word 84% van alle ouer- en stiefouermoorde gepleeg deur een oortreder wat een slagoffer vermoor. Die aantal moorde waar daar meer as een oortreder of slagoffer was, is onseker. Daar is ook beperkte navorsing oor kinders en adolessente wat hierdie tipe familiemoord gepleeg het (Fegadel & Heide, 2015). Tien persent van alle familiemoorde is multislagoffermoorde (Marleau et al., 2006). Feitlik alle multislagoffermoorde word deur mans gepleeg (Fegadel & Heide, 2015; Shon & Lee, 2016). In twee longitudinale studies deur Shon en Lee (2016) wat van 1948-1963 en weer van 1995-2012 in Korea uitgevoer is, is bevind dat multislagoffermoorde deur meer as een oortreder meestal nie vooraf beplan is nie. Die oortreder en die familielede het ook saamgewoon. In hierdie studie van Shon en Lee (2016) was die eerste moord oorwegend onbeplan en het dit impulsief plaasgevind. Dikwels volg ’n argument, waarna die opeenvolgende moorde gepleeg word in ’n poging om die eerste moord te verberg. Verdere analises van hulle studie van Shon en Lee (2016) het aangedui dat in gevalle van meer as een oortreder en meer as een slagoffer die gemiddelde ouderdom van die oortreders 21 jaar was. Volgens ’n studie deur Fegadel en Heide (2015) is hierdie tipe moorde oorwegend deur blanke mans gepleeg. In 20-30% van alle multislagoffermoorde was daar sprake van dwelmafhanklikheid by die oortreder. Die oortreders het ook soms hulle ouers vermoor omdat die ouers hul liefdesverhoudings afgekeur het. In ander gevalle is ouers vermoor vir finansiële gewin. In sommige gevalle is die moordenaar bygestaan deur die persoon van wie die ouers ’n afkeer getoon het.

**Literatuurkontrole: Die verband tussen die literatuur oor multislagoffermoord deur meer as een oortreder en die huidige studie**

Die verband tussen die literatuur oor multislagoffermoord deur meer as een oortreder en die huidige studie sal vervolgens bespreek word. Karel was die enigste geval in die huidige studie waar meer as een oortreder multislagoffermoord gepleeg het, wat aansluit by die literatuur wat aandui dat hierdie tipe moorde slegs ‘n klein persentasie van alle moorde uitmaak (Marleau, 2006). Die gemiddelde ouderdom wat hierdie tipe moordenaar is 21 jaar (Shon & Lee, 2016). Karel was 20 jaar oud tydens die moorde wat slegs ‘n jaar verskil van die gemiddelde ouderdom wat in die literatuur aangedui word. Sy suster was egter reeds 26 jaar oud tydens die moorde.



© University of Pretoria

Shon en Lee (2016), het ook in hulle studie bevind dat die oortreder en familielede oorwegend saam woon wanneer die moorde plaasvind, wat ook die geval was met Karel. Volgens Karel het hy sy ouers vermoor om Riaan tevrede te stel, asook vir finansiële gewin. Karel is gehelp deur sy suster en haar vriend, wat strook met navorsing wat aandui dat vrouens wat multislagoffer-moord pleeg dikwels ’n medepligtige het. Karel se ouers het die liefdesverhouding tussen Riaan en Nina afgekeur. Dit word bevestig in die literatuur, wat daarop wys dat die moorde soms gepleeg word as gevolg van die ouers wat ’n liefdesverhouding afkeur (Fegadel & Heide, 2015). Hoewel Neels sy ouers alleen vermoor het, het hy later sy vriend versoek om hom te help om van die lyke ontslae te raak.



© University of Pretoria

In die volgende gedeelte word die temas en subtemas van die studie bespreek en met die tersaaklike literatuur in verband gebring. Tabel 5 dien as 'n opsomming van die temas wat vervolgens bespreek sal word.

**Tabel 6: Opsomming van die temas en subtemas van die studie**

| Opsomming van die temas en subtemas van die studie | |
|---|---|
| **Probleme binne gesinsverband** | |
| **Tema 1** | Problematiese binding |
| **Tema 2** | Ekstreme ouerskapstyle |
| **Tema 3** | Verwerping |
| **Subtema 1** | Ontoereikende hantering van verlies |
| **Subtema 2** | Gesinswanfunksionering |
| **Subtema 3** | Mishandeling |
| **Sielkundige probleme wat deur individuele en sistemiese faktore veroorsaak word** | |
| **Tema 4** | Aggressie[18] |
| **Subtema 4** | Angs |
| **Subtema 5** | Interpersoonlike verhoudingsprobleme |
| **Subtema 6** | Ontvlugting |
| **Subtema 7** | Dwelm- of alkoholmisbruik |
| **Subtema 8** | Antisosiale persoonlikheidsversteuring en gedragsversteuring |

[18] Aggressie verwys hier na die kind se besonderse belewinge van aggressie.



© University of Pretoria

**Probleme binne gesinsverband**

### 5.2.2. Tema 1: Problematiese binding

Binding word beskryf as die afhanklikheid wat ’n kind ontwikkel met die primêre versorger. Elke jong kind word gebore met die wil om te oorleef. Een belangrike oorlewingsvaardigheid is babas se vermoë om aandag te trek wanneer hulle spesifieke behoeftes het of ongemaklik voel. Hierdie vermoë om aandag te trek word direk aan bindingsgedrag gekoppel. Tydens die normale bindingsprosesse sal die primêre versorger aandag gee aan die kind se behoeftes, en sodoende kan ’n nabye verhouding gestig word tussen versorger en kind (Barbaro, Boutwell, Barnes, & Shackelford, 2017; Howe, 2005; Shaver & Fraley, 2000). Alle normale babas bind met hulle primêre versorger binne die eerste agt maande van hulle lewe, maar is ook in staat om met meer as een persoon te bind in hierdie tydperk (Hazan & Shaver, 1994; Pearce, 2009). Die bindingsproses ontwikkel stelselmatig oor die eerste vier lewensjare van die kind (Pearce, 2009, p.13). Die hoofdoel van binding is om jong en kwesbare individue teen gevaar te beskerm (Howe, 2005, p.3; Lyons-Ruth, 1996). Binding het ook ten doel om ’n kind wat angstig voel, aan te moedig om na die primêre versorger te gaan vir nabyheid en beskerming. Die voordele van ’n nabye verhouding is voeding, beskerming teen gevaar en sosiale interaksie wat leergeleenthede bied (Bowlby, 1988; Howe, Brandon, Hinings & Schofield, 1999).

’n Jong kind wat veilig voel is gemaklik om sy leefwêreld te verken en kan sy/haar energie gebruik om sin te maak van nuwe ervaringe. Die hoofbron van sielkundige ervaringe is die verhouding tussen die versorger en die baba. Die kwaliteit van die interaksie is krities vir normale ontwikkeling (Beeney et al., 2015; Howe, 2005). Vroeë ervarings speel ’n belangrike rol in ’n kind se ontwikkeling, en ’n ouer wat ’n hegte band met ’n kind het toon positiewe gedrag teenoor die kind. Die positiewe gedrag word gekenmerk deur aanvaarding, beskikbaarheid, sensitiwiteit en betroubaarheid. Ouers wat ’n hegte band met hulle kinders het, verstaan die kind se behoeftes en toon empatie teenoor die kind. Daar bestaan dus ’n tipe harmonie tussen die versorger en die kind (Ainsworth, Blehar, Waters & Wall, 2015; Beeney et al. 2015; Howe et al., 1999; Zilberstein, 2006). Barbaro et al. (2017) is egter van mening dat gedragsgenetika nie geïgnoreer kan word wanneer binding ondersoek word nie. Hulle beweer



© University of Pretoria

dat navorsers ook moet let op die omgewings wat nie deur die ouer en kind gedeel word nie, asook binding in latere lewensfases (Barbaro et al., 2017). Russell en King (2016) meen dat binding die hoofrede is vir langdurige, liefdevolle verhoudings tussen mense en dat dit redelik stabiel is deur die loop van 'n persoon se lewe. Binding beïnvloed ook 'n persoon se volwasse verhoudings.

Nabye binding word geassosieer met positiewe ontwikkeling en gedrag, maar sodra normale binding nie plaasvind nie, kan verskeie bindingsafwykings ontwikkel. Die Bindingsteorie klassifiseer binding as *veilig, angstig* of *vermydend* (Lyons-Ruth, 1996). Die teorie is uitgebrei om 'n vierde kategorie in te sluit, naamlik *ongeorganiseerde binding* (Holmes, 2015; Russell & King, 2016). *Veilige binding* vind plaas wanneer daar gereeld aan die kind se bindingsbehoeftes voldoen word. Indien die kind geen ongelukkigheid toon wanneer die versorger weggaan nie, word dit as *vermydende binding* geklassifiseer. Jong kinders wat vermydende binding toon, toon dikwels aggressiewe gedrag teenoor versorgers en wil nie hulle samewerking gee nie. Vermydende binding gaan gepaard met versorgers wat onderdrukte aggressie toon, min liefde en vertroosting bied en onsensitief, indringend en verwerpend teenoor die kind optree. Die kinders vermy dan eerder kommunikasie met en toenadering tot die versorger. Vermydende binding word geassosieer met aggressie en passiewe onttrekking deur seuns (Lyons-Ruth, 1996) en hulpeloosheid oor die algemeen (Holmes, 2015). *Ongeorganiseerde binding* verwys weer na die afwesigheid van konsekwente optrede deur die versorger wanneer die kind toenadering en ondersteuning benodig. Hierdie kinders sal dikwels stilstaan of stadig en onseker optree wanneer die versorger naby is, want hulle is onseker hoe die versorger teenoor hulle gaan optree. Ongeorganiseerde binding word geassosieer met psigososiale uitdagings wat deur die ma ervaar word. 'n Korrelasie tussen ongeorganiseerde binding en aggressie in kinders is vasgestel (Lyons-Ruth, 1996). Zeanah, Danis, Hirshberg, Benoit, Miller en Heller (1999) het in hulle studie van ma's wat deur hulle lewensmaat mishandel is, bepaal dat sulke ma's dikwels ongeorganiseerde binding met hulle kinders getoon het.

Die kind wat *angstige binding* toon voel onveilig en aggressief teenoor die versorger, aangesien daar nie 'n stabiele verhouding bestaan nie. Sulke kinders is bang om uiting te gee aan hulle gevoelens van angs en aggressie, aangesien dit dalk verdere verwerping kan veroorsaak. Onderdrukking van emosies vind dus plaas, wat veroorsaak dat daar nie aan die



© University of Pretoria

kind se emosionele behoeftes voldoen word nie. Die angstige binding veroorsaak dan ook dat die kind onveilig voel en dikwels ’n swak selfbeeld ontwikkel. Angstige binding kan veroorsaak word deur groot onderbrekings in ouerskap, soos die dood van ’n ouer of egskeiding. Versorgers wat depressief is en nie reageer op die kind se behoeftes nie, met tye dreig om selfmoord te pleeg, dreig om die kind weg te gee of weg te stuur en gevalle waar die kind die versorger se rol moet inneem word aangevoer as redes vir angstige binding (Holmes, 1993, pp.84, 141).

Morele ontwikkeling word ook dikwels met binding geassosieer. Morele ontwikkeling gaan gepaard met ’n persoon se vermoë om sy eie gedrag te reguleer en aan die samelewing se standaarde te voldoen. Indien ’n persoon nie ’n gewete ontwikkel nie, kan dit aanleiding gee tot afwykings, byvoorbeeld swak binding met die primêre versorger of antisosiale persoonlikheidsversteuring. Vroeë binding met die primêre versorger is noodsaaklik vir die internalisering van toepaslike gedrag. Die bindingsteorie voer aan dat kinders wat mishandel word nie ’n nabye emosionele band met die versorger ontwikkel en nie waardes internaliseer nie. ’n Kind wat ’n nabye band met die versorger vorm kan makliker sy emosies reguleer. Kinders wat nie ’n hegte band met die versorger ontwikkel nie en wat verwerp voel, is geneig om aandag te soek deur antisosiale gedrag. Daar is ook bevind dat kinders met angstige of vermydende binding meer aggressief is as kinders wat ’n nabye band met die versorger gevorm het (Termini, Golden, Lyndon & Scheaffer, 2009).

Reaktiewe bindingsafwyking word geassosieer met morele ontwikkeling (Termini et al., 2009). Reaktiewe bindingsafwyking is ’n relatief nuwe diagnose wat gekoppel word aan patogeniese ouerlike versorging. Die kind se fisiese, sosiale en emosionele behoeftes word nie in ag geneem nie, en die kind word dikwels blootgestel aan verskeie versorgers as gevolg van verlies, plasing in ’n kinderhuis of plasings by verskillende ouerhuise. Hierdie kinders ontwikkel nie toepaslike bande met versorgers nie en ondervind probleme met morele ontwikkeling (Termini et al., 2009; Zilberstein, 2006). Die DSM-V (American Psychiatric Association, 2013) klassifiseer reaktiewe bindingsafwyking as minimale en geïnhibeerde gedrag teenoor die versorger. Die kind soek selde toenadering en vertroosting by die ouer. Daar is ook sprake van voortdurende sosiale en emosionele afwykings. Hierdie kinders reageer minimaal in sosiale en emosionele situasies, hulle het beperkte positiewe emosies en hulle het onverklaarbare episodes van geïrriteerdheid, ongelukkigheid en vrees. Hierdie gedrag word



© University of Pretoria

dikwels toegeskryf aan ekstreme of onvoldoende versorging, wat sosiale verwaarlosing en die herhaalde verandering van versorgers kan insluit (American Psychiatric Association, 2013). Kinders wat met reaktiewe bindingsafwyking gediagnoseer word, het meestal ’n geskiedenis van verwaarlosing of fisiese of seksuele mishandeling deur ’n primêre versorger. Kinders wat verwaarloos of mishandel is, kan ook gewelddadig of aggressief optree. Die risiko bestaan ook dat hulle later ’n verskeidenheid sielkundige probleme kan ontwikkel, wat persoonlikheidsversteurings, antisosiale persoonlikheidsversteuring en narsissisme kan insluit. Kinders wat verwerp word, kan ook sosiale verwerping, sosiale onttrekking en gevoelens van ontoereikendheid ontwikkel (Becker-Weidman, 2008).

Travis Hirsci (1969) se teorie van sosiale beheer bied ook verklarings vir binding en jeugoortreding. Volgens Hirschi is die binding tussen kinders en hulle ouers en ander primêre rolspelers in die kind se lewe van groot belang om misdadige gedrag by die kind te voorkom. Hierdie binding hou ook verband met die mate waarin ’n kind die norme, waardes en reëls van die samelewing aanvaar. Verder is dit van belang dat kinders betrokke is by konvensionele aktiwiteite soos skoolwerk, atletiek, kerklike aktiwiteite en gesonde portuurinteraksie om misdaad by kinders te voorkom. Hy is dit eens dat kinders met sterk binding met hulle ouers, wat met toewyding gereeld betrokke is by gesonde aktiwiteite soos skoolaktiwiteite en in die voorgeskrewe norme en waardes van die samelewing glo, minder geneig sal wees om misdadig op te tree. Binding gaan ook gepaard met die kwaliteit van die band tussen die kind, ouers, vriende en onderwysers. Die ouerlike band word as die belangrikste band gesien, aangesien ouers die eerste sosialisering aan die kind bied en ook ’n belangrike rol speel in die internalisering van norme en waardes asook in die ontwikkeling van ’n morele kompas. ’n Jeugdige vir wie die ouer en outoriteitsfigure se goedkeuring belangrik is, sal nie maklik by misdaad betrokke raak nie, aangesien hulle nie hulle ouers of primêre sosialiseringsagente wil teleurstel nie (Hirschi, 1969).

## Literatuurkontrole: Die verband tussen binding en familiemoord deur kinders

In die volgende gedeelte word die verband tussen binding en familiemoord wat deur kinders gepleeg is, met die gesaghebbende literatuur in verband gebring. In al nege gevalle was binding met die primêre versorger problematies. Die bindingsprobleme wat in die studie geïdentifiseer is, word hieronder uiteengesit en bespreek. Die verband met die literatuur word ook



© University of Pretoria

verduidelik. Aangesien die navorser nie direkte kontak met die oortreders gehad het nie, was dit nie moontlik om die verskillende tipes binding met absolute sekerheid met die oortredings in verband te bring nie. Die omvattende databronne wat geraadpleeg is, toon egter dat problematiese binding sentraal was in *al die gevalle*. Die tipe binding word hier slegs gesien as addisionele inligting tot algehele problematiese binding tussen ouer en kind. Die gedeelte wat volg bestaan dus uit gevolgtrekkings wat ten opsigte van problematiese binding gemaak is en die inligting wat tot die navorser se beskikking was. Die navorser stem egter saam met Russell en King (2016), wat aanvoer dat binding die hoofrede is vir langdurige, liefdevolle verhoudings tussen mense en dat dit redelik stabiel is deur die loop van ’n persoon se lewe. Die navorsers is dit eens dat individue met sterk sosiale bande, veral met die ouer, minder geneig is tot oortredings, soos deur Hirschi (1969) aangevoer.

Ongeorganiseerde binding (Holmes, 2015; Lyons-Ruth, 1996) is by Nico, Simone en Belinda geïdentifiseer. Nico het moontlik nie met een van die volwassenes in sy lewe ’n toereikende band gevorm nie. Sy pa was vanaf ’n jong ouderdom afwesig, en sy verhouding met sy ma is gekenmerk deur antagonisme en fisiese, verbale en seksuele mishandeling. ’n Ongeorganiseerde en angstige band het tussen ma en seun ontwikkel, waar Nico dikwels onseker was oor hoe sy ma sou optree. In die literatuur word gemeld dat kinders wat ’n angstige band met die ouer ontwikkel, dikwels onveilig voel en bang is om uiting te gee aan hulle gevoelens (Holmes, 1993). Wisselvallige optrede van die ouer gaan ook gepaard met ongeorganiseerde binding (Lyons-Ruth, 1996). In Nico se geval moes hy volkome aan sy ma se vereistes onderdanig wees. Hy was dikwels onseker van haar optrede en het nie geweet wat die uitkoms van haar besluite sou wees nie. Sy het byvoorbeeld gesê dat hy ’n meisie kon uitneem as hy ’n boom afsaag, maar het toe nie haar ooreenkoms nagekom nie. Sy was ook ambivalent teenoor hom, aangesien hy met tye by haar in die bed moes slaap maar is dan verbied om saam sy portuurs uit te gaan.

In Simone se geval was daar ook sprake van ongeorganiseerde en angstige binding tussen haar en haar ouers, asook met haar ouma aan vaderskant. Simone se verhouding met haar ouma is gekenmerk deur kritiek, emosionele aftakeling en wisselvallige optrede deur haar ouma. Met tye was haar ouma dominerend en ander kere toegeeflik. Die literatuur dui aan dat ongeorganiseerde binding gepaard gaan met inkonsekwente optrede deur die ouer (Lyons-Ruth, 1996), wat in hierdie geval opvallend was. Simone se pa het vir haar genoem dat hy



© University of Pretoria

selfmoord oorweeg het, en sy was bewus daarvan dat haar ouma haar pa fisies aangerand het. Angstige binding ontstaan ook wanneer ’n ouer dreig om selfmoord te pleeg; dit veroorsaak gevoelens van onsekerheid (Holmes, 1993). Simone se ma het nie ingetree toe haar pa en ouma besluit het na watter skool sy moet gaan en waar sy moet bly nie, wat verdere gevoelens van verwerping en onsekerheid tot gevolg gehad het. Haar ouma het haar ook volwasse take opgelê soos geldinvordering, maar was dan ontevrede met Simone se verhouding met ’n ouer man. Belinda is weggestuur na haar ouma nadat die ouers geskei het. Sy het later weer by haar ma gaan bly, maar die verhouding is gekenmerk deur herhaalde verwerping, en Belinda se emosionele behoeftes is nie ondervang nie. Verwerping en onsekerheid gaan gepaard met ongeorganiseerde binding (Lyons-Ruth, 1996).

Angstige binding is in verskeie gevalle geïdentifiseer. Die literatuur dui aan dat angstige binding gepaard gaan met gevoelens van onveiligheid. Die kind is dikwels te bang om uiting te gee aan sy/haar gevoelens, aangesien dit tot verdere verwerping deur die ouer mag lei (Holmes, 1993). Nico en Simone se gevalle is reeds vroeër bespreek. In Neels se geval het die oortreder nie ’n goeie verhouding met sy ma gehad nie. Hulle het gereeld geargumenteer en sy het dikwels genoem dat dit beter sou wees indien hy dood was. Sy het verwagtinge geskep, maar nie bevredig nie. Mandla is deur albei ouers grootgemaak tot en met die ouderdom van 5 jaar, waarna hy by sy ouma gaan woon het. Sy biologiese pa het verhuis en sy ma het ’n verhouding met ’n ander man begin. Die man het later sy stiefpa geword. Sy ma het vir lang tydperke op haar eie gebly, terwyl Mandla by sy stiefpa moes woon. Hierdie onsekere huislike omstandighede kon aanleiding gee tot gevoelens van onveiligheid (Holmes, 1993). Selile het aanvanklik by albei ouers gewoon, maar het op ’n vroeë ouderdom by sy grootouers gaan woon. Later moes hy by sy ma in beknopte huislike omstandighede gaan woon. Die rondskuif van ouerhuise kon aanleiding gee tot onsekerheid, onveiligheid en angstigheid. Belinda het die huwelik tussen haar ouers as stormagtig beskryf. Haar pa het haar ma fisies mishandel. Die ouers is geskei en Belinda het by haar ouma gaan woon. Belinda se ma was beroepsgedrewe en het selde aan Belinda se emosionele behoeftes aandag gegee. Die pa is later aangekla van moord en het tronkstraf gekry. Rondskuif tussen ouerhuise en onsekere lewensomstandighede lei tot gevoelens van onveiligheid, wat met angstige binding geassosieer kan word (Holmes, 1993). Andre het ’n ontoereikende verhouding met sy ouers gehad. Hy was gedurig in argumente met sy ouers betrokke en het gevoel dat sy ouers hom nie verstaan nie. Sy broer is



© University of Pretoria

dikwels as voorbeeld voorgehou, wat aanleiding tot gevoelens van verwerping en angstige binding kon gegee het (Holmes, 1993).

In Karel se geval was daar sprake van vermydende binding. Die ouers was grotendeels op hulle eie lewens en behoeftes gefokus. Hulle was dikwels onsensitief ten koste van hulle kinders se emosionele behoeftes (Holmes, 1993). Dit wil voorkom of Karel en sy suster Riaan sonder enige huiwering vertrou het omdat die ouers nie emosioneel met hulle gebind het nie. Hulle het egter in oormaat in die kinders se fisiese behoeftes voorsien.

Gideon se ma het vir familie en vriende genoem dat sy die aanpassing by ouerskap moeilik gevind het. Die pa is as uitermatig streng beskryf, en daar was sprake dat die pa Gideon se suster voorgetrek het. Uit die inligting wat oor hierdie geval beskikbaar was, was dit egter bloot op hoorsê dat die afleiding gemaak kon word dat problematiese binding tussen Gideon en sy ouers bestaan het.

Die moontlikheid bestaan dat daar wel gevalle in hierdie studie was wat tekens van reaktiewe bindingsafwyking getoon het. Sonder ’n persoonlike evaluasie nie was dit egter nie moontlik om hierdie DSM-V-diagnose (American Psychiatric Association, 2013) met sekerheid te maak nie.

In hierdie studie was problematiese binding tussen ouer en die kind ’n sentrale tema. Daar is ook weinig studies oor binding en familiemoord beskikbaar in die literatuur. Heide en McCurdy (2010) het wel in hulle studie bevind dat kinders wat mishandel is en familiemoord gepleeg het, dit moeilik gevind het om later emosionele bande met ander te ontwikkel. Uit die data en bevindinge in hierdie studie blyk dit egter duidelik dat binding ’n sentrale faktor is wat in ag geneem moet word wanneer familiemoorde wat deur kinders gepleeg is, verklaar moet word.

### 5.2.3. Tema 2: Ekstreme ouerskapstyle

Die invloed wat ouerskapstyle op kinders het, word reeds vir dekades bestudeer. Ouerskap speel ’n belangrike rol in die ontwikkeling van die kind. Ouerskapstyle word gekategoriseer volgens ouerlike warmte en gedragsbeheer (Ihabe & Bentler, 2016). Op grond hiervan kan



© University of Pretoria

ouerskapstyle verdeel word in gesaghebbende, outoritêre, permissiewe en onbetrokke ouerskapstyle (Boshier, 2011; Ihabe & Bentler, 2016; Kemme, Hanslmaier & Pfeiffer, 2014). Die gesaghebbende ouerskapstyl word gekenmerk deur ’n streng opvoedingstyl wat met warmte gepaard gaan en word geassosieer met hoë vlakke van toereikende aanpassing van kinders, psigososiale volwassenheid, ontwikkeling van ’n goeie selfbeeld en akademiese sukses. Die outoritêre ouerskapstyl word gekenmerk deur strengheid, straf en min ondersteuning. Waar jeugdiges familiemoord gepleeg het, was ’n outoritêre ouerskapstyl van beide ouers redelik algemeen (Hill-Smith et al., 2002). Die permissiewe ouerskapstyl word gekenmerk deur min beheer en warmte teenoor die kind. Die permissiewe ouer wil nie in die pad van die kind se kreatiwiteit en onafhanklikheid staan nie. In huise waar die permissiewe of die outoritêre ouerskapstyl hoofsaaklik gebruik word, word dissipline ook geassosieer met geweld (Ihabe & Bentler, 2016). Die permissiewe en outoritêre ouerskapstyle word as oneffektiewe ouerskapstyle geklassifiseer en word verbind met lae vlakke van selfregulering by kinders, wat daaraan kan lê dat ouers nie by hulle kinders betrokke is nie en die ouers dus nie agterkom as die kinders ontoepaslike gedrag toon nie. Verkeerde gedrag word nie korrigeer nie (Ihabe & Bentler, 2016). Die onbetrokke ouerskapstyl gaan gepaard met beperkte beheer en minimale warmte teenoor die kind (Ihabe & Bentler, 2016; Boshier, 2011) en lei tot die meeste negatiewe aanpassingsprobleme vir die kind. Kinders wat aan hierdie ouerskapstyl blootgestel word, kan moontlik wangedrag toon, dwelms misbruik, sielkundige probleme ontwikkel en ’n swak selfbeeld vorm (Boshier, 2011). Hierdie ouerskapstyl word ook geassosieer met hoë vlakke van aggressie en antisosiale gedrag (Ihabe & Bentler, 2016). Spraitz (2011) het in sy studie oor ouerskapstyle bevind dat kinders wat in ouerhuise grootword waar verwerping en verwaarlosing aanwesig is, meer geneig is tot kriminele optrede. Alhoewel daar nie net na die ouerskapstyle gekyk kan word wanneer familiemoord ondersoek word nie, speel dit wel ’n rol wanneer daar na oorsake van hierdie verskynsel gekyk word.

**Literatuurkontrole: Die verband tussen ekstreme ouerskapstyle en familiemoord deur kinders**

In die volgende gedeelte word die verband tussen ekstreme ouerskapstyle en familiemoord deur kinders bespreek. Die beskikbaarheid van inligting in die onderhawige studie het dit nie altyd moontlik gemaak om die ouerskapstyl van beide ouers te analiseer nie, maar daar was



© University of Pretoria

voldoende data om ten minste een ouerskapstyl in elke geval te identifiseer. Dit was opmerklik in hierdie studie dat daar nie in een van die ouerhuise sprake was van die gesaghebbende of die permissiewe ouerskapstyl nie.

In die meerderheid van die gevalle het die ouers van die outoritêre ouerskapstyl gebruik gemaak, wat dikwels gepaard gaan met strengheid en straf terwyl beperkte ondersteuning aan die kind gebied word (Ihabe & Bentler, 2016). ’n Outoritêre ouerskapstyl deur beide ouers word ook dikwels verbind met moord deur jeugdiges (Hill-Smith et al., 2002). In Nico se geval was sy ma uitermatig streng en het sy beperkte ondersteuning en warmte gebied. Sy het oorwegend van die outoritêre ouerskapstyl gebruik gemaak. Gideon se pa was ook uitermatig streng; daar was 'n insident waar die pa Gideon deur die gesig geklap het en ’n geleentheid waar Gideon van sy perd afgeval het en die pa daarop aangedring het dat hy verder ry. Gideon se pa het ook sy suster as maatstaf gebruik wat hy moes navolg. Belinda se ma was uitermatig streng en ouerlike warmte het ontbreek. Belinda is byvoorbeeld nie toegelaat om te studeer waarin sy belangstel nie. Simone se ouma was streng en het Simone sielkundig afgetakel. Haar pa het haar fisies mishandel, en haar ma was onbetrokke en het nie vir Simone ingetree wanneer sy mishandel of tussen wonings rondgeskuif is nie. Simone se ma se ouerskapstyl is nader aan die onbetrokke ouerskapstyl as aan die outoritêre ouerskapstyl wat hierbo bespreek is.

Die onbetrokke ouerskapstyl is ook in verskeie gevalle geïdentifiseer. Hierdie ouerskapstyl word geassosieer met hoë vlakke van aggressie asook antisosiale gedrag (Ihabe & Bentler, 2016). Dit word ook geassosieer met aanpassingsprobleme en verskeie sielkundige probleme. Neels het nie ’n goeie verhouding met sy ma gehad nie. Hulle het gereeld konflik gehad, en sy het vir hom gesê dat sy spyt was sy het hom aangeneem. Sy het verwagtinge by Neels geskep en dan nie vervul nie. Sy pa het met tye gedreig om selfmoord te pleeg. Mandla en Selile het min interaksie met hulle pa’s gehad nadat hulle weggetrek het. In beide gevalle was die ma’s relatief onbetrokke. In Selile se geval was die ma sieklik en die skool was bekommerd dat hy verwaarloos word. In Mandla se geval het die ma op ’n tyd uit die huis getrek en hom by sy stiefpa gelos. In Karel se geval was die ouers toegeeflik wanneer dit by die materiële gekom het, maar daar was min betrokkenheid by die kinders. Daar was nie ’n duidelike ouerskapstyl by Andre se ouers nie, maar hy was gereeld in konflik met sy ouers. Dit het ook voorgekom asof die ouers in al sy fisiese behoeftes voorsien het, maar nie begrip gehad vir sy emosionele behoeftes nie.



© University of Pretoria

In al die gevalle het die versorgers beperkte emosionele ondersteuning aan die kinders gebied. Die verband tussen ouerskapstyle en familiemoord deur kinders of volwassenes geniet weinig aandag in die literatuur. Aangesien ouerskapstyle direk in verband gebring word met die ontwikkeling van die kind in totaliteit, behoort dit as ’n integrale deel van enige studie van familiemoord beskou te word.

### 5.2.4. Tema 3: Verwerping

Dit is in die mens se aard om aanvaarding te soek en verwerping te vermy. Sosiale verwerping word geassosieer met verminderde lewenskwaliteit en kan ook ’n persoon se interpersoonlike funksionering aantas. Gevoelens van verwerping gaan gepaard met vyandigheid, emosionele onttrekking, jaloesie en neerslagtigheid (Downey & Feldman, 1996, p. 1327). Indien kinders liefde en aanvaarding van die primêre versorger ervaar, beleef hulle hulself as waardig en is hulle oop vir positiewe interaksie met ander persone. Hulle gedrag ontlok dan ook aanvaarding en versorging van die primêre versorger. Indien die teendeel waar is en die kind verwerping ervaar, is hulle geneig om hulself as onwaardig en ongeliefd te ervaar. Hulle verwag dan ook verwerping van ander. Hierdie kinders is ook vatbaar vir die latere ontwikkeling van depressie (Crockenberg & Leerkes, 2003). Rohner (2016) het in ’n longitudinale studie van interpersoonlike ouerlike aanvaarding/verwerping wat oor 45 jaar gestrek en verskeie kulture ingesluit het, vier groeperings van gedrag geïdentifiseer: warmte-liefdevolheid, vyandigheid-aggressie, verwerping-verwaarlosing en ongedifferensieerde verwerping. In gevalle waar ongedifferensieerde verwerping voorgekom het, was die kind dikwels oortuig dat die ouers hom of haar verwerp sonder dat daar noodwendig daadwerklike bewyse van ouerlike verwerping teenwoordig was. Rohner (p. 830, 2004) het ook in hierdie studie sewe karaktertrekke geïdentifiseer in gevalle waar kinders en volwassenes verwerp is:

- Vyandigheid, aggressie, passiewe aggressie of probleme om vyandigheid of aggressie te beheer.
- Afhanklikheid of verdedigende onafhanklikheid, afhangend van die intensiteit en persepsie van verwerping.
- Swak selfbeeld.



© University of Pretoria

- Min selfstandigheid.
- Min emosionele reaksie.
- Emosionele onstabiliteit.
- ’n Negatiewe wêreldsiening.

Navorsing deur Bondü en Richter (2016, p. 292) het verder getoon dat daar ’n verband bestaan tussen sensitiwiteit vir verwerping en aggressie. Sensitiwiteit vir verwerping is die geneigdheid om verwerping te verwag en dan te oorreageer. Taft, Schumm, Marshall, Panuzio en Holtzworth-Munroe (2008) het in hulle studie gevind dat ouerlike verwerping en ’n koue opvoedingstyl gepaard gaan met troumasimptome. Hulle studie het ’n groep mans ingesluit wat behandeling ontvang het vir lewensmaatmishandeling. ’n Verband tussen die persepsie van verwerping en angs asook onsekerheid is geïdentifiseer. Persone wat voel dat hulle verwerp word sal dikwels pogings aanwend om die ouer se aanvaarding te bewerkstellig. Hulle ervaar ’n diep soeke na liefde en aanvaarding. Persone wat verwerp voel ontwikkel later gevoelens van aggressie asook ander negatiewe gevoelens. Hulle sal hulself later emosioneel afsluit om hulself teen verdere verwerping te beskerm (Rohner, 2004). ’n Verband is ook tussen sensitiwiteit vir verwerping en reaktiewe aggressie vasgestel (Bondü & Richter, 2016).

In hierdie studie was daar in al die gevalle raakpunte met direkte verwerping deur primêre versorgers asook die kind se persepsie van verwerping. Die twee veranderlikes beïnvloed mekaar wedersyds en kan dus nie geskei word nie. Verwerping kan sowel sistemies as individueel verklaar word. Verwerping word in hierdie studie by probleme in gesinsverband ingesluit, maar moet ook in ag geneem word wanneer daar na die individuele bydraende faktore gekyk word.

**Literatuurkontrole: Die verband tussen verwerping en familiemoord gepleeg het**

In die volgende gedeelte word die verband bespreek tussen verwerping en familiemoord deur kinders bespreek. In al die gevalle in die studie was daar sprake van verwerping deur die primêre versorger/s. ’n Verband bestaan tussen sensitiwiteit vir verwerping en aggressie (Bondü & Richter, 2016). Downey en Feldman (1996) noem dat gevoelens van verwerping gepaard gaan met vyandigheid, jaloesie en neerslagtigheid. Soos reeds genoem het al die



© University of Pretoria

oortreders in die gevallestudies tekens van aggressie getoon. In sommige gevalle, byvoorbeeld Nico, Neels, Andre en Simone, was daar ook tekens van aggressie en neerslagtigheid. Indien kinders voel dat hulle deur die versorger aanvaar word, beleef hulle hulself as waardig en is hulle oop vir positiewe interaksie met ander persone (Crockenberg & Leerkes, 2003). In al die gevalle in hierdie studie, behalwe in Simone se geval, het die kinders interpersoonlike verhoudingsprobleme getoon, wat moontlik daarop kon dui dat hulle nie onvoorwaardelike aanvaarding ervaar het nie.

In Nico se geval het die ma haar kind van kleins af mishandel en herhaaldelik uit die huis gejaag. Sy het beperkte emosionele ondersteuning gebied, maar sy het hom ook verbied om normale sosiale verhoudinge te handhaaf. In Selile se geval was die pa slegs die eerste paar jaar deel van sy lewe. Hy het min kontak met sy pa gehad en het vir ’n tyd lank by sy ouma gewoon. Daar was ook sprake dat hy deur sy ma verwaarloos is. Dit kon aanleiding gegee het tot gevoelens van verwerping deur beide sy ouers en grootouers. Simone se ouers het toegelaat dat haar ouma die opvoeding oorneem, en haar ma het nie vir haar ingetree toe die mishandeling en die verskuiwing van een huis na ’n ander plaasgevind het nie. Haar pa het haar mishandel en haar ouma was krities teenoor haar, wat haar gevoelens van verwerping kon vererger het. In Gideon se geval het die pa hoë standaarde aan hom gestel en is die pa as uiters streng beskryf. Sy suster is voorgehou as die voorbeeld om na te streef, en sy ma het aanvanklik die aanpassing by moederskap moeilik gevind. Al hierdie faktore kon tot gevoelens van verwerping bygedra het. Neels het herhaaldelik konflik met sy ma gehad. Sy ma het met tye gesê dat sy spyt was sy het hom aangeneem en dat dit beter sou wees as hy dood was. Hy het ook gevoel dat sy biologiese ouers hom verwerp het. By die skool het hy ook nie aanvaarding van maats gehad nie. Net voor die moorde het Neels se pa genoem dat dit dalk beter sou wees as hy wat Neels is, weggaan. Vir Neels was dit die spreekwoordelike laaste strooi toe die een persoon met wie hy ’n redelik goeie verhouding gehandhaaf het, hom ook verwerp laat voel het.

Karel se ouers was redelik onbetrokke by hom en sy suster, maar was finansieel vrygewig. Dit was dus maklik vir Riaan om deel te raak van die kinders se lewens, aangesien die ouers heeltemal uit voeling met hulle kinders se daaglikse behoeftes en aktiwiteite was. Die ouers was onbewus dat Riaan by hulle in die huis gewoon het. Hierdie onbetrokkenheid van die ouers kon aanleiding gegee het tot gevoelens van emosionele verwaarlosing en verwerping. Andre het nie gevoel hy word onvoorwaardelik deur sy ouers aanvaar nie. Sy ouers het sy broer



© University of Pretoria

as die voorbeeld voorgehou, en daar was gereeld argumente tussen hom en sy ouers. Die argumente het hom ongeliefd en verwerp laat voel. Rohner (2004; 2016) noem dat persone wat verwerp voel, dit moeilik vind om hulle vyandigheid te beheer en dikwels passiewe aggressie toon. In Andre se briewe aan sy meisie kon die onderliggende aggressie opgemerk word, maar daar was ook ’n behoefte aan onvoorwaardelike aanvaarding te bespeur. Hy was derhalwe ambivalent.

Mandla het ook tekens van verwerping getoon, aangesien hy tussen ouerhuise rondgeskuif is. Hy het beperkte kontak met sy pa gehad en sy ma het hom vir ’n tyd by sy stiefpa gelaat toe sy besluit het die verhouding tussen haar en die stiefpa werk nie uit nie. Mandla het in Rohner (2004) se groep van verwerpte-verwaarlosing geval, waar die ouers min of geen aandag aan die kind se behoeftes gee nie. Belinda is herhaaldelik deur haar ma verwerp omdat sy nie aan haar ma se beeld van ’n ideale dogter voldoen het nie. Belinda se pa het haar ook nie na die egskeiding gereeld besoek nie. Kinders wat verwerp word toon dikwels tekens van onwaardigheid en ’n gebrek aan liefde en loop gevaar om depressie te ontwikkel (Crockenberg & Leerkes, 2003). Simone en Neels het pogings aangewend om selfmoord te pleeg en Belinda het tekens van depressie getoon.

Geen studies kon gevind word wat spesifiek na die verband tussen verwerping en familiemoord deur kinders ondersoek het nie. Verwerping en die persepsie van verwerping was ’n beduidende tema in die huidige studie, en verdere navorsing wat spesifiek fokus op hierdie veranderlike in verband met familiemoorde behoort oorweeg te word.

### 5.2.5. Subtema 1: Die ontoereikende hantering van verlies

Elke persoon ervaar verlies op ’n unieke wyse. Verlies word oor die algemeen ervaar wanneer iets of iemand wat belangrik in ’n persoon se lewe was, nie meer daar is nie. Die persoon wat die verlies ervaar voel dikwels magteloos en ervaar emosionele pyn. Verlies kan ’n persoon se funksionering en ervaring permanent verander. Daar word beweer dat ’n permanente verandering van die identiteit plaasvind wanneer verlies ervaar word. Verlies en rou is oor die algemeen stresvol. Indien ’n persoon nie verlies toereikend hanteer nie, kan sielkundige probleme ontwikkel wat angs, depressie en selfs antisosiale gedrag ontwikkel (Sacks, 1998).



© University of Pretoria

Verlies hou verder ook verband met binding. Binding met die primêre versorger bly gewoonlik redelik stabiel deur ’n persoon se lewe. Persone wat veilige binding toon vind dit makliker om verlies te verwerk as persone wat angstige, vermydende of ongeorganiseerde binding toon. Wanneer ’n persoon verlies ervaar, vind daar mettertyd ’n proses van verwerking plaas. Die persoon moet die gedagtes en gevoelens wat met verlies gepaard gaan, toereikend hanteer en aanvaarding moet plaasvind (Stroebe & Archer, 2013). Shand (in Stroebe & Archer, 2013, p. 31) het die funksie van rou soos volg verduidelik:

> “Dit is die groot funksie van droefheid in liefde om deur sy neigings tot aantrekking en herstel ’n duursame band met die voorwerp te vestig. Want die band wat vreugde op sigself met ’n voorwerp tot stand bring sou, in die afwesigheid daarvan, gou tot niet gaan as daar geen droefheid was om dit te versterk nie.”[19]

’n Kind se kognitiewe en emosionele ontwikkeling asook sy persoonlikheid beïnvloed die hantering van verlies (Carr, 2006). Kinders en adolessente ervaar dikwels dat die ouer of primêre versorger hulle deur hulle afsterwe verlaat het. Indien verlies nie toereikend hanteer word nie, kan dit tot lewenslange probleme met die vestiging van verhoudings lei. Kinders en adolessente beleef veral die verlies van ’n primêre versorger as ’n troumatiese gebeurtenis (Freudenberger & Gallagher, 1995). Kinders wat nie ’n hegte band met die ouer het nie, wat aan kroniese familiestres blootgestel word en spanningsvolle lewenservarings deurmaak, kan verskeie aanpassingsprobleme ontwikkel wanneer hulle verlies ervaar. Verskeie negatiewe situasionele en omgewingsfaktore kan ook veroorsaak dat die kind nie die ouer om ondersteuning nader wanneer verlies ervaar word nie (Carr, 2006).

Die ervaring van verlies kan slegs verbeter wanneer ’n persoon die gedagtes en gevoelens wat met verlies gepaard gaan, aktief aanspreek. Indien die gevoelens van verlies vermy of onderdruk word, neem dit langer vir die persoon om toereikend aan te pas (Stroebe & Archer, 2013). Post-troumatiese stresversteuring en depressie kan gevolge wees van die

[19] “It is the great function of sorrow in love, through its tendencies of attraction and restoration, to establish a durable bond with the object. For the bond which joy alone forms with an object would in its absence be quickly dissolved, were there no sorrow to reinforce it” Shand (in Stroebe & Archer, 2013, p. 31).



© University of Pretoria

ontoereikende hantering van die verlies van ’n belangrike persoon (Freudenberger & Gallagher, 1995).

**Literatuurkontrole: Die verband tussen verwerping en die hantering van verlies deur kinders wat familiemoord gepleeg het**

In die volgende gedeelte word die verband tussen die hantering van verlies en familiemoord deur kinders beskryf. In sewe van die gevalle in hierdie studie het die kinders voor die moorde die een of ander vorm van verlies ervaar. In die huidige studie is die verlies klaarblyklik nie toereikend deur die primêre versorgers hanteer nie. Indien verlies nie toereikend hanteer word nie, kan dit lei tot angs, depressie, gevoelens van verwerping en antisosiale gedrag (Sacks, 1998). In al die gevalle was die band met die primêre versorger problematies. ’n Toereikende band met die primêre versorger is belangrik vir die suksesvolle hantering en aanvaarding van verlies (Stroebe & Archer, 2013). Nico het sy pa op ’n jong ouderdom verloor toe die ma geweier het dat Nico na die egskeiding kontak met sy pa behou. Sy pa is later in ’n motorongeluk oorlede, en Nico het genoem dat hy spyt was hy het nie harder probeer om sy ma te oortuig om kontak tussen hom en sy pa toe te laat nie. Nico het ook sy goeie vriend verloor toe hy nog jonk was. Nico het genoem dat ‘n familiebegrafnis ‘n indruk op hom gemaak het toe hy 4 jaar oud was. Sy ouma het ‘n ander kind op haar skoot getel en aan Nico gesê dat sy nie meer lief was vir hom nie.

Simone se pa het selfmoord gepleeg en haar ouma het na ’n paar sessies van sielkundige behandeling self besluit Simone het nie meer hulp nodig nie. Die ouma het Simone blameer vir haar pa se selfmoord. Neels se oupa aan vaderskant, met wie hy ’n hegte verhouding gehad het, is skielik oorlede. Hy het die aanpassing na sy oupa se dood moeilik gevind. Mandla se biologiese pa is oorlede toe hy 16 jaar oud was. Belinda se ouma, by wie sy gewoon het, is oorlede toe Belinda 6 jaar oud was. In Selile se geval is dit onduidelik of die verlies aan sy oupa en ouma by wie hy die eerste 9 jaar van sy lewe gewoon het, toereikend hanteer is. Dit is ook nie duidelik of Selile se verlies aan sy oudste suster toereikend hanteer is deur sy familie nie. In Karel se geval is die huishulp wat ‘n belangrike rol in die kinders se lewens gespeel het, oorlede. Navorsing toon dat indien verlies nie toereikend hanteer word nie, dit tot die onderdrukking van emosies kan lei, wat dan aanpassingsprobleme en selfs depressie kan



© University of Pretoria

veroorsaak (Stroebe & Archer, 2013). Geen studies kon opgespoor word wat spesifiek gefokus het op familiemoord deur kinders en die hantering van verlies nie.

### 5.2.6. Subtema 2: Gesinswanfunksionering

Familieverhoudinge is uiters belangrik vir kinders om toereikend in die samelewing aan te pas. Aggressiewe gedrag in kinders hou dikwels verband met familiekonflik en gebrek aan samehorigheid (Jaureguizar, Ibabe & Straus, 2013). Alle gesinne ervaar van tyd tot tyd druk en spanning. Selfs in goed aangepaste huishoudings word familielede vir mekaar kwaad, vind daar argumente plaas en is daar soms fisiese onderonsies tussen gesinslede. Daar is egter bepaalde faktore wat die geneigdheid tot geweld in families verhoog. Die faktore wat tot geweld bydra, kan beskryf word in terme van:

Strukturele faktore

Idealisering van die familie

Familienorme

Sosiale aanvaarding van geweld (Barnett et al., 2011).

*Strukturele faktore* kan tot geweld in families bydra. Die hoeveelheid tyd wat deur families saam gespandeer word, verhoog ook die geleentheid vir geweld. Die magsdifferensiasies in families kan ook veroorsaak dat sekere familielede geviktimiseer word deur ander. Kinders is oor die algemeen onderdanig aan en afhanklik van hulle ouers. Selfs wanneer faktore soos mishandeling aangemeld word, is owerhede dikwels onwillig om kinders uit ouerhuise te verwyder.

Die *idealisering van die familie* word ook aangevoer as ’n rede vir familiegeweld. Die beeld van ’n familie gaan dikwels gepaard met verskeie oortuigings, byvoorbeeld dat ’n ouer se regte verhewe is bo die van ’n kind, ouers “volkome beheer” oor die ontwikkeling van die kind het, familielede die kind se belange in ag sal neem en families wat kulturele norme navolg welvarend is. *Familienorme* wat byvoorbeeld fisiese straf goedkeur, dra ook tot gesinsgeweld by. *Sosiale aanvaarding van geweld* word aangevoer as ’n verdere oorsaak van geweld in die



© University of Pretoria

familie (Barnett et al., 2011). Geweld is baie algemeen in Suid Afrika, en daar is selfs sprake van 'n "kultuur van geweld".

'n Ander konsep wat met gesinswanfunksionering gepaard gaan, is kinderverwaarlosing. Kinderverwaarlosing word gedefinieer as 'n ouer of voog se versuim om fisiese sorg, voeding, ondersteuning, toesig, emosionele ondersteuning, persoonlike higiëne, opvoeding en 'n veilige huislike omgewing te bied. Verwaarlosing word ook gesien as versuim van ouers om volgens hulle spesifieke kultuur in die kind se ontwikkelingsbehoeftes te voorsien (Barnett et al., 2011, p.85; Heller & Gitterman, 2011). Ontoereikende ouer-kind-verhoudings word dikwels aangevoer as redes vir kinderverwaarlosing. Beide die ouer en kind se gedrag teenoor mekaar kan tot geweld aanleiding gee. Vir sekere ouers is dit 'n besondere uitdaging om 'n kind groot te maak wat in hulle opinie uittartend, ondermynend of irriterend optree. Hierdie tipe kindergedrag kan dan met tye tot fisiese konfrontasies lei. Binding tussen die ouer en kind speel ook 'n belangrike rol. Verskeie studies het bevind dat ouers wat hulle kinders mishandel, 'n ontoereikende band met hulle kinders gevorm het (Hill-Smith et al., 2002; Miller-Perrin & Perrin, 2013).

Die effek van kinderverwaarlosing sluit egter ook sosiale aanpassingsprobleme, kognitiewe en akademiese tekortkominge, emosionele en gedragsprobleme asook fisieke gevolge in. In Tabel 6 word voorbeelde van die gevolge van verwaarlosing uiteengesit.

**Tabel 7: Negatiewe gevolge van kinderverwaarlosing (aangepas uit Barnett et al., 2011, p. 96-97)**

| **Gevolge** | **Voorbeelde** |
|---|---|
| **Sosiale en bindingsprobleme** | Verswakte binding tussen ouer en kind wat kan lei tot angstigheid.<br><br>Ontoepaslike interaksie met portuurgroep wat kan lei tot sosiale onttrekking en isolasie. |
| **Kognitiewe en akademiese tekortkominge** | Swak akademiese prestasie |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | Lae vlak van probleemoplossingsvaardighede |
| **Emosionele en gedragsprobleme** | Swak selfbeeld<br><br>Fisiese aggressie<br><br>Verbale aggressie<br><br>Aandagversteurings |
| **Fisiese gevolge** | Dood |
| **Langtermyngevolge** | Kognitiewe tekortkominge, byvoorbeeld ’n lae IK<br><br>Onaanvaarbare gedrag, byvoorbeeld prostitusie en gewelddadige gedrag<br><br>Sielkundige versteurings, byvoorbeeld antisosiale persoonlikheidsversteuring<br><br>Alkoholmisbruik |

Die literatuur toon dat gesinswanfunksionering dikwels aangevoer word as ’n rede vir geweld en moord deur kinders. Navorsing het bewys dat adolessente wat moord pleeg dikwels uit gebroke huisgesinne kom (Heide, 2003). Roe-Sepowitz (2009) het gevind dat 96% van kinders wat moord pleeg uit gebroke huise kom waar gesinswanfunksionering voorkom. Raymond, Léger en Lachaux (2015, p. 46) het bevind dat 77% van familiemoorde nie beplan word nie. Alhoewel argumente normaalweg in alle families voorkom, is dit opmerklik dat argumente dikwels net voor familiemoorde plaasvind (Malquist, 2010; Shon & Lee, 2016). In Shon en Lee (2016) se studie was finansiële kwessies die rede vir konflik in 40% van die gevalle, en in 25% van die gevalle was dit argumente oor onbenullighede. Dwelm- en alkoholmisbruik deur ouers, die rondskuif van een ouerhuis na ’n ander en mishandeling is voorbeelde van die gesinswanfunksionering waaraan hierdie kinders dikwels blootgestel word (Shon & Lee, 2016). Flowers (2013) en Dantas et al. (2014) is dit eens dat familiemoord ’n hedendaagse voorbeeld is van familiegeweld wat direk verband hou met gesinswanfunksionering en mishandeling. Gesinswanfunksionering word as ’n bepalende faktor in familiemoord uitgelig.



© University of Pretoria

Die literatuur dui aan dat kinders wat familiemoord gepleeg het, op een of ander stadium in hulle lewens aan geweld en verwaarlosing blootgestel is (Dantas et al., 2014). Jeugdiges wat hulle ouers vermoor het dikwels gesien hoe een ouer die ander een mishandel, is blootgestel aan dwelmafhanklikheid deur hul ouers of is self ook deur hulle ouers mishandel. In gevalle waar aangenome kinders familiemoord gepleeg het, is dit in verskeie gevalle toegeskryf aan psigodinamiese faktore, wat ontoepaslike hantering van die verlies van hul biologiese ouers, die onderdrukking van aggressie, ’n hipersensitiwiteit vir verwerping en verwarring oor eie identiteit ingesluit het (Heide, 2003).

## 5.2.7. Subtema 3: Mishandeling

Die gevolge van kindermishandeling is ernstig vir sowel die slagoffer as die gemeenskap. In die volgende afdelings word mishandeling wat verband hou met familiemoord deur kinders bespreek. Fisiese, seksuele en emosionele mishandeling word ook verder bespreek, waarna die literatuur oor gesinsgeweld en mishandeling met die huidige studie in verband gebring sal word.

Kinders wat familiemoord gepleeg het, is dikwels deur een of beide ouers mishandel. Meyers en Vo (2012) se navorsing het getoon dat mishandeling (fisiese, seksuele en emosionele mishandeling) geassosieer word met 20 verskillende sielkundige afwykings. Kinders wat mishandel word loop die risiko om interne en eksterne sielkundige versteurings op te doen (Veith, Russel & King, 2017; Nemeroff, 2016). Norman, Byambaa, De, Butchart, Scott en Vos (2012) het 124 gevalle geanaliseer om te bepaal wat die verband tussen kindermishandeling en fisiese gesondheid was. Hulle, asook ander navorsers, het tot die gevolgtrekking gekom dat daar ’n direkte verband tussen mishandeling en emosionele en fisiese gesondheidsprobleme bestaan (Afifi et al. 2016; Herrenkohl, Hong, Klika, Herrenkohl & Russo, 2013). Emosioneel en fisies mishandelde persone is ook drie keer meer geneig tot depressie as ander individue (Norman et al., 2012). Elke jaar vermoor ongeveer 1 uit 2000 kinders in die VSA wat mishandel word, sy ouers (Meyers & Vo, 2012). Kinders wat mishandel word, loop ’n hoër risiko om later substansafhanklikheid te ontwikkel (Herrenkohl et al., 2013). Verwaarlosing op sigself word gesien as net so skadelik as fisiese en emosionele mishandeling (Norman et al., 2012).



© University of Pretoria

Navorsers is dit eens dat die ouerhuis ’n plek van veiligheid en koestering behoort te wees, maar soms is die teendeel waar. Vir sommige kinders is die ouerhuis ’n plek waar vrees en onveiligheid bestaan. Flowers (2013, p.83), het die volgende aanhaling oor familie gemaak:

> “Afgesien van die polisie en die militêre magte is die gesin miskien die gewelddadigste sosiale groep en die huis die gewelddadigste omgewing van ons samelewing. Dis waarskynliker dat iemand in sy eie huis deur ’n ander familielid geslaan of doodgemaak sal word as deur enigiemand anders.”[20]

’n Groot aantal kinders word gereeld deur hulle ouers en versorgers mishandel. Hierdie ouers en versorgers is dikwels ook self as kinders mishandel. Die risikofaktore wat gepaard gaan met mishandeling sluit armoede, sielkundige afwykings asook alkohol- en dwelmmisbruik in (Norman et al., 2012). In die VSA word daar jaarliks 3 miljoen gevalle van kinderverwaarlosing en -mishandeling aangemeld (Flowers, 2013; Spinazzola, 2014). In Kanada is 32% van die bevolking al blootgestel aan fisiese en seksuele geweldpleging deur 'n lewensmaat (Afifi et al., 2016, p. 10). In Suid-Afrika word een uit vyf kinders blootgestel aan seksuele mishandeling (The Centre for Justice and Crime Prevention, 2015).

Heide (2013, p.63), het 12 algemene karaktertrekke van mishandelde kinders wat familiemoord pleeg, geïdentifiseer:

- Familiegeweld kom gereeld voor;
- Die kind se pogings om hulp te kry, faal;
- Die kind se pogings om uit die ouerhuis te kom (bv. wegloop, selfmoordpoging) faal;
- Die kind word geïsoleer van ander mense;
- Die kind voel vasgevang en hulpeloos;
- Die kind verloor beheer as gevolg van sy onvermoë om sy omstandighede te hanteer;

[20] “With the exception of the police and military, the family is perhaps the most violent social group, and the home the most violent setting in our society. A person is more likely to be hit or killed in his own home, by another family member than anyone else.” (Flowers, 2013, p.83)



© University of Pretoria

- Die kind het 'n onbeduidende of geen kriminele geskiedenis;
- 'n Handwapen was beskikbaar;
- Die slagoffer (ouer) het drank of dwelms misbruik;
- Die kind was in 'n staat van dissosiasie tydens die moorde en
- Die ouer se dood is 'n verligting vir die oortreder en soms ook vir ander familielede.

*Fisiese mishandeling*

Fisiese mishandeling word gesien as die optrede van 'n persoon met die opset om seer te maak. Hierdie optrede veroorsaak 'n hoërisikosituasie vir die slagoffer (Miller-Perrin & Perrin, 2013) en lei tot gevoelens van ongelukkigheid en bedreiging (Howe, 2005). Fisiese mishandeling sluit dade in soos slaan, skop, skud, brand, byt of versmoor. Mishandeling kan kneusplekke, snymerke, gebreekte bene en siektes tot gevolg hê (Howe, 2005; Miller-Perrin & Perrin, 2013). Fisiese mishandeling het negatiewe fisiese asook sielkundige gevolge (Debowska & Boduszek, 2017), wat met tye ook tot die dood van 'n persoon kan lei (Hollin, 2013). Kinders wat mishandel word, staan 'n groter kans om later in hulle lewens ook gewelddadig op te tree (Hollin, 2013). Knight en Sims-Knight (2004) asook Debowska en Boduszek (2017) het bevind dat daar 'n korrelasie bestaan tussen mishandeling (verbaal en fisies) en persoonlikheidsafwykings in kinders.

Dit is oorwegend die biologiese ouers wat kinders fisies mishandel (Diem & Pizzaro, 2010; Heide, 2013; Howe, 2005; Miller-Perrin & Perrin, 2013;). Angsversteurings, dwelmmisbruik en selfmoordpogings deur kinders word ook met fisiese mishandeling geassosieer (Norman et al., 2012). Mishandeling deur een of beide ouers word dikwels aangevoer as die rede vir familiemoord (Dantas et al., 2014; Newberger & Bourne, 1985). In verskeie gevalle is die ouers vermoor om 'n einde te maak aan mishandeling. Die mishandelde kinders sien dit dikwels as die enigste manier om hulself teen die gevaar van mishandeling te beskerm (Dantas et al., 2014). Oortredings van 'n aggressiewe aard word oor die algemeen gepleeg deur jeugdiges wat mishandel is (Newberger & Bourne, 1985; Roe-Sepowitz, 2009;). Soos reeds vroeër genoem, gaan die moord op 'n pa dikwels gepaard met fisiese mishandeling,



© University of Pretoria

terwyl ma's oorwegend vermoor word as gevolg van sielkundige en seksuele mishandeling (Diem & Pizzaro, 2010).

Die Grondwet van Suid-Afrika (The Bill of Rights, 1996, p.11) bepaal dat elke kind die reg het tot ouerlike en familieversorging. 'n Kind het ook die reg om beskerm te word teen verwaarlosing, mishandeling en vernedering. Statistiek bewys egter dat kinders dikwels aan geweld en mishandeling blootgestel word. Die Optimus-studie oor kindermishandeling, geweld en verwaarlosing in Suid-Afrika, wat 9730 jeugdiges tussen die ouderdomme van 15-17 jaar omvat het, het tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- Een in vyf kinders het al een of ander vorm van mishandeling ervaar;
- Meer as 'n derde van die kinders is al op een of ander stadium geslaan, geskop of fisies seergemaak deur 'n volwassene wat vir hulle moes sorg;
- Een in ses kinders het aangetoon dat hulle al emosionele mishandeling ervaar het;
- Een in vyf kinders het al verwaarlosing ervaar en
- Een in vyf kinders het al geweld deur 'n volwassene teenoor 'n ander volwassene of broer/suster gesien (The Centre for Justice and Crime Prevention, 2015, p.1-2).

*Seksuele mishandeling*

In Suid-Afrika word een uit elke ses dogters onder die ouderdom van 12 jaar blootgestel aan voortdurende seksuele mishandeling. Wêreldwyd word 7-37% van vrouens en 5-10% van mans seksueel mishandel (Mathews, Loots, Sikweyiya & Jewkes, 2012). Seksuele mishandeling van 'n kind word beskou as ontoepaslike seksuele dade teenoor 'n minderjarige persoon. Dit sluit betasting, masturbasie, die kyk na en deelname aan pornografie asook anale en vaginale penetrasie in (Heller & Gittermann, 2011).

Seksuele mishandeling het verreikende gevolge vir die slagoffer. Die langtermyngevolge van seksuele mishandeling sluit depressie, angs, interpersoonlike verhoudingsprobleme, post-troumatiese stresversteuring, seksuele aanpassingsprobleme, gesondheidsprobleme en gedragsversteurings soos dwelmmisbruik, eetversteurings en



© University of Pretoria

selfmutilasie in (Mathews et al., 2012; Miller-Perrin & Perrin, 2013). Kinders wat mishandel word of sien hoe die ouer deur iemand anders mishandel word, loop die risiko om later psigopatologie, antisosiale persoonlikheidsversteuring en gewelddadige gedrag te ontwikkel (Mathews et al., 2012, p. 86). Kinders word grotendeels in hulle eie ouerhuise seksueel mishandel (Mathews et al., 2012).

Miller-Perrin en Perrin (2013) het bevind dat kinders makliker na seksuele mishandeling aanpas as hulle die ondersteuning van hulle familie het. Kinders wat nie ondersteun word nie se simptome van byvoorbeeld post-troumatiese stres vererger. In families waar daar gesinswanfunksionering voorkom is die risiko van mishandeling hoër. Die algemene karaktertrekke van families waar daar seksuele mishandeling voorkom is ontoereikende kommunikasie, verarmde emosionele nabyheid en rigiditeit (Miller-Perrin & Perrin, 2013).

Seksuele oortredings word dikwels toegeskryf aan fisiese en seksuele mishandeling op ’n vroeë ouderdom, persoonlikheidseienskappe soos impulsiwiteit, hiperseksualiteit en anti-sosiale persoonlikheidsversteuring asook ’n negatiewe ingesteldheid teenoor die teenoorgestelde geslag (Knight & Sims-Knight, 2004).

*Sielkundige mishandeling*

Sielkundige mishandeling is eers in die laat negentigs erken as ’n sentrale deel van die breër verskynsel van mishandeling. Vroeër is hierdie tipe mishandeling gesien as ’n gevolg van fisiese en seksuele mishandeling. Hedendaagse navorsing voer aan dat sielkundige mishandeling die ergste vorm van mishandeling is (Heller & Gittermann, 2011; Miller-Perrin & Perrin, 2013; Spinazzola et al., 2014;).

Sielkundige mishandeling sluit emosionele verwaarlosing en emosionele mishandeling in (Spinazzola et al., 2014). Dit gaan gepaard met die aftakeling van die kind deur hom voortdurend te laat glo dat hy ongeliefd, ongewens en onwaardig is. Dit gaan ook gepaard met kinderverwaarlosing en mishandeling (Miller-Perrin & Perrin, 2013; Spinazzola et al., 2014;). Voorbeelde van sielkundige mishandeling sluit vernedering, verbale aftakeling, verwerping, dreigemente, sosiale isolasie, uitbuiting en die weerhouding van mediese en sielkundige behandeling in (Hollin, 2013). Die gevolge van sielkundige mishandeling sluit probleme met normatiewe ontwikkeling, selfaanvaarding, outonomie en onafhanklikheid in. Sielkundige



© University of Pretoria

mishandeling tydens die vroeë kinderjare kan ernstige gevolge inhou vir die kind se ontwikkeling. Verdere nadele van sielkundige mishandeling sluit ’n geneigdheid tot dissosiasie, depressie en aggressie in (Spinazzola et al., 2014, p. 520).

## Literatuurkontrole: Die verband tussen gesinswanfunksionering/mishandeling en familiemoord deur kinders

Die verband tussen gesinswanfunksionering en mishandeling enersyds en die literatuur in hierdie studie andersyds word vervolgens verduidelik. Leemtes in die literatuur sal ook aangedui word.

Gesinswanfunksionering en mishandeling is by die meerderheid van die gevalle in hierdie studie geïdentifiseer. Flowers (2013) voer aan dat die ouerhuis een van die gevaarlikste plekke vir die kind kan wees. Hierdie stelling was ook relevant vir hierdie studie. Die meerderheid van die kinders in hierdie studie is aan ernstige gesinswanfunksionering blootgestel.

Nico is byvoorbeeld grootgemaak in ’n huis waar sy vryheid beperk is en hy aan seksuele, fisiese en verbale mishandeling onderwerp is. Daar was sprake van gereelde konflik tussen Nico en sy ma. Simone se pa het alkohol misbruik en haar ma fisies aangerand. Sy is voortdurend tussen haar ouerhuis en haar ouma aan vaderskant se huis geskuif. Haar ouma het haar vanaf ’n jong ouderdom aan volwasse uitdagings blootgestel, soos om geldinvorderings by nagklubs te doen, en haar ook sielkundig mishandel. Simone se pa het haar ma fisies mishandel en sy het gesien hoe haar ouma haar pa aanrand.

Strukturele faktore word ook aangevoer as bydraend tot geweld in families. Die ouer of versorger word gesien as die hoof van die huis, en die kind moet onderdanig wees (Barnett et al., 2011). Simone, Nico, Gideon en Belinda moes almal onderdanig wees aan die dominante versorgers in hulle lewens. Wanneer hulle onderdanig was en presies gedoen het wat van hulle verwag is, het dit relatief goed gegaan. Hulle kon egter nie afwyk van wat die ouer van hulle verwag het nie. Enige teenkanting het gepaard gegaan met ernstige straf of gevolge vir die kind.

Selile is rondgeskuif tussen ouerhuise. Hy het in ’n huis grootgeword waar hy blootgestel was aan beknopte lewensomstandighede en aan alkoholmisbruik deur sy ouma en



© University of Pretoria

haar lewensmaat. Toe Selile jonk was, het hy gesien hoe sy pa sy ma fisies aanrand. Die skool was bekommerd oor verwaarlosing. Neels was ook blootgestel aan alkoholmisbruik deur beide sy ouers. Hy het gereeld konflik met sy ma gehad. Neels is deur sy krieketafrigter seksueel mishandel. Belinda was blootgestel aan geweld (haar pa het haar ma mishandel) en is van een ouerhuis na die ander gestuur. Haar ma het haar fisies en verbaal mishandel en haar pa is later van verskeie moorde aangekla. As tiener is sy seksueel mishandel. Miller-Perrin en Perrin (2013) het bevind dat die risiko vir mishandeling hoër is in families waar gesinswanfunksionering voorkom.

Mandla is ook tussen ouerhuise rondgeskuif, en sy stiefpa het sy ma mishandel. Karel en Andre se gesinswanfunksionering was nie so opmerklik soos in die ander gevalle nie. Karel se ouers was egter onbetrokke, wat dit moontlik gemaak het vir ’n derde persoon soos Riaan om Karel en sy suster te beïnvloed. Andre was gereeld in konflik met sy ouers en sy broer is as rolmodel voorgehou. Navorsing het getoon dat in 96% van die gevalle in die spesifieke studies van familiemoord, die kinders uit huise gekom het waar gesinswanfunksionering aan die orde van die dag was (Roe-Sepowitz, 2009). In hierdie studie was dit ook ’n dominante tema.

Nico en Belinda se vryheid was beperk, en hulle was vir lang tydperke aan die negatiewe interaksies tussen hulle familielede blootgestel. Die literatuur wys daarop dat die hoeveelheid tyd wat families wat reeds negatiewe gesinsinteraksie beleef, saam spandeer, die kanse op geweld verhoog (Barnett et al., 2011). Konflik was algemeen teenwoordig in die meerderheid van die gevalle in hierdie studie. Dantas et al. (2014) en Flowers (2013) is dit eens dat familiegeweld verband hou met familiemoord. Meyers en Vo (2012), asook Heide (2003; 2013), het bevind dat kinders wat familiemoord gepleeg het, oorwegend deur een of beide ouers mishandel is. Aggressiewe oortredings deur kinders oor die algemeen word verbind met mishandeling (Roe-Sepowitz, 2009). In verskeie van die gevalle is die kinders emosioneel verwaarloos, wat ook ’n vorm van mishandeling is (Spinazzola et al., 2014).

Seksuele mishandeling het langtermyn- en korttermyngevolge vir die slagoffer, wat depressie, angs, interpersoonlike verhoudingsprobleme en dwelmmisbruik kan insluit (Mathews et al., 2012; Miller-Perrin, 2013;). Nico, Neels en Belinda is seksueel mishandel deur vertrouensfigure in hulle lewens. In al drie gevalle was daar sprake van angs asook dwelm-



© University of Pretoria

of alkoholmisbruik. In hierdie gevalle is interpersoonlike verhoudingsprobleme met hulle portuurs ook gemeld.

Nico, Selile, Gideon, Andre, Mandla en Neels het nie die moorde ooglopend beplan nie. Familiemoorde word dikwels nie beplan nie, en argumente net voor die moorde kom algemeen voor (Malquist, 2010; Raymond et al, 2015; Shon & Lee, 2016). In hierdie studie was daar in Nico, Mandla en Neels se gevalle 'n direkte konfliksituasie wat moontlik die katalisator vir die moord/e was. In hierdie studie is die moorde oorwegend nie deur die kinders beplan nie. Heide en McCurdy (2010) beweer dat kinders wat mishandel word en dan later familiemoord pleeg dit moeilik vind om 'n emosionele band met ander persone te vorm. In al die gevalle in die studie was daar sprake van mishandeling of oormatige fisiese straf.

DiCataldo en Everett (2008) meld dat gesinsfaktore soos fisiese en seksuele mishandeling, onstabiele versorging of woonplek, afwesige vaderfiguur en geweld in die huis gepaard gaan met familiemoord. In hierdie studie was dit ook opmerklik dat in gevalle soos Selile, Simone, Mandla en Belinda die toekomstige oortreder gereeld van een versorger na 'n ander geskuif is. In hierdie studie kon die afleiding gemaak word dat die skuif van een versorger na 'n ander, en die wyses waarop dit gedoen is, moontlik aanleiding gegee het tot 'n algehele gevoel van marginalisering en ongeborgenheid. In die literatuur word dit net terloops genoem, maar in hierdie studie was dit opmerklik.

Die leemte in die literatuur wat in hierdie studie na vore gekom het, was die afwesigheid van die "ideale kind" as 'n standaard waaraan die kind nie voldoen nie. In verskeie van die gevalle in hierdie studie moes die kind konformeer met die ouers se persepsie en idees van 'n "ideale kind". Wanneer die kind dit wel probeer doen het, het dit redelik goed gegaan. Enige afwyking van hierdie sogenaamde ideale beeld is egter nie geduld nie. Dit wil voorkom of hierdie stressors veroorsaak het dat die kind 'n voortdurende stryd gevoer het tussen die ware self en die ideale self. Dit het ook angs en aggressie veroorsaak, wat in hierdie studie in moord tot uiting gekom het. Belinda, Nico, Gideon en Andre is voorbeelde hiervan. Belinda kon nie aan haar ma se beeld van 'n fyn en sogenaamd vroulike beeld voldoen nie, moes in haar ma se besighede werk en is verbied om te studeer of met persone van ander rasse te meng. Nico moes aan al sy ma se fisiese, emosionele en seksuele versoeke voldoen en is sosiaal geïsoleer. Gideon



© University of Pretoria

se pa het ’n duidelike beeld gehad van die ideale familie en wat van mans verwag word. Andre was in ’n stryd gewikkel om homself in sy ouers se ideale kind te verander.

Die verband tussen familiemoord en mishandeling is deur verskeie navorsers bevestig as ’n belangrike faktor in hierdie tipe moorde. In hierdie studie was dit ook ’n sentrale tema. Enkele nuanses, soos die druk om ’n “ideale kind” te wees, en die feit dat die meerderheid van die gevalle in hierdie studie nie vooraf beplan is nie, het in hierdie studie na vore gekom.



© University of Pretoria

## Sielkundige probleme wat deur individuele en sistemiese faktore veroorsaak word

Volgens Bartol en Bartol (2014) meng sielkundige probleme dikwels in met 'n individu se vermoë om daaglikse take te hanteer. Sielkundige probleme is opmerklik in gedrag wat merkbaar van normale gedrag verskil, maar wissel in ernstigheid en die mate waarin dit 'n persoon se gedrag inperk. Dit gaan dikwels ook gepaard met ernstige kriminele oortredings (Ahn et al., 2012). Sielkundige probleme wat verband hou met kriminele gedrag is skisofreniese, paranoïese, gemoeds- en persoonlikheidsafwykings. Hierdie groep afwykings word dikwels met ernstige geweldsmisdade geassosieer (Bartol & Bartol, 2014). Fazel en Danesh (in Novović, Mišić-Pavkov, Smederevac, Drakić & Lukić, 2013, p. 114) het in 'n studie waarin 12 lande betrek is tot die gevolgtrekking gekom dat individue in gevangenisse wêreldwyd verskeie sielkundige probleme ervaar. Hulle het vasgestel dat 3,7% van die manlike gevangenes psigoties was, 10% depressief en 65% met een of ander vorm van persoonlikheidsversteuring gediagnoseer is wat oorwegend antisosiaal (47%) was. Vroulike gevangenes is in 4% van die gevalle met een of ander vorm van psigose gediagnoseer, 12% was depressief en 42% het persoonlikheidversteurings getoon, waarvan 21% antisosiaal was. Drank- en alkoholmisbruik asook angsversteurings was algemene probleme onder die gevangenes. Dit was egter nie duidelik tot watter mate hierdie sielkundige probleme in gevangenisskap veroorsaak of vererger is nie, en in hierdie studie is slegs volwassenes bestudeer. Bartol en Bartol (2014) voer aan dat die diagnose van antisosiale persoonlikheidsversteuring by ongeveer 50% van gevangenes gediagnoseer word. Hierdie diagnose word ook dikwels gebruik as verweer in kriminele sake. In 'n studie deur Mathews et al. (2011) het hulle troumatiese kinderjare geassosieer met die verminderde vermoë om gevoelens te interpreteer en te reguleer. In hulle studie van Suid-Afrikaanse mans wat moord gepleeg het, is ook bevind dat troumatiese kinderjare met gevoelens van magteloosheid, onsekerheid en ongeliefdheid gepaard gegaan het.

Sahin et al. (2016) het bevind dat volwassenes wat familiemoord gepleeg het gewoonlik nie 'n sielkundige geskiedenis het nie. In teenstelling hiermee het Raymond et al. (2015, p. 45) in sy studie van volwasse familiemoordenaars bevind dat die oortreders in 95% van die gevalle



© University of Pretoria

die familiemoord vóór die moorde in hulle gedagtes gesien het. 72% van die oortreders het ’n geskiedenis van sielkundige probleme getoon. Sestig persent van die persone het ook ouditiewe hallusinasies getoon en 25% het hallusinasies gehad wat hulle “beveel” het om hulle ouers te vermoor. Flowers (2013) het bepaal dat een uit vyf adolessente wat ’n broer of suster vermoor het, ’n geskiedenis van sielkundige probleme gehad het.

### 5.2.8. Tema 4: Aggressie

Aggressie word gedefinieer as die doelbewuste toediening van fisiese en/of sielkundige pyn aan ’n ander persoon (Bondü & Richter, 2016, p. 292). Volgens Bartol en Bartol (2014) is aggressie die intensie om ander lewende wesens doelbewus kwaad of skade aan te doen. Aggressie kan verdeel word in twee hooftipes, naamlik vyandige aggressie en instrumentele aggressie. Vyandige aggressie ontstaan uit woede, en die hoofdoel is die begeerte om iemand te benadeel of seer te maak. Instrumentele aggressie se primêre doel is om aggressie net te gebruik om ’n doelwit te bereik, byvoorbeeld vir finansiële gewin.

Daar word ook onderskei tussen proaktiewe en reaktiewe aggressie. Proaktiewe aggressie word hoofsaaklik gebruik om egoïstiese doelwitte te bereik, terwyl reaktiewe aggressie uitgelok word deur ander persone se gedrag. Reaktiewe aggressie is hoofsaaklik ’n verdedigingsmeganisme. Proaktiewe aggressie word geassosieer met die eksternalisering van probleme asook met kriminele gedrag. Persone wat reaktiewe aggressie toon, het dikwels nie goeie sosiale vaardighede nie en is geneig om dubbelsinnige sosiale situasies as vyandig op te som. Reaktiewe aggressie gaan gepaard met die internalisering van probleme, aggressiewe eienskappe, viktimisering en portuurverwerping (Bondü & Richter, 2016, p.293).

Emosies en die regulering daarvan is uiters belangrik vir toepaslike emosionele aanpassing, maar dit kan ’n positiewe of ’n negatiewe uitwerking op ’n persoon se lewe hê. Die onderdrukking van emosies word geassosieer met lae emosionele welstand. Wanneer emosies uitermatig onderdruk word, word dit geassosieer met sielkundige probleme soos angs en depressie (Kalokerinos, Greenaway & Casey, 2016). Swak geheue en sosialiseringsprobleme word ook met die onderdrukking van emosies verbind (English & John, 2013; Kalokerinos et al., 2016).



© University of Pretoria

’n Verskeidenheid faktore moet in ag geneem word wanneer daar na familiemoord wat deur kinders gepleeg is, gekyk word. Faktore soos hiperaktiwiteit, sosiale isolasie, ekstreme ouerskapstyle, swak binding met die ouer, bepaalde persoonlikheidstipes, mishandeling en antisosiale portuurverhoudinge word dikwels met aggressiewe gedragshandelinge geassosieer (Hill-Smith et al., 2002). ’n Kind wat van ’n vroeë ouderdom aan geweld in die ouerhuis blootgestel is, het ’n verhoogde geneigdheid tot aggressie, anti-sosiale gedrag en geweld in adolessensie. Blootstelling aan geweld het ook negatiewe langtermyngevolge vir kinders se ontwikkeling. Dit kan ook depressie en ’n swak selfbeeld tot gevolg hê (Kemme et al., 2014, p.129).

Adams (1974) het reeds in 1974 geskryf dat moord deur ’n kind ’n wyse van eksternalisering van aggressie is. Die kind red hom- of haarself spreekwoordelik deur die opgeboude interne aggressie na buite in plaas van na binne te rig. Moord word gesien as ’n wyse om die self en die ego te red van disintegrasie. Die sameloop van die onderdrukte aggressie word op iemand anders gerig deur middel van moord.

Heide en McCurdy (2010) beweer dat kinders wat mishandel word en dan later familiemoord pleeg, dit moeilik vind om ’n emosionele band met ander persone te ontwikkel. Hierdie kinders ervaar ekstreme gevoelens van aggressie en haat. Hulle het dikwels nie empatie met ander persone nie en vind dit moeilik om deurdagte besluite te neem. Die adolessente brein, wat nog nie volkome ontwikkel is nie, word verder benadeel deur die neurobiologiese effek van die trouma nadat die moord gepleeg is.

### 5.2.9. Subtema 4: Angs

Angs kan deur verskeie faktore veroorsaak word, soos omgewingsfaktore, mediese oorsake en selfs dwelmafhanklikheid. Vrees verskil van angs. Wanneer ’n persoon in ’n potensieel gevaarlike situasie is, is vrees verstaanbaar; maar sodra die vrees gebaseer word op ’n onakkurate evaluasie word dit as angs geklassifiseer (Carr, 2006). Algemene angs word in die DSM-V geklassifiseer as oormatige bekommernis wat langer as 6 maande voortduur. Die individu vind dit moeilik om die angs te beheer, en simptome soos rusteloosheid, moegheid, konsentrasieprobleme, geïrriteerdheid, spierspanning en slaapprobleme gaan hiermee gepaard. Die angs beïnvloed die persoon se algemene funksionering. Persone wat met angs manifesteer



© University of Pretoria

vind dit moeilik om emosioneel aan te pas, toon gevoelens van minderwaardigheid en oormatige bekommernis en vind dit moeilik om alledaagse gebeure te hanteer. Hierdie wanaanpassing ontwikkel oor ’n lang tydperk (American Psychiatric Association, 2013). Omgewingstressors en emosionele wanaanpassing by lewensomstandighede gaan met angs gepaard (Ramsden, 2013). Angs word geklassifiseer volgens die intensiteit, die duur en die mate waarin die persoon se funksionering aangetas word. Kinders se angs en vrese word gereflekteer deur hulle huidige kognitiewe, sosiale en emosionele ontwikkeling. Indien angs nie aangespreek word nie, kan dit ’n kind se algemene ontwikkeling aantas (Weis, 2014). Kinders wie se ouers met ’n angsversteuring gediagnoseer is, toon ’n verhoogde risiko om self ook ’n angsversteuring te ontwikkel. Onsekere binding met die ouer word ook met angs in kinders geassosieer, so ook uitermatig streng en outoritêre ouerskapstyle (Bögels & Brechman-Toussaint, 2006).

Negatiewe lewenservarings en kroniese spanning word as omgewingstressors geklassifiseer. Omgewingstressors gee aanleiding tot angs en depressie in individue (DeWitt, MacDonald & Offord, 1999). ’n Stressor word gedefinieer as enige ervaring wat verandering veroorsaak, aangesien verandering dikwels stres veroorsaak. Sekere stressors word as meer uitdagend as ander beskou. Stressors word onder meer geklassifiseer as individuele, familie- en gemeenskapstressors. Stressors word ook soms geklassifiseer volgens die oorsprong van die stressor. Individuele stressors kan byvoorbeeld die verlies van werk wees, familiestressors kan faktore soos egskeiding en seksuele mishandeling insluit en gemeenskapstressors kan byvoorbeeld veroorsaak word deur hoë geweldsvlakke in die omgewing. Stressors kan verder ook geklassifiseer word as intern en ekstern. Faktore wat as interne stressors geklassifiseer word, is byvoorbeeld mishandeling, skolastiese probleme en sielkundige probleme. Eksterne stressors kan byvoorbeeld ’n swak ekonomie wees, natuurlike rampe en die risiko om verkrag te word (Weber, 2011).

Persone wat van mening is dat hulle deur hulle ouers verwerp word, ontwikkel dikwels gevoelens van aggressie en ander negatiewe gevoelens om sodoende die stres van verwerping te hanteer (Rohner, 2004). Sensitiwiteit vir stres word ook geassosieer met die ontwikkeling van psigopatologie (Hinnant, Erath, El-Sheikh, 2015) en die ervaring van stres met skade aan die brein: persone wat aan troumatiese stressors soos mishandeling blootgestel was, toon langtermynskade aan die hippokampus – ’n deel van die brein wat met leer en geheue



© University of Pretoria

geassosieer word (Bremner, 1999). Kinders wat blootgestel word aan mishandeling in die ouerhuis het 'n verhoogde risiko om emosionele- en gedragprobleme later te ontwikkel (Holt, Buckley & Whelan, 2008).

Huwelikskonflik het dikwels negatiewe gevolge vir kinders. Volgens Bögels en Brechman-Toussaint (2006, p. 837) is daar vier prosesse wat met ouerlike konflik geassosieer word en wat aanleiding gee tot sielkundige afwykings. Die eerste een is dat die kind die oneffektiewe konflikoplossingstyl van die ouer modelleer. Dit kan byvoorbeeld tot onttrekking en angs aanleiding gee. Die tweede is die inkonsekwente handhawing van dissipline. Die derde is dat die huwelikskonflik onderbreking van die binding met die kinders veroorsaak en die vierde dat ouerlike konflik tot algemene stres in die kind se omgewing lei, wat die kind se gevoel van sekuriteit aantas.

Soos vroeër genoem, het persone wat sensitief is vir angsafwykings 'n hoër geneigdheid tot alkoholmisbruik (Kilpatrick et al., 2000). Daar is ook bevind dat kinders wat hulle broers of susters vermoor het, dikwels hoë vlakke van stres ervaar het. Verder is daar 'n verband tussen angs, konflik, sielkundige afwykings asook alkohol- en dwelmmisbruik wanneer broers of susters mekaar vermoor (Heide, 2003). In verskeie gevalle van familiemoord wat deur Mones (1991) en Heide (2013) ondersoek is, was daar sprake van mishandeling wat tot uitermatige stres en angs in die kinders aanleiding gegee het.

**Literatuurkontrole: Die verband tussen aggressie en angs enersyds en familiemoord deur kinders andersyds**

In die volgende afdeling sal die verband tussen aggressie en angs enersyds en familiemoord deur kinders andersyds bespreek word. In al die gevalle in hierdie studie was aggressie teenwoordig. Verder is akute angs ook in agt van die nege gevalle geïdentifiseer.

Onsekere binding met die primêre versorger word dikwels verbind met angs (Bögels & Brechman-Toussaint, 2006). Aangesien daar in al die gevalle in hierdie studie sprake was van problematiese binding, kan die afleiding gemaak word dat 'n verband tussen angs en bindingsprobleme bestaan. Dit skyn dus dat bindingsprobleme aanleiding tot angs kan gee by kinders wat uiteindelik familiemoord gepleeg het.



© University of Pretoria

Die onsekere en negatiewe lewenservaringe (De Witt et al., 1999) wat Nico beleef het, het waarskynlik aanleiding gegee tot angs en aggressie. Sy ma se uitermatig streng ouerskapstyl en herhaalde kritiek het hom verwerp en ongeliefd laat voel, maar dit het ook gevoelens van angs en aggressie tot gevolg gehad. Die verband tussen ouerskapstyle en aggressie is reeds vroeër in die hoofstuk beskryf. Nico se emosionele en fisiese behoeftes is oor ’n lang tydperk misken, wat verder tot onderliggende aggressie en angs aanleiding kon gegee het. In Simone se geval het haar onveilige en ongeborge huislike omstandighede aanleiding gegee tot angs. Die feit dat niemand vir haar ingetree of haar beskerm het nie, het haar aan die een kant onveilig laat voel, maar aan die ander kant het dit waarskynlik aanleiding gegee tot onderdrukte aggressie. Selile het ongeliefd en onseker gevoel; sy emosionele en fisiese behoeftes is misken en daar was gevoelens van onderdrukte aggressie teenoor sy familie.

Gideon het nie duidelike tekens van angs getoon nie, maar die miskenning van sy behoeftes en die streng opvoedingstyl van sy pa kon aanleiding gegee het tot gevoelens van aggressie en selfs angs. Andre se innerlike stryd tussen ’n behoefte aan aanvaarding en selfgesentreerdheid kon moontlik angs veroorsaak het. Hy het ernstige aggressie teenoor sy broer getoon en ’n mate van aggressie teenoor sy ouers was ook teenwoordig, aangesien hy van mening was dat hy nie onvoorwaardelik deur hulle aanvaar is nie. Karel is as ’n sensitiewe persoon beskryf, en die huislike omstandighede waar almal op hulself aangewese was het hom onseker, ongeliefd en verwerp laat voel. Onderdrukte aggressie as gevolg van gevoelens van ontoereikendheid en ongeborgenheid was dus teenwoordig. Neels het ’n algemene lewensonsekerheid getoon, veral as gevolg van die feit dat sy ma herhaaldelik genoem het dat sy spyt was dat sy hom aangeneem het. Sy pa het gedreig om selfmoord te pleeg, en as ’n tiener is Neels seksueel mishandel. Neels het aggressie ervaar omdat hy verwerp gevoel het deur sy biologiese ouers en sy aanneemma. Sy aanneemouers het ook alkohol misbruik en hom nie gekoester nie. In Mandla en Belinda se gevalle het die verwisseling van ouerhuise aanleiding gegee tot algemene lewensonsekerheid en angs. Mandla het onderdrukte aggressie en angs getoon as gevolg van die geweld wat sy stiefpa teenoor sy ma gepleeg het. Mandla het ook onderdrukte aggressie getoon as gevolg van die feit dat hy nie beskerm en geborge gevoel het nie. Belinda het verwerp gevoel deur beide haar ma en pa, wat aanleiding tot gevoelens van angs en aggressie kon gegee het. Die feit dat haar ma haar nie geglo het toe sy genoem het dat sy seksueel mishandel was nie, kon ook aggressie en angs tot gevolg gehad het. Die fisiese en



© University of Pretoria

verbale aggressie van haar ma, asook die gedwonge aborsie, kon aanleiding gegee het tot gevoelens van aggressie.

In al die gevalle het die oortreders 'n mate van reaktiewe aggressie getoon. Reaktiewe aggressie gaan gepaard met die internalisering van probleme, aggressiewe eienskappe, viktimisering en portuurverwerping (Bondü & Richter, 2016, p.293). In Simone, Karel en Belinda se gevalle het die oortreders die moorde beplan, maar dit kan ook geïnterpreteer word as 'n reaksie op die akkumulatiewe stressors wat oor 'n lang tydperk opgebou het.

Omgewingstressors gee soms aanleiding tot angs en depressie by individue (De Witt et al., 1999). In al die gevalle was daar tot 'n mindere of meerdere mate sprake van omgewingstressors. Angs is by agt van die nege moordenaars in die gevallestudies gediagnoseer.

Persone wat voel dat hulle deur hulle ouers verwerp word, ontwikkel dikwels gevoelens van aggressie om die stres van die verwerping te hanteer (Rohner, 2004). Gevoelens van verwerping is in al die gevalle in hierdie studie opgemerk, wat dit 'n prominente verskynsel in die huidige studie maak. Heide (2013) en Mones (1991) het 'n verband aangedui tussen mishandeling en uitermatige stres by kinders wat familiemoord pleeg. Soos reeds genoem was al die kinders in die gevalle in hierdie studie blootgestel aan mishandeling of uitermatige straf, wat ook tot angs en aggressie kon bygedra het.

## 5.2.10. Subtema 5: Interpersoonlike verhoudingsprobleme

Oor die algemeen wentel kinders se sosiale verhoudinge rondom vriendskappe met maats en hulle familielede. Vriendskappe ontwikkel en verander met tyd. 'n Vriendskap ontwikkel indien persone mekaar se geselskap geniet en 'n mate van aantrekking tussen die partye bestaan. Vriendskap gaan gepaard met vertroue en lojaliteit (Bukowski, Newcomb & Hartup, 1998). Die voordele van vriendskappe is toereikende sosiale vaardigheid, selfaanvaarding, intimiteit en 'n bron van ondersteuning en stimulasie (Asher & Parker, 1989).

Kinders wat vriende het word oor die algemeen beskou as sosiaal vaardig, met aantreklike karaktertrekke. Vriendskap word ook geassosieer met 'n goeie selfbeeld (Bukowski



© University of Pretoria

et al., 1998); daarbenewens bied vriendskappe ook geleenthede om meer bewus te raak van die self en om ’n eie identiteit te ontwikkel (Blair, Perry, O’Brien, Calkins, Keane & Shanahan, 2014) asook om ander mense en gebeure beter te verstaan en logiese afleidings binne die samelewing te maak (Berndt, 1982). Volgens Sullivan (in Rubin, Bukowski & Laursen, 2011) en Umberson en Karas Montez (2010) skep vriendskap en positiewe interpersoonlike verhoudinge ’n gevoel van welstand en bekragtiging, wat ’n positiewe uitwerking op die selfkonsep het. Sullivan (in Rubin, Bukowski & Laursen, 2011) en Blair et al., (2014) beweer dat ’n nabye vriendskap in adolessensie ŉ kind kan onderskraag wanneer ŉ troumatiese ervaring in gesinsverband ervaar word. Hy is dit eens dat ’n positiewe interpersoonlike verhouding ’n kind tot ’n mate kan beskerm teen sekere risikofaktore in gesinsverband.

Tydens adolessensie raak interpersoonlike verhoudinge en vriendskappe toenemend belangriker. Adolessente spandeer baie tyd met maats tydens hierdie fase van hulle lewens. Portuurverhoudinge is oor die algemeen ŉ verhouding tussen gelykes en verskil dus van die verhouding tussen ouer en kind, waar die ouer oorwegend in beheer is. Vir kinders wat in families groot word waar min ondersteuning bestaan, is vriendskappe krities vir optimale aanpassing. Indien die ma min ondersteuning aan die kind bied, kan dit laer sosiale vaardighede by seuns veroorsaak asook vriendskappe van lae kwaliteit. Oor die algemeen word positiewe interpersoonlike verhoudinge met portuurs as ŉ buffer teen stressors in die kind se omgewing gesien (Rubin et al., 2011).

Piaget (in Bukowski et al., 1998) asook Blair et al., (2014) voer aan dat portuurinteraksie krities is vir die kind se ontwikkeling van sosiale en morele waardes, asook vir sosiale en intellektuele vaardigheid. Hy het beweer dat interpersoonlike verhoudinge met die portuurgroep ŉ gevoel van outonomiteit tot gevolg het. Vriendskappe is oorwegend op ’n gelyke basis, en daarom moet die kind met ander kan saamwerk om gesamentlike doelwitte te bereik. Samewerking kan egter slegs plaasvind indien die kinders mekaar as gelykes respekteer.

Rogosch, Cichetti en Aber (1995) het bevind dat kinders wat mishandel word, laer sosiale vaardighede asook verhoogde aggressie in skoolverband toon. Kinders wat fisies mishandel word, word ook meer dikwels deur hulle portuurgroep verwerp as ander kinders. ŉ Verband tussen verbale mishandeling deur ouers en interpersoonlike verhoudingsprobleme by



© University of Pretoria

kinders is ook vasgestel (Vissing, Straus, Gelles, & Harrop, 1991). Woodword en Ferguson (2000) het in hulle studie bevind dat kinders wat vroeg reeds interpersoonlike verhoudingsprobleme toon, ŉ groter risiko loop om gedragsprobleme en substansie-afhanklikheid te ontwikkel. Cacioppo en Hawkley (2009) het bevind dat sosiale isolasie in verband gebring kan word met kognitiewe probleme: dit word ook geassosieer met laer kognitiewe prestasie, verhoogde negatiwiteit en ŉ verhoogde sensitiwiteit vir sosiale bedreigings.

**Literatuurkontrole: Die verband tussen interpersoonlike verhoudingsprobleme en familiemoord deur kinders**

In die volgende gedeelte word die verband tussen interpersoonlike verhoudingsprobleme en familiemoord deur kinders bespreek. Vriendskap en interpersoonlike verhoudinge het oor die algemeen positiewe gevolge vir die betrokkenes (Asher & Parker, 1989; Blair et al., 2014; Bukowski et al., 1998, Rubin et al., 2011). Positiewe interaksie word beskou as ’n buffer in moeilike tye en tydens ingrypende gebeure (Rubin et al., 2011). In al die gevalle in die studie, met uitsondering van Simone, was daar sprake van interpersoonlike verhoudingsprobleme met portuurs. Nico het geïsoleerd grootgeword en het nie werklik vriende gehad nie. Hy het sy beste vriend verloor nadat dié aan ’n asma-aanval oorlede is. In Andre en Selile se gevalle het sielkundiges interpersoonlike verhoudingsprobleme gediagnoseer. Selile wou graag deur sy maats aanvaar word en het Satanisme saam met hulle beoefen. Andre het meestal oppervlakkige verhoudinge met sy portuurs en familie gehandhaaf. Uit die briewe wat Andre aan sy meisie geskryf het, kon afgelei word dat hy onseker van homself was en emosioneel afhanklik van haar goedkeuring. Gideon het dit moeilik gevind om bevriend te raak met sy portuurs, en Karel het erken dat hy kommunikasie met sy portuurgroep moeilik gevind het. Karel het ook min vriende gehad en is op skool gespot. Neels is gespot oor sy voorkoms. Mandla het genoem dat hy slegs een vriend gehad het, en Belinda het aangevoer dat sy slegs aanvaarding kon vind by vriende van ’n ander ras.

Vissing et al. (1991) het ’n verband tussen mishandeling en interpersoonlike verhoudingsprobleme vasgestel. In verskeie gevalle in hierdie studie was die kinders aan mishandeling blootgestel, wat moontlik bygedra het tot gevoelens van ontoereikendheid en interpersoonlike verhoudingsprobleme. Woodword en Ferguson (2000) het in hulle studie



© University of Pretoria

bevind dat kinders wat vroeg reeds interpersoonlike verhoudingsprobleme toon, 'n groter risiko loop om gedragsprobleme en substansie-afhanklikheid te ontwikkel. In hierdie studie het die kinders oorwegend nie gedragsprobleme getoon nie, maar in Nico, Selile, Neels, Andre en Belinda se gevalle was daar sprake van dwelm- of alkoholmisbruik.

Cacioppo en Hawkley (2009), het bevind dat sosiale isolasie in verband gebring kan word met kognitiewe probleme. Nico was sosiaal geïsoleer, maar het nie kognitiewe probleme ervaar nie. Gideon se punte het 'n tydperk voor die moorde afgeneem en Selile het nie skolasties toereikend presteer nie. Andre het kursusse begin, maar dan dit weer gestaak.

Bukowski et al. (1998) en Blair et al. (2014) stel dat vriendskap vertroue en lojaliteit insluit. Die kinders in die studie het oorwegend interpersoonlike verhoudingsprobleme vertoon wat nabye verhoudinge wat vertroue ingesluit het, beperk het. Dus kan daar geargumenteer word dat die kinders wat aan verskeie omgewingstressors blootgestel was, waarskynlik nie 'n vertroueling gehad het om hulle probleme mee te deel nie.

Soos reeds genoem was die kinders in hierdie studie blootgestel aan verskeie omgewings- en gesinstressors wat moontlik tot gevoelens van ontoereikendheid en 'n lae selfkonsep kon lei. Soos reeds genoem word vriendskap geassosieer met 'n goeie selfkonsep (Bukowski et al., 1998). 'n Kind wat egter nie ondersteuning en aanmoediging van die ouer kry nie, of 'n kind wat mishandel word, sal dit moeilik vind om 'n goeie selfkonsep te ontwikkel. Wanneer daar sistemies na interpersoonlike verhoudinge gekyk word, is dit duidelik dat die omgewing en die kind se eiesoortige persoonlikheid sy/haar se selfkonsep en interpersoonlike verhoudinge sal bepaal en beïnvloed.

### 5.2.11. Subtema 6: Ontvlugting

Ontvlugting of vermyding is 'n persoon se distansiëring van 'n stresvolle situasie. Dit is ook 'n distansiëring van die kognitiewe, gedrags- en emosionele gevolge van die stresvolle situasie. Oor die algemeen maak mense gebruik van ontvlugting nadat hulle 'n stresvolle situasie beleef het. In sekere gevalle isoleer mense hulleself, terwyl ander medikasie of dwelms begin gebruik om die situasie te hanteer. Ontvlugting en vermyding is negatiewe hanteringsmeganismes, aangesien dit slegs 'n tydelike sielkundige verligting verskaf. Indien 'n persoon oor 'n lang



© University of Pretoria

tydperk van ontvlugting of vermyding gebruik maak, kan dit aanleiding gee tot post-troumatiese stresversteuring, depressie en angs (Weis, 2014).

Soos reeds genoem was kinders wat familiemoord gepleeg het, dikwels aan mishandeling en gesinswanfunksionering blootgestel. Kinders wat familiemoord gepleeg het as gevolg van mishandeling of gesinswanfunksionering het dikwels ’n einde hieraan probeer maak. Volwassenes het meer opsies as kinders om onaanvaarbare situasies te beëindig, aangesien kinders nie geredelik ’n alternatiewe heenkome kan bewerkstellig nie (Dantas et al., 2014). Dantas et al. (2014) en Heide (2003) beweer dat familiemoorde deur kinders ook toegeskryf kan word aan faktore soos die onvermoë om hulp van eksterne persone te bekom of om uit die situasie te ontsnap deur byvoorbeeld weg te loop of selfmoord te pleeg. Heide (2003) het bevind dat kinders wat familiemoord gepleeg het, dikwels van die huis af probeer wegloop het. Roe-Sepowitz (2009) het ook bevind dat adolessente wat moord gepleeg het, dikwels voor die moorde selfmoordneigings getoon het. Daar is bevind dat kinders wat hulle ma’s vermoor het, meer gereeld selfmoord probeer pleeg het as kinders wat hulle pa’s vermoor. Persone wat familiemoord gepleeg het, loop oor die algemeen ’n hoër risiko van selfmoord voor en na die moorde (Liettu, Mikkola, Säävälä, Räsänen, Joukamaa, & Hakko, 2010, Malquist, 2010; Raymond et al., 2015). Volwasse mans wat verskeie familiemoorde gepleeg het, pleeg dikwels selfmoord na die moorde (Flowers, 2013). Persone wat aan troumatiese gebeure blootgestel was, is hoërisikogevalle vir selfmoord. Kinders wat verkrag of gemolesteer is, is elf keer meer geneig tot selfmoordpogings (Lewis, Meehan, Cain & Wong, 2016). Ontvlugting is een van die algemeenste redes vir selfmoord (Baumeister, 1990). Selfmoord word dikwels oorweeg om van ’n besonder negatiewe situasie te ontvlug (Baumeister, 1990; Lewis et al., 2016). ’n Hoë mate van selfbewustheid is ’n verdere rede vir ontvlugting. Die individu vergelyk hom- of haarself met bepaalde standaarde en voel dan byvoorbeeld ontoereikend, skuldig of onaantreklik (Baumeister, 1990).

### 5.2.12. Subtema 7: Dwelm- en alkoholmisbruik

Dwelmafhanklikheid word gediagnoseer wanneer daar ’n problematiese patroon van alkohol- of dwelmmisbruik voorkom wat ook die persoon se daaglikse funksionering aantas en sielkundige nood veroorsaak (Weis, 2014, p. 325). Sekere individue gebruik dwelms en alkohol



© University of Pretoria

vir die gevoel van verhoogde genot en/of die afstomping en vermindering van negatiewe gevoelens. Daar is ook gevalle waar dwelms slegs vir die genot daarvan gebruik word. Adolessente wat moord pleeg is dikwels afhanklik van dwelms of alkohol (Roe-Sepowitz, 2009). Vyftig persent van adolessente wat dwelmafhanklikheid toon, manifesteer ook met ten minste een ander sielkundige afwyking (Weis, 2014).

’n Beduidende verband bestaan tussen negatiewe ervaringe tydens die kinderjare en dwelm- en alkoholmisbruik. Kinders wat mishandel is, ’n negatiewe ouer-kind verhouding ervaar het, gereeld verhuis het en ouers het wat dwelms misbruik of depressief is, word as risikogevalle vir dwelmmisbruik beskou (Barnett et al., 2011; De Witt et al., 1999, p. 61). Kilpatrick et al. (2000) en Nemeroff (2016) beweer dat indien ’n kind aan die negatiewe effek van omgewingstressors asook aan negatiewe lewenservarings blootgestel was, die kanse van latere dwelm- en alkoholmisbruik styg. Streng en ongenaakbare ouerskapstyle word ook met kriminele gedrag en dwelmmisbruik geassosieer, veral by seuns (Hinnant et al., 2015).

Adolessente wat van moord aangekla word, het dikwels ’n geskiedenis van alkoholmisbruik of was onder die invloed van drank tydens die moord (DiCataldo & Everett, 2008). Daar bestaan ook ’n verband tussen persoonlikheidsversteurings, gewelddadige gedrag (wat moord insluit) en dwelmafhanklikheid (Hollin, 2013; Putkonen, Kotilainen, Joyal & Tiihonen, 2004). ’n Sterk verband bestaan tussen persone met antisosiale persoonlikheidsversteuring en alkoholmisbruik (Putkonen et al., 2004). Persone wat vatbaar is vir angsafwykings is ook meer geneig tot alkoholmisbruik (Kilpatrick et al., 2000). Familiemoord word dikwels met dwelmafhanklikheid en alkoholmisbruik geassosieer (Fegadel & Heide, 2015; Malquist, 2010). Raymond et al. (2015, p. 45) het familiemoorde oor ’n tydperk van 15 jaar bestudeer en het bevind dat in 55 persent van die gevalle in hulle studie die oortreder ses maande voor die moorde verslaaf was aan die een of ander substans. Die algemeenste substanse wat misbruik is, was alkohol en dagga. Heide en McCurdy (2010), voer aan dat die adolessente brein nog nie volkome ontwikkel is nie en dat hulle nog nie selfregulerende eienskappe ontwikkel het nie. Adolessente tree derhalwe dikwels impulsief op, en dwelm- en alkoholmisbruik vererger die impulsiewe gedrag.



© University of Pretoria

**Literatuurkontrole: Die verband tussen ontvlugting, dwelm- en alkoholmisbruik en familiemoord deur kinders**

In die volgende afdeling word die verband tussen ontvlugting en dwelmmisbruik enersyds en familiemoord deur kinders bespreek. Stresvolle situasies lei oor die algemeen tot ŉ soeke na ontvlugting, en met tye word dwelm- en alkoholmisbruik as ŉ vorm van ontvlugting geïdentifiseer. Indien 'n persoon buitensporig baie van ontvlugtingstegnieke gebruik maak, kan dit tot depressie en angs aanleiding gee (Weis, 2014). Heide (2003) is dit eens dat kinders dikwels voor die moorde poog om hulp te kry, maar nie suksesvol is nie. Sommige van hierdie kinders loop ook van hulle huise af weg om weg te kom van die stresvolle omstandighede. Kinders wat mishandel word probeer dikwels 'n einde aan die situasie maak deur die familielid wat die bron van hulle pyn en frustrasie is, te vermoor. Die moord word derhalwe as ŉ wyse van ontvlugting beskou vir sommige van hierdie kinders (Dantas et al., 2014).

Nico het genoem dat hy uit sy omstandighede wou kom, maar dat hy geen heenkome gehad het nie. Selile het 'n tyd lank in die veld gaan bly om weg te kom van sy omstandighede. Hy het ook aan 'n gemeenskapsleier genoem dat hy moord sou pleeg indien hy moes teruggaan na sy ouerhuis. In Karel se geval het Riaan Karel oortuig dat selfmoord na die moorde op sy ouers sy enigste oplossing was om uit die stresvolle omstandighede te kom. Verskeie studies (Liettu et al., 2010; Malquist, 2010; Raymond et al., 2015; Roe-Sepowitz, 2009) het 'n verband tussen selfmoord en familiemoord (moord-selfmoord) gevind. Persone wat familiemoord pleeg, loop 'n hoër risiko van selfmoord voor en na die moorde. Simone en Neels het beide herhaalde selfmoordpogings aangewend. Belinda het weggeloop van die huis af en het ook selfmoord probeer pleeg.

Dwelm- en of alkoholmisbruik is by verskeie van die gevalle opgemerk. Die gebruik van dwelms word geassosieer met verhoogde genot en/of die vermindering van negatiewe gevoelens (Roe-Sepowitz, 2009). Daar is ook 'n beduidende verband tussen dwelmmisbruik en blootstelling aan negatiewe ervaringe tydens die kinderjare (Barnett et al., 2011; De Witt et al., 1999). Op die dag van die moorde was Nico onder uiterste emosionele druk, wat daartoe gelei het dat hy 'n ongeïdentifiseerde dwelm geneem het. Hy het genoem dat dit hom anders en vreemd laat voel het. Selile het dwelms gebruik as moontlike ontvlugting van sy



© University of Pretoria

omstandighede en/of om aanvaarding by sy maats te bewerkstellig. Neels was aan verskeie dwelms verslaaf. Op die dag van die moorde het hy dwelms en alkohol gebruik. Neels het verskeie omgewingstressors beleef wat moontlik tot selfmoordpogings en dwelmmisbruik aanleiding kon gegee het. Belinda en Andre het met tye alkohol misbruik, moontlik ook om aan hulle stresvolle huislike omstandighede te ontsnap, maar miskien ook net vir die genot daarvan. Streng en ongenaakbare ouerskapstyle word met kriminele gedrag en dwelmmisbruik geassosieer (Hinnant et al., 2015). Persone wat vatbaar is vir ŉ angsafwyking het ook 'n hoër geneigdheid tot alkoholmisbruik. Ouerskapstyle en angs is reeds vroeër in die hoofstuk bespreek.

Die moontlikheid bestaan dat die dwelmmisbruik van Nico, Selile en Neels die katalisator was wat aanleiding gegee het tot geweld en moord. Dit is egter opmerklik dat daar in die bogenoemde gevalle ook ten tye van die moorde verskeie akkumulatiewe omgewingstressors teenwoordig was.

### 5.2.13. Subtema 8: Antisosiale persoonlikheidsversteuring en gedragsversteuring

Die verband tussen sielkundige afwykings en geweld is herhaaldelik in navorsing vasgestel. Antisosiale persoonlikheidsversteuring (ASV) word geassosieer met 'n lae rehabilitasiesukses, veral as dit gepaard gaan met dwelmmisbruik (Hollin, 2013). Daar bestaan 'n sterk verband tussen antisosiale persoonlikheidsversteuring en moord (Putkonen et al., 2004) asook met kriminele gedrag oor die algemeen (Bartol & Bartol, 2014; Walsh & Kosson, 2007). ASV is die algemeenste diagnose wanneer 'n persoon aangekla word van of skuldig bevind word aan kriminele gedrag (Bartol & Bartol, 2014). Alhoewel mishandeling oorwegend as die hoofrede vir familiemoord aangevoer word, word antisosiale persoonlikheidsversteuring ook met hierdie tipe moord geassosieer (Fegadel & Heide, 2015; Meyers & Vo, 2012). Navorsing toon dat antisosiale persoonlikheidsversteuring deurlopend in 'n persoon se lewe teenwoordig is. ASV gaan gepaard met antisosiale gedrag, aggressie en kriminele gedrag wat herhaaldelik voorkom. Gedragseienskappe wat met ASV geassosieer word sluit manipulasie, die afwesigheid van empatie, onverskilligheid, egosentrisiteit, impulsiwiteit, emosionele afstomping en die



© University of Pretoria

afwesigheid van berou in (Meyers & Vo, 2012; Schimmenti, Di Carlo, Passanisi, & Caretti, 2015;). Antisosiale gedragskenmerke word vanaf die ouderdom van 15 jaar opgemerk en duur voort tot in volwassenheid voor dit gediagnoseer kan word (Hollin, 2013). Persone wat met ASV gediagnoseer word, skend voortdurend ander mense se regte en toon geen berou vir hulle optrede nie. Om ’n diagnose van ASV te maak, moet daar 4 diagnostiese kriteria teenwoordig wees:

a. Minagting en skending van ander persone se regte, vanaf die ouderdom van 15 jaar, soos aangetoon deur die volgende sewe subeienskappe:

- Die oortreding van wette wat amptelike arrestasie tot gevolg kan hê of wat tot kriminele vervolging kan lei;
- Leuens, misleiding en manipulasie ter bevordering van eie gewin;
- Impulsiewe gedrag;
- Geïrriteerdheid en aggressie wat manifesteer in herhaalde aanranding, of betrokkenheid by gevegte;
- Die blatante ignorering van eie en ander se veiligheid;
- ’n Gedragspatroon wat onverantwoordelikheid versinnebeeld, en
- Afwesigheid van berou vir eie optrede.

Die addisionele diagnostiese kriteria wat in ag geneem moet word, is die volgende:

b. Die persoon moet ten minste 18 jaar oud wees voor die amptelike diagnose gemaak kan word,

c. Gedragsversteuring was teenwoordig voor die ouderdom van 15 jaar,

d. Die antisosiale gedrag gaan nie gepaard met skisofrenie of bipolêre versteuring nie (American Psychiatric Association, 2013; Hollin, 2013, p.221).



© University of Pretoria

Die DSM-V meld dat antisosiale persoonlikheidsversteuring nie voor die ouderdom van 18 jaar gediagnoseer mag word nie. Indien die adolessent antisosiale kenmerke toon voor die ouderdom van 18 jaar, is die toepaslike diagnose gedragsversteuring. Individue met ’n familiegeskiedenis van ASV, asook mans, loop oor die algemeen ’n groter risiko van ASV (American Psychiatric Association, 2013). Psigopatie en sosiopatie verskil van antisosiale gedragsversteuring. Navorsers is dit eens dat psigopatie gepaard gaan met negatiewe interpersoonlike en affektiewe kenmerke wat geneties is, terwyl die antisosiale leefstyl wat deel vorm van sosiopatie met omgewingsrisikofaktore gepaard gaan. Ouerlike verwaarlosing en mishandeling is dikwels in die agtergrondgeskiedenis van persone wat met ASV gediagnoseeer word, teenwoordig (Schimmenti, 2015). Alhoewel ASV gepaard gaan met verskeie ongewenste sosiale faktore, word genetiese en biologiese oorsake ook met hierdie versteuring geassosieer. Die oorsake word ook met die komplekse interaksie tussen neurosielkundige faktore en sosialiseringsfaktore geassosieer (Bartol & Bartol, 2014).

Aangesien kinders onder die ouderdom van 18 jaar nie met antisosiale persoonlikheidsversteuring gediagnoseer kan word nie, word hulle dikwels met gedragsversteuring gediagnoseer. Die DSM-V beskryf gedragsversteuring as herhaalde en voortdurende gedrag waarby ander mense se basiese regte geskend word. Drie of meer van die 15 kriteria (soos hieronder uiteengesit) moet in die laaste 12 maande teenwoordig wees, met ten minste een kenmerk teenwoordig in die laaste 6 maande. Die kriteria sluit in:

*Aggressie teenoor mense en diere*

- Intimideer, boelie of dreig ander gereeld.
- Is gereeld in fisiese gevegte betrokke.
- Het al ’n wapen (baksteen, gebreekte bottel, kolf ens.) gebruik om ernstige fisiese beserings van ander te veroorsaak.
- Was al fisies wreed teenoor ’n ander persoon.
- Was al fisies wreed teenoor ’n dier.
- Het al gesteel terwyl hulle die slagoffer konfronteer (bv. gewapende roof, aanranding)



© University of Pretoria

- Het al iemand tot 'n seksuele daad gedwing.

*Die vernietiging van eiendom.*

- Het al 'n brand gestig met die bedoeling om skade aan te rig.
- Het al ander se eiendom beskadig.

*Misleiding of diefstal*

- Het al by iemand se huis, motor of 'n gebou ingebreek.
- Vertel gereeld leuens om goedere en gunste te verkry.
- Het al items gesteel sonder om die slagoffer te konfronteer.

*Ernstige skending van regte.*

- Bly gereeld oornag weg van die huis af sonder ouers se toestemming (begin voor die ouderdom van 13 jaar).
- Het ten minste 2 keer, of een keer vir 'n lang tydperk, van die huis af weggeloop en oornag weggebly.
- Is gereeld afwesig van die skool (begin voor die ouderdom van 13 jaar).

*Die gedragsversteuring veroorsaak ernstige sosiale of akademiese probleme.*

*(American Psychiatric Association, 2013; Weis, 2014, p.292).*

Heide (2013, p.16) het 'n tipologie saamgestel wat kinders wat familiemoord gepleeg het, in drie kategorieë verdeel, naamlik die ernstig mishandelde kind, kinders met ernstige sielkundige afwykings en die gevaarlike antisosiale kind. Die gevaarlike antisosiale tipe kan by adolessente en volwassenes gediagnoseer word wat familiemoord gepleeg het. Antisosiale familiemoordenaars vermoor byvoorbeeld die ouers om hulle motor te neem, 'n erfporsie te bekom of om sy ontvlugting (vryheid) te bewerkstellig. Hierdie tipe kinders het dikwels 'n lang geskiedenis van antisosiale en kriminele gedrag. Indien die oortreder onder die ouderdom van



© University of Pretoria

18 jaar was ten tye van die moorde, is gedragversteuring oorwegend gediagnoseer. Indien hy ouer as 18 jaar was, is antisosiale persoonlikheidsversteuring dikwels gediagnoseer.

ASV-eienskappe is deur Heide en McCurdy (2010) by verskeie van die individue in hulle studie van familiemoordenaars geïdentifiseer. Alhoewel ASV-eienskappe by sekere familiemoordenaars geïdentifiseer is, is dit egter 'n uitsonderlike diagnose by adolessente wat familiemoord gepleeg het (Meyers & Vo, 2012).

**Literatuurkontrole: Die verband tussen gedragsversteuring/antisosiale persoonlikheidsversteuring en familiemoord deur kinders**

In hierdie afdeling word die verband tussen gedragsversteuring/ antisosiale persoonlikheidsversteuring en familiemoord wat deur kinders gepleeg is, bespreek. In hierdie studie is die eienskappe van antisosiale persoonlikheidsversteuring by enkele gevalle met omsigtigheid gediagnoseer. Hoewel antisosiale eienskappe dikwels vroeg in kinders raakgesien word, kan dit nie amptelik volgens die diagnostiese kriteria van die APA gediagnoseer word nie (Meyers & Vo, 2012). In hierdie studie was Gideon die enigste geval waar daar met redelike sekerheid antisosiale persoonlikheidskenmerke gediagnoseer kon word. Aangesien hy 15 jaar oud was ten tyde van die moorde, sou die diagnose van 'n gedragversteuring eerder relevant wees; dit was egter opmerklik dat hy aan omtrent geeneen van die diagnostiese kriteria van die DSM-V vir 'n gedragsversteuring voldoen het nie (American Psychiatric Association, 2013). In Graad 3 het Gideon begin rook en was hy gereeld betrokke in vuisgevegte. Volgens die inligting wat uit die dokumentanalise verkry is, het die vuisgevegte nie gereeld in die 6 maande voor die moorde plaasgevind nie. In die maande voor die moorde het hy egter toenemend begin leuens vertel, en sy akademiese prestasie het ook afgeneem. Tydens die hofsaak het die patoloog in die saak aangevoer dat Marie heel moontlik verkrag is voor sy vermoor is. Verskeie kundiges met wie onderhoude gevoer is, was oortuig dat Gideon sy suster seksueel mishandel het. Die sielkundige en die ondersoekbeampte met wie daar onderhoude gevoer is, was oortuig dat Gideon met antisosiale persoonlikheidsversteuring gediagnoseer kon word. Dit is egter belangrik om te onthou dat Gideon toe reeds heelwat ouer was. Dit mag moontlik wees dat Gideon latente kenmerke reeds in sy jong dae getoon het en dat dit nie gemeld is nie. Dit is egter nie moontlik om hierdie diagnose met sekerheid te maak nie.



© University of Pretoria

In Gideon se geval was daar nie sprake van familiegeweld, alkohol- of dwelmmisbruik of ’n behoefte om uit die omstandighede te ontsnap nie, soos wat by verskeie van die ander gevalle in die studie geïdentifiseer is. Gideon het die ondersoekbeampte gevra wat mens kan doen om die familieplase te erf. Daar was ook ander voorvalle na die moorde wat aangedui het dat hy moontlik die moorde vir finansiële gewin gepleeg het. Heide (2013) noem dat kinders wat met antisosiale persoonlikheidstrekke gediagnoseer word dikwels ’n ouer vermoor om geld te erf of om hulle vryheid te bekom. In sy geval was daar dus verskeie moontlike motiewe vir die moorde. Daar kan bespiegel word dat hy sy suster seksueel mishandel het en dat sy gedreig het om dit bloot te lê, en dat hy toe besluit het om hulle te vermoor om die geheim saam die gesin te begrawe. Hy kon moontlik reeds vroeg met gedragsversteuring gehad het en die moorde as gevolg van sy gedragversteuring gepleeg het. ’n Ander rede kon wees dat hy van mening was dat hy die enigste erfgenaam van die plase sou wees as hy die gesin sou vermoor. Dit kan ook ’n kombinasie van al hierdie faktore gewees het.

Die sielkundige wat Selile geassesseer het, was oortuig dat hy ook tekens van antisosiale persoonlikheidsversteuring getoon het. Selile het van die gemeenskap gesteel en van die huis af weggeloop. In sy geval was dit ook nie moontlik om met sekerheid ’n diagnose te maak nie weens die feit dat hy ten tyde van die moorde onder die ouderdom van 18 jaar was. In beide Gideon en Selile se gevalle was daar nie ’n lang geskiedenis van antisosiale of ernstig kriminele gedrag voor die moorde nie (Heide, 2013). Selile het na die moorde geen gedragsprobleme getoon nie. Gideon het ontoepaslike gedrag, soos rebelsheid, na die moorde getoon, maar daar was geen vermelding van aggressiewe of kriminele gedrag in sy geval nie. Simone se advokaat, wat jare na die moorde nog met haar kontak behou het, het dikwels gewonder of sy nie met antisosiale persoonlikheidsversteuring gediagnoseer kon word nie. Simone het egter goed aangepas na die moord op haar ouma. Sy is getroud en het kinders. Daar is nie weer melding gemaak van gedrags- of kriminele probleme by haar nie.

In hierdie studie was dit opmerklik dat die sistemiese omstandighede ’n betekenisvolle rol in die familielidmoorde gespeel het. Leemtes bestaan in die navorsing rakende die vroeë diagnose van ASV-kenmerke by kinders en hulle geneigdheid om familiemoord te pleeg. Die verband tussen die omgewingstressors en antisosiale kenmerke bied ook stof tot nadenke en behoort in toekomstige navorsing in diepte bestudeer te word.



© University of Pretoria

## 5.3. SAMEVATTING

Malquist (2010) noem dat daar gewaak moet word teen ’n enkelfaktormodel wanneer daar na motiewe vir familiemoord gesoek word. Hy stel dit dat daar ’n verskeidenheid individuele en familiefaktore is wat in ag geneem moet word wanneer die etiologiese aspekte van familiemoord ondersoek word. In hierdie studie is die oorsaaklike akkumulatiewe individuele en sistemiese faktore asook die agtergrondinligting gebruik om die hooftemas in hierdie gevalle van familiemoord te identifiseer. Die hooftemas is op ’n fenomenologiese wyse geïdentifiseer; die verskynsel is geanaliseer en beskryf soos dit gemanifesteer het. Familiemoord wat deur kinders gepleeg is, is onder die loep geneem, waarna die ooreenkomste en verskille met die tersaaklike literatuur en teorieë uiteengesit is. Opeenvolgende temas en hulle subtemas is ook bespreek.

In die volgende hoofstuk sal die konseptuele raamwerk bespreek word. Die verband tussen die konseptuele raamwerk en die huidige studie sal uiteengesit word. Opsommings, gevolgtrekkings en aanbevelings voortspruitend uit die studie sal ook bespreek word. Ten slotte sal voorstelle vir toekomstige navorsing ook gemaak word.



© University of Pretoria

# 6. KONSEPTUELE RAAMWERK, GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN SINOPSIS VAN DIE STUDIE

## 6.1. INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die literatuur uiteengesit en met die navorsingsbevindinge en tersaaklike teorieë in verband gebring. Die hooftemas van die studie is ook bespreek. In hierdie hoofstuk word die konseptuele raamwerk, asook die rasionaal vir die gebruik van die spesifieke raamwerk, uiteengesit en beskryf.

ʼn Opsomming van die vorige hoofstukke word ook in hierdie hoofstuk gegee. Die navorsingsvrae word opsommend bespreek. Die aanbevelings vir verdere navorsing wat uit die studie voortgespruit het, word aangedui en ten slotte word ʼn sinopsis van die studie aangebied. Die ontwikkeling van die konseptuele raamwerk word vervolgens uiteengesit.

## 6.2. DIE ONTWIKKELING VAN DIE KONSEPTUELE RAAMWERK

Soos reeds genoem wou die navorser aan die begin van die studie ʼn diepgaande begrip ontwikkel van die kind wat familiemoord pleeg. Hiervoor is ʼn fenomenologiese benadering gevolg. Volgens Van Manen (2007) is dit ʼn soort nadenke wat sonder teoretiese vooroordeel en vermoedelike inmenging moet geskied. Persoonlike oortuigings oor die betrokke verskynsel word opsy geskuif om objektiwiteit te verseker en sodoende ook ʼn ontluikende konseptuele raamwerk daar te stel vir hierdie studie (Chan et al., 2013). Die navorser het met hierdie werkswyse gepoog om eerstens die verskynsel te verstaan soos dit voorgekom het, met die minimum teoretiese vooroordeel of vooropgestelde idees. Daarna is die temas wat mettertyd uit hierdie werkswyse voortgevloei het, gebruik om die konseptuele raamwerk van die studie daar te stel. Aan die begin van die studie was die navorser se doelwit om die etiologiese faktore wat tot familiemoord deur kinders bydra, te verstaan. Komplekse bydraende faktore is in die nege gevallestudies geïdentifiseer wat tot die hooftemas van die studie gelei het. Die hooftemas




© University of Pretoria

is verder in verband gebring met die tersaaklike literatuur en toepaslike teorieë. Die proses wat tot die konseptuele raamwerk gelei het, word in Figuur 9 uiteengesit waarna die konseptuele raamwerk bespreek sal word.



© University of Pretoria




**Figuur 9: Die ontwikkeling van die konseptuele raamwerk vir die studie.**



© University of Pretoria

In figuur 9 word die fases uiteengesit wat gevolg is om die konseptuele raamwerk van die studie daar te stel. In Fase 1 is die temas saamgestel wat voortgevloei het uit analises van die nege gevallestudies. In Fase 2 is verskeie teorieë en literatuur in verband gebring met die temas wat in Fase 1 geïdentifiseer en beskryf is. Sodoende het ’n persoonsbeeld in Fase 3 tot stand gekom en vervolgens bespreek sal word.

By die bepaling van die etiologiese faktore het dit gou duidelik geword dat die hoofnavorsingsvraag slegs op grond van ’n deeglike begrip van wie die kind werklik is beantwoord kon word. Die ontleding van die gevallestudies, die literatuur en teorieë oor familiemoord deur kinders het ’n beeld tot stand gebring wat weliswaar raakpunte gehad het met die literatuur en teorieë, maar tog tot ’n mate eiesoortig was. Die beeld wat in die media en soms in sekere publikasies voorgekom het, het dikwels net op een of twee etiologiese faktore gefokus. Die kind se komplekse eiesoortige ervaringe in sy/haar unieke leefwêreld het dikwels onbeantwoord gebly. Die persoonsbeeld wat in hierdie studie ontwikkel het, het ’n spreekwoordelike stem aan hierdie kinders gegee wat tot nou toe grotendeels nie in die navorsing gehoor is nie, veral in Suid-Afrika. Die navorser wou deur middel van ’n persoonsbeeld ’n unieke perspektief op kinders wat familiemoord gepleeg het, tot stand bring. Die kompleksiteit wat dikwels met hierdie moorde gepaard gaan is ook deur middel van die persoonsbeeld vereenvoudig.

Die kind wat in ’n bepaalde konteks grootword, met sy/haar unieke persoonseienskappe en belewinge, is as riglyn gebruik om ’n omvattende profiel saam te stel. Die navorser het gepoog om getrou te bly aan die fenomenologiese benadering, en die persoonsbeeld het dus self in die loop van die studie ontwikkel. Die persoonsbeeld is dus ’n uitvloeisel van die navorsingsproses van hierdie studie. Dit was opmerklik in die samestelling van die persoonsbeeld dat geweld, direkte of indirekte verwerping, streng, ongenaakbare of afwesige ouerskap, swak gesinsbande en ongesonde gesinsisteme belangrike veranderlikes in hierdie tipe moorde was.

Die persoonsbeeld (Fase 3) wat in narratiewe formaat uiteengesit word, sal vervolgens weergegee word. Wanneer daar in hierdie narratiewe teks na “die kind wat familiemoord pleeg” verwys word, is die gevalle wat in hierdie studie ondersoek is ter sprake. Uiteraard vat



© University of Pretoria

die persoonsbeeld die gemeenskaplike kenmerke van ’n aantal gevalle saam en word individuele verskille in persoonlikhede en omstandighede nie daarin verteenwoordig nie.

**DIE PERSOONSBEELD**

Die kind wat familiemoord pleeg kom dikwels uit ’n ouerhuis waar daar aanvanklik ’n swak (of geen) band met die primêre versorger bestaan. Warm en geborge huislike omstandighede ontbreek ook dikwels. Beperkte (of geen) emosionele ondersteuning en leiding word aan die kind gebied. Die kind se emosionele behoeftes word nie toepaslik deur die ouer of versorger hanteer nie. Daar word van die kind verwag om self sin te maak van ingrypende gebeure, soos die verlies van ’n nabye familielid of die rondskuif van een ouerhuis na ’n ander. Daar is ook dikwels primêre versorgers wat *nie* vir die kind intree wanneer hy mishandel word nie. Ten tyde van die ingrypende gebeure is die kind gewoonlik nie emosioneel of kognitief opgewasse om die gebeure te verwerk nie. Die verhouding met die vaderfiguur is oorwegend ontoereikend of die vaderfiguur is afwesig. Die voorafgaande minimale ondersteuning van die opvoeders lei in die meerderheid van die gevalle tot gevoelens van verwerping, ongeborgenheid en angs.

Die kind wat familiemoord pleeg word oor die algemeen blootgestel aan gesinswanfunksionering, wat dikwels mishandeling insluit. Die huis raak ’n plek waar daar nie beskerming gebied word nie en waar die kind nie hom/haarself mag wees nie. Van die kind word daar dikwels vereis om aan te pas by die ouer se idee van ’n “ideale” kind. Afwyking van hierdie “ideale” beeld word nie geduld nie en gaan dikwels met verwerping gepaard. Die kind wat familiemoord pleeg word ook aan ekstreme ouerskapstyle blootgestel wat kan strek van ’n buitengewoon permissiewe ouerskapstyl tot en met streng, outoritêre ouerskapstyle. Hierdie kinders fantaseer dikwels oor beter lewensomstandighede en probeer van die omstandighede ontvlug deur byvoorbeeld pogings om weg te loop van die huis af, selfmoordpogings asook alkohol- en dwelmmisbruik. Die kind wat familiemoord pleeg het dikwels na onvoorwaardelike aanvaarding en standvastigheid gesoek. Ten tyde van die moorde is die kind woonagtig by die familielid/lede wat hulle vermoor.



© University of Pretoria

Die kind wat familiemoord pleeg vind interpersoonlike verhoudinge met sy/haar portuurs dikwels uitdagend, en met tye word hulle sosiaal geïsoleer. Die interpersoonlike verhoudingsprobleme vererger egter die kind se gevoel van ontoereikendheid.

Hierdie kinders toon oor die algemeen nie gedragsprobleme by die skool voor hulle die moord/e pleeg nie. Die meeste kinders het geen kriminele rekord voor die moord/e nie. Die moord op ’n familielid is dikwels hulle eerste ernstige oortreding. Die akkumulatiewe individuele en sistemiese stressors bou oor jare op en veroorsaak dat die kind die onderliggende aggressie en angs tot uiting laat kom in familiemoord.

In twee gevalle was daar kenmerke van antisosiale persoonlikheidsversteuring. In hierdie studie is die moontlike diagnose slegs na die moorde gemaak. Die kinders wat familiemoord pleeg, word oor die algemeen nie voor die moord met gedragversteuring gediagnoseer nie. Ten tyde van die moorde is die kind woonagtig by die familielid/lede wat hulle vermoor.





© University of Pretoria

## 6.3. DIE KONSEPTUELE RAAMWERK

In hierdie studie het die konseptuele raamwerk deur die verloop van die studie ontwikkel: die hooftemas en subtemas wat na die data-analise geïdentifiseer is, het daartoe gelei dat ŉ persoonsbeeld van die kind wat familiemoord pleeg tot stand gekom het. Die temas, subtemas, persoonsbeeld en tersaaklike literatuur en teorieë het ook daartoe bygedra dat 'n konseptuele raamwerk vir die studie saamgestel kon word. Die huidige studie kon dus vergelyk word met vorige internasionale navorsing. Die unieke bydrae van die studie kon aangedui en uitgelig word.

In die verlede het navorsing rakende kinders wat familiemoord pleeg hoofsaaklik ŉ driedelige tipologie gebruik ter verklaring van hierdie moorde, naamlik die ernstig mishandelde kind, die kind met ernstige sielkundige probleme en die gevaarlike antisosiale kind (Flowers, 2013; Heide, 2013;). Hierdie tipologie het wel raakpunte met die huidige studie getoon, maar was te beperkend. In hierdie studie postuleer die navorser dat etiologiese faktore nie in isolasie verstaan behoort te word nie en dat die komplekse wedersydse invloede altyd oorweeg moet word om die fenomeen toereikend te begryp. Soos reeds genoem het die hoofbevindinge in hierdie studie problematiese binding, verwerping, ekstreme ouerskapstyle en aggressie ingesluit. Aggressie is wel in ander studies in die verlede gemeld, maar dit is vanuit ŉ ander oogpunt as in die huidige studie bespreek. In die huidige studie is dit met verwerping, angs en bindingsprobleme in verband gebring. Geen studies kon gevind word wat hoofsaaklik op problematiese binding, verwerping of ekstreme ouerskapstyle gefokus het om familiemoord deur kinders te verstaan nie. Die subtemas angs, interpersoonlike verhoudingsprobleme, ontvlugting, die ontoereikende hantering van verlies en gesinswanfunksionering is ook op 'n unieke wyse in hierdie studie uitgelig.

In die huidige studie is die subtemas mishandeling, dwelm- en/alkoholmisbruik en antisosiale persoonlikheidsversteuring ook geïdentifiseer, soos in vorige studies. Wanneer die studie met die tipologie van Heide (2013) vergelyk word, was mishandeling en antisosiale persoonlikheidsversteuring ook temas in die huidige studie. Mishandeling het in verskeie gevalle in die huidige studie voorgekom en is met die ouer se persepsie van die "ideale kind" in verband gebring. Antisosiale persoonlikheidsversteuring was slegs opmerklik in twee van



© University of Pretoria

die gevalle in hierdie studie. ‘n Diagnose van gedragsversteuring of antisosialepersonlikheidsversteuring is egter eers ná die moorde deur kundiges oorweeg. Die afleiding is dus dat alhoewel die studie raakpunte met vorige navorsing getoon het, dit nuwe konsepte en faktore uitgelig het wat nie in vorige studies benadruk is nie. Die hooftemas van problematiese binding, verwerping en ekstreme ouerskapstyle word in hierdie studie vanuit ŉ unieke oogpunt aangebied. Die hooftemas is nie in ander studies oor familiemoorde deur kinders as belangrike temas geïdentifiseer nie. Die subtemas interpersoonlike verhoudingsprobleme, gesinswanfunksionering, die ontoereikende hantering van verlies en ontvlugting het hier ook op unieke wyse tot stand gekom. Die konseptuele raamwerk word visueel voorgestel in figuur 10.



© University of Pretoria




**Figuur 10: Die konseptuele raamwerk van die studie**



© University of Pretoria

## 6.4. OPSOMMING VAN DIE BEVINDINGE VAN DIE STUDIE

### 6.4.1. Oorsig van die vorige hoofstukke

ʼn Kort opsomming word van die hoofstukke gegee waarin die belangrikste navorsingsareas uiteengesit en bespreek word. Die oorsig dien as basis vir die bespreking en samevatting van die bevindinge en aanbevelings.

In **Hoofstuk 1** is die agtergrondinligting van die studie gegee. Die doel en rasionaal vir die studie asook die potensiële wetenskaplike bydrae is uiteengesit. Navorsingsvrae is gestel en die kernkonsepte is bespreek. ʼn Inleidende literatuuroorsig is gegee en die benadering tot die teoretiese raamwerk is gestel. Die verklarings waarom ʼn fenomenologiese perspektief vir die onderhawige studie gekies is, is in hierdie hoofstuk verskaf.

In **Hoofstuk 2** is ʼn oorsig van die navorsingsbenadering, prosedures en metodes verstrek. Daarby is die steekproefneming, data-insamelingmetodes en data-ontledingsprosedures bespreek. Verder is die tersaaklike etiese oorwegings en moontlike beperkings van die studie uiteengesit. Die gebruik van fenomenologie as metateorie en kwalitatiewe navorsing as metodologiese paradigma is geverifieer. Die keuse van dokumentontleding as hoofstrategie in die insameling van navorsingsdata is uiteengesit en beskryf. Die gevallestudie-ontwerp is verduidelik en die kriteria wat aangewend is om die gevalle te keur is geskets. Die data-insamelingsiklus asook die stadia van die kwalitatiewe data-ontledingsproses is beskryf om ʼn deegliker verduideliking van die data-insamelings- en ontledingsproses te gee. Die kwaliteitskriteria en etiese oorwegings waarop die studie fundeer is, is uitgestip.

In **Hoofstukke 3 en 4** is die gevallestudies uiteengesit en die temas wat deur middel van kwalitatiewe inhoudsontleding geïdentifiseer is, aangebied. In Hoofstuk 3 is die gevalle waar daar meer as een slagoffer was, geanaliseer en bespreek en in Hoofstuk 4 die gevalle met slegs een slagoffer. Die gevalle, wat doelmatig vir die studie geselekteer is, is individueel bespreek en die geïdentifiseerde temas na elke geval uiteengesit. Elke geval is toegelig met die biografiese besonderhede van die kind, ʼn narratiewe sinoptiese beskrywing en die temas wat



© University of Pretoria

op ’n fenomenologiese werkswyse geïdentifiseer is. ’n Psigo-analitiese werkswyse is gevolg om die dieper betekenis van die interpretasies weer te gee.

In **Hoofstuk 5** is die oorsaaklike akkumulatiewe individuele en sistemiese faktore en die agtergrondsinligting gebruik om die hooftemas in die studie te identifiseer en saam te stel. Die hooftemas is op ŉ fenomenologiese wyse geïdentifiseer, geanaliseer en beskryf, dit wil sê soos dit na vore gekom het. Familiemoord wat deur kinders gepleeg word, is hierna bespreek om sodoende die ooreenkomste met en verskille van die tersaaklike literatuur uiteen te sit. Die opeenvolgende temas en hulle subtemas is ook bespreek.

In **Hoofstuk 6** word die konseptuele raamwerk uiteengesit en word die opsomming van die navorsingsresultate en aanbevelings ook onder die loep geneem.

### 6.4.2. Opsomming van die empiriese navorsing

Suid-Afrika word as ’n gewelddadige samelewing beskou, met ŉ nasionale moordsyfer wat ver bo die gemiddeld van die wêreld is. Die gesin word beskou as die kernelement van die gemeenskap. Dit is ŉ omgewing waar die kind veilig en geborge behoort te voel. Die realiteit is egter dat bykans 25% van alle moorde in Suid-Afrika deur ’n familielid of lid van ’n huishouding gepleeg word (Statistics South Africa, 2014). In 70-80% van die gevalle het die slagoffer en die moordenaar mekaar geken (Kearney & Erasmus, 2013). Die uitgangspunt van die studie was om die kind as die oortreder in ’n familiemoord beter te verstaan. Die navorser wou ook bepaal watter individuele en sistemiese faktore aanleiding gee tot familiemoord deur kinders. ŉ Kwalitatiewe werkswyse is gevolg om sodoende ŉ ryk en diepgaande begrip te ontwikkel van die kind wat familiemoord gepleeg het. Die navorser het ŉ fenomenologiese benadering gevolg om sodoende moontlike vooropgestelde persoonlike of teoretiese idees te beperk. Geskikte gevalle is in al die provinsies in Suid-Afrika geïdentifiseer. Nege gevalle van kinders onder 25 jaar wat aan die navorsingskriteria voldoen het, is vir analise geïdentifiseer. Die gevalle en die relevante dokumente is vanuit verskeie oogpunte ondersoek en deur middel van ŉ psigoanalitiese kwalitatiewe inhoudsontledings-tegniek geanaliseer, waarna elke geval individueel uiteengesit is. Elke geval is voorafgegaan deur ŉ narratiewe agtergrondsbespreking. Hierna is die akkumulatiewe sistemiese en individuele omstandighede wat moontlik tot die moord kon bydra en die moontlike breekpunte wat voor die moord bereik



© University of Pretoria

is, uitgelig. Verder is individuele en omstandigheidsfaktore bespreek ten einde ŉ omvattende steekproef-spesifieke profiel te ontwikkel.

Die hoofbevindinge van hierdie studie was dat die kind wat familielede vermoor dikwels grootgeword het in ouerhuise waar daar aanvanklik ŉ swak (of geen) band met die primêre opvoeder bestaan het. Die swak band, asook die akkumulatiewe sistemiese en individuele stressors, het gelei tot gevoelens en persepsies van verwerping. Geborge huislike omstandighede het dikwels ontbreek. Die kind het beperkte (of geen) emosionele ondersteuning ontvang. Die kind se emosionele behoeftes is oorwegend misken of nie toepaslik deur die ouer of versorger hanteer nie. In verskeie van die gevalle in hierdie studie moes die kind self sin maak van ingrypende gebeure soos die verlies van ŉ nabye familielid of geliefde persoon asook die rondskuif van een ouerhuis na ŉ ander. Die onbetrokkenheid en minimale ondersteuning van die opvoeders het in die meerderheid van die gevalle tot gevoelens van verwerping, aggressie en angs gelei.

Die kinders in hierdie studie is oor die algemeen blootgestel aan gesinswanfunksionering, wat dikwels verskeie tipes mishandeling ingesluit het. In die ouerhuis is onvoldoende beskerming gebied. Die ouerhuis het dikwels nie meer bestaan nie of was ŉ plek waar die kind nie hom/haarself kon uitleef nie. Daar is dikwels van die kind vereis om aan te pas by die ouer se idee van ŉ "ideale" kind. Ouers of versorgers het dit nie geduld dat die kind van hierdie "ideale" beeld afgewyk het nie. Die kind wat familiemoord gepleeg het, is oorwegend aan ekstreme ouerskapstyle blootgestel, wat van ŉ buitengewoon onbetrokke tot en met streng, outoritêre ouerskapstyle gestrek het. Die kinders in hierdie studie het dikwels van die negatiewe huislike omstandighede probeer ontvlug deur byvoorbeeld te poog om weg te loop van die huis af of deur middel van selfmoordpogings. In sekere gevalle bestaan die moontlikheid dat die kind deur middel van alkohol en/of dwelms probeer ontvlug het. Standvastigheid en onvoorwaardelike aanvaarding was oorwegend afwesig. In hierdie studie is interpersoonlike verhoudingsprobleme by sommige van die moordenaars geïdentifiseer en met tye was die kinders voor die moord sosiaal geïsoleer. Die interpersoonlike verhoudingsprobleme het verder aanleiding gegee tot gevoelens van ontoereikendheid en verwerping.



© University of Pretoria

Die kinders in die studie het oor die algemeen nie ernstige gedragsprobleme by die skool getoon voor hulle die moord/e gepleeg het nie. Die gedragsprobleme by die skool wat wel gemeld is, was byvoorbeeld in Gideon se geval rook en vuisgevegte in sy jonger jare. Geakkumuleerde stressors wat oor ‘n lang tyd opbou veroorsaak dat die kind die onderliggende aggressie tot uiting laat kom in moord. In twee gevalle is kenmerke van gedragsversteuring en/of anti-sosiale persoonlikheidsversteuring by die oortreders bespeur. In hierdie studie is die aanwesigheid van ASV-kenmerke slegs na die moorde gekonstateer. Hoewel daar dus bespiegel kan word dat gedragsversteuring en/of ASV-kenmerke wel by sommige van die oortreders gemanifesteer het, kan dit nie bo redelike twyfel bevestig word nie; die kinders wat in die onderhawige studie familiemoord gepleeg het, is nie voor die moorde met gedragsversteuring gediagnoseer nie.

Soos reeds genoem, was die doel van die studie om die kind wat familiemoord gepleeg het, beter te verstaan. ʼn Ryk en diepgaande begrip is verkry, maar die navorser besef dat die kind wat familiemoord gepleeg het, slegs verstaan kan word vanuit sy/haar unieke konteks. Die studie is dus ʼn diepgaande fenomenologiese diskoers van die unieke gevalle wat in die onderhawige studie ingesluit is. Afleidings wat tot veralgemenings lei, behoort dus vermy te word. Familiemoord wat deur kinders gepleeg word, is ʼn betreklik nuwe navorsingsterrein in Suid-Afrika en lê dus braak. Navorsing oor hierdie verskynsel is egter uiters belangrik, aangesien daar toenemend gevalle van kinders wat ʼn familielid vermoor het, in die media gerapporteer word en die beperkte kennis van die verskynsel dus uitgebrei en moontlike voorkomende intervensies ontwikkel moet word (de Lange 2011; Kemp, 2012; Myburgh, 2014; Sheik Umar, 2013; Singh, 2011). As lede van ʼn samelewing en as akademici is daar ‘n verantwoordelikheid op ons om ondersoek in te stel na die rol en funksie van die gesin in ons samelewing. Opvolgstudies in hierdie area word dus aangemoedig, aangesien die gesonde kerngesin waarskynlik die belangrikste sisteem in die samelewing is.



© University of Pretoria

## 6.5. GEVOLGTREKKINGS

### 6.5.1. Sekondêre navorsingsvraag 1: Watter akkumulatiewe sistemiese omstandighede dra daartoe by dat ŉ kind familiemoord pleeg?

Die hoofdoel van die studie was om die kind wat familiemoord gepleeg het, te verstaan. In hierdie studie was die akkumulatiewe sistemiese omstandighede betekenisvol, aangesien daar nie net na geïsoleerde faktore gekyk kon word nie. Die konteks waarbinne hierdie moorde plaasgevind het moes in ag geneem word om die navorsingsvrae wat die studie gerig het, te kan beantwoord. Die kind en die bepaalde sisteme, naamlik die gesin en die omgewing, het mekaar dus wedersyds beïnvloed.

Dit was opmerklik dat in al die gevalle bindingsprobleme en verwerping voorgekom het. Binding is noodsaaklik vir normale, toereikende ontwikkeling (Russell & King, 2016). Problematiese binding word geassosieer met onveiligheid, ongeborgenheid, aggressie, jeugmisdaad en probleme met emosionele regulering en die internalisering van waardes (Hirschi, 1969, Lyons-Ruth, 1996; Russell & King, 2016). Soos reeds genoem was verwerping ook ŉ sentrale tema in hierdie studie. Indien kinders liefde en aanvaarding van die primêre versorger ervaar, beleef hulle hulself as waardig en is hulle oop vir positiewe interaksie met ander persone (Crockenberg & Leerkes, 2003). Indien daar egter sprake van verwerping is, lyk dit of die teendeel waar is. Verwerping gaan gepaard met gevoelens van vyandigheid en aggressie (Bondü & Richter, 2016). In hierdie studie het gevoelens van vyandigheid en aggressie bygedra tot familiemoord.

Gesinswanfunksionering het voorgekom by die meerderheid van die gevalle. Fisiese, seksuele en verbale mishandeling was ook opvallend. Ofskoon minstens een tipe mishandeling in elke geval geïdentifiseer kon word, is alle tipes mishandeling in sommige gevalle geïdentifiseer. Hollin (2013) beweer dat kinders wat mishandel word, ŉ groter kans het om later in hulle lewens ook gewelddadig op te tree. Die kinders in hierdie studie se emosionele



© University of Pretoria

behoeftes is dikwels misken en emosionele ondersteuning is selde gebied. Ingrypende gebeure in die kind se lewe, byvoorbeeld die verlies van ŉ geliefde of vriend, is ook deur verskeie ouers in hierdie studie ontoereikend hanteer.

Al die kinders in die studie was aan ekstreme ouerskapstyle blootgestel. Die twee ouerskapstyle wat die algemeenste voorgekom het in hierdie studie was die outoritêre en die onbetrokke ouerskapstyle. Die outoritêre ouerskapstyl word gekenmerk met strengheid en straf, waar onvoldoende warmte teenoor die kind getoon word (Hill-Smith et al., 2002). ŉ Verband tussen jeugmoord en die outoritêre ouerskapstyl is vasgestel. Die onbetrokke ouerskapstyl gaan gepaard met beperkte beheer en ontoereikende warmte teenoor die kind. Kinders wat aan die onbetrokke ouerskapstyl blootgestel word, kan hoë vlakke van aggressie toon (Boshier, 2011; Hill-Smith et al., 2002; Ihabe & Bentler, 2016). Ouerskapstyle het dus ŉ belangrike rol gespeel wanneer daar na die akkumulatiewe sistemiese oorsake van familiemoord in hierdie studie gekyk word.

Hierdie studie het aangesluit by die literatuur, wat bevestig het dat gesinswanfunksionering opmerklik was by familiemoorde wat deur kinders gepleeg word. Hoewel mishandeling ook deur verskeie ander navorsers as ŉ belangrike veranderlike in familiemoord geïdentifiseer is, het die navorser ook ouerskapstyle, verwerping en die ontoereikende hantering van ingrypende lewenservarings geïdentifiseer as moontlike veranderlikes wat ŉ rol kan speel in familiemoord wat deur kinders gepleeg word.

### 6.5.2. Sekondêre navorsingsvraag 2: Watter akkumulatiewe belewinge van die individu kan moontlik aanleiding gee tot familiemoord?

In hierdie studie was die akkumulatiewe individuele belewinge van die kind betekenisvol. Die konteks waarbinne hierdie moorde plaasgevind het, het die individu en sy/haar belewinge beïnvloed. Die individu het egter ook die konteks beïnvloed. Die konteks en die individu kon dus nie onafhanklik in hierdie studie staan nie.



© University of Pretoria

Die kinders in hierdie studie was dikwels blootgestel aan gesinswanfunksionering, wat bindingsprobleme en verwerping ingesluit het. Probleme met binding en verwerping het negatiewe gevolge vir die individu. Ramsden (2013) en De Witt et al. (1999) is dit eens dat blootstelling aan kroniese spanning en omgewingstressors angs kan veroorsaak. Die kinders in hierdie studie was aan verskeie kroniese spanningsvolle situasies en omgewingstressors blootgestel. Mishandeling, verwerping en ekstreme ouerskapstyle was opmerklik in hierdie studie. Geweld in die ouerhuis en ekstreme ouerskapstyle word met aggressie verbind (Hill-Smith et al., 2002; Kemme et al., 2014). Daar was ook gevalle waar die kinders verlies ervaar het, maar waar die nodige ondersteuning nie deur die versorgers gebied is nie. Dit het in verskeie gevalle gevoelens van angs, ongeborgenheid en onsekerheid tot gevolg gehad. Die kinders het ook met interpersoonlike verhoudingsprobleme gesukkel, wat moontlik deur die beperkte ondersteuning, gevoelens van verwerping, angs en onsekerheid vererger is.

Wat opmerklik was in die onderhawige studie was die behoefte van hierdie kinders om uit hulle omstandighede te ontvlug. Ontvlugting kom dikwels voor waar individue aan besonder stresvolle omstandighede blootgestel word (Weis, 2014). Vir kinders is dit egter moeilik om 'n ander heenkome te vind, aangesien hulle nog nie fisies of emosioneel onafhanklik is nie (Dantas et al., 2014). In enkele van die gevalle was daar selfmoordpogings en dwelm- en alkoholmisbruik as moontlike pogings tot ontvlugting. Dwelm- en alkoholmisbruik word dikwels geassosieer met die behoefte om tydelik van negatiewe gevoelens en ervarings ontslae te raak (Roe-Sepowitz, 2009). Kilpatrick et al. (2000) beweer dat indien 'n kind aan omgewingstressors asook aan negatiewe lewenservarings blootgestel word, die kind se vatbaarheid om dwelms en of alkohol te misbruik, toeneem. Streng en ongenaakbare ouerskapstyle word ook geassosieer met kriminele gedrag en dwelmmisbruik, veral by seuns (Hinnant, Erath & El-Sheikh, 2015).

Kenmerke van antisosiale persoonlikheidsversteuring is deur Heide en McCurdy (2010) by verskeie familiemoordenaars in hulle studie geïdentifiseer. In hierdie studie was moontlike gedragsversteuring of kenmerke van antisosiale persoonlikheidsversteuring slegs by twee gevalle ter sprake. Dit is belangrik om daarop te let dat die kenmerke van gedragsversteuring en/of antisosiale persoonlikheidsversteuring in beide gevalle eers ná die moorde gekonstateer is. Die kinders in hierdie studie het nie ernstige gedragsprobleme by die



© University of Pretoria

skool getoon nie en is nie voor die moorde met gedrags- of sielkundige versteurings gediagnoseer nie.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat kinders in hierdie studie deur bepaalde persoonseienskappe en omgewingsfaktore beïnvloed is. Die persoonseienskappe van die individu kon nie losgemaak word van die sistemiese invloede nie. In die literatuur oor familiemoorde deur kinders word dikwels melding gemaak van aggressie, dwelmmisbruik en antisosiale persoonlikheidsversteuring. In die huidige studie was antisosiale persoonlikheidsversteuring slegs by twee gevalle op ŉ *ex post facto* wyse ter sprake. Die akkumulatiewe belewinge wat deur vorige navorsers bevind is ten opsigte van kinders wat familiemoord gepleeg het, is ook in hierdie studie gevind; daarbenewens is verdere akkumulatiewe belewinge in die onderhawige studie geïdentifiseer, onder andere die behoefte aan ontvlugting en die belewing van besondere angs.

### 6.5.3. Sekondêre navorsingsvraag 3: Watter breekpunte wat bereik word gee aanleiding tot familiemoord?

Die doel van hierdie navorsingsvraag was om te verstaan watter breekpunte net voor die moord bereik word wat moontlik aanleiding kon gee tot familiemoord deur kinders. Dit was opmerklik in hierdie studie dat die kind wat die familiemoord gepleeg het, nie in ŉ geïsoleerde situasie gesien kon word nie. Elke geval in hierdie studie het ŉ bepaalde storie geskets wat in ŉ mate uniek was. Wat wel belangrik is, was dat hierdie kinders almal blootgestel was aan langdurige en kroniese individuele en sistemiese stressors. Hierdie stressors het oor ŉ lang tydperk opgebou en het die kind en omgewing negatief beïnvloed. In verskeie van die gevalle in die studie was die kinders se huislike omstandighede oënskynlik onuithoudbaar. Die aanname kan gemaak word dat al die kinders in hierdie studie wat nog nie kognitiewe- en/of fisiese volwassenheid bereik het nie, nie teen hierdie negatiewe stressors opgewasse was nie. Die kombinasie van langdurige omgewingstressors, beperkte ondersteuning en die kinders se individuele persoonskenmerke het daartoe aanleiding gegee dat hulle uiteindelik moord gepleeg het. Die gesinswanfunksionering waaraan die kinders blootgestel was kon ook veroorsaak het dat hierdie kinders nie toepaslike hanteringsmeganismes ontwikkel het nie.



© University of Pretoria

In die meerderheid van die gevalle het die bindingsprobleme en gevoelens van verwerping oënskynlik daartoe bygedra dat die kind uiteindelik moord gepleeg het. Die breekpunte wat bereik is, het gestrek van ŉ ouer wat die kind met ŉ wapen dreig tot en met gevalle waar langdurige mishandeling teenwoordig was. In sekere van die gevalle het die geakkumuleerde sistemiese en individuele omstandighede ook aanleiding gegee tot dwelm- en alkoholmisbruik. In Neels, Nico en Selile se gevalle was daar sprake van dwelm- en medikasiemisbruik op die dag van die moorde, wat moontlik aanleiding daartoe gegee het dat die moorde op die bepaalde dag gepleeg is. Dit is egter belangrik om in ag te neem dat hulle ook aan gesinswanfunksionering blootgestel was, wat onder andere mishandeling, ekstreme ouerskapstyle, ontoereikende hantering van verlies en verwerping ingesluit het.

Fegadel en Heide (2015) is dit eens dat die familiemoorde oor die algemeen toegeskryf kan word aan onuithoudbare huislike omstandighede, mishandeling of depressie. Mandla is op die dag van die moord daarmee gekonfronteer dat sy stiefpa sy ma gedreig het. ŉ Breekpunt is waarskynlik bereik en hy het sy stiefpa vermoor. Simone en Belinda het die moorde beplan nadat hulle aan jarelange mishandeling blootgestel was. In Belinda se geval bestaan die moontlikheid ook dat haar ma waarskynlik sou uitvind dat sy geld uit die besigheid verduister het. Verder is sy net soos Simone ook aan jarelange gesinswanfunksionering en verwerping blootgestel.

In enkele van die gevalle was daar nie ooglopende gesinswanfunksionering nie, maar die persepsie van verwerping en bindingsprobleme was wel aanwesig. Gideon, Andre en Karel se blootstelling aan gesinswanfunksionering was minder opmerklik as in die ander gevalle, maar hulle was blootgestel aan ekstreme ouerskapstyle. In Gideon se geval was die moontlike breekpunt vir die moorde sy suster se dreigement dat sy sy seksuele mishandeling van haar aan haar pa gaan bekendmaak. Die moontlikheid bestaan ook dat sy pa se outoritêre ouerskapstyl en die ontluikende kenmerke van antisosiale persoonlikheidsversteuring tot die moord bygedra het. Karel was blootgestel aan ŉ permissiewe ouerskapstyl en is deur Riaan beïnvloed. Riaan het Karel laat glo dat hy die derde seun van God was en dat hy nie sy ouers kan vertrou nie. Riaan was op sy beurt bekommerd dat Karel se ouers sou uitvind dat hý verantwoordelik was



© University of Pretoria

vir die kaartdiefstal en het Karel en sy suster aangemoedig om die moord te pleeg. In Andre se geval was die breekpunt nie duidelik nie, maar uit sy briewe aan sy meisie was dit duidelik dat hy van mening was dat sy ouers hom nie verstaan het nie. Daar het ook ŉ intense jaloesie tussen hom en sy broer bestaan.

In hierdie studie kon daar egter nie net na die breekpunte op die dag van die moorde gekyk word nie. Dit was ŉ kombinasie van geakkumuleerde faktore, byvoorbeeld gesinswanfunksionering, verwerping, bindings- en sielkundige probleme wat individueel en sistemies veroorsaak is, wat tot breekpunte aanleiding gegee het en moord tot gevolg gehad het. Soos reeds beskryf in hierdie studie kan hierdie breekpunte slegs verstaan word vanuit die kind se besonderse individuele persoonseienskappe en die sistemiese omstandighede. Die spesifieke snellers op die betrokke dag van die moord is basies onmoontlik om te bepaal, aangesien die slagoffers oorlede is en nie hulle weergawe van die insident kan weergee nie.

### 6.5.4. Sekondêre navorsingsvraag 4: Watter individuele en omstandigheidsfaktore bestaan wat moontlik kan bydra tot ŉ profiel van kinders wat familiemoord gepleeg het?

Soos reeds genoem was die hoofdoel van die studie om die kind wat familiemoord gepleeg het, grondig te verstaan. In hierdie studie was die akkumulatiewe individuele en sistemiese omstandighede betekenisvol. Daar kon nie net na die geïsoleerde faktore gekyk word om ŉ omvattende begrip te vorm nie. Dit was opmerklik in hierdie studie dat die kind en die bepaalde sisteme, naamlik die gesin en die omgewing, mekaar wedersyds en voortdurend beïnvloed het.

Om die kind wat familiemoord gepleeg het, grondig te verstaan, moet die konteks waarbinne die moorde plaasvind altyd in ag geneem word. Daar moet gewaak word teen veralgemenings wat kitsverklarings vir ŉ uiters komplekse verskynsel wil bied. In hierdie studie was die vraag watter individuele en omstandigheidsfaktore gebruik kon word om ŉ moontlike steekproef-spesifieke profiel van kinders wat familiemoord gepleeg het, saam te stel. Hiervoor word die persoonsbeeld wat vroeër bespreek is, as fundamenteel beskou. Die persoonsbeeld moet egter slegs as ŉ riglyn beskou word, aangesien elke geval van



© University of Pretoria

familiemoord individueel verstaan en geïnterpreteer behoort te word. Die persoonsbeeld bied ŉ opsommende steekproef-spesifieke profiel en kan gebruik word om ŉ beter begrip te vorm van die kind wat familiemoord gepleeg het. Dit dien ook as ŉ riglyn om risikofaktore vroegtydig te identifiseer. Die positiewe bydrae van die persoonsbeeld is ook die riglyne wat dit bied vir sielkundiges, maatskaplike werkers en onderwysers om voorkomende programme saam te stel. Opleidingsprogramme wat fokus op toereikende ouerskapstyle, binding en die toereikende hantering van stressors word vir ouers oor die algemeen aanbeveel. Hierdie aanbevelings het dus voortgespruit uit die geïntegreerde persoonsbeeld wat in die studie saamgestel is. Die persoonsbeeld word kortliks in die volgende gedeelte bespreek. Verwys ook na 6.2 vir die volledige persoonsbeeld van kinders wat familiemoord gepleeg het.

**Die persoonsbeeld van die kind wat familiemoord pleeg**

Die kind wat familiemoord pleeg, kom dikwels uit ŉ ouerhuis waar daar aanvanklik ŉ swak of geen band met die primêre versorger bestaan. Warm en geborge huislike omstandighede ontbreek ook dikwels. Beperkte (of geen) emosionele ondersteuning en leiding word aan die kind gebied. Daar word van die kind verwag om self sin te maak van ingrypende gebeure soos die verlies van ŉ nabye familielid. Die verhouding met die vaderfiguur is oorwegend ontoereikend of afwesig. Die voorafgaande minimale ondersteuning deur die opvoeders lei in die meerderheid van die gevalle tot gevoelens van verwerping, ongeborgenheid en angs.

Die kind wat familiemoord pleeg word oor die algemeen blootgestel aan gesinswanfunksionering, wat dikwels mishandeling insluit. Van die kind word daar dikwels vereis om aan te pas by die ouer se idee van ŉ "ideale" kind. Die afwyking van hierdie "ideale" beeld word nie geduld nie en gaan dikwels met verwerping gepaard. Die kind wat familiemoord pleeg word ook aan ekstreme ouerskapstyle blootgestel wat kan strek van ŉ buitengewoon permissiewe ouerskapstyl tot en met streng, outoritêre ouerskapstyle. Hierdie kinders fantaseer dikwels oor beter lewensomstandighede en probeer uit die omstandighede ontvlug.

Die kind wat familiemoord pleeg vind interpersoonlike verhoudinge met hulle portuurs dikwels uitdagend, en met tye is hulle sosiaal geïsoleer. Hierdie kinders toon oor die algemeen nie gedragsprobleme by die skool voor hulle die moord/e pleeg nie. Die



© University of Pretoria

akkumulatiewe individuele en sistemiese gebeure vind oor jare plaas en veroorsaak dat die kind die onderliggende aggressie en angs in familiemoord tot uiting laat kom.

In twee gevalle was daar kenmerke van gedragsversteuring en/of antisosiale persoonlikheidsversteuring. In hierdie studie is die moontlike diagnose slegs na die moorde gemaak. Ten tyde van die moorde is die kind woonagtig by die familielid/lede wat hulle vermoor.

### 6.5.5. Hoofnavorsingsvraag: Waarom pleeg kinders familiemoord?

Die "waarom" (motivering) van familiemoord deur kinders is nie ŉ eenvoudige vraag nie. Soos reeds vermeld behoort die kind in die konteks van die bepaalde moord gesien te word. Die unieke persoonseienskappe en die bepaalde omgewingsfaktore van die kind wat familiemoord pleeg, behoort altyd in ag geneem te word. Alhoewel familiemoord slegs ŉ klein persentasie van alle moorde uitmaak, is dit ŉ belangrike navorsingsarea, aangesien dit die kind binne die gesinsverband en breër omgewingskonteks aanspreek. Dit is hoogs onwaarskynlik dat ouers kinders grootmaak met die doel dat die kind sy eie ouers of sibbes gaan vermoor. Die handeling van familiemoord is ŉ sosiale taboe, en die samelewing is gewoonlik met ongeloof en verbystering gevul as hulle van sodanige moord verneem. Hoe dit ook al sy, dit is ŉ ernstige, samelewingsrelevante probleem wat volgens mediaberigte aan die toeneem is. Dit strek oor alle kulture en sosiale klasse en kom selfs in die oënskynlike modelgesinne voor.

Die navorser was deurentyd daarvan bewus dat familiemoord wat deur kinders gepleeg word ŉ uiters komplekse verskynsel is. As ŉ samelewing word ons dikwels bewus gemaak van ons kwesbaarheid en van die kompleksiteit van die mens. Daar moet gewaak word teen vereenvoudiging van hierdie verskynsel, wat verreikende gevolge vir families en die samelewing het. Derhalwe word die gevolgtrekkings in hierdie studie met versigtigheid uiteengesit, aangesien veralgemening van die bevindinge vermy moet word.

Daar was opvallende gemeenskaplike kenmerke in hierdie studie wat in verskeie gevalle voorgekom het en moontlik ŉ belangrike bydrae kan maak tot die bestaande kennis van kinders wat familiemoord gepleeg het. In die studie was die problematiese band tussen ouer en kind beduidend. Die kinders in die studie het dikwels nie die warmte en geborgenheid wat tot



© University of Pretoria

optimale ontwikkeling kon lei, geken nie. Hulle het ook onvoldoende emosionele ondersteuning beleef, en wanneer ingrypende gebeure in hulle lewens plaasgevind het, was daar beperkte (of geen) ondersteuning van die ouers of versorgers. Die kind wat nog in die proses was om kognitief en emosioneel te ontwikkel was dus nie toereikend toegerus om die stressors te hanteer nie. Die minimale ondersteuning van die versorger het ook die kind dikwels met gevoelens van ongeborgenheid, verwerping en angs gelaat.

Hierdie kinders was ook deurlopend blootgestel aan gesinswanfunksionering wat verwerping, ekstreme ouerskapstyle en soms ook fisiese, verbale en seksuele mishandeling ingesluit het. Gevoelens van aggressie het in al die gevalle na vore gekom. Aangesien hierdie kinders dikwels ongeborge gevoel het, het die ouerhuis ŉ onseker plek geraak waar die kinders nie tot hulle volle potensiaal kon ontwikkel nie. In baie gevalle het die ouer ŉ beeld van die "ideale" kind voorgeskryf, en indien die kind van hierdie beeld afgewyk het, is hulle dikwels verwerp.

In verskeie gevalle in hierdie studie het die kinders ŉ behoefte getoon aan ontvlugting. Van die kinders in die studie het pogings aangewend om weg te loop van die huis af, terwyl ander selfmoord probeer pleeg het. In sommige gevalle is alkohol, medisyne en/of dwelms misbruik as pogings tot ontvlugting. Dit was opmerklik in die studie dat hierdie kinders oorwegend op soek was na onvoorwaardelike aanvaarding en standvastigheid. Dit het hulle maklike teikens vir manipulasie deur eksterne persone gemaak.

Die kind wat familiemoord pleeg, ervaar dikwels interpersoonlike verhoudingsprobleme met hulle eie portuurs, en met tye was hierdie kinders ook sosiaal geïsoleer. Die interpersoonlike verhoudingsprobleme wat die kinders dikwels beleef het, het hulle gevoel van ontoereikendheid vererger. Dit was opmerklik dat die kindermoordenaars in die onderhawige studie nie ernstige gedragsprobleme by die skool getoon het voor die moord nie. Die moord van die familielid was dikwels hulle eerste ernstige oortreding. In enkele van die gevalle was daar kenmerke van anti-sosiale persoonlikheidsversteuring teenwoordig. Hierdie kenmerke is egter eers ná die moorde opgemerk, en daar kan bloot bespiegel word of dit daarvóór reeds teenwoordig was.

Die familiemoord word dus veroorsaak deur spesifieke akkumulatiewe individuele en sistemiese faktore wat voortdurend en oor ŉ lang tydperk opbou. In verskeie van die gevalle



© University of Pretoria

kon die breekpunt nie aan ŉ enkele gebeurtenis toegeskryf word nie. Dit is egter duidelik dat die breekpunt bereik word wanneer die sameloop van individuele en omgewingstressors vir die kind onuithoudbaar raak. ŉ Emosionele oorspoeling vind plaas wat in familiemoord tot uiting kom. Daar bestaan egter nie slegs een tipe kindermoordenaar nie, aangesien 'n legio veranderlikes ter sprake is in gevalle waar 'n kind 'n familiemoord pleeg. Dit is egter duidelik dat geweld, direkte of indirekte verwerping, streng, ongenaakbare of afwesige ouerskap, swak gesinsbande en ongesonde gesinsisteme belangrike veranderlikes in hierdie tipe moorde is.

## 6.6. BYDRAES VAN DIE STUDIE

In die volgende gedeelte sal die bydraes van die studie puntsgewys uiteengesit word.

- Hierdie studie is sover bekend die eerste opvoedkundig-sielkundige studie in Suid-Afrika (en internasionaal) wat gevalle van kinders wat familiemoord gepleeg het, ondersoek het. Die navorser hoop dat toekomstige opvoedkundig-sielkundige, regs- en kriminologiese studies op die onderhawige studie kan voortbou.

- Die huidige studie is ook die eerste studie in Suid-Afrika wat spesifiek op jong familiemoordenaars fokus. Betreklik min internasionale studies oor kinders wat familiemoord gepleeg het, kon opgespoor word.

- ŉ Persoonsbeeld wat relevant is vir hierdie studie is saamgestel om sodoende die kind wat familiemoord pleeg, beter te verstaan. Die persoonsbeeld gee ŉ opsommende narratiewe uiteensetting van so 'n kind.

- Die besondere bindingsprobleme wat kinders wat familiemoord pleeg, beleef is ook ŉ belangrike veranderlike wat uitgelig is in hierdie studie.

- Die kind wat familiemoord pleeg se eiesoortige en unieke ervaring van verwerping is in hierdie studie bespreek.

- Alhoewel dit betreklik eensydig vanuit die dokumente afgelei is en (uiteraard) eers na die moord geanaliseer is, is die invloed van ouerskapstyle ook in die onderhawige studie uitgelig.



© University of Pretoria

- Die studie het ook klem gelê op sommige ouers se pogings om hul "ideale" beeld van wat 'n kind behoort te wees, af te dwing.

- Die kind wat familiemoord pleeg se pogings tot ontvlugting en bepaalde angsbelewinge in besonder stresvolle omstandighede word ook as belangrike veranderlikes beskou. Ander studies het dit ook aangedui as belangrike veranderlikes in gevalle van familiemoord.

- Die navorser is van mening dat die kind wat familiemoord pleeg, vanuit elke geval se uniekheid verstaan behoort te word alvorens gevolgtrekkings gemaak word. Die kind se unieke individuele en sistemiese konteks word uiters belangrik geag by die bepaling van die motief vir die betrokke moord.

- Die studie het 'n "oop", fenomenologiese benadering gevolg. Die verskynsel is objektief, met minimale persoonlike en teoretiese vooropgestelde idees, ondersoek.

## 6.7. AANBEVELINGS

Op grond van die huidige studie word die volgende aanbevelings gemaak met die oog op alle rolspelers wat dit nuttig mag vind. Aanbevelings vir toekomstige navorsing word ook uiteengesit.

### 6.7.1. Aanbevelings vir toekomstige navorsing

Die volgende aanbevelings word vir toekomstige navorsing gemaak:

- Die navorser kon geen ander empiriese studies opspoor oor kinders in Suid-Afrika wat familiemoord gepleeg het nie, dus is toekomstige studies wat spesifiek op hierdie verskynsel fokus van belang om hierdie leemte aan te spreek. Die empiriese kennis rakende hierdie verskynsel in Suid-Afrika behoort uitgebrei te word.
- Spesifieke statistiese bronne rakende kinders en hulle rol in geweld in Suid-Afrika ontbreek, en in die toekoms behoort hierdie aspek aandag te geniet. Suid-Afrika word as 'n besonder gewelddadige land beskou, en navorsing wat geweldskwessies aanspreek, behoort dus nasionale aandag te geniet.



© University of Pretoria

- ’n Studie wat spesifiek bepaal of moorde op meer as een familielid deur kinders meer dikwels in Suid-Afrika voorkom as in ander lande word aanbeveel.
- Die verband tussen ouerskapstyle en familiemoord behoort ook in die toekoms aandag te geniet.
- Die afwesige vaderfiguur en die oormatig streng vaderfiguur verg ook verdere ondersoek.
- Die beperkte navorsing wat wêreldwyd beskikbaar is oor van die rol van die ma met betrekking tot familiemoord deur kinders word ook aanbeveel.
- Vroulike familiemoordenaars het weinig aandag in navorsing oor familiemoord geniet, en toekomstige navorsing in hierdie area word aanbeveel.
- Binding en verwerping was sentrale temas in hierdie studie, en die spesifieke verband met familiemoorde en moorde wat deur kinders oor die algemeen gepleeg word behoort in die toekoms aandag te geniet.
- In verskeie van die gevalle moes die kinders gereeld van een ouerhuis na ’n ander verhuis. Dit het die kinders met gevoelens van verwerping en ongeborgenheid gelaat. Familiestudies wat spesifiek op hierdie area fokus word aanbeveel.
- Die impak van die dood van ’n nabye persoon, asook die hantering van díe verlies, behoort aandag te geniet in toekomstige studies oor familiemoord deur kinders.

### 6.7.2. Algemene aanbevelings

Die volgende aanbevelings word gemaak vir rolspelers wat dikwels deur hierdie verskynsel gekonfronteer word:

- Sielkundiges en veral opvoedkundige sielkundiges behoort addisionele opleiding te kry in die vroeë identifikasie van risikofaktore wat moontlik aanleiding kan gee tot familiemoord deur kinders.

- Vroeë identifikasie van individuele en omgewingstressors in kinders en volwassenes se lewens behoort aandag te geniet. Multidissiplinêre samewerking kan van groot waarde wees in die identifisering van hoërisikofaktore.



© University of Pretoria

- Gemeenskappe behoort aangemoedig te word om gesinsgeweld en omgewingstressors vroegtydig aan te meld. In hierdie studie was dit opvallend dat in verskeie gevalle die onderwysers en gemeenskapslede van die ontoereikende huislike omstandighede bewus was. Vroeë identifikasie, byvoorbeeld deur onderwysers, en vroegtydige intervensies, byvoorbeeld deur die skoolsielkundige, word derhalwe sterk aanbeveel.

- Die toereikende hantering van stresvolle omstandighede en veerkragtigheid behoort aandag te geniet wanneer potensiële familiemoordenaars terapie ontvang.

- Selfmoordpogings deur kinders moet ernstig opgeneem word en die redes hiervoor moet daadwerklik ondersoek word.

- Kinders wat wegloop van hul ouerhuis af en stokkiesdraai by die skool probeer om van iets te ontvlug. Hierdie gedrag moet ook indringend ondersoek word.

- Meer gemeenskapsentrums wat hulp en ondersteuning bied aan families wat gesinsgeweld en gesinswanfunksionering beleef behoort hoog op die regering se agenda te wees.

- Spesiale kinderbeskermingseenhede behoort by alle polisiestasies beskikbaar te wees sodat kinders maklik om hulp kan aanklop. Polisiebeamptes met professionele kwalifikasies moet by elke polisiestasie in die land gestasioneer word om kinders en gesinne by te staan.
- Hierdie studie het slegs gefokus op die redes hoekom kinders familiemoord gepleeg het. Kulturele verskille en die invloed daarvan op familiemoord wat deur kinders gepleeg is, is nie ondersoek nie. Toekomstige studies wat spesifiek fokus op die kulturele verskille van kinders en volwassenes wat familiemoord gepleeg het word dus aanbeveel.

### 6.7.3. Aanbevelings vir die onderwys

Die volgende aanbevelings word vir die onderwys gemaak:

- Aangesien die gesin as die kern van die samelewing gesien word, behoort ouerskapsprogramme in skole en gemeenskappe geprioritiseer te word. Die programme



© University of Pretoria

moet veral aandag skenk aan die hantering van gesinsgeweld en die aanmelding daarvan.

- Lewensoriëringsprogramme wat fokus op veerkragtigheid, die hantering van stres en stresvolle huislike omstandighede behoort oorweeg te word.
- Lewensoriënteringsprogramme behoort groter klem te plaas op interpersoonlike verhoudingsvaardighede en die aanleer van vaardighede vir die hantering van verwerping in die algemeen.
- Skole behoort kinders aan te moedig om mishandeling, gesinsgeweld en stresvolle huislike omstandighede aan te meld. Kinders moet ingelig wees oor hoe en waar hulle probleme kan aanmeld. Daadwerklike inisiatiewe behoort die lig te sien in hierdie verband aangesien, daar te dikwels in die media gerapporteer word dat hierdie tipe inisiatiewe, kundigheid en instansies tekortskiet in Suid Afrika.
- Ondersteuningsisteme behoort in alle gemeenskappe tot kinders en ouers se beskikking gestel te word, veral omdat die huis as een van die gevaarlikste plekke beskou word en veral kinders die risiko loop om daar mishandel en aangerand te word. Ondersteuningspanne by skole wat spesifiek fokus op die kinders se emosionele gesondheid behoort by alle skole aktief te funksioneer. Die regering het derhalwe verskeie verantwoordelikhede om hierdie vroeë intervensies van stapel te stuur.

## 6.7.4. Aanbevelings vir ouers

Die volgende aanbevelings word vir ouers gemaak:

- Ouerondersteuningsgroepe behoort deur skole en gemeenskapsentrums gestig te word om ouers te ondersteun wat bepaalde omgewingstressors ervaar. In sommige huisgesinne is die kind soms rebels, dwars, hardvogtig en onbillik. Gewone ouerskap faal dan en ondersteuningsgroepe sal van groot hulp wees in hierdie situasies.

- Verpligte ouerskapsprogramme moet ten doel hê om ouers en voogde bewus te maak van die invloed van binding, verwerping en bepaalde ouerskapstyle op die kind se emosionele ontwikkeling.



© University of Pretoria

- Ouers wat stresvolle huislike omstandighede beleef behoort deur vriende, familie en die skole aangemoedig te word om sielkundige hulp te kry. Dit kan selfs 'n nasionale veldtog word.

- Ouerskapsprogramme wat spesifiek fokus op die emosionele ontwikkeling van die kind en die toereikende hantering en stimulering van kinders behoort in alle gemeenskappe aan ouers beskikbaar gestel te word.

## 6.8. LEEMTES VAN DIE STUDIE

Sekere leemtes is tydens die studie geïdentifiseer wat vervolgens bespreek sal word:

- Die navorser kon nie onderhoude met die oortreders voer nie, en sekere onduidelikhede kon dus nie opgeklaar word nie. Deur egter na die verskillende databronne te kyk, kon die navorser feite vanuit verskeie databronne in oënskou neem en gebruik om tot meer objektiewe gevolgtrekkings te kom. Die bevindinge in die onderhawige studie is ook deur meer as een databron bevestig.
- Aangesien die studie 'n kwalitatiewe benadering gevolg het, kon daar nie betekenisvolle statistiese afleidings en veralgemenings gemaak word nie.
- Die werklike omvang van familiemoord wat deur kinders gepleeg word is nie bekend nie, en die presiese omvang van familiemoord in Suid-Afrika in die algemeen, en meer spesifiek deur kinders, kon nie met sekerheid bepaal word nie.
- Alhoewel die navorser gepoog het om die navorsing sonder vooropgestelde idees te benader, kon die sensasionalisering van die gevalle in die media objektiwiteit bemoeilik het.
- Databronne wat nie altyd ooreengestem het nie, kon sekere bevindings gedeeltelik beïnvloed het.
- Hierdie studie het slegs gefokus op die redes hoekom kinders familiemoord gepleeg het. Kulturele verskille en die invloed daarvan op familiemoord wat deur kinders gepleeg is, is nie ondersoek nie.
- Die slagoffers kon uiteraard nie insigte bied nie. In 'n sekere sin is sommige van die interpretasies derhalwe eensydig. 'n Konsep soos "binding", byvoorbeeld, kon nie vanuit die oorledene se oogpunt bespreek word nie.



© University of Pretoria

- Dit is ook nie moontlik om met sekerheid te verklaar hoekom kinders wat aan soortgelyke omstandighede soos uiteengesit in hierdie studie blootgestel word, nie almal familiemoord pleeg nie.

## 6.9. SLOTOPMERKINGS

Hierdie studie het gepoog om kinders wat familiemoord gepleeg het, beter te verstaan. Aangesien geen ander studies in Suid Afrika van hierdie aard deur die navorser geïdentifiseer kon word nie, word daar gehoop dat ŉ akademiese basis geskep is waarop toekomstige navorsers kan voortbou. In hierdie studie was dit opmerklik dat daar verskeie faktore was wat aanleiding gegee het tot die familiemoorde deur kinders. Daar was in al die gevalle akkumulatiewe individuele en sistemiese omstandighede wat aanleiding kon gee tot die moorde. Daar moet dus daarteen gewaak word om ŉ oorsaaklike verband op grond van slegs enkele geïsoleerde bydraende faktore te postuleer.

Die navorser het gepoog om ŉ gebalanseerde perspektief te bied wat die kompleksiteite van die verskynsel toelig. Kundiges wat in hofsake getuig moes tot op hede internasionale studies aanhaal in sake waar familiemoord deur kinders gepleeg is. Met hierdie navorsing kan kundiges nou ook na ŉ studie verwys wat in Suid Afrika onderneem is. Verder hoop die navorser dat ander navorsers en kundiges sal voortbou op die bevindinge van die onderhawige studie.



© University of Pretoria

# BRONNELYS

Adams, K.A. (1974). The child who murders: A review of theory and research. *Criminal Justice and Behavior*, 1, 51-61. doi:10.1177/009385487400100107

Afifi, T. O., MacMillan, H. L., Boyle, M.., Cheung, K., Taillieu, T., Turner, S., & Sareen, J. (2016). Child abuse and physical health in adulthood. *Health Reports*, 27(3), 10-18.

Ahn, B. H., Kim, J. H., Oh, S., Choi, S.S., Ahn, S. H., & Kim, S. B. (2012). Clinical features of parricide in patients with schizophrenia. *Australian and New Zealand journal of Psychiatry*, 46, 621-629. doi: 10.1177/0004867412442499

Ainsworth, M.D.; Blehar, M.; Waters, E., & Wall, S.N. (2015). *Patterns of attachment: a psychological study of the strange situation.* New York: Routledge.

Akers, T.A., Potter, R.H., & Hill, C.V. (2013). *Epidemiological Criminology: A Public Health Approach to Crime and Violence.* Hoboken: Wiley.

Altheide, D., Coyle, M., DeVriese, K., & Schneider, C. (2010). Emergent qualitative document analysis. In Hesse-Biber, S.N., & Leavy, P. (Eds.), *Handbook of emergent methods*, (127-151). New York: Guilford Press.

American Psychiatric Association. (2013). *Diagnostic and statistical manual of mental disorders* (5th ed.). Washington, DC: Author.

Armstrong, C., De Beer, J., Kawooya, D., Prabhala, A., & Schonwetter, T. (2010). *Access to knowledge in Africa: The role of copyright.* Claremont: UCT Press.

Asher, S. R., & Parker, J. G. (1989). Significance of peer relationship problems in childhood. In Schneider, B.H., Attili, G., Nadel, J. & Weissberg, R.P. (Eds.), *Social competence in developmental perspective* (pp. 5-23). Dordrecht: Springer.

Barbaro, N., Boutwell, B.B., Barnes, J.C., & Shackelford, T.K. (2017). Rethinking the transmission gap: What behavioural genetics and evolutionary psychology mean for attachment theory. A comment on Verhage et al. *Psychological Bulletin*, 143, 107-113. http://dx.doi.org.uplib.idm.oclc.org/10.1037/bul0000066



© University of Pretoria

Barnett, O.W., Miller-Perrin, C.L., & Perrin, R.D. (2011). *Family Violence across the lifespan: An introduction.* (3rd ed.). Thousand Oaks, CA: SAGE

Bartol, C.R., & Bartol, A.M. (2014). *Criminal behaviour: A psychosocial approach.* (10th ed.). Boston: Pearson.

Bauer, M.W., & Gaskell, G. (2000). *Qualitative researching with text, image and sound: A practical handbook.* London: SAGE.

Baumeister, R.F. (1990). Suicide as escape from self. *Psychological Review*, 97, 90-113.

Becker-Weidman, A. (2008). Treatment for children with reactive attachment disorder: Dyadic developmental psychotherapy. *Child and Adolescent Mental Health*, 13, 52. doi:10.1111/j.1475-3588.2006.00428.x

Beeney, J.E., Stepp, S.D., Hallquist, M.N., Scott, L.N., Wright, A.G.C., Ellison, W.D., ... Pilkonis, P.A. (2015). Attachment and social cognition in borderline personality disorder: Specificity in relation to antisocial and avoidant personality disorders. *Personality Disorders: Theory, Research and Treatment*, 6, 207-215. doi:10.1037/per0000110

Berndt, T.J. (1982). The features and effects of friendship in early adolescence. *Child Development,* 53(6), 1447-1460.

Bezuidenhout, C. (2011). *A Southern African perspective on fundamental criminology*. Pinelands, Cape Town: Pearson Education South Africa.

Blair, B.L., Perry, N.B., O'Brien, M., Calkins, S.D., Keane, S.P. & Shanahan, L. (2014). The indirect effects of maternal emotion socialization on friendship quality in middle childhood. *Developmental PSychology,* 50(2), 566-576.

Bögels, S.M., & Brechman-Toussaint, M.L. (2006). Family issues in child anxiety: Attachment, family functioning, parental rearing and beliefs. *Clinical Psychology Review*, 26, 834-856. doi:10.1016/j.cpr.2005.08.001



© University of Pretoria

Bondü, R., & Richter, P. (2016). Linking forms and functions of aggression in adults to justice and rejection sensitivity. *Psychology of Violence*, 6, 292-302. http://dx.doi.org/10.1037/a0039200

Boshier, P. (2011). Parenting and crime: An evidence-based review with implications for the New Zealand family and youth court. *Family Court Review*, 49, 8-15. doi:10.1111/j.1744-1617.2010.01349

Bowen, G.A., (2009). Document analysis as a qualitative research method. *Qualitative Research Journal,* 9(2), 27-40.

Bowlby, B. (1988). *A secure base: Parent-child attachment and healthy human development.* London: Routledge.

Brainerd, C. J. (2013). Murder must memorise. *Memory*, 21, 547-555. doi:10.1080/09658211.2013.791322

Breakwell, G.M., Smith, J.A., & Wright, D.B. (2012). *Research Methods in Psychology* (4th ed.). London: SAGE.

Bremner, J.D. (1999). Does stress damage the brain? *Biological Psychiatry*, 45, 797-805. doi:10.1016/S0006-3223(99)00009-8

Brocki, J.M., & Wearden, A.J. (2006). A critical evaluation of the use of interpretative phenomenological analysis (IPA) in health psychology. *Psychology and Health*, 21, 87-108. doi: 10.1080/14768320500230185

Bryman, A. (2001). *Social research methods.* Oxford: Oxford University Press.

Bukowski, W. M., Newcomb, A. F., & Hartup, W. W. (1998). *The company they keep: Friendships in childhood and adolescence*. Cambridge: Cambridge University Press.

Burton, S., & Steane, P. (2004). *Surviving your thesis.* London: Routledge.

Cacioppo, J. T., & Hawkley, L. C. (2009). Perceived social isolation and cognition. *Trends in cognitive sciences*, 13(10), 447-454.



© University of Pretoria

Carr, A. (2006).*The handbook of child and adolescent clinical psychology: A contextual approach* (2nd ed.). Londen: Routledge.

Chan, Z.C.Y., Fung, Y., & Chien, W. (2013). Bracketing in phenomenology: Only undertaken in the data collection and analysis process? *The qualitative report*, 18(59), 1-9. Retrieved from http://www.nova.edu/ssss/QR/QR18/chan59.pdf

Child Justice Act 75 of 2008. (2009). (RSA). Retrieved from http://www.justice.gov.za/legislation/acts/2008-075_childjustice.pdf

Copyright procedures and Guidelines. (n.d.). Retrieved from http://www.library.up.ac.za/copyright/policy.pdf

Correctional Services Act 111 of 2008. (2008). (RSA). Retrieved from http://judicialinsp.dcs.gov.za/Documents/act111.pdf

Creswell, J.W. (2007). *Qualitative inquiry & research design: Choosing among five approaches*. (2nd ed.). London: SAGE.

Creswell, J.W. (2012). *Educational research: Planning, conducting, and evaluating quantitative and qualitative research* (4th ed.). Boston: Pearson.

Creswell, J.W. (2014). *Research design: qualitative, quantitative, and mixed methods approaches* (4th ed.). Thousand Oaks, CA: SAGE

Crime Stats. (2016). How does crime in your province measure up? *News 24*. Retrieved from http://www.news24.com/SouthAfrica/News/infographic-how-does-the-crime-in-your-province-measure-up-20160902?isapp=true

Crockenberg, S.C., & Leerkes, E.M. (2003). Parental acceptance, postpartum depression and maternal sensitivity: Mediating and moderating processes. *Journal of Family Psychology*, 17, 80-93. doi: 10.1037/0893-3200.17.1.80

Dantas, S., Santos, A., Dias, I., Dinis-Oliveira, R. J., & Magalhães, T. (2014). Parricide: a forensic approach. *Journal of Forensic and Legal Medicine*, 22(3), 1-6. doi: 10.1016/j.jflm.2013.11.008



© University of Pretoria

Dawson, J.M., & Langan, P. (1994). *Bureau of Justice Statistics Special Report*: *Murder in families.* Retrieved from https://www.prisonlegalnews.org/media/ publications/ bjs_study_murder_in_families_1994.pdf

Debowska, A. & Boduszek, D. (2017). Child abuse and neglect profiles and their psychosocial consequences in a large sample of incarcerated males. *Child Abuse & Neglect,* 65, 266-277.

Department of Correctional Services. (2015). *Statistical information.* Retrieved from http://www.dcs.gov.za/AboutUs/StatisticalInformation.aspx

De Witt, D.J., MacDonald, K., & Offord, D.R. (1999). Childhood stres sand symptoms of drug dependence in adolescence and early adulthood: Social phobia as mediator. *American Journal of Orthopsychiatry*, 69, 61-72. doi: 10.1037/h0080382

DiCataldo, F., & Everett, M. (2008). Distinguishing juvenile homicide from violent juvenile offending. *International Journal of Offender Therapy and Comparative Criminology*, 52, 158-174. doi: 10.1177/0306624X07303906

Diem,C., & Pizarro, J.M. (2010). Social Structure and family homicides. *Journal of Family Violence*, 25, 521-532. doi: 10.1007/s10896-010-9313-9

Dorussen, H., Lenz, H., & Blavoukos, S. (2005). Assessing the reliability and validity of expert interviews. *European Union Politics*, 6, 315-337. doi: 10.1177/1465116505054835

Downey, G., & Feldman, S.I. (1996). Implications of rejection sensitivity for intimate relationships. *Journal of Personality and Social Psychology*, 70, 1327-1343. doi: 10.1037/0022-3514.70.6.1327

Dunn, D.S. (2010). *The practical researcher: A student guide to conducting psychological research (2nd ed.).* Sussex: Wiley-Blackwell.

Elo, S., Kääriäinen, M. Kanste, O., Pölkki, Utrainen, K., & Kyngäs, H. (2014). Qualitative Content Analysis: A focus on Trustworthiness. *Sage Open*, 4. doi: 10.1177/2158244014522633



© University of Pretoria

Elo, S. & Kyngäs, H. (2008). The qualitative content analysis process. *Journal of Advanced Nursing*, 62, 107-115. doi: 10.1111/j.1365-2648.2007.04569.x

English, T., & John, O.P. (2013). Understanding the social effects of emotion regulation: The mediating role of authenticity for individual differences in suppression. *Emotion*, 13, 314-329. doi: 10.1037/a0029847

Evans, J., & Verster, J. (2016, September 2). Crime Stats 2016: Murder up 4.9%. *News 24.* Retrieved from http://www.news24.com/SouthAfrica/News/murder-up-49-20160902

Fegadel, A.R., & Heide, K.M. (2015). Double parricide: An in-depth look at two victim homicides involving parents as victims. *Behavioral Sciences and the Law*, 33, 723-739. doi: 10.1002/bsl.2189

Flowers, R.B. (2013). *The dynamics of murder: Kill or be killed.* Boca Raton: CRC Press.

Freudenberger, H.J., & Gallagher, K.M. (1995). Emotional consequences of loss for our adolescents. *Psychotherapy: Theory, Research, Practice, Training*, 32(1), 150-153.

Fuzile, B. (2016, March 27). 'SA world's worst place for children.' *Herald Live*. Retrieved from http://heraldlive.co.za/sa-worlds-worst-place-children/

Gearing, R.E. (2004). Bracketing in research: A Typology. *Qualitative Health Research*, 14, 1429-1452. doi: 10.1177/1049732304270394

Gilboa, A., & Verfaellie, M. (2010). Symposia introduction—telling it like it isn't: the cognitive neuroscience of confabulation. *Journal of the International Neuropsychological Society*, 16, 961-966. doi:10.1017/S135561771000113X

Groenewald, T. (2004). A phenomenological research design illustrated. *International Journal of Qualitative Methods*, 3(1), 42-55.

Hamill, C. & Sinclair, H. (2010). Bracketing-practical considerations in Husserlian phenomenological research. *Nurse Researcher,* 17(2), 16-24.

Hazan, C., & Shaver, P.R. (1994). Deeper into Attachment Theory. *Psychological Inquiry*, 5, 68-79.



© University of Pretoria

Heide, K.M. (1993). Juvenile involvement in multiple offender and multiple victim parricides. *Journal of Police and Criminal Psychology*, 9(2), 53-64. doi:10.1007/BF02806664

Heide, K.M. (1999). *Young killers: The challenge of juvenile homicide.* Thousand Oaks, CA: SAGE.

Heide, K.M. (2003). Youth homicide: Areview of the literature and blueprint for action. *International Journal of Offender Therapy and Comparative Criminology*, 47, 6-36. doi: 10.1177/0306624X02239272

Heide, K.M. (2013). *Understanding parricide: When sons and daughters kill parents*. New York: Oxford university Press.

Heide, K.M., & McCurdy, J. (2010). Juvenile parricide offenders sentenced to death. *Victim and Offenders*, 5, 76-99. doi: 10.1080/15564880903048545

Heller, N.R., & Gitterman, A. (2011). *Mental health and social problems: A social work perspective.* London: Routledge.

Herman, P. (2016 September 3). Worrying murder trend in latest crime stats. *News 24.* Retrieved from http://www.news24.com/SouthAfrica/News/worrying-murder-trend-in-latest-crime-stats-analyst-20160903?isapp=true

Herrenkohl, T. I., Hong, S., Klika, J. B., Herrenkohl, R. C., & Russo, M. J. (2013). Developmental impacts of child abuse and neglect related to adult mental health, substance use, and physical health. *Journal of family violence*, 28, 191-199. doi: 10.1007/s10896-012-9474-9

Hill-Smith, A.J., Hugo, P., Hughes, P., Fonagy, P., & Hartman, D. (2002). Adolescents murderers: abuse and adversity in childhood. *Journal of Adolescence*, 25, 221-230. doi:10.1006/jado.2002.0462

Hinnant, J.B.; Erath, S.A., & El-Sheikh, M. (2015). Harsh parenting, parasympathetic activity, and development of delinquency and substance use. *Journal of Abnormal Psychology*, 124, 137-151. doi.10.1037/abn0000026



© University of Pretoria

Hirschi, T. (1969). *Causes of delinquency.* Berkley: University of California Press.

Hollin, C.R. (2013). *Psychology and crime: An introduction to criminological psychology.* (2nd ed.). Hove, East Sussex: Routledge.

Holmes, J. (1993). *John Bowlby & attachment theory.* London: Routledge.

Holmes, J. (2015). Attachment theory in clinical practice: A personal account. *British Journal of Psychotherapy,* 31(2), 208-228.

Holt, S.; Buckley, H. & Whelan, S. (2008). The impact and exposure to domestic violence on children and young people: A review of the literature. *Child Abuse & Neglect,* 32(8), 797-810.

Howe, D. (2005). *Child abuse and neglect: Attachment, development, and intervention*. New York: Palgrave Macmillan.

Howe, D., Brandon, M., Hinings, D., & Schofield, G. (1999). *Attachment, theory, child maltreatment and family support: A practice and assessment model.* Basingstoke: Palgrave Macmillan.

Ihabe, I., & Bentler, P.M. (2016). The contribution of family relationships to child-to-parent violence. *Journal of Family Violence*, 31, 259-269. doi:10.1007/s10896-015-9764-0

Jaureguizar, J., Ibabe, I & Straus, M A. (2013). Violent and prosocial behavior by adolescents toward parents and teachers in a community sample. *Psychology in the Schools*, 50, 451-470. doi: 10.1002/pits.21685

Joubert, I., Hartell, C., & Lombard, K. (2016). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnernavorser.* Pretoria: Van Schaik.

Kalokerinos, E.K., Greenaway, K.H., & Casey, J.P. (2016). Context shapes social judments of positive emotion suppresion and expression. *Emotion*. Advanced online publication. http://dx.doi.org/10.1037/emo0000222.



© University of Pretoria

Kalayci, N., & Cimen, O. (2012). Analysis of questionnaires applied in the evaluation process of academicians in higher educarion institutes. *Educational Sciences: Theory & Practice*, 12, 838-843.

Kearney, L., & Erasmus, J. (2013). *Crime in South Africa.* Retrieved from http://www.mediaclubsouthafrica.com/africa/34-democracy/developmentbg/117-crime-in-south-africa?showall=1&limitstart=

Kemme, S., Hanslmaier, M., & Pfeiffer, C. (2014). Experience of parental corporal punishment in childhood and adolescence and its effect on punitiveness. *Journal of Family Violence*, 29, 129-142. doi: 10.1007/s10896-013-9564-3

Kemp, C. (2012, Augustus 22). Griekwastad deurbraak! *Volksblad.* Beskikbaar aanlyn http://0-www.samedia.uovs.ac.za.innopac.up.ac.za/cgi-in/getpdf?year=2012 &refno=8857&topic=15. Afgetrek op 28 Mei 2016.

Kilpatrick, D.G, Acierno, R., Saunders, B., Resnick, H.S., Best, C.L., & Schnurr, P.P. (2000). Risk factors for adolescent substance abuse and dependence: Data from a national sample. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 68, 19-30. doi:10.1037/0022-006X.68.1.19

Knight, R.A. & Sims-Knight, J.E. (2004). Testing an etiological for male sexual offending against females. *Journal of child sexual abuse,* 13(3-4), 33-35. doi: 10.1300/J070v13n03 03

Kohlbacher, F. (2006). The use of qualitative content analysis in case study research. *Forum: Qualitative Social Research,* 7(1), Art. 21, Retrieved from http://nbn-resolving.de/urn:nbn:de:0114-fqs0601211

Kriegler, A., & Shaw, M. (2016). *A Citizen's guide to crime trends in South Africa.* Johannesburg: Johnathan Ball Publishers.

Kruger, D. & Stones, C.R. (1988). *An introduction to phenomenological psychology.* (2nd rev, ed.). Cape Town: Juta.



© University of Pretoria

Kvale, S. (nd). The Psychoanalytic interview as inspiration for qualitative research. Retrieved from http://www.psy.au.dk/fileadmin/Psykologi/Forskning/Kvalitativ_ metodeudvikling/NB30/steinar_pta.pdf

Lancaster, L. (2013). Where do murders occur in South Africa? Retrieved from http://www.issafrica.org/iss-today/where-do-murders-occur-in-south-africa

Laws, S., Harper, C., Jones, N., & Marcus, R. (2013). *Research for Development: A practical guide* (2nd ed.). London: SAGE.

Le Roux, C. S., & Mokhele, P. R. (2011). The persistence of violence in South Africa's schools: In search of solutions. *Africa Education Review*, 8, 318-335. doi:10.1080/18146627.2011.602847

Le Vasseur, J. J. (2003). The problem of bracketing in phenomenology. *Qualitative Health Research*, 13, 408-420. doi:10.1177/1049732302250337

Levitt, H.M., Motulsky, S.L., Wertz, F.J. Morrow, S.L. & Ponterotto, J.G. (2017). Recommendations for designing and reviewing qualitative research in psychology: Promoting methodological integrity. *Qualitative Psychology,* 4(1), 2-22.

Lewis, K.C., Meehan, K.B., Cain, N.M., & Wong, P.S. (2016). Within the confines of character: A review of suicidal behavior and personality style. *Psychoanalytic Psychology*, 33, 179-202. doi:10.1037/a0038956

Liettu, A., Mikkola, L., Säävälä, H., Räsänen, P, Joukamaa, M., & Hakko, H. (2010). Mortality rates of males who commit parricied or other violent offense against a parent. *Journal of the American Academy of Psychiatry and the Law*, 38, 212-220.

Loeber, R., & Farrington, D.P. (2000). Young children who commit crime: Epidemiology, development origins, risk factors, early intervention, and policy implications. *Development and Psychopathology*, 12, 737-762.

Luna, B., Thulborn, K.R., Munoz, D.P., Merriam, E.P., Garver, K.E., Minshew, N.J., Keshavan, M. S., Genovese, C.R., Eddy, W. F.,



© University of Pretoria

& Sweeney, J.A. (2001). Maturation of widely distributed brain function subserves cognitive development. *Neuroimage*, 13, 786-793. doi.org/10.1006/nimg.2000.0743

Lyons-Ruth, K. (1996). Attachment relationships among children with aggressive behavior problems: The role of disorganized early attachment patterns. *Journal of Consulting and Clinical Psychology,* 64, 64-73. doi.org/10.1037/0022-006X.64.1.64

Malquist, C.P. (2010). Adolescent parricide as clinical and legal problem. *Journal of the American Academy of Psychiatry and Law*, 38, 73-79.

Marleau, J.D., Auclair, N., & Millaud, F. (2006). Comparison of factors associated with parricide in adults and adolescents. *Journal of Family Violence*, 21, 321-325.

Mathews, S., Jewkes, R., & Abrahams, N. (2011). 'I had a hard life:'Exploring childhood adversity in the shaping of masculinities among men who killed an intimate partner in South Africa. *The British Journal of Criminology,* 51(6), 960-977.

Mathews, S., Loots, L., Sikweyiya, Y., & Jewkes, R. (2012). Sexual Abuse. In A. Van Nikerk, S. Suffla & M. Seedat (Eds.), *Crime, Violence and Injury in South Africa: 21st century solutions for child safety* (pp. 84-96). Houghton: Psychological society of South Africa.

Maxwell, J.A. (2013). *Qualitative research design: An interactive Approach* (3rd ed.). California: SAGE.

McLeod, J. (2011). *Qualitative research in counselling and psychotherapy* (2nd ed.). London: SAGE.

Mertz, C., & Brown, J. (2015, October 2). Confabulation: An introduction for psychologists. [Web log post]. Retrieved from http://www.awifs.org/blog/

Meyers, W.C., & Vo, E.J. (2012). Adolescent parricide and psychopathy. *International Journal of Offender Therapy and Comparative Criminology*, 56, 715-729. doi:10.1177/0306624X11410587

Miller-Perrin, C.L., & Perrin, R.D. (2013). *Child maltreatment: An introduction.* (3rd ed.). Thoudsand Oaks, CA: SAGE.



© University of Pretoria

Mones, P.A. (1991). *When a child kills: Abused children who kill their parents.* New York: Pocket Books.

Moran, D. (2001). Introduction to phenomenology, Robert Sokolowski. *Journal of the British Society of Phenomenology, 32*, 109-112. doi: 10.1080/0071773.2001.11007322

Mouton, J. (2001). *How to succeed in your master's and doctoral studies: A South African guide and resource book.* Pretoria: Van Schaik.

Muntingh, L., & Ballard, C. (2012). *Report on children in prison in South Africa.* Retrieved from http://cspri.org.za/publications/research-reports/report-on-children-in-prison-in-south-africa

Myburgh, M. (2014, December 17). Pupil, 16, murders grandmother with sword. *Roodepoort Record.* Retrieved from http://roodepoortrecord.co.za/2014/12/17/pupil-16-murders-grandmother-sword/

National Youth Commission Act, 1996. (1996). (RSA). Retrieved from http://www.gov.za/sites/www.gov.za/files/a19-96.pdf

National Youth Development Policy Framework [2002-2007]: Towards Integrated National Youth Development Initiatives and Programmes. (2002). (RSA). Retrieved from http://unpan1.un.org/intradoc/groups/public/documents/cpsi/unpan030681.pdf

National Youth Policy 2015-2020. (2015). (RSA). Retrieved from file:///C:/Users/Melanie%20Moen/Downloads/NYP%20Policy%202020%20Report.pdf

Nemeroff, C.B. (2016). Paradise lost: The neurobiological and clinical consequences of child abuse and neglect. *Neuron,* 89, 892-908.

Neuman, W.L. (2000). *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches.* Boston: Allyn & Bacon.

Newberger, E.H., & Bourne, R. (1985). *Unhappy Families: Clinical and research perspectives on family violence.* Littleton, MA.: PSG



© University of Pretoria

Newhill, C.E. (1991). Parricide. *Journal of Family Violence*, 6, 375-394.

Newham, G., Lancaster, L., Burger, J., & Gould, C. (2015). Murder and robbery - Overview of the official statistics: 2014/15. Retrieved from https://www.issafrica.org/uploads/SA-Crime-Stats%E2%80%932015-Murder-and-robbery-fact-sheetV2.pdf

Norman, R.E., Byambaa, M, De, D., Butchart, A., Scott, J., & Vos, T. (2012). The long-term health consequences of child physical abuse, emotional abuse, and neglect: A systematic review and meta-analysis. *PLos Medicine*, 9(11), e1001349. doi: 10.1371/journal.pmed.1001349

Novović, Z., Mišić-Pavkov, G., Smederevac, S., Drakić, D., & Lukić, T. (2013). The role of schizoid personality, peritraumatic dissociation and behavioral activation system in a case of parricide. *Aggression and Violent Behavior*, 18*,* 113-117. doi:10.1016/j.avb.2012.11.004

Opdenakker, R. (2006). Advantages and disadvantages of four interview techniques in qualitative research. *Forum Qualitative Sozialforschung/Forum: Qualitative Social Research*, 7(4), art 11. Retrieved from http://www.qualitative-research.net/index.php/fqs/article/view/175/392

Patton, M.Q. (1999). Enhancing the quality and credibility of qualitative analysis. *Health Services Research, 34*, 1189-1208.

Pearce, C. (2009). *Attachment and attachment disorder.* London: Jessica Kingsley.

Pillay, K. (2009). *Family systems analysis of family murderers.* (Unpublished master's thesis). University of South Africa, South Africa.

Post graduate research policy, guidelines and procedures for masters' and doctoral students and supervisors (2010). Retrieved from http://www.up.ac.za/postgraduate-policy-feb-20101-faculty-of-education.zp

Putkonen, A., Kotilainen, I., Joyal, C.C., & Tiihonen, J. (2004). Comorbid personality disorders and substance use disorders of mentally ill homicide offenders: A structured clinical



© University of Pretoria

study on dual and triple diagnoses. *Schizophrenia Bulletin*, 30, 59-72. doi:10.1093/oxfordjournals.schbul.a007068

Ramsden, P. (2013). *Understanding abnormal psychology: Clinical and biological perspective.* Londen: SAGE.

Raymond, S., Léger, A.S., & Lachaux, B. (2015). A descriptive and follow-up study of 40 parricidal patients hospitalized in a French secure unit over a 15-year period. *International Journal of Law and Psychiatry*, 41, 43-49. doi. 10.1016/j.ijlp.2015.03.006

Rens, A. (nd). *Report on the South African Open Copyright Review.* Cape Town: Shuttleworth Foundation.

Reyna, V.F. (Ed.)., Chapman, S.B. (Ed.)., Dougherty, M.R. (Ed.)., & Confrey, J. (Ed.). (2012). *The Adolescent Brain: Learning, Reasoning, and Decision making.* Washington, DC : American Psychological Association. doi: 10.1037/13493-000

Roe-Sepowitz, D.E. (2009). Comparing male and female juveniles charged with homicide: Child maltreatment, substance abuse, and crime details. *Journal of interpersonal Violence*, 24, 601-617. doi: 10.1177/0886260508317201

Rogosch, F. A., Cicchetti, D., & Aber, J. L. (1995). The role of child maltreatment in early deviations in cognitive and affective processing abilities and later peer relationship problems. *Development and psychopathology*, 7(04), 591-609.

Rohner, R.P. (2004). The parental "Acceptance-Rejection Syndrome": Universal correlates of perceived rejection. *American Psychologist*, 59, 830-840.

Rohner, R.P. (2016). Introduction to Interpersonal acceptance-rejection theory (IPARTheory) and evidence. Online Readings in Psychology and Culture, 6(1). Retrieved from http://dx.doi.org/10.97072307-0919.1055

Romine, C.B. & Reynolds, C.R. (2005). A model of the development of frontal lobe functioning: Findings from a meta-analysis. *Applied Neuropsychology, 12*(4). 190-201.



© University of Pretoria

Rubin, K. H., Bukowski, W. M., & Laursen, B. (Eds.). (2011). *Handbook of peer interactions, relationships, and groups*. New York: Guilford Press.

Rule, P., & John, V. (2011). *Your guide to case study research.* Pretoria: Van Schaik.

Russell, T.D., & King, A.R. (2016). Anxious, hostile, and sadistic: Maternal attachment and everyday sadism predict hostile masculine beliefs and male sexual violence. *Personality and Individual Differences*, 99, 340-345. doi: 10.1016/j.paid.2016.05.029

Sacks, A.M. (1998). Bereavement: A special disorder of object loss, a comparison of two cases. *Psychoanalytic Psychology*, 15, 213-229. doi: 10.1037/0736-9735.15.2.213

Sahin, E., Sahin, M.F., Tavasli, A., Gul, M.C., Seyhan, O. F. Demirbuga, S., & Aliustaoglu, F.S. (2016). Parricide cases of adult offenders from Turkey: A descriptive study. *Journal of Forensic and Legal Medicine*, 39, 151-155. doi: 1010.1016/j.jflm.2016.01.024

Sallabas, M.E. (2013). Analysis of narrative texts in secondary school textbooks in terms of values education. *Educational Research and Reviews*, 8, 361-366. doi: 10.5897/ERR12.190

Schimmenti, A., Di Carlo, G., Passanisi, A., & Caretti, V. (2015). Abuse in childhood and psychopathic traits in a sample of violent offenders. *Psychological Trauma: Theory, Research, Practice, And Policy*, 7, 340-347. doi: 10.1037/tra0000023

Shapiro, T. (1999). What is a child? *Ethics*, 109, 715-738.

Shaver, P. R., & Fraley, R.C. (2000). Attachment Theory and Caregiving. *Psychological Inquiry*, 11, 109-114.

Shi, Z. (2011). Dilemmas in using phenomenology to investigate elementary school children learning English as a second language. *In Education*, 17(1), 3-13. Retrieved from http://ineducation.ca/ineducation/issue/view/12/showToc



© University of Pretoria

Shon, P.C., & Lee, J. (2016). Evidence of convergent validity: A comparative analysis of sentencing verdicts and newspaper accounts of South Korean parricides. *Asian Criminology*, 11, 1-19. doi: 10.1007/s11417-015-9215-0

Silverman, D. (2000). *Doing Qualitative Research: A practical handbook*. London: SAGE.

Smith, J.A. (2008). *Qualitative psychology: A practical guide to research methods* (2nd ed.). London: Sage Publications.

Spinazzola, J., Hodgdon, H., Liang, L.,Ford, J.D., Layne, C.M., Pynoos, R., & Kisiel, C. (2014). Unseen wounds: The contribution of psychological maltreatment to child and adolescent mental health and risk outcomes. *Psychological Trauma: Theory, Research, Practice, and Policy*, 6, (S1), 518-528. doi: 10.1037/a0037766

Spraitz, J.D. (2011). "*Parenting style sand criminal involvement: A test of Baumrind's typology."*(Doctoral dissertation). Retrieved from ProQuest. (3465872). http://search.proquest.com.uplib.idm.oclc.org/docview/884580405/previewPDF/8D42139D3FDC4729PQ/1?accountid=14717

Staff reporter (2016, September 2). South Africa crime stats 2016: Everything you need to know. *Business Tech.* Retrieved from https://businesstech.co.za/ news/ general/ 135321/south-africa-crime-stats-2016-everything-you-need-to-know/

Stake, R.E. (2005). Qualitative case studies. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds.), *The Sage handbook of qualitative research* (3rd ed.). (pp. 443-466). Thousand Oaks, CA: SAGE.

Statistics South Africa. (2014). *Victims of crime survey*. Retrieved from http://www.statssa.gov.za/?s=crime&sitem=publications

Steinberg, L. (2008). A social neuroscience perspective on adolescent risk-taking. *Developmental review*, 28, 78-106. doi: 10.1016/j.dr.2007.08.002

Stroebe, M.S., & Archer, J. (2013). Origins of modern ideas of love and loss: contrasting forerunners of attachment theory. *Review of General Psychology*, 17, 28-39. doi: 10.1037/a0030030



© University of Pretoria

Stuss, D.T., & Knight, R.T. (2013). *Principles of frontal lobe functioning.* (2nd ed.). Oxford: Oxford University Press.

Symon, G., & Cassell, C. (2012). Qualitative organizational research: Core methods and current challenges. London: SAGE.

Symons, J., & Calvo, P. (2012). The Routledge companion to philosophy of psychology. London : Routledge.

Taft, C.T., Schumm, J.A., Marshall, A.D., Panuzio, J. & Holtzworth-Munroe, A. (2008). Family-of-origin maltreatment, posttraumatic stress disorder symptoms, social information processing deficits, and relationship abuse perpetration. *Journal of Abnormal Psychology*, 117, 637-646. doi: 10.1037/0021-843X.117.3.637

Teen found guilty of farm murder. (2014, October 10). *The Citizen*. Retrieved from http://citizen.co.za/263889/teen-found-guilty-limpopo-farm-murder/

Terblanche, S.S. (2007). *A guide to sentencing in South Africa (2nded.).* Durban: LexisNexis.

Termini, K., Golden, J.A., Lyndon, A.E., & Sheaffer, B.L. (2009). Reactive Attachment disorder and cognitive, affective and behavioral dimensions of moral development. *Behavioral Development Bulletin*, 15(1), 18-28. doi: 10.1037/h0100510

The Bill of Rights of the Constitution of the Republic of South Africa. (1996). *Government Gazette.* (No. 17678).

The Centre for Justice and Crime Prevention (2015). *The Optimus Study on Child Abuse, Violence and Neglect in SA.* [Brosjure] Lucas, P.: Outeur.

The Policy for the preservation and retention of research. (2007). Retrieved from http://www.up.ac.za/policyforthepreservationandretention ofresearchdata.doc

Tobin G.A., & Begley, C.M. (2004). Methodological rigour within a qualitative framework. *Journal of Advanced Nursing*, 48, 388-396. doi: 10.1111/j.1365-2648.2004.03207.x.

Umberson, D., & Karas Montez, J. (2010). Social relationships and health: A flashpoint for health policy. *Journal of health and social behavior*, 51(1_suppl), S54-S66.



© University of Pretoria

Van Manen, M. (2007). Phenomenology of practice. *Phenomenology of Practice,* 1(1), 11-30.

Veith, A.C., Russell, T.D., & King, A.R. (2017). PID trait mediation of childhood maltreatment effects. *Personality and Individual Differences*, 104, 58-63. doi: 10.1016/j.paid.2016.07.024

Vissing, Y. M., Straus, M. A., Gelles, R. J., & Harrop, J. W. (1991). Verbal aggression by parents and psychosocial problems of children. *Child abuse & neglect*, 15(3), 223-238.

Walsh, Z., & Kosson, D.S. 2007. Psychopathy and violent crime: A prospective study of the influence of socioeconomic status and ethnicity. *Law and Human Behavior*, 31, 209-229.

Walsh, J.A., Krienert, J.L., & Crowder, D. (2008). Innocence lost: A gender-based study of parricide offender, victim, and incident characteristics in a national sample, 1976-2003. *Journal of Aggression, Maltreatment & Trauma*, 16, 202-227. doi:10.1080/10926770801921584

Waltermaurer, E., & Akers, T.A. (2013). *Epidemiological Criminology: Theory and Practice*. Abingdon, Oxon: Routledge.

Wasarhaley, N.E., Golding, J.M., Lynch, K.R, & Keller, P.S. (2013). The impact of abuse allegations in perceiving parricide in the courtroom. *Psychology, Crime & Law,* 19, 783-799. doi: 10.1080/1068316X.2012.684056 kyk spelling in teks

Weber, J.G. (2011). *Individual and Family Stress and Crises*. Los Angeles : SAGE.

Weis, R. (2014). *Introduction to abnormal child and adolescent psychology* (2nd Ed). Londen: SAGE.

Wesley, J.J. (2010, April 9-10 ). Qualitative document analysis in political science. T2PP Workshop Vrij Universiteit, Amsterdam. Retrieved from https://www.poltext.org/sites/poltext.org/files/p2wesley._09102010_131253.pdf



© University of Pretoria

Wharren, M. (2010). *A psychocriminological investigation into the role of narcissistic personality disorder in rage-type murder* (Master's thesis). Retrieved from http://repository.up.ac.za/handle/2263/28088

White Paper on corrections in South Africa. (2005). Retrieved from http://www.dcs.gov.za/AboutUs/COE/whitepaper.aspx

Wick, R., Mitchell, E., Gilbert, J. D., & Byard, R.W. (2008). Matricides in South Australia–a 20-year retrospective review. *Journal of Forensic and Legal Medicine*, 15, 168-171. doi:10.1016/j.jflm.2008.01.002

Willig, C. (2013). *Introducing qualitative research in psychology*.(3rd ed.). Maidenhead : McGraw Hill Education, Open University Press.

Woodward, L. J., & Fergusson, D. M. (2000). Childhood peer relationship problems and later risks of educational under-achievement and unemployment. *Journal of child psychology and Psychiatry*, 41(2), 191-201.

Zeanah, C.H., Danis, B., Hirshberg, L., Benoit, D. Miller, D., & Heller S.S. (1999). Disorganised attachment associated with partner violence: A research note. *Infant Mental Health Journal*, 20, 77-86.

Zilberstein, K. (2006). Clarifying core characteristics of attachment disorders: A review of current research and theory. *American Journal of Orthopsychiatry*, 76, 55-64. doi: 10.1037/0002-9432.76.1.55



© University of Pretoria

# ADDENDA

## Addendum A: Navorsingsrefleksie

**NAVORSINGSREFLEKSIE**

***Die aanloop***

My belangstelling in kinders wat familiemoord pleeg het begin toe ek 'n jaar voor my studie aan 'n geskikte navorsingonderwerp begin dink het. Ek het besef dat ek 'n tema moes kies wat by my navorsingsbelangstelling en persoonlikheid pas. Ek het nog altyd gewonder hoekom mense moord pleeg, wat 'n persoon tot hierdie uiterste dryf.

In die aanloop tot die studie het ek besluit om met deskundiges op die gebied van sielkunde en kriminologie te gesels. My reis het begin met stimulerende gesprekke met sielkundiges, polisiebeamptes en kriminoloë in Suid-Afrika asook in Engeland. Na die ontmoetings het ek besef dat ek nie net na moord oor die algemeen kon kyk nie, maar dat ek my studie baie spesifiek moes fokus. As opvoedkundige sielkundige wou ek graag met jong mense werk. Ek het besef dat ek my belangstelling in jong mense, sielkunde en kriminologie moes kombineer. Dus het ek besluit om familiemoord wat deur kinders gepleeg is, na te vors.

***'n Nuwe perspektief***

Nadat ek besluit het om te werk met kinders wat familiemoord gepleeg het, het ek vasgestel dat daar sover bekend nog geen studies in hierdie verband in Suid-Afrika onderneem is nie. Ek het besef dat die lewensverhale van hierdie kinders en hulle families ondersoek moes word sodat toekomstige navorsers op hierdie nuwe insigte kon voortbou. Min het ek egter besef dat my reis my na nuwe lande, nuwe vriende en nuwe dissiplines sou lei.

***Lewenslange leer***

Alhoewel ek al uitgebreide kennis en ervaring in 'n privaat praktyk en by die universiteit opgedoen het, was hierdie 'n nuwe veld vir my. Om familiemoord behoorlik te verstaan moes ek kennis opbou oor die reg- en die korrektiewe stelsels. My sielkundekennis moes ook verder uitgebrei word. Aanvanklik was ek onseker of ek al die stelsels en reëls sou kon



© University of Pretoria

baasraak. My eerste besoek aan die hof was ’n katastrofe. Ek het nie geweet hoe om die hofverslae te bekom nie en my geduld en deursettingsvermoë is tot die uiterste beproef. Dit was ook uiters moeilik om sake van kinders onder 18 jaar te bekom. Die eerste saak wat ek bekom het, het my benadering tot die ander sake gerig, en daarna kon ek ’n data-insamelingsplan saamstel. Ek is ewig dankbaar vir die mense wat ek deur my studie ontmoet het en vir die advokate en prokureurs wat die regstelsel aan my verduidelik het en my bygestaan het. Ek het ook geleer dat die navorsingspad ’n eensame pad is. As navorser moet jy die planne maak en deurvoer om die kennis te bekom. My reis het my deur talle dele van Suid-Afrika geneem. Ek het besoek afgelê by howe in Kaapstad, Pretoria, Heidelberg, Durban, Pinetown, Roodepoort en Bloemfontein. Ander howe het my telefonies te hulp gekom. Daar was tye waar die verslae nie beskikbaar was nie en ek met leë hande huiswaarts moes keer. Hierdie was beslis nie ’n maklike reis nie.

***Die data***

Die data wat ek bekom het en die boeke wat ek oor die gevalle gelees het, het my diep geraak. So diep dat ek sekere sake na ’n tyd moes neersit en met ander werk aangaan. Daar was ook sake waar daar geen sielkundige of maatskaplike verslae beskikbaar was nie. Die wete dat nie al die sake grondig voor die vonnisoplegging ondersoek is nie, was ook ontstellend.

In my opinie kon hierdie studie slegs ’n kwalitatiewe studie wees. Die diepgaande kennis van die gevalle was noodsaaklik om ’n volledige prentjie te ontwikkel van die kind wat familiemoord pleeg. Dit was ook vir my belangrik om die data vanuit ’n opvoedkundig-sielkundige perspektief te belig. Die studie het egter ook lig gewerp op verskeie ander dissiplines. Families, skole en die breëre samelewing kon nie uitgesluit word nie. Verdere navorsing behoort dit in ag te neem.

***Die implikasies van my studie***

Hierdie studie was vir my ’n interessante analitiese reis. Die ooreenkomste en verskille tussen die gevallestudies het my laat besef dat alhoewel ons almal unieke stories het, daar ook verskeie ooreenkomste bestaan. My reis het ingrypende lewensinsigte opgelewer en my ook na nuwe ervarings gelei. Tydens my studie het ek my voorlopige data by verskeie nasionale en internasionale konferensies aangebied. Daar is artikels oor die navorsing



© University of Pretoria

geskryf, en ek het ook by meer as een geleentheid op die radio gepraat. Ek kon nie anders as om tot die besef te kom dat daar ook ander mense is wat worstel met die fenomeen van familiemoord nie.

Ek hoop dat my navorsing ander navorsers sal inspireer om hierdie navorsingsreis voort te sit, aangesien die onderwerp verder ontgin en ontrafel behoort te word. My toekomstige navorsingsplanne is om akademiese artikels oor hierdie onderwerp te publiseer. Daar is ook enkele gevalle wat op postdoktorale vlak ontgin behoort te word. Ek wil ook my aandag op jeugmisdaad in Suid-Afrika fokus. Ten slotte dra ek hierdie studie op aan al die families wat die pyn en hartseer van familiemoord moes deurmaak. My hoop is dat julle op 'n manier vrede sal vind.



© University of Pretoria

# Addendum B: Databronne wat gebruik is in die gevallestudies

**Nico**

1.1 Broll, T.B. (1993). *Psycho-forensic report.* Durban.

1.2 Coburn, M.B. (1994). *Psycho-forensic report.* Durban.

1.3 No author. (1994, June 10). Joy as beneficiary acquitted. *The Star.*

1.4 No author. (1997, May 9). Xerxes faces new court battle. *The Leader.*

1.5 S v Nursingh 1995 (2) SACR 331 (D)

1.6 S v Nursingh 1995 (2) SACR 331 (D) Annexure to confession.

**Selile**

2.1 CC155/2013

2.2 CC155/2013. Llale, A. (2015). *Psycho-forensic report.* Pretoria.

2.3 CC 155/2013 Visser, F.P. (2015). *Psychological report.* Pretoria.

2.4 No author. (2015, May 23). Demon boy gets 20 years' jail time! *Daily Sun.* Retrieved from http://www.dailysun.co.za/News/National/Demon-boy-gets-20-years-jail-time-20150523

**Simone**

3.1 CC 155/2003

3.2 Pillay, A.L. *Psychological report.* Fort Napier hospital.

3.3 Singh, N. (2011, February 6). Baby for granny killer. *IOL.* Retrieved from *http://www.iol.co.za/news/south-africa/kwazulu-natal/baby-for-granny-killer-1021999*

3.4 Skelton, A. (2016, February 23). *Interview with advocate.* Pretoria.



© University of Pretoria

3.5 Van Niekerk, J.M. (2005). *Report from social worker.* Pietermaritzburg.

3.6 Van Niekerk, J.M. (2016, February 2). *Telephonic interview with social worker.*

3.7 Willows, C. (2003). *Psychological report.* Pietermaritzburg.

**Gideon**

4.1 De Waal, D. (2016, Junie 2). Onderhoud met ondersoekbeampte en direkteur van georganiseerde misdaad in die Noord Kaap. Pretoria.

4.2 Geldenhuys, K. (2015). Crime Series: Triple (farm) murder in Griekwastad – Part 1. *Servamus*, pp. 36-41.

4.3 Kemp, C. (2014). *Moord op Griekwastad: Die storie van die Steenkamp-treurspel.* Kaapstad: Tafelberg.

4.4 Kemp, C. (2016, Mei 28). Onderhoud met skrywer. Pretoria.

4.5 K/S 46/2012

4.6 Snyman, D. (2014). Die Geheime van 'n perfekte gesin. *Huisgenoot,* pp. 14-16.

4.7 Stollarz, B. (2014). *Psychological report.* Pretoria.

**Karel**

5.1 Beukes, E. (2012). *An analysis of the Sv Lotter and Others Judgment with reference to the defence of non-pathological criminal incapacity based on coercive persuasion* (Unpublished masters thesis). University of Pretoria, Pretoria, South Africa.

5.2 CC 43/09

5.3 Grundlingh, D. (2011). *Innocent acts of evil.* South Africa: Pinetown Printers.

5.4 Sheik Umar, R. (2013, March 19). Lotter siblings coping in prison. *IOL.* Retrieved from *http://www.iol.co.za/news/crime-courts/lotter-siblings-coping-in-prison-1489062*



© University of Pretoria

**Neels**

6.1 CC96/11-mdj

6.2 CC96/11-mdl (2011) *Getuineis van paterne oom.*

6.3 CC 96/11-mdj (2011) *Getuienis van paterne ouma.*

6.4 De Lange, I. (2011, December 12). Teen who killed parents a danger to himself and others. *Citizen.* Retrieved from http://www.security.co.za

6.5 Du Plooy v The state (940/13) [2014] ZASCA 200 (28 November 2014).

6.6 No author. Couple murdered by adopted son. (2012, July 25). *News 24.* Retrieved from http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Couple-brutally-murdered-by-adopted-son-20120725

6.7 Swanepoel, H.J. (2011). *Psychological report.* Pretoria.

**Andre**

7.1 CC 170/01

7.2 CC 170/01 *Geneeskundige psigiatriese maatskaplike werkerverslag.* Pretoria.

7.3 No author. (2002, January 1). Court hears testimony about family murder. *MG.* Retrieved from http://mg.co.za/article/2002-01-01-court-hears-testimony-about-family-murder

7.4 No author. (2002, July 30). Family killing: Son tells conflicting stories. *News 24.* Retrieved from http://www.news24.com/xArchive/Archive/Family-killing-Son-told-conflicting-stories-20020730

7.5 No author. (2002, August 2). Greyvensteyn sobs as he gets 3 life sentences. *IOL.* Retrieved from http://www.iol.co.za/news/south-africa/greyvensteyn-sobs-as-he-gets-3-life-sentences-90907

7.6 No author. (2002, July 30). Judge rejects hearsay in court. *News 24.* Retrieved from http://www.news24.com/xArchive/Archive/Judge-rejects-hearsay-in-court-20020730



© University of Pretoria

**Mandla**

8.1 2013 JDR 2149 (GNP)

8.2 2013 JDR 2149 (GNP). *Sterfteregister: Heidelberg medies-geregtelike laboratorium.*

8.3 Rulash, B. (2013). *Psycho-social report.* Heidelberg.

8.4 Venter, P. (2015, September 22). *Onderhoud met advokaat.* Heidelberg.

**Belinda**

9.1 Ambraal, M.F. (2002). *Psycho-social report.* Queenstown.

9.2 CC 39/2002

9.3 Holland, H. (2004). Blood Ties. *The Guardian.* Retrieved from https://www.theguardian.com/world/2004/001/23/SouthAfrica.weekend.7

9.4 Holland, H. (2006). *Colour of murder: One family's horror exposes a nations's anguish.* South Africa: Penguin Books.

9.5 Hollands, B. (2004, October 31). Serial killer freed after 12 years in prison. *IOL.* Retrieved from http://www.iol.co.za/news/south-africa/serial-killer-freed-after-12-years-in-prison-225629

9.6 Welman, M. (2002). *Psychological profile.* Rhodes University.



© University of Pretoria

# Addendum C: Toestemmingsbriewe - kundiges

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Fakulteit Opvoedkunde**

**Deelname aan 'n doktorale navorsingstudie by die Universiteit van Pretoria in die Departement Opvoedkundige Sielkunde.**

Daar bestaan min navorsing in sielkunde en kriminologie wat spesifiek handel oor kinders wat familiemoorde pleeg. Ek is geïnteresseerd in die individuele en sistemiese redes wat lei tot hierdie oortredings. Ek probeer ook vasstel of daar 'n tipologie bestaan vir kinders wat hierdie spesifieke moorde pleeg.

Indien jy instem om deel te neem aan hierdie studie sal 'n onderhoud met jou gevoer word. Die onderhoud sal handel oor jou deskundige opinie rakende die redes hoekom kinders familiemoord pleeg. 'n Oop-eindigende onderhoud sal met jou gevoer word. Die onderhud kan so lank of kort wees soos wat jou tyd toelaat. Normaalweg neem die onderhoud 45 minute na 'n uur. Ek sal jou onderhoud transkribeer en jou identiteit beskerm indien jy dit sou verkies. Die transkripsies vorm deel van die analise van die navorsing vir my PhD. Ek hoop om insiggewende gevoltrekkings te maak rondom kinders wat familiemoord pleeg.

Ek hoop dat die navorsing bruikbaar sal wees vir instansies en belanghebbendes.

Jy kan enige tyd van die studie onttrek indien jy dit verkies. Jou tyd en toekomstige bydrae word hoog op prys gestel.

______________

**Melanie Moen**

**Navorser**

**Fakulteit Opvoedkunde**

**Universiteit van Pretoria**

______________

**Prof. Irma Eloff**

**Studieleier**

**Fakulteit Opvoedkunde**

**Universiteit van Pretoria**



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Fakulteit van Opvoedkunde**

*Navorsingsdeelname vir doktorale doeleindes*

Maak 'n merkie in die spasie indien jy saamstem met die volgende stellings.

| | | JA |
|---|---|---|
| 1. | Ek gee toestemming om deel te wees van die studie wat 'n een-tot-een onderhoud met die navorser behels. | ☐ |
| 2. | Ek verstaan dat dit 'n vrywillige proses is en dat ek enige tyd kan onttrek van die studie, sonder om redes te verskaf. | ☐ |
| 3. | Ek het die inligtingstuk gelees en verstaan dit. Ek het kans gehad om vrae te vra. | ☐ |

Antwoord asseblief Ja of Nee nadat jy die stellings gelees het. Merk die toepaslike blokkie.

| | | JA | NEE |
|---|---|---|---|
| 4. | Ek gee toestemming dat die onderhoud opgeneem mag word. | ☐ | ☐ |
| 5. | Ek gee toestemming dat die navorser my mag aanhaal. | ☐ | ☐ |

______________ ________________

**Melanie Moen**

**Navorser**

**Fakulteit Opvoedkunde**

**Universiteit van Pretoria**

**Prof. Irma Eloff**

**Studieleier**

**Fakulteit Opvoedkunde**

**Universiteit van Pretoria**



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Faculty of Education**

**Participation in a research study for doctoral studies in the Department of Educational Psychology at the University of Pretoria.**

Within psychology and criminology, there has been very little research that focuses on understanding the lives of children who have committed family murders. I want to understand how experiences during childhood have influenced/contributed to these offence/s. I am interested in the individual and systemic influences during childhood. I would also like to determine if a typology exist of children who commit family member murder.

If you decide you would like to be part of the study and be interviewed, this would involve a one-on-one interview with me. An open-ended interview style will be used. I would like your opinion on the reasons behind children committing family member murders. Your experience and expertise in the field of youth violence will greatly enhance my study. The interview can be as long or as short as you wish, but I am hoping it will be around 45 minutes to an hour. I will transcribe our interview and protect your identity if you do not want to be named in the study. The transcriptions will be used by me for the analysis in my doctoral research, and hopefully form some useful conclusions about the experiences of children who have committed family member murders.

I hope that the research will be beneficial to a range of people and institutions in the future.

Please remember, you are free to withdraw from the study at any time. Your time and future contributions are much appreciated.



© University of Pretoria

**Melanie Moen**

**Researcher**

**Faculty of Education**

**University of Pretoria**

**Prof. Irma Eloff**

**Supervisor**

**Faculty of Education**

**University of Pretoria**



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Faculty of Education**

*Participation in research study for doctoral purposes*

Please tick the boxes if you agree with the following four statements.

**YES**

1. I agree and give consent to be part of the study, which includes a one-on-one interview with the researcher. ☐

2. I understand that this is a voluntary process and that I am allowed to withdraw from the process at any time, without giving any reasons. ☐

3. I have read the Information Sheet for the study and understand it, and have had a chance to ask questions. ☐

Please answer **YES** or **NO** to the following two statements by ticking the appropriate box.

| | YES | NO |
|---|---|---|
| 5. I agree to our interviews being audio-recorded. | ☐ | ☐ |
| 6. I agree to let the researcher use quotes from our interviews and conversations. | ☐ | ☐ |



© University of Pretoria

______________

**Melanie Moen**

**Researcher**

**Faculty of Education**

**University of Pretoria**

________________

**Prof. Irma Eloff**

**Supervisor**

**Faculty of Education**

**University of Pretoria**



© University of Pretoria

# Addendum D: Toestemmingsbrief NVO

OFFICE OF THE NATIONAL DIRECTOR
The National Prosecuting Authority of South Africa
Igunya Jikelele Labatshutshisi boMzantsi Afrika
Die Nasionale Vervolgingsgesag van Suid-Afrika
Date Received 10/05/2016
M.SILAS RAMAITE

**Administration**

NATIONAL PROSECUTING AUTHORITY
South Africa

**EXTERNAL MEMORANDUM**

Tel: +27 12 845 6000

Victoria & Griffiths
Mxenge Building
123 Westlake Avenue
Weavind Park
Pretoria

P/Bag X752
Pretoria
0001

**Corporate Service Centres:**

- Finance & Procurement
- Human Resources Development & Management
- Information Management
- Research & Policy Information
- Risk & Security

| | | |
|---|---|---|
| **TO** | **:** | **MRS MELANIE C MOEN** |
| **FROM** | **:** | **M SILAS RAMAITE SC**<br>**DEPUTY NATIONAL DIRECTOR OF PUBLIC PROSECUTIONS: ADMINISTRATION AND OWP** |
| **DATE** | **:** | **09 MAY 2016** |
| **SUBJECT** | **:** | **RE: REQUEST TO CONDUCT RESEARCH** |

Dear Mrs. Moen,

The purpose of this letter is to inform you that your request to conduct research within the National Prosecuting Authority (NPA) has been approved. Thank you for the submission of the research proposal and the supporting documentation.

The NPA appreciates that the topic was approved by the Ethics Committee of the University.

Please consider and/or adhere to (whichever is applicable) to the below-mentioned comments made by the Sexual Offences and Community Affairs Unit (SOCA) of the NPA in support of your research:

1. The request is supported by the SOCA and it should be noted and understood that information about prosecutorial related work can only be utilized with the NPA's explicit written approval and permission.
2. The research request focuses on murders committed by children in a family environment - in addition to the obvious common law offences of murder or culpable homicide that will apply (depending on the circumstances), the Child Justice Act, 2008 (Act No. 75 of 2008)

Page 1 of 3



© University of Pretoria

(dealing with young offenders) and its related processes will also find application.

3. Based on experience, the numbers of the aforementioned cases on the court rolls are extremely limited versus other serious offences. For instance, the relationship between substance abuse and sexual offences by young offenders are far more relevant, therefore it will also be more useful and applicable specifically in relation to young offender management.
4. The SOCA appreciates that the topic was approved by the Ethics Committee of the University.
5. It is also suggested that in the event of the author wanting to publish an article on the research which contains NPA information, the content of such an article needs to be approved by the NPA in writing. This is specifically to prevent the inappropriate interpretation and publication of the latter mentioned information.
6. It goes without saying that no information about *sub judice* cases should be included in the research and in line with the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 the identity of these young offenders needs to be protected at all times.

Final approval is subject to completion of the request for access to record of Public Body (FORM A, Section 18(1) of the Promotion of Access to Information Act, 2000) that is attached to this letter.

Kindly keep the NPA informed about further developments and please send your response to the Director: Research Management. The details of the Director are as follows:

| | |
|---|---|
| **Name:** | Ms Marthi du Plessis |
| **Telephone number:** | 012 845 6275 |
| **Fax number:** | 012 843 1076 |
| **E-mail address:** | mduplessis@npa.gov.za |

M Marthi du Plessis.

**Ms Marthi du Plessis**
**Director: Research Management**
**Date:**



© University of Pretoria

**Recommended/Not Recommended**

Adv. Pierre Smith
Senior Deputy Director of Public Prosecutions
Sexual Offences and Community Affairs ( SOCA) Unit
Date: 10/05/2016.

**Supported/ Not Supported**

Subject to all the compliance issues as raised in this memo

George M Maphutuma
Director Administration: Office of the DNDPP
Administration & OWP
Date: 10/5/2016

**Approved/ Not Approved**

M. Silas Ramaite, SC
Deputy National Director of Public Prosecutions: Administration and the Office of Witness Protection 18/05/2016

RE: REQUEST TO CONDUCT RESEARCH STUDY: M. Moen (09/05/2016) Page 3 of 3



© University of Pretoria

# Addendum E: Toestemmingsbrief SAPD

South African Police Service South African Police Service

Private Bag X322 Fax No: 012 421-0410

Your reference: 3/34/2
My reference:
Enquiries: Lt Col HMR Mampane
Tel: (012) 421-0440

THE DIVISIONAL COMMISSIONER
FORENSIC SERVICES
PRETORIA
0001

The Head
**STRATEGIC MANAGEMENT**

**RE: RESEARCH REQUEST: CHILDREN WHO KILL: AN INEPT ANALYSIS OF CHILDREN WHO COMMIT FAMILY MEMBER MURDER: PHD STUDY UNIVERSITY OF PRETORIA: RESEARCHER MC MOEN**

1. Your communiqué with reference 3/34/2 dated 07 December 2015 bears reference.

2. The request and proposal for research had been studied and this office recommends that it be approved on the following conditions:

2.1 The study should be limited to finalized cases only.
2.2 No investigative technique can be revealed in the research.
2.3 The necessary steps to prevent the identity of minor offenders must be taken.

Kind Regards

**MAJOR GENERAL**
**ACTING DIVISIONAL COMMISSIONER: FORENSIC SERVICES**
**NM MANAMELA**

**DATE:** 2016-02-01



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

RE: RESEARCH REQUEST: CHILDREN WHO KILL: AN INEPT ANALYSIS OF CHILDREN WHO COMMIT FAMILY MEMBER MURDER: PHD-STUDY UNIVERSITY OF PRETORIA: RESEARCHER MC MOEN

MAJOR GENERAL
HEAD: GENERAL CRIME INVESTIGATIONS: DETECTIVE SERVICE
C JOHNSON 2016-01-07

Comments:
Approved

Lieutenant General
Divisional Commissioner: Detective Service
V Moonoo
DIVISIONAL COMMISSIONER: DETECTIVE SERVICE



© University of Pretoria